

TR 80-68
✓

SEMANTIESE VELDE EN DIE ONDERRIG EN

AANLEER VAN XHOSA - WOORDESKAT

deur

JOHANNES ANDREAS VENTER

'n Dissertasie aangebied ter vervulling van
die vereistes vir die graad Magister Artium
in die Departement Afrikatale aan die
Universiteit Rhodes, Grahamstad.

16 JANUARIE 1980

V O O R W O O R D

Graag erken ek met innige dankbaarheid die hulp van die volgende persone om die voltooiing van die studie moontlik te maak.

Professor Dr D. Fivaz, hoof van die Departement Afrikatale aan die Universiteit Rhodes, vir goeie raad en aanmoediging.

Dr A.P. Hendrikse, senior lektor aan die Universiteit Rhodes, wat as studieleier opgetree het.

My eggenote Isabel, vir haar inspirasie en die tik van die dissertasie.

Die volgende informante:

Mnr. Sydney Zotwana, professionele assistent in Xhosa aan die Universiteit Rhodes, mnr. Peter Mtuze, bekende Xhosa skrywer, mnr. George Mtwana and Mev. Welekazi Bana. Sonder die hulp van bekwame informante is so 'n studie heeltemal onmoontlik.

Die personeel van die Universiteit Rhodes se biblioteek, vir besondere flink dienste.

'n Groot aantal persone, te veel om op te noem wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het.

J.A. VENTER

GRAHAMSTAD

I N H O U DBLADSYINLEIDING

1.	DOEL VAN ONDERSOEK	1
2.	GERINGSKATTING VAN TWEE ASPEKTE VAN DIE LEKSIKON	1
3.	SEMANTIEK EN TAALONDERRIG:	3
3.1	Die Ou- of Tradisionele benadering	3
3.2	'n Nuwe Benadering	3

HOOFSTUK 1 METODES EN TEGNIEKE OM WOORDESKAT AAN TE LEER

1.	BRIGHT AND MCGREGOR	7
2.	LADO	9

ENKELE BELANGRIKE ASPEKTE IN AANLEER VAN WOORDESKAT

1.	Woorde in isolasie	11
2.	Gebruiksfrekwensie van woorde	13
3.	Sinsverband van woorde	14
4.	Die invloed van die moedertaal	15
5.	Woordeskat deur middel van literatuur	15
6.	Woordeskat deur middel van die gesproke woord	16
7.	Ostensiewe metodes	16
8.	Aktiewe en Passiewe woordeskat	16
9.	Woordeskat en kultuur	17
10.	Gevolgtrekkings	18

HOOFSTUK 2 DIE KONSEP "SEMANTIESE VELD" IN DIE BREË VERBAND VAN
TAALTEORIE

1.	FERDINAND DE SAUSSURE	20
2.	JOST TRIER	21
3.	WILLIAM F. MACKAY	23
4.	JOHN LYONS	23
5.	ADRIENNE LEHRER	25
6.	EUGENE A. NIDA	26
7.	RUTH M. KEMPSON	28

	SLOTSOM	28
--	---------	----

<u>HOOFSTUK 3</u>	<u>KOMPONENSIËLE ANALISE EN SEMANTIESE VELDE</u>	30
1.	DIE VERHOUDING TUSSEN KOMPONENTE EN LEKSIKALE ITEMS	31
2.	SEMANTIESE KOMPONENTE AS UNIVERSALIA	32
3.	OORBODIGHEID IN KOMPONENSIËLE ANALISE	33
4.	TIPES VAN BETEKENISKOMPONENTE	33
	1. Gemeenskaplike komponente	33
	2. Diagnostiese komponente	34
5.	KOMPONENSIËLE ANALISE VAN VOORWERPE VAN NIE-LEKSIKALE AARD	35
6.	KOMPONENSIËLE ANALISE VAN LEKSIKALE ITEMS	38
	A. ENTITEITE	38
	B. GEBEURTENISSE ("EVENTS")	40
7.	DIE LINGUISTIESE BASIS VIR KOMPONENSIËLE ANALISE	43
8.	VERSKILLENDE PROSEDURES T.O.V. SEMANTIESE ANALISE	45
	1. Moedertaal-analise	45
	2. Vreemde-taal-analise	49
	3. Woordeboeke	52
<u>HOOFSTUK 4</u>	<u>TIPES VAN SEMANTIESE VELDE</u>	54
1.	DIE TEORETIESE BASIS VIR SEMANTIESE VELDE	54
2.	PARADIGMATIESE VERHOUDINGS	54
3.	BETEKENISVELDE	56
	3.1 AANLIGGENDE STELLE VAN BETEKENIS	56
	3.2 INGESLOTE STELLE VAN BETEKENIS	60
	3.3 OORVLEUELING VAN BETEKENIS	72
	3.4 UITSLUITING/ONVERSOENBAARHEID	79
	3.5 KOMPLEMENTÊRE STELLE VAN BETEKENIS	80
	3.6 BETEKENISVERHOUDING VAN RANGE	85

<u>HOOFSTUK 5</u>	<u>KONTRASTERENDE SEMANTIESE VELDE</u>	88
1.	KOOKTERME	88
2.	WERKWOORDE VAN BEWEGING	93
3.	WOONTERME	97
4.	PERSEPSIE-WERKWOORDE	99
5.	HANDELSTERME	99
6.	KOMMUNIKASIE-WERKWOORDE	101
7.	INTELLIGENSIE-WERKWOORDE	102
	GEVOLGTREKKING	106
<u>HOOFSTUK 6</u>	<u>DIE KONSEP "SEMANTIESE VELD" EN KULTUUR</u>	109
1.	Taal en kultuur	109
2.	Woordeskat en kulturele behoeftes	111
3.	Semantiese velde en kultuur	112
4.	Volkstaksonomieë	113
5.	Enkele betekenisvelde in die Xhosakultuur	117
	A. ABANTU	119
	B. SEKSDIFFERENSIASIE	122
	C. AKTIWITEITE IN DIE XHOSA-GEMEENSKAP	130
	D. SOSIALE FEESTE	133
	E. SIEN-WERKWOORDE	135
	F. BEWEEG-WERKWOORDE	137
	G. VERWANTSKAP	140
	GEVOLGTREKKINGE	145
<u>HOOFSTUK 7</u>	<u>DIE IMPLIKASIES VAN SEMANTIESE VELDE VIR DIE WYE SPEKTRUM VAN VREEMDE-TAAL-ONDERRIG</u>	150
1.	ALGEMENE OORSIG	150
	1.1 Woordeskat en Semantiek	150
	1.2 Semantiese rangskikking van woordeskat	151
	1.3 Opwekking van belangstelling in woordeskat	156

2.	SINSBETEKENIS	157
1.	Sintaktiese reëlmatigheid	158
2.	Leksikale dubbelsinnigheid	159
3.	Semantiese restriksie	160
3.1	Antonieme	160
3.2	Anomalieë	161
3.3	Toutologie	161
3.4	Sinonieme	162
3.5	Konversiewe	164
3.6	Werkwoorde van beweging	167
3.7	Grammatikale- en Semantiese aanvaarbaarheid	168
3.	LETTERKUNDE	169
3.1	Ontdekking van betekenisvelde	170
3.2	Uitbreiding van betekenisvelde	170
3.3	Toetsing van betekenisvelde	171
3.4	Kultuur en letterkunde	171
3.5	Taalspesifieke eienskappe en sintaksis	173
4.	VERTALING	174
4.1	Faktore wat vertaling beïnvloed	174
4.2	Formele korrespondensie en dinamiese ekwivalensie	176
4.3	Analise van woorde met kompeterende betekenis	177
4.4	Volkstaksonomieë	178
a.	Entiteite	178
b.	Abstraksies	180
c.	Konseptuele verskille	181
d.	Gapings	183
4.5	Gevolgtrekkings	184
	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING	186
HOOFSTUK 8	<u>DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE TEORIE VAN SEMANTIESE VELDE IN DIE ONDERRIG VAN KHOSA-WOORDESKAT</u>	187
1.	Die belangrike aspekte van woordeskatonderrig	188
1.	AANLIGGENDE STELLE VAN BETEKENIS	190
1.	Beklemtoning van betekenis	191
2.	Gebruiksfrekwensie	194
3.	Gradering van die kursus	195

4.	Kontrastering met moedertaal	196
5.	Kultuurkonteks en konseptualisering	196
6.	Die betekenisveld en visuele hulpmiddele	197
7.	Integrasie met ander aspekte van taalonderrig	197
	7.1 Grammatika	198
	7.2 Sintaksis	200
	7.3 Letterkunde	202
	7.4 Vertaling	203
8.	Probleme in verband met aanliggende stelle van betekenis	204
2.	INGESLOTE STELLE VAN BETEKENIS	206
	1. Beklemtoning van betekenis	209
	2. Gebruiksfrekwensie	210
	3. Gradering van die kursus	213
	4. Kontrastering met die moedertaal	213
	5. Kultuurkonteks en konseptualisering	215
	6. Visuele hulpmiddele	220
	7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig	220
	7.1 Grammatika	220
	7.2 Sintaksis	221
	7.3 Vertaling	222
	7.4 Letterkunde	223
	8. Probleme in verband met ingeslote stelle van betekenis	224
3.	STELLE VAN SINONIMIE EN OORVLEUELING	228
	1. Beklemtoning van betekenis	229
	2. Gebruiksfrekwensie	234
	3. Gradering van die kursus	235
	4. Kontrastering met moedertaal	236
	5. Kultuurrelevansie en konseptualisering	238
	6. Visuele hulpmiddele	241
	7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig	241
	7.1 Grammatika	241
	7.2 Sintaksis	242
	7.3 Letterkunde	243
	7.4 Vertaling	243
	8. Probleme in verband met sinonimie en oorvleueling	244

4.	STELLE VAN UITGESLOTENHEID	247
1.	Beklemtoneing van semantiese aspek	249
2.	Gebruiksfrekwensie	252
3.	Gradering van kursus	253
4.	Kontrastering met die moedertaal	253
5.	Kultuurkonteks en konseptualisering	254
6.	Visuele hulpmiddele	255
7.	Integrasie met ander aspekte	256
7.1	Grammatika	256
7.2	Sintaksis	256
7.3	Letterkunde	258
7.4	Vertaling	259
8.	Probleme in verband met velde van uitgeslotenheid	260
	OPSOMMENDE GEVOLGTREKKINGS	264
	VERWYSINGS	269
	BIBLIOGRAFIE	277

INLEIDING

1. DOEL VAN ONDERSOEK

Hoe belangrik is die aanleer van woordeskat by die verwerwing van 'n vreemde taal? Indien dit van besondere belang is, kan met reg gevra word: watter beginsels moet in ag geneem word by die opstel van metodes en tegnieke om die aanleer van die woordeskat met optimum effektiwiteit te laat plaasvind? Wat is die teoretiese basis vir sulke metodes en tegnieke? Hierdie is enkele vrae wat in hierdie ondersoek aan die orde sal kom.

Die begrip "semantiese velde" of "betekenisvelde" is 'n idee wat in die jongste tyd heelwat aandag geniet by linguïste. Die konsep "betekenisveld" veronderstel twee kenmerke van die leksikon:

1. Dat die betekenisaspek van elke individuele leksikale item, kragtens kontras bestaan en dat hierdie kontras tussen betekenis-komponente van leksikale items in die leksikon teregkom, veral binne 'n betekenisveldsiening.
2. Dat die leksikon kragtens die relasies tussen die leksikale items 'n georganiseerde en gestruktureerde versameling is.

In ons ondersoek sal dit dus hoofsaaklik gaan oor:

1. Bestaande metodes en tegnieke om woordeskat te onderrig.
2. Bestaande teorieë oor die gestruktureerdheid van woordeskat.
3. Die moontlikhede wat hierdie teorieë inhou, om die onderrig van woordeskat meer effektief te laat plaasvind.

2. GERINGSKATTING VAN TWEË ASPEKTE VAN DIE LEKSIKON

Die semantiese inhoud van leksikale items en die gestruktureerdheid van die woordeskat, word deur sommige toonaangewende linguïste gering geskat, alhoewel die gestruktureerdheid van taal aanvaar word, sover dit die fonologiese en grammatiese aspekte betref. Benjamin Lee Whorf sê:

"And every language is a vast pattern-system, different from others..."¹

Terselfdertyd sê hy:

"That part of meaning which is in words, and which we may call "reference", is only relatively fixed. Reference of words is at the mercy of the sentences and grammatical patterns in which they occur."²

Adrienne Lehrer wys daarop dat die twee hoofdenkrigtings in die linguistiek, naamlik die meganiste en die mentaliste, nie veel erg het aan die semantiese aspek van die woordeskat nie. Die strukturaliste Bloomfield en Gleason (Meganiste) se standpunt is:

"Vocabulary is more or less unstructured, or at least very loosely structured."³

Van die mentaliste (Chomsky e.a.) sê sy:

"Even early T.G. Grammarians regarded the lexicon as a part of the grammar and paid little attention to the meaning of words and sentences, so long as every string generated was grammatical."⁴

Wilkins maak beswaar teen hierdie negering van die betekenisaspek van die leksikon en die gestruktureerdheid van die woordeskat. Hy sê:

"Linguists characteristically view language as a structured system, and their pre-occupation has been almost entirely with those aspects of language whose structure is most susceptible to scientific analysis - phonology and grammar. Linguists have remarkably little to say about vocabulary and one can find very few studies which could be of any practical interest for language teachers."⁵

Volgens hom is daar 'n leemte in die onderrig wat te wyte is aan 'n leemte in die taalteorie.

Wilkins wys daarop dat kommunikasie, selfs in 'n beperkte mate, onmoontlik is sonder die vereiste kennis van die woordeskat. By die aanleer van 'n vreemde taal is dit dus gebiedend noodsaaklik dat behoorlike aandag reg van die begin af gegee sal word aan die toepaslike woordeskat, wat voldoen aan die sosiale behoeftes van die leerlinge. Wilkins sê:

"I am not suggesting that the learning of grammatical structures should be replaced by the learning of lists of lexical items, merely that a different balance between grammar and lexis will be required."⁶

Dit word algemeen deur linguïste aanvaar dat taal gestruktureerd is, en dat die gestruktureerdheid van taal 'n oneindige ingewikkelde sisteem is. En tog gebruik die moedertaalspreker sy taal, sonder enigsins bewus te wees van die hoogs ingewikkelde strukture wat hy hanteer.

3. SEMANTIEK EN TAALONDERRIG

Daar word voortdurend geëksperimenteer met meer effektiewe metodes van vreemde-taal-onderrig.

3.1 Die tradisionele benadering

In die tradisionele benadering van vreemde-taal-onderrig, veral wat Afrika-tale betref, val die klem baie sterk op die grammatika, dit wil sê die formele aspek. Die tradisionele Grammatika-en-Vertaalmetode vorm grootliks die basis van taalonderrig. Hierdie taksonomiese model het sekere verdienstelikhede. Dit is tevens die enigste model wat gebruik is voor die opkoms van die "Direkte Metode" aan die einde van die 19e eeu.

Die vraag ontstaan wel of daar nie sekere leemtes in die tradisionele benadering bestaan nie. Word die semantiese aspek van die taal nie afgeskeep deur die beklemtoning van die formele aspek nie? Word genoeg aandag gegee aan gesistematiseerde en gemotiveerde onderrig van woordeskat, met die klem op die betekenis van woorde? In hoofstuk I sal die tradisionele metodes en tegnieke van die onderrig van woordeskat van naderby beskou word.

Hierdie vrae noop sommige hedendaagse linguïste om ernstig te dink aan 'n nuwe benadering wat gebaseer is op 'n nuwe taalteorie.

3.2 'n Nuwe benadering

Daar gaan almeer stemme op om 'n nuwe benadering van taalonderrig waarin die klem hoofsaaklik sal val op die semantiese aspek van taal.

Ruth M. Kempson beweer:

"Now semantics has, until recently, been the Cinderella of linguistics, a branch of the subject which many scholars thought was not amenable to such rigorous methods of evaluation".⁷

Professor D. Fivaz van die Universiteit Rhodes bepleit ook 'n semantiese benadering met spesifieke doelstellings. Fivaz sê:

"A different assumption, or rather set of assumptions, will lead to a quite different position:


1. Meanings are not only conveyed by the sentences of a language, but are also structured in a way somewhat peculiar to the language.
2. This structuring of meaning is reflected in both grammar and vocabulary.
3. The grammar of a language in part at least reveals the semantic structuring involved.
4. The structuring of meaning involved in vocabulary is generally not shown formally. (We might observe also that as traditional dictionaries are not designed to reflect this very important aspect of semantic structure, they do not convey this kind of information at all.)
5. Students will find the presentation of meaning structure to be far more interesting than an exploration of grammatical structure, because grammar of course only serves the purpose of conveying meaning.
6. The exploration of semantic structure is just as intellectually reputable as an exploration of grammatical structure. The one is just more tangible, in a sense, than the other."⁸

Fivaz⁹ se voorstel lui soos volg:

"My proposal is that we seriously consider our traditional position, and more specifically:

"That semantics (i.e. the way meaning is structured) becomes the academic core component of our Bantu language courses".

"In support of this I would contend that semantics in an entirely logical and natural way will be the hub to which several of our course components relate:



(Einde van aanhaling 9)

Professor Fivaz bepleit dus 'n nuwe benadering tot taalonderrig, grammatika-onderrig, vertaling en literatuur, naamlik 'n semantiese benadering.

Die dimensie van grammatika wat beklemtoon moet word, is die semantiese struktuur daarvan.

"I suggest that the dimension we can bring to grammar is comprehended in the term "conceptual grammar", that is, grammar as a signalling system for semantic concepts".¹⁰

Die betekenisdimensie van woordeskat is volgens Fivaz van ewe groot belang.

"Similarly the semantic structuring of the lexicon is of very considerable interest. Vocabulary items occur in a language in specific sets of relations with other items (within a so-called semantic field). Languages we know divide all the objects of the universe into different semantic fields. Xhosa is not the same as Afrikaans/English. There is a set of terms in each field, and these are related to each other in describable ways.¹¹

Ruth M. Kempson lewer ook 'n baie sterk pleidooi vir 'n nuwe benadering tot semantiese teorievorming:

"So far then, we have seen that in order to have any claims to adequacy, a semantic theory must fulfil at least three conditions:

- (i) it must capture for any language the nature of word meaning and sentence meaning, and explain the nature of the relation between them,
- (ii) it must be able to predict the ambiguities in the forms of a language, whether in words or sentences,
- (iii) it must characterise and explain the systematic relations between words and between sentences of a language, i.e. it must give some explicit account of the relations of synonymy, logical inclusion, entailment, contradiction, etc."¹²

What is it that we are hoping to achieve in our inquiry into the nature of linguistic structure? Our global aim of linguistics, - and arguably the most important - is to set up a general theory of linguistic structure which captures exactly those features of human language which are both unique to human languages and shared by all of them."¹³

In hierdie ondersoek sal die klem dus hoofsaaklik op die semantiese aspek van die woordeskat val, wat ten grondslag lê van die gestruktureerde karakter van die woordeskat.

Dit is te hope dat metodes en tegnieke wat op 'n semantiese teorie gebaseer is, 'n besondere bydrae sal lewer om die onderrig van die woordeskat van 'n vreemde taal meer effektief te laat plaasvind.

Vervolgens word daar gelet op enkele van die belangrikste aspekte van woordeskatonderrig as sodanig en die metodes en tegnieke wat gebruik word. Verder word ondersoek gedoen oor die mate waartoe semantiese velde 'n bydrae kan lewer tot die onderrig van woordeskat.

Om dit te kan doen, moet die aard en inhoud van die konsep 'semantiese veld' nagegaan word. Daarná moet aangedui word hoe semantiese velde saamgestel en georganiseer word.

Daar sal verder gepoog word om aan te toon hoe die konsep van semantiese velde implikasies inhou vir die onderrig en aanleer van woordeskat met betrekking tot:

1. Kontrastering van semantiese komponente van leksikale items uit verskillende tale; dit wil sê die kontrastering van woorde wat as ekwivalente beskou word. (Sien Hoofstuk 5.)
2. Die kulturele konteks van leksikale items. (Sien Hoofstuk 6.)
3. Die breë spektrum van taalstudie: woordeskat, sinsbetekenis, letterkunde en vertaling. (Sien Hoofstuk 7.)

Uiteindelik word daar gelet op die probleme wat ondervind word met die konsep semantiese velde en die toepassing daarvan. (Sien Hoofstuk 8.)

Die illustrasie van die teoretiese beginsels sal alleen aan die hand van Afrikaanse en Engelse data geskied. Xhosa data sal in meer detail ondersoek word om by wyse van kontraste met velde van Afrikaans en Engels sekere waarnemings te maak: dat daar besondere waarde steek in die toepassing van die konsep semantiese veld by die onderrig en verwerwing van Xhosa-woordeskat, omdat dit vir die onderwyser en die student sekere insigte oopmaak in die woordeskat as sodanig, sowel as in die kultuur van die sprekers van die vreemde taal.

HOOFSTUK I

METODES EN TEGNIEKE OM WOORDESKAT AAN TE LEER

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid metodes en tegnieke binne die tradisionele raamwerk om die woordeskat van 'n vreemde taal aan te leer. Hieronder volg aanhalings van opsommings uit twee bronne van metodes en tegnieke volgens die tradisionele benadering vir die aanleer van die woordeskat van Engels as vreemde taal.

Hierdie opsommings kan as verteenwoordigend van die meer algemene metodes en tegnieke vir die aanleer van die woordeskat van enige vreemde taal beskou word, alhoewel die teikentaal en die bronne Engels is. Enkele opmerkings en kritiese kommentaar volg op elk van die hoofpunte met 'n opsomming met betrekking tot die algemene kenmerke en tekortkominge van die tradisionele metodes en tegnieke aan die einde van die hoofstuk.

1. BRIGHT EN MCGREGOR: "TEACHING ENGLISH AS A SECOND LANGUAGE".¹

"1. Grade the texts

- a. On 2000 word plateau.
- b. At a level intermediate between unsimplified and 2000 words.
- c. At simple, unsimplified level considering not only vocabulary but also structural complexity and background.
- d. At full English.

These grades correspond to stages of work".^(a)

Bostaande opsomming behels die gradering van teksmateriaal/leerstof ooreenkomstig die taalvaardigheidspeil van die student. Die gradering vind waarskynlik plaas op grond van grade van taalvaardigheid ooreenkomstig die mees frekwente woorde, vanaf 'n minimum van 2000 tot onvereenvoudigde tekste van natuurlike Engels.

2. "Ensure that huge numbers of them are read. This is what matters most."^(b)

Hier word die klem gelê op die kennismaking met 'n groot verskeidenheid woorde binne die leerling se taalvaardigheidspeil aan die hand van leesmateriaal.

3. "See that pupils understand that the immediate productive use of all new items is unnecessary and may be dangerous." (c)

Die student word aangemoedig om 'n groot voorraad woorde in sy passiewe woordeskat op te bou.

4. "Teach the pupils to infer meaning from context."^(d)

Die leerling moet sonder eksterne hulp betekenisafleidings maak van woorde uit die kontekstuele verband, soos daargestel deur die teks self.

5. "Teach them to use a dictionary."^(e)

Die gebruik van 'n woordeboek is baie noodsaaklik by die aanleer van woordeskat, maar dit het ook sekere leemtes, en leerlinge moet doelbewus afgerig word hoe om 'n woordeboek korrek te gebruik.

Daar is gewoonlik twee tipes woordeboeke: tweetalige woordeboeke en selfdefiniërende (verklarende) woordeboeke. Daar is eger geen waarborg dat die leerlinge die regte woorde uit die moontlike ekwivalente sal kies nie. Die ekwivalent van die woordeboek is soms 'n benaderde weergawe van die betekenis van die woord vanuit die opsteller se eie sosiale-kulturele agtergrond, met veelvoud van ander sekondêre beperkinge soos byvoorbeeld: die omvang van die woordeboek, die taalbeheersing van beide bron- en teikentaal van die opstellers en medewerkers; die kulturele verwantheid of nie-verwantheid van die bron - en teikentaal, ens.

6. "Interest them in prefixes, suffixes and stems."^(f)

Hierdie metode het in die eerste plek te make met die vorm van die woord. Dit is tipierend van die Grammatika-Vertaal Metode. Die vorm van die woord is wel belangrik, veral in soverre die affikse wysigings in en toevoegings tot die betekenis van die wortel van die woord meebring.

7. "Exercise them in distinguishing between near synonyms."^(g)

Die oefening is toegespits op die betekenisverhouding tussen woorde. In sommige tale bestaan woordeboeke wat op sinonieme ingaan. Ongelukkig bestaan daar na my wete geen Xhosa-woordeboek in druk wat breedvoerig sinonieme inkorporeer nie.

8. "Keep their attention on meaning in context."^(h)

Hierdie oefening is ook gemik op betekenis in kontekstuele verband. Dit is baie belangrik dat die betekenis van woorde nie in isolasie aangeleer word nie.

9. "Do not exaggerate or allow pupils to exaggerate the importance of vocabulary." (i)

Die klem word dus op passiewe woordeskat geplaas, en veral op die leeswoordeskat wat nie noodwendig 'n direkte invloed op die primêre vorme van taalgebruik (praat en luister) het nie. Dit wil sê die primêre vorme van luister- en praatwoordeskat word in Bright en McGregor se metodes op die agtergrond geskuif.

Die algemene indruk van bostaande reeks aanbevelings is dat die beklemtoning van woordeskat as ongewens geag word. Verder word feitlik geen aandag gegee aan die semantiese relasies tussen woorde nie. Slegs no. 7 (Sinonieme) raak aan hierdie veelomvattende en, onses insiens, uiters belangrike aspek van woordeskat-onderrig.

2. LADO: "LANGUAGE TEACHING".

Volgens Lado is die drie belangrikste stappe van woordeskat-onderrig:

1. "Hearing the word: in isolation and in a sentence.
2. Pronouncing the word.
3. Grasping the meaning of the word."²

Die eerste twee stappe plaas die klem op die fonetiese aspek van woordeskat, naamlik die persepsie van klank en die produksie van klank. Die derde stap beklemtoon die betekenis van die woord. Hoe moet die betekenis van die woord begryp word? Lado stel 'n wye verskeidenheid van tegnieke voor om die betekenis van woorde aan te leer:

1. Selfdefiniërende kontekste, waar die betekenis van die woord duidelik blyk uit sy kontekstuele verband.
2. Definisies. Die betekenis van die woord word by wyse van 'n definisie weergegee.
3. Teenoorgestelde betekenis: Die betekenis van 'n woord kan soms weergegee word deur dit in kontras met die teenoorgestelde betekenis te leer.

4. Sinonieme: Sinonieme is 'n baie algemene metode om woorde se betekenis te leer. Die woord word vergelyk met 'n meer bekende woord wat naasteby dieselfde betekenis het.
5. Visuele hulpmiddele soos: prente, dramatisering en konkrete voorwerpe.
6. Woorde wat in reekse, skale en sisteme voorkom: dae van die week, maande van die jaar en telwoorde.
7. Kondisionering deur die herhaalde gebruik van die woord.
8. Beoefening van sekondêre taalvaardighede: lees en skrywe.
9. Woorde wat in vorm en betekenis ooreenstem met die leerling se moedertaal, byvoorbeeld: university - universiteit, school - skool.
10. Woorde wat in kontekstuele areas gegroepeer kan word byvoorbeeld: koffie, tee, milo, melk, ens.
11. Afgeleide patrone soos: faith - faithful, worth - worthless.
12. Woordfamilies soos: reason, reasonably, unreasonably, reasonableness.

Bostaande tegnieke verteenwoordig grootliks die kenmerkende eienskappe van die tradisionele benadering. Hierdie kenmerke reflekteer tot 'n groot mate beide die positiewe en die negatiewe fasette van die tradisionele benadering. Veral die tegnieke wat die aanleer van die woorde in isolasie vermy, is sterk aan te prys, asook die gebruik van visuele hulpmiddels, en die produktiewe gebruik van woorde.

Selfs buite die tradisionele benadering sal hierdie tegnieke nog aan die orde kom, terwyl sekere leemtes aangevul kan word.

Sommige van genoemde tegnieke raak aan die konsep van semantiese velde soos: teenoorgesteldes, sinonieme, definisies en kontekstuele areas. Hierdie tegnieke maak gebruik van betekenisrelasies tussen woorde van 'n bepaalde betekenisveld. Ongelukkig trek Lado nie die volle konsekwensies daarvan deur nie. Hy maak, byvoorbeeld, geen melding van komponensiële analise nie; hy maak geen melding van die sosiaal-kulturele implikasies van woorde nie; hy meld ook nie die verskynsel van supplementêre betekenis nie. Die taalkundige en nie-taalkundige implikasies van betekenis kry nie aandag nie.

Hieruit blyk dat beide taalkundige en nie-taalkundige aspekte van woordeskat in 'n meerdere of mindere mate in die tradisionele benadering nie voldoende aandag kry nie. Die volgende vraag bly altyd aktueel: Verstaan

die leerling werklik die volle betekenis van die woord? Om die betekenis van die woord te verstaan, moet die konseptuele inhoud van die woord uit die vreemde taal aan die leerling oorgedra word.

Dit is noodsaaklik dat pedagoë steeds daarna sal strewende om die metodes en tegnieke van woordeskat-onderrig te verbeter om dit meer effektief te maak, sodat tyd en energie op die mees ekonomiese wyse daaraan bestee word, met die beste resultate. Dit is derhalwe noodsaaklik om vervolgens op enkele van die belangrikste aspekte vir die aanleer van woordeskat te let.

ENKELE VAN DIE BELANGRIKSTE ASPEKTE IN DIE METODIEK VIR DIE AANLEER EN ONDERRIG VAN WOORDESKAT.

1. Woorde in isolasie:

Een van die mees treffende kenmerke van die algemene benadering tot die onderrig van woordeskat is dat woorde in isolasie onderrig word. Voordat ons dus op die belangrikste aspekte in die metodiek vir die aanleer en onderrig van woordeskat ingaan, is dit miskien gepas om eers aan hierdie probleem in meer besonderhede aandag te gee.

1. Lang lyste woorde word opgestel, en volgens taksonomiese beginsels in woordsoorte gegroepeer byvoorbeeld: naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, voorsetsels, ens. Die woorde word in isolasie uit die hoof geleer met die ekwivalent in die leerling se moedertaal.
2. Die ander metode wat hieraan verwant is, is om aan die hand van 'n tweetalige woordeboek, waar die leksikale items alfabeties gerangskik is, die woorde, soos benodig, te leer, met hulle ekwivalent in die moedertaal. Veral passiewe woordeskat word op die wyse aangevul.
3. Die spellingsaspek speel 'n baie belangrike rol. Spellyste word opgestel en volgens vorm gekategoriseer met die oog op korrekte spelling. In Engels word woorde soos: "through, though, rough, tough, plough" se vorm gememoriseer en gekondisioneer. In baie gevalle word baie meer tyd en aandag gegee aan die ortografiese aspek van hierdie woorde, as aan hulle betekenisaspek. Daar bestaan geen betekenisverhouding tussen hierdie woorde nie.

Die aanleer van woorde in isolasie gaan mank aan, onder andere, die volgende gebreke:

1. Die kennis van 'n aantal losstaande woorde van 'n vreemde taal stel nie die leerling in staat om behoorlik met die vlotspreker van die betrokke taal te kommunikeer nie.
2. Die woorde wat op die wyse geleer word, is nie noodwendig woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie nie. Hulle word op arbitrêre wyse gekies. Baie tyd en energie kan gemors word deur woorde te leer met 'n relatief lae gebruiksfrekwensie.
3. Deur woorde in isolasie te leer, moet die leerling uitsluitlik op sy geheue staatmaak. Hy moet klank en vorm memoriseer sonder om die betekenisaspek van die woorde in berekening te bring.
4. Die ekwivalent wat deur die woordeboek aangegee word in die leerling se moedertaal is dikwels vatbaar vir misverstand, omdat die betekenis van begrippe in verskillende tale selde, indien ooit, honderd persent korrespondeer.
5. Homonieme gee aanleiding tot misverstand. So byvoorbeeld het 'n Engelssprekende leerling in 'n opstel geskrywe: "Ons het brandkas gery", want in die woordeboek staan "brandkas" teenoor "safe".
6. Hierdie tegnieke hou ook nie rekening met die kulturele aspek van woorde nie. Baie terme kan alleen behoorlik begryp word binne hulle kulturele konteks. Die woord ingubo in Xhosa word deur die woordeboek aangegee as komers. Maar in die tradisionele gemeenskap word 'n komers ook beskou as 'n vorm van kleredrag, wat nie uit die woordeboek duidelik blyk nie.
7. Die metodes hou ook nie rekening met die semantiese relasies tussen woorde nie. Woorde is semanties verwant aan mekaar, byvoorbeeld verwantskapsterme, kleure, woorde wat beweging aandui, ens.
8. 'n Woordelys- en woordeboektegniek kan maklik aanleiding gee tot verveling en kan dus die taalverwerwingsproses bemoeilik.

2. Gebruiksfrekwensie van woorde

By die aanleer van woordeskat is dit van groot belang om te let op die gebruiksfrekwensie van woorde. Hierdie beginsel word lankal reeds erken. Daar bestaan o.a. die volgende frekwensielyste vir die aanleer van Engelse woordeskat:^{2a}

Thorndike: Teacher's Word Book 1921. 5000 woorde.

Horne: 1926: 10,000 woorde.

Thorndike: 1931: "The Teacher's Word Book of 20,000 words".

Thorndike and Lorge: 1944: "The Teacher's Word Book of 30,000 words".

'n Gebruiksfrekwensie-bepaling kan van elke taal gemaak word, en daaruit kan 'n kernwoordeskat opgestel word. Dit is minstens 'n poging om die lukraak metode van woordelyste en woordeboeke uit te skakel.

Volgens die "Interim Report on Vocabulary Selection of the Carnegie Committee (London, King 1936)"³ is gebruiksfrekwensie die belangrikste enkele maatstaf vir die seleksie van leksikale items vir onderrigmateriaal.

Wilkins wys op sekere probleme in verband met die bepaling van gebruiksfrekwensie van woorde.

1. Die korpus moet baie groot wees, en moet uit geskrewe sowel as gesproke taal saamgestel word.

"Handling a corpus that was a representative sample of all varieties of written and spoken language would be a mammoth task, perhaps larger than would be justified by the usefulness of the results".⁴

2. Verder is daar die probleem van homonieme, waar een leksikale item verskillende betekenisse kan hê. Die Engelse woord bank kan verskillende betekenisse hê.

1. A river bank.

2. A money bank.

Dieselfde woorde kan ook as werkwoorde gebruik word:

I bank the water. (Ek keer die water.)

I bank the money. (Ek deponeer geld by die bank.)

Die probleem is: Watter betekenis het die hoogste gebruiksfrekwensie?

3. Polisemie is 'n derde probleem. Die werkwoord make sal in Engels baie hoog op die frekwensielys staan. Die "Oxford Dictionary" gee 97 verskillende betekenis vir die inskrywing make.⁵ Hoe word hulle gerangskik volgens gebruiksfrekwensie? Wilkins⁶ stel voor dat statistieke met betekenis en vorm moet rekening hou. Indien dit gedoen word, sal woorde met spesifieke betekenis baie hoër op die lys staan as wat tans die geval is. Dit is woorde wat aan 'n spesifieke situasie verbind is. Die woord soap verskyn, byvoorbeeld, gladnie onder die eerste 2000 woorde van Thorndike-Lorge se lys nie, en tog is dit 'n baie alledaagse woord.
4. Grammatiese of funksionele woorde kom ook noodwendig baie voor in die korpus, want die grammatika kan nie sonder hulle funksioneer nie.
5. 'n Frekwensiebepaling hou nie rekening met die bruikbaarheid van woorde nie. In die Thorndike-Lorge lys, staan post-office laer op die frekwensielys as: poverty, power, prayer, preach, precede, precious, terwyl dit 'n baie meer bruikbare woord is, volgens Wilkins.⁷
6. Die frekwensie-bepaling hou nie rekening met die sosiale behoeftes van sekere groepe nie. Die toeris se behoeftes sal anders wees as dié van die emigrant, die student s'n anders as dié van die joernalis, die sakeman s'n anders as dié van die sportman, ens. Daarom sê Wilkins:

"Proper consideration will have to be given from the beginning to the appropriate vocabulary, and that appropriateness will in turn depend on the social needs of the learners".⁸

3. Sinsverband van woorde

Die gebruik van woorde in sinsverband is 'n belangrike toets vir die begrip van 'n woord se betekenis asook 'n belangrike tegniek om die problematiese verskynsel van homonimie te illustreer. Iemand kan sê:

1. Ek sien die swart perd.
2. Ek gaan om my vriend te sien.
3. Ek sien goed daaruit.

In elkeen van bostaande sinne het sien 'n ander betekenis. Die eerste stelling kan nie met waarheid deur 'n blinde persoon gemaak word nie, maar die laaste twee wel.

Wanneer woorde in isolasie geleer word, selfs aan die hand van frekwensielyste, word nie genoeg rekening gehou met die verskillende betekenis-nuanses van 'n leksikale item, soos dit binne verskillende kontekste gerealiseer word nie.

4. Die invloed van die Moedertaal

Indien die opsteller van die onderrigmateriaal nie 'n vlotspreker van die teikentaal is nie, kan die invloed van sy moedertaal hom nadelig laat geld by die selektering van woordeskat. Vanweë kultuurverskille, is daar 'n groot verskil tussen die verwysingsvelde van verskillende tale. Lado sê:

"The form (of a word) is expressed in phonemes.
The meaning or content is found in the culture.
Expression, content and distribution of words
and lexical units are different for each language".⁹

"The words of a second language are not translations
of the words of the first language".¹⁰

Die mees algemene probleem is dat die leerling van die vreemde taal in sy moedertaal dink, en uit die moedertaal in die vreemde taal vertaal. Alleen deur voortdurende en intensiewe kontak met die sprekers en die kultuur van die vreemde taal, word die invloed van die leerling se moedertaal oorwin.

"Every language classifies physical reality in its
own way".¹¹

5. Woordeskat deur middel van Literatuur

Woordeskat word deur middel van literatuur in die teikentaal geleer. Dit hou sekere voordele in. Die leksikale items word in sinsverband geleer, die regte idioom word geleer, en die kultuurmilieu van die

leksikale items word kennis van geneem. Dit is natuurlik noodsaaklik dat die literatuur gekies word om aan te pas by die leerling se peil van ontwikkeling. Die literatuur moet aangevul word deur die gesproke woord. Die geskrewe woord alleen is nie genoeg nie.

6. Woordeskat deur middel van die gesproke woord.

Een van die nuttigste metodes om woordeskat aan te leer is deur intensief en met begrip na die gesproke woord van die moedertaalspreker te luister. Aanvanklik is daar baie min woorde wat die leerling kan identifiseer. Geleidelik ontwikkel sy vermoë om terme te onderskei. Deur die gesproke woord na te boots, word die korrekte uitspraak en intonasie ook bemeester.

7. Ostensiewe Metodes

Sommige pedagoë maak gebruik van ostensiewe metodes om woordeskat te onderrig. Die leksikale item word voorgestel in assosiasie met 'n sigbare beeld, voorwerp of aktiwiteit. Hier word gebruik gemaak van prente, kultuurvoorwerpe en aktiwiteite. Hierdie metode het sekere verdienstelikhede, deurdadig dat die leerling ook kennis maak met die vreemde kultuur se konseptualisering van konkrete dinge en aktiwiteite. Die leerling ontdek dat die vlotspreker van die teikentaal se linguistiese wêreldbeeld grootliks van sy eie verskil.

8. Aktiewe en Passiewe Woordeskat

Die verskynsel van 'n aktiewe en passiewe woordeskat, is 'n faktor waarmee deeglik rekening gehou moet word. Bright en McGregor stel dit so:

"Native speaker and foreign learner alike recognise and understand more words than they actually use. The words they recognise but do not use are the items by which their receptive vocabularies exceed their productive ones. As greater mastery of the language is achieved words pass more rapidly and easily from the receptive knowledge to productive use when the need arises".¹²

Die verskynsel het duidelike implikasies vir die aanleer van woordeskat. Die leksikale items wat tot die aktiewe woordeskat behoort, is gewoonlik dié met die hoogste gebruiksfrekwensie. Die woorde wat tot die passiewe woordeskat behoort is dié met 'n relatief laer gebruiksfrekwensie. Dit dui op verskillende vlakke van

kompetensie; 'n elementêre vlak waar die leerling se woordgebruik grootliks beperk is tot sy aktiewe woordeskat, en 'n gevorderde vlak waar hy met redelike gemak put uit sy passiewe woordeskat.

9. Woordeskat en Kultuur

Baie woorde van 'n taal kan alleen verstaan word teen die kultuuragtergrond van die betrokke taal. Sekere konsepte in die vreemde taal bestaan miskien gladnie in die leerling se moedertaal nie, soos byvoorbeeld: sosiale-kulturele- en ekonomiese aktiwiteite. Daarom sê Wilkins:

"Such learners will have the difficulty that even at the beginning there is very little that can be transferred from their mother tongue. They will have to learn to categorize familiar things in different ways and unfamiliar things without the benefit of any point of reference in their own culture".¹³

10. Gevolgtrekkings

Wanneer 'n mens deeglik let op die tradisionele metodes en tegnieke van woordeskat-onderrig, dan kom jy tot die volgende gevolgtrekkings.

1. Dikwels word leksikale items baie arbitrêr geselekteer om aan die leerlinge te onderrig, waarvan baie nie beantwoord aan die eise van gebruiksfrekwensie en nuttigheid nie.
2. Selfs met die gebruik van frekwensiebepaling is daar vele probleme om werklik die mees nuttige woorde te selekteer.
3. Die persoon wat die frekwensiebepaling vir 'n betrokke taal doen, is nie dieselfde persoon wat die woordeskat onderrig nie. Die sosiale behoeftes van 'n bepaalde groep wat onderrig word, verskil dikwels aansienlik van die behoeftes waarvoor die frekwensiebepaling voorsiening maak.
4. Die tradisionele metodes en tegnieke van woordeskat-onderrig in 'n vreemde taal berus merendeels op meganistiese beginsels. Dit wil sê leksikale items word by wyse van kondisionering gememoriseer. Na my wete word te min ruimte gelaat vir die mentalistiese beskouing van taal, dit wil sê waar die leerling geleer word om die betekenisaspek van woorde te ontdek, veral aan die hand van kontekste.

5. Daar bestaan dus 'n groot leemte in die metodiek en tegniek van woordeskat-onderrig in vreemde tale, en is dit noodsaaklik om ondersoek in te stel in hoeverre taalkundige insigte ten opsigte van semantiek 'n bydrae kan lewer, en geëmplojeer kan word om hierdie leemte aan te vul.

Indien hierdie leemte aangevul kan word, kan moontlik 'n deurbraak bewerkstellig word op die gebied van woordeskat-onderrig om dit enersyds te vergemaklik, asook baie interessanter te maak en baie meer sinvol, asook om vir die leerling ander belangrike insigte te open in die kultuur en die konseptualisering van die vlotsprekers van die teikentaal.

6. Dit is uiters noodsaaklik dat die student van 'n vreemde taal deeglik bewus sal wees van die subtiele betekenisverskille tussen leksikale items. Dit is moeilik om binne die huidige raamwerk hierdie verskille op 'n natuurlike wyse te illustreer, en daarom verg dit waarskynlik heel spesiale tegnieke. So byvoorbeeld is sinonieme nie in alle kontekste uitruilbaar nie; in een taal het 'n woord meer of ander supplementêre betekenis-komponente as die ekwivalent van die woord in die ander taal. In Engels en Afrikaans word onderskeidelik aan wagon en wa gedink as 'n vierwiel-voertuig deur diere getrek. Maar in Xhosa word ook na 'n tweewiel-voertuig verwys as inqwelo (wa), en ook na 'n motor. Inqwelo is dus in Xhosa 'n algemene term vir 'n voertuig.

Ook wat die onderrig van sogenaamde antonieme betref, bestaan daar leemtes. Alle verhoudings wat tradisioneel beskou word as antonieme, toon nie dieselfde tipe verskil van teenoorgesteldheid nie. Die verskil tussen mooi and lelik is byvoorbeeld van 'n ander aard as die verskil tussen sit en staan, en koop en verkoop. Antonieme is maar een kategorie van woorde met onverenigbare betekenis-komponente. Volgens die tradisionele beskouing word daar nie op gelet dat woorde met teenoorgestelde betekenis ook ten minste een komponent van ooreenkoms het nie. So bevat sit en staan elkeen die komponent van LIGGAAMSHOUDING.

Ons wil nie beweer dat bostaande tegnieke van nul en gener waarde is nie. 'n Tweetalige woordeboek is byvoorbeeld onontbeerlik by die aanleer van 'n vreemde taal. Ons wil ook nie beweer dat die metodes wat uit die Semantiese Veldteorie kan voortvloei 'n

volkome oplossing bied vir die onderrig van woordeskat nie. Ook hierdie teorie het probleme soos later sal blyk.

Uit die kort oorsig oor die tradisionele benadering blyk dit dat daar leemtes is in die onderrig van woordeskat. In ons ondersoek sal ons veral probeer lig werp op die wyse waarop die Semantiese Veldteorie moontlik hierdie leemtes kan aanvul. Daarmee word egter nie beweer dat die Semantiese Veldteorie soos toegepas op die onderrig van woordeskat 'n volkome vervanging van die tradisionele benadering is nie, of selfs in alle opsigte 'n beter benadering is nie.

HOOFSTUK 2

DIE KONSEP "SEMANTIESE VELD" IN DIE BREEË VERBAND VAN TAALTEORIE

Die onderskeie metodieke van taalonderrig is gebaseer op uitvloeisels van verskillende taalteorieë. Daarom is dit noodsaaklik om aan te toon by welke teorieë die konsep "semantiese veld" inskakel, en wat die toepassingsmoontlikhede van die konsep is op die terrein van taalonderrig.

Met verwysing na sekere toonaangewende linguïste sal die oorsprong van die teorie nagegaan word.

1. FERDINAND DE SAUSSURE (1915)

Ferdinand de Saussure, die groot Switserse taalkundige, word beskou as die grondlegger van moderne taksonomiese strukturalisme. Sy lesings is nā sy dood deur sy studente gepubliseer onder die titel: "Course de linguistique g n rale" (1915).¹ Fillenbaum en Rapoport gee aan De Saussure die krediet vir die insig dat enige taal 'n onderliggende sisteem besit op basis waarvan taaluitinge gevorm word.

"Like previous empirical studies of language statistics our approach to the study of meaning relations has been influenced by De Saussure's conceptual distinction between "la langue" and "la parole".²

De Saussure se twee terme "langue" en "parole", het wye erkenning geniet. Lyons verduidelik hierdie twee terms soos volg:

"For the moment we may be content with the statement that all members of a particular language-community produce utterances, when they are speaking that language, which, despite their individual variations, are describable in terms of a particular system of rules and relations: in some sense they have the same structural characteristics. The utterances are instances of "parole", which the linguist takes as evidence for the construction of the underlying common structure: the "langue". It is therefore the "langue", the language-system, which the linguist describes".³

De Saussure kan dus beskou word as 'n belangrike voorloper van die idee dat taal gestruktureerd is. Die gestruktureerdheid geld nie net

vir die fonologiese- en die grammatiese aspek van taal nie, maar ook vir die semantiese aspek.

'n Ander belangrike bydrae van de Saussure is die onderskeid wat hy getrek het tussen diakroniese en sinkroniese studie van 'n taal. Hy het taal vergelyk met skaakspel. Op enige stadium in die spel kan die posisie van die stukke diakronies en sinkronies beskrywe word. Die sinkroniese beskrywing kan egter plaasvind sonder inagneming van die vorige skuiwe. So is 'n diakroniese beskrywing van 'n taal irrelevant vir 'n sinkroniese beskrywing.⁴

Gedurende die 19e eeu was linguïste behep met die diakroniese beskrywing van taal, wat hoofsaaklik te doen het met betekenisverandering van individuele leksikale items. Die meeste 20-eeuse linguïste het egter meer aandag gegee aan die prioriteit van 'n sinkroniese beskrywing van taal. Uit hierdie benadering vloei later die sogenaamde "structuralism".⁵ Alhoewel die 20-eeuse linguïste die klem laat val op die gestruktureerdheid van taal en die sinkroniese beskrywing van taal, verwaarloos hulle die studie van die leksikon, en behandel die woordeskat as ongestruktureerd, of ten minste baie los gestruktureerd. Onder diegene kan die name genoem word van Bloomfield en Gleason.⁶

2. JOST TRIER (1931)

Die ontwikkeling van die "Betekenisveldteorie" word deur Lehrer toegeskryf aan Duitse linguïste, onder andere, Trier, asook Amerikaanse antropoloë en de Saussure se idee van "assosiasie".⁷

"Trier distinguished between lexical and conceptual fields, whereby the lexical field divides the conceptual field into parts, like a mosaic. A word acquires its meaning by its opposition to its neighbouring words in the pattern (Ohman, 1953, 124-27)".⁸

Jost Trier publiseer in 1931 sy boek: "Der Deutsche Wortschatz im Sinnbezirk des Verstandes. Die Geschichte eines Sprachlichen Feldes". Trier sê:

"Es sind seine Begriffsverwanten. Sie bilden unter sich und mit dem ausgesprochenen Wort ein gegliedertes Ganzes, ein Gefüge, das man Wortfeld oder sprachliches Zeichenfeld nennen kann".⁹

Trier¹⁰ het, onder andere, die betekenisveld wat verwys na intellek op verskillende stadia van middeleeuse Duits, ondersoek, en die verskillende historiese periodes vergelyk en die betekenisverandering aangedui. Sy bevinding is, onder meer, dat ongeveer 1200 nC. 'n gedeelte van die betekenisveld wat betrekking het op intellek, uit drie terme bestaan het, in die volgende patroon:

Wisheit	
Kunst	List

"Kunst" verwys, min of meer, na hoflikheidskennis en sosiale gedrag.

"List" verwys na tegniese vaardigheid of kennis.

"Wisheit" was 'n algemene term wat albei ingesluit het.

Teen 1300 het die betekenisveld wat verwys na intellek verander. "Wisheit" verwys nou na religieuse en mistieke aangeleenthede. "Kunst" word gebruik vir wêreldse vaardigheid en kennis, en verloor sy betekenis van hoflikheidskennis en kennis van sosiale gedrag. "Wissen" word ingevoer as 'n nuwe term in die intellektuele veld, en dit word gebruik vir kuns-kennis. "List" het heeltemal uit die betekenisveld verdwyn.

Nou word die veranderde betekenisveld soos volg voorgestel:

Wisheit	Kunst	Wissen
---------	-------	--------

Verder het Trier geglo dat linguistiese velde nie geïsoleerd voorkom nie, maar dat hulle aanmekaar skakel soos hy beweer:

"to form in turn fields of higher order, until finally the entire vocabulary is included".¹¹

Trier het onderskei tussen leksikale en konseptuele velde, alhoewel hy nie in sy geskifte die onderskeid duidelik aantoon nie. Lehrer sê hieromtrent:

"The study of linguistic fields should prove to be a rich source of hypotheses about human conceptualization, and perhaps some day linguists will generally agree that the "correct" or at least best semantic analysis is one that describes a speaker's conceptual structure. But at this stage, the relationship between language and thought must be considered an open one."¹²

3. WILLIAM F. MACKEY (1965)

Alhoewel Mackey nie die teorie van semantiese velde breedvoerig ontwikkel soos Lehrer nie, het hy tog reeds in 1965 die teorie baie raak opgesom:

"Meaning is a complex of contextual relations. This complex of relations is what characterizes language as a whole. In a language everything can be related to everything else. For the most distinctive feature of a language is that it is a system of systems".¹³

4. JOHN LYONS (1969)

Lehrer sê:

"Within linguistics the field theory has been developed most thoroughly and explicitly by John Lyons (1963, 1968), although other semanticists refer to or presuppose many notions of semantic fields".¹⁴

"Lyons defines the meaning of a term as a function of its relationships to the other terms in the lexical field, and these relationships (synonymy, antonymy, class inclusion, etc.) are primitives in his theory."¹⁵

Lyons gebruik die term "semantic fields" en sê, onder andere:

"In recent years, there has been a good deal of work devoted to the investigation of lexical systems in the vocabularies of different languages, with particular reference to such fields (or domains) as kinship, colour, flora and fauna...various kinds of knowledge, skill and understanding. The results obtained have conclusively demonstrated the value of the structural approach to semantics...that there are semantic distinctions made in one language which are not made in another; moreover that particular fields may be categorized in a totally different way by different languages".¹⁶

Anders as vele ander erkende linguïste, erken Lyons die belangrikheid van die semantiese aspek van die woord:

"And yet one soon comes to realize, in learning a foreign language that there are distinctions of meaning made in one language that are not made in another; that learning the vocabulary of another language is not simply a matter of acquiring a fresh set of labels to attach to familiar meanings".¹⁷

Hierdie insig van Lyons in die betekenisaspek van woorde, en die betekenisverskil tussen sogenaamde ekwivalente in verskillende tale, het belangrike implikasies vir die studie van 'n vreemde taal se woordeskat.

Daarby kom nog Lyons se insig in die gestruktureerde karakter van die woordeskat:

"the semantic structure of any system of words in the vocabulary is the network of semantic relations that hold between the words in the system in question."¹⁸

Lyons grond sy beskouing op die insigte van, onder andere, de Saussure en Chomsky. Hy huldig die standpunt:

"Linguistics, like any other science, builds on the past; and it does so, not only by challenging and refuting traditional doctrines, but also by developing and reformulating them".¹⁹

Wat besonder belangrik is vir die teorie van semantiese velde, is Lyons se idee van distribusie van linguïstiese eenhede laer as die vlak van die sin. Dit sluit dus die leksikale item in. Hy beweer:

"every linguistic unit (below the level of a sentence) has a characteristic distribution. Every linguistic unit (with the exception of the sentence) is to a greater or less degree restricted with respect to the contexts in which it can occur."²⁰

Lyons²¹ onderskei vier verhoudings van distribusie van leksikale items:

1. "Distributional equivalence".
2. "Complementary distribution".
3. "Distributional inclusion".
4. "Overlapping distribution".

Onder hoofstuk 5 sal ons hierdie verhoudings in meer besonderhede behandel.

5. ADRIENNE LEHRER (1974)

Dit is by bogenoemde linguïste, onder andere, wat Adrienne Lehrer aansluit om die teorie van "betekenisveld" verder te ontwikkel om aan te toon hoe dat insigte verkry deur middel van die teorie behulpsaam kan wees tot die semantiese ontleding van 'n taal se woordeskat.

Lehrer neem kennis van reeds bestaande teorieë oor semantiese velde en som die gedagtes soos volg op:

"Theories of semantic fields assume, on the other hand, that the vocabulary of a language is structured, just as the grammar and phonology of a language are structured - the words of a language can be classified into sets which are related to conceptual fields and divide up the semantic space or the semantic domain in certain ways".²²

Lehrer verkies eintlik die term "field approach" eerder as "field theory". Sy beweer:

"most field studies are not complete enough or formalized enough to be considered coherent, unified theories".²³

Lehrer formuleer die teorie soos volg:

"The lexicon of a language is a network in which each item is related to other lexical items in a variety of ways. There is no single semantic description which shows all of these relationships, and different approaches highlight different aspects of the network."²⁴

Daar is 'n groot verskil tussen die tradisionele woordeboek en die betekenisveld-teorieë. Die woordeboek klassifiseer die leksikon alfabeties en gee die verskillende betekenisse van die leksikale items, terwyl,

"a field theory treats a related set of words that belong to a domain (semantic field, subject area). For example, glass "a container" would be studied along with cup, bowl, mug, vase, and other container words to see how these items contrast".²⁵

Lehrer beskryf die doelstelling van die studie soos volg:

"The object of the analysis of semantic fields is to collect all the words that belong to a field and show the relationship of each of them to one another and to the general term."²⁶

Die betekenisveld-teorie het verskeie probleme. Daar moet vasgestel word watter semantiese velde bestaan en watter leksikale items behoort tot elke betekenisveld. Daar moet onderskei word tussen basiese en periferele terme.

"Not all items in a field are of equal status, and it is useful to distinguish between basic and peripheral words, because the basic words determine the important semantic contrasts in a field".²⁷

Berlin en Kay²⁸ het sekere kriteria opgestel waarvolgens basiese woorde bepaal kan word.

1. Basiese woorde is monolekseme. Morfologiese kompleksiteit van 'n woord wek agterdog.
2. Basiese woorde is nie beperk tot 'n klein aantal voorwerpe nie.
3. Basiese woorde is psigologies begryplik vir informante.
4. Onlangse leenwoorde is waarskynlik nie basiese woorde nie.
5. Die betekenis van 'n basiese term is nie ingesluit in die ander terme nie, behalwe in die hoofterme van die leksikale kategorieë.

Daar is ook oorvleueling tussen semantiese velde. 'n Leksikale item wat 'n periferele lid in een veld is, mag 'n basiese term in 'n ander veld wees. Leksikale velde kan nie in streng patrone georganiseer word nie,

"whereas the associations of words are looser, more complex, and more unpredictable than most field theorists are prepared to admit. The lexicon is a network of relationships. There are usually several legitimate ways of organizing the terms."²⁹

6. EUGENE A. NIDA (1975)

Nida is 'n ander linguïst wat besondere insig openbaar in die verskynsel van "betekenisvelde".

"A semantic domain consists essentially of a group of meanings (by no means restricted to those reflected in single words), which share certain semantic components. For any language, semantic domains consist simply of meanings which have common semantic components."³⁰

Kenmerke van semantiese velde

Semantiese velde besit, volgens Nida,³¹ die volgende kenmerke: Omvang, hiërargiese vlakke, veelvuldige eenhede, "Archilekseme", en grense.

Die omvang van semantiese velde variëer. Die grootste semantiese veld in enige taal is Entiteite, hetsy telbaar of massa. Die tweede grootste is Gebeure ("events"). Daarná kom Abstraksies: kwaliteit en kwantiteite. Daarná Relasionales wat die verhouding aandui tussen entiteite, gebeure en abstraksies.

"An interesting aspect of these four principal semantic domains is that they appear to be universals. In all languages of which we have any knowledge there are semantic classes of entities, events, abstracts, and relationals".³²

Intermediêre klasse

Behalwe genoemde vier hoofklasse van semantiese velde, is daar ook intermediêre klasse. Entiteite word verdeel in: telbare entiteite, en nie-telbare entiteite. Telbare entiteite word weer verdeel in: lewende wesens ("animates") en nie-lewende wesens ("inanimates"). Lewende wesens word weer verdeel in: beweegbare and onbeweegbare. So word ook nie-lewende entiteite verdeel in beweegbare en nie-beweegbare entiteite. Beweegbare nie-lewende entiteite word verdeel in selfbewegende en nie-selfbewegende entiteite.

Nog ander betekenisvelde kan onderskei word, naamlik entiteite wat in water beweeg, an dié wat op land beweeg. Nida kom tot die gevolgtrekking:

"Of course, the lexical unit a person employs in naming a particular reference may be most easily described in terms of the features of the referent, but the semantic classification depends, not upon culturally relevant distinctions in the objects, but upon the features which have become part of the conceptual bundle of contrasts which define the boundaries between meanings of language symbols."³³

7. RUTH M. KEMPSON (1977)

Soos reeds in die inleiding vermeld (p.3 en 5) is Kempson 'n baie ywerige kampvegter vir Semantiek in teoretisering oor taal.

"In particular, we shall be concerned with semantics as part of a general linguistic theory that is scientific in the sense that it makes empirically testable predictions".³⁴

Kempson beskou dan ook die verhouding tussen woorde as 'n belangrike onderwerp vir semantiese ondersoek.

"We use words to refer to objects, and to actions (consider such words as cup, horse, woman, graduate, cooking, sweeping, thinking) and the explanation of this relation is indubitably the task of semantics".³⁵

"...as de Saussure among others pointed out early in this century, there are systematic relations between words within a language; and one of the burdens of a linguistic account of lexical meaning is to provide a characterisation of these relations."³⁶

"For lexical items do not just stand in one relationship to one other lexical item, but each stands in relationship to many other items.

All these inter-related items can be said to form networks of relations, or lexical fields, as they have been called."³⁷

SLOTSOM

Moderne teoretici wat veral binne die kader van die T.G. Model werk, verleen erkenning aan die bydrae wat insigte en konsepte ten opsigte van die Semantiese Veldteorie het. Veral komponensiële analise het in hierdie opsig 'n belangrike rol gespeel. Katz sê:

"But no one, I think, can reasonably doubt that the field theorists have provided interesting semantic problems, along with some helpful, though at times crude and metaphorical, ideas to use in orienting our thinking about these problems. Consequently, persons concerned with developing the theory of generative transformational grammars have to try to incorporate the work of field theorists".³⁸

Uit hierdie kort oorsig van die ontstaan, aard en relevansie van Semantiese Veldteorie blyk dit duidelik dat sekere insigte wat voortspruit uit hierdie teorie met vrug in verskillende taalteorieë opgeneem kan word. Indien die bewering korrek is dat taalonderrigmetodes en tegnieke op taalteorieë gebaseer word, kan met reg die vraag gevra word in hoeverre die Semantiese Veldteorie dan nie ook van toepassing kan wees in die onderrig van taal in die algemeen en veral in die onderrig van woordeskat nie. Sover ek weet, is hierdie toepassingsmoontlikheid van semantiese velde nog nooit ondersoek nie, en is hierdie 'n eerste poging om die moontlikheid te ondersoek.

HOOFSTUK 3

KOMPONENSIËLE ANALISE EN SEMANTIESE VELDE

Komponensiële analise is 'n basiese begrip in die teorie van semantiese velde. Dit is die afbakeningsmeganisme van semantiese velde. Nida definiëer komponensiële analise soos volg:

"That part of the analysis of a text which aims at discovering and organizing the semantic components of the words".¹

Alvorens 'n semantiese veld van watter aard ookal gekonstrueer kan word, moet komponensiële analise eers plaasvind.

"In order to analyze any referential meaning, one must identify those necessary and sufficient features that distinguish the meaning of any one form from every other form which might compete for a place within the same semantic territory. But in addition to discovering these semantic features, or components of meaning it is necessary also to find out what the relations are between the components, since that also is crucial for the understanding of meaning."²

Volgens Nida is komponensiële analise 'n tweeledige aktiwiteit:

1. Die ontdekking van gemeenskaplike komponente van betekenis tussen leksikale items. (Common components of meaning.)
2. Die ontdekking van gemeenskaplike komponente van betekenis tussen leksikale items. (Diagnostic components of meaning.)

Nida stel dit so:

"They (words) have meaning only in terms of systematic contrasts with other words which share certain features with them, but contrast with them in respect to other features."³

Meyer is 'n ander linguïst wat komponensiële analise sien as 'n integrerende deel van semantiese analise deur middel van semantiese velde. Hy gebruik die term "Semasiology" vir komponensiële analise. Meyer word deur L.M. Vassilyev soos volg aangehaal:

"The task of semasiology is firstly the establishment of which system or systems each word belongs to, and secondly, the determination of the systemformat, the differentiating factor of that system.

In modern semantics this is known as component analysis".⁴

Lehrer haal vir Lounsbury (1956, 93) soos volg aan:

"An important point about componential analysis is that it presupposes aspects of the field theory for instance, the necessity of looking at a set of words in a carefully delineated area which have basic semantic features in common but whose meanings contrast with each other by virtue of one or more differences in respect to several other features."⁵

1. DIE VERHOUDING TUSSEN KOMPONENTE EN LEKSIKALE ITEMS

Dit is noodsaaklik om te onderskei tussen komponente en leksikale items. Daar bestaan baie meningsverskil tussen linguïste oor die teoretiese status van 'n komponent. Lamb noem dit "sememes", en Katz noem dit "semantic markers, primitives of another sort".⁶

Lehrer meen dat daar heelwat oorvleueling bestaan tussen komponente en leksikale items. Enersyds is daar woorde in 'n taal wat nie in komponente verdeel kan word nie, en andersyds is dit moontlik dat 'n taal nie 'n term besit om 'n sekere komponensiële kenmerk aan te dui nie. Ruth M. Kempson sê:

"It is generally claimed by those linguists who postulate the existence of semantic components that the components in terms of which lexical meaning is represented are not themselves lexical items, part of the language being described, but are part of the metalanguage, the theoretical vocabulary set up to describe all languages."⁷

Vir die doeleindes van ons studie onderskei ons dan wel tussen komponente en leksikale items. Komponente sal derhalwe in hoofletters geskrywe word om hulle te onderskei van leksikale items. Die woord man is 'n leksikale item. Die komponente van man is: LEWEND, MENSLIK, RASIONEEL, MANLIK, TWEEVOETIG, ens.

2. SEMANTIESE KOMPONENTE AS UNIVERSALIA

Die vraag is in hoeverre semantiese komponente, of semantiese merkers universele konsepte is, en in hoeverre elke taal sy eie semantiese komponente besit. Ruth Kempson beweer:

"components such as MALE, MARRIED, ADULT are therefore universal constructs in terms of which such lexical items as bachelor in English can be characterised."⁸

"Each language makes use of the same set of semantic components but with differing distributions between languages".⁹

In elke taal is daar eger kultuurspesifieke items. Die vraag is of daar ook kultuur-spesifieke komponente bestaan. In die Xhosa-kultuur is daar 'n komponent GEÏNISIËERD, wat, byvoorbeeld, nie in die Afrikaanse of Engelse kultuur voorkom nie. Dit moet aanvaar word dat daar wel sekere gevalle mag voorkom waar 'n semantiese komponent sal voorkom wat nie 'n universele karakter dra nie.

Daar moet rekening gehou word met kultuurverskille. Die een kultuur mag komponente X, Y en Z besit, terwyl die ander kultuur net komponente X and Y besit.

In die onderrig van die semantiese aspek van 'n vreemde taal, sal dit miskien nie nodig wees om eksplisiet die semantiese komponente wat in die moedertaal voorkom, te onderrig nie, maar wel diesulkes wat miskien nie in die moedertaal voorkom nie. In die geval waar Xhosa as vreemde taal aan Afrikaanssprekende studente onderrig word, sal komponensiële analise so daar uitsien.

seun: MENSLIK, MANLIK, ONMONDIG
umfana: MENSLIK MANLIK GEÏNISIËERD

Die komponente MENSLIK en MANLIK is universeel, en die student sal op grond van sy kennis van sy moedertaal intuïtief die kenmerk MANLIK ook aan die leksikale item in die vreemde taal toeken. Die komponent MONDIG is universeel in die Westerse kultuur, maar vreemd in die Xhosa-kultuur. Die komponent MONDIG impliseer dat die persoon die ouderdomsgrens van 21 jaar bereik het. Die komponent GEÏNISIËERD is nie streng aan 'n ouderdomsgrens gekoppel nie. Dit kan strek vanaf

ongeveer 16 jaar. Die komponent GEÏNISIËERD impliseer verder 'n rituele handeling wat voltrek is. Dit is 'n kultuur-spesifieke komponent.

3. OOBODIGHEID ("REDUNDANCY") IN KOMPONENSIËLE ANALISE

Adrienne Lehrer verduidelik oorbodigheid in komponensiële analise soos volg:

"Redundancy rules add semantic markers to lexical items when such markers are completely predictable from other semantic markers already assigned to that item".¹⁰

Voorbeelde hiervan is die volgende:¹¹

1. Bachelor: ANIMATE, LIVING, PHYSICAL OBJECT, HUMAN, MALE, ADULT, UNMARRIED.
In hierdie geval is ANIMATE, LIVING, en PHYSICAL OBJECT, oorbodig, want die oorblywende komponente impliseer alreeds die eerste drie.
2. Leeu: KATAGTIG, DIERLIK, LEWEND, FISIESE VOORWERP.
In hierdie geval sal die volgende semantiese merkers oorbodig wees: DIERLIK, LEWEND, FISIESE VOORWERP.

Behalwe dat die Oorbodighedsreëls (Redundancy rules) ons help om in elke individuele taal die mees ekonomiese analise te gee, stel dit ons ook in staat om universele semantiese kategorieë te ontdek.¹²

4. TIPES VAN BETEKENISKOMPONENTE

Dit is nodig om die twee tipes betekeniskomponente van nader te besigtig.

1. Gemeenskaplike komponente (Common components)

Nida se definisie vir 'n gemeenskaplike komponent is soos volg:

"(1) A semantic component which is shared by one meaning of each of several words, so that these meanings cover at least part of a domain.

(2) a semantic component which is shared by several meanings of a word and which supports the intuition that it is one word rather than a set of homonyms".¹³

Gemeenskaplike semantiese komponente is dus daardie komponente wat leksikale items binne 'n bepaalde semantiese veld saamtrek, ten spyte van kontrasterende kenmerke tussen die betrokke referente. 'n Goeie voorbeeld van gemeenskaplike komponente vind ons by verwantskapsterme. Daar is 'n groot verskil in referensiële betekenis tussen die terme vader, moeder, seun en dogter. Maar die gemeenskaplike betekenis-komponent wat die leksikale items saamgroepeer in 'n semantiese veld is VERWANTSKAP.

2. Diagnostiese komponente (Diagnostic components)

Diagnostiese komponente van betekenis dui op die kontrasterende kenmerke van die betrokke referente. Nida definiëer 'n diagnostiese komponent soos volg:

"A semantic component which serves to distinguish one meaning from another, whether the meanings belong to one word or several; also called distinctive component, essential component, and contrastive component".¹⁴

Verwantskapsterme dien ook as voorbeeld om diagnostiese komponente te illustreer. Die diagnostiese komponent tussen vader en moeder is GESLAG, so ook tussen seun en dogter. Daar is natuurlik nog meer diagnostiese komponente wat met geslagsonderskeiding saamgaan soos: KLEREDRAG, BEROEP, SOSIALE AKTIWITEIT, ens.

Die diagnostiese komponente tussen primêre verwantskapsterme word deur Nida¹⁵ in diagramvorm geïllustreer. Die drie diagnostiese komponente wat gebruik word om die verskille aan te toon is SEX, GENERATION, en LINEALITY.

	Lin. 1		Lin. 2		Lin. 3
	M	F	M	F	M or F
+ 1 generation	father	mother	uncle	aunt	cousin
0 generation	ego		brother	sister	
- 1 generation	son	daughter	nephew	niece	


Lin.: linealiteit

M : manlik

F : vroulik.

5. KOMPONENSIËLE ANALISE VAN VOORWERPE VAN NIE-LEKSIKALE AARD

Nida¹⁶ gebruik 'n aantal alledaagse voorwerpe: spykers, skroewe, boute en 'n klinknael (rivet) om sekere prosedures en probleme rondom komponensiële analise te illustreer.



Anders as geometriese figure en blare waar diagnostiese komponente alleen op vorm berus, speel vorm en funksie 'n rol by die komponensiële analise van vasmakers.

1. Gemeenskaplike komponente:

1. REGUIT. Hierdie kenmerk berus op vorm, om die voorwerpe te onderskei van 'n kram (staple) wat ook vasmaak, maar gebuig is.
2. STEWIG (Rigid). Die kenmerk berus op funksie, om die voorwerp te onderskei van 'n kopspeld, wat ook reguit is, maar by klere gebruik word en nie stewig kan vasbind nie. Op grond van vorm en funksie word hulle onderskei van voorwerpe buite hierdie kategorie.

2. Diagnostiese komponente

Op grond van vorm en funksie word die betrokke voorwerpe ook van mekaar onderskei.


3. Diagrammatiese voorstelling van komponente

3.1 Matrys

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
1. Pointed versus nonpointed	+	+	+	+	+	+	-	-	-	-	-
2. Round-headed versus square-headed	+	+	+	+	+	+	-	-	+	+	+
3. Threaded versus nonthreaded	-	-	+	+	+	+	+	+	+	+	-
4. Driven versus turned	+	+	-	-	-	-	-	-	-	-	+
5. Attached with nuts	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	-
6. Slot head versus Phillips head	0	0	+	+	-	-	0	0	0	0	0
7. Threaded to top of shank versus part of shank unthreaded	0	0	-	+	+	-	+	-	+	-	0
8. Small head versus large flat head	-	+	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Op grond van die matrys kan die volgende afleidings gemaak word.

1. Die belangrikste diagnostiese komponent is GEPUNT versus NIE-GEPUNT. Die kenmerk veroorsaak die meeste kontraste 1-6 versus 7-11.
2. No's 4, 5 en 8 veroorsaak die minste kontraste en is dus in hierdie reeks voorwerpe van minder belang as die ander kenmerke.
3. Die vorm van elke voorwerp impliseer die wyse van aanwending: inslaan, ingedraai met gewone skoewedraaier, ingedraai met sterskroewedraaier, vasgedraai met 'n moer (no 5).
4. Die vorm bepaal ook die funksie. No's 7-10 kan ook gebruik word om yster aanmekaar te bind, terwyl 1-7 uitsluitlik bedoel is vir hout.

3.2 Boomdiagram¹⁷

Uit die boomdiagram kan sekere afleidings gemaak word, op grond van die hiërargiese orde.

1. Die basiese kenmerk wat die items in twee gelyke kategorieë verdeel, is GEPUNT versus NIE-GEPUNT.
2. Die tweede belangrikste kenmerk is GEDRAAD versus NIE-GEDRAAD.
3. Die derde belangrikste kenmerk is KOPVORM.
4. Die vierde belangrikste kenmerk is DRAADLENGTE.
5. Die onderlinge afhanklikheid van sekere kenmerke word in die boomdiagram geëksplisiteer. Die interafhanklikheid is nie ter wille van die vorm nie, maar ter wille van die funksie. Die voorwerp met 'n gleuf in die kop moet voorsien wees van 'n skerp punt en 'n draad, omdat dit ingedraai word (3-6). Die voorwerp wat bedoel is om ingeslaan te word, moet voorsien wees van 'n kop en 'n skerp punt (1, 2).

Nida wys daarop dat die onderskeidende kenmerke van die reeks voorwerpe baie belangrik is vir die ambagsman wat daarmee werk, want die vorm bepaal die funksie. Vir die leek is die kenmerk nie belangrik nie. Hy kan wel die verskillende vorms waarneem, maar die funksie bly vir hom vaag.

Hierdie insig is baie belangrik by die komponensiële analise van leksikale items. Die moedertaalspreker dra nie alleen kennis van die diagnostiese komponente van die fonologiese en morfologiese aspekte van leksikale items nie, maar het 'n intuïtiewe kennis van die diagnostiese komponente van betekenis, omdat dit die funksie van die leksikale item bepaal. Die persoon vir wie die leksikale items tot 'n vreemde taal behoort, kan wel die verskille in klank en vorm waarneem, maar die verskil in betekenis en funksie is vir hom vaag. Daarom is die semantiese aspek net so belangrik as die fonologiese, morfologiese and grammatiese aspekte, indien nie meer nie, by die onderrig en verwerking van 'n vreemde taal.

6. KOMPONENSIËLE ANALISE VAN LEKSIKALE ITEMS

A. ENTITEITE

Nida¹⁸ stel die volgende prosedure voor vir die komponensiële analise van ENTITEITE.

1. 'n Seleksie van betekenis wat oënskynlik naby verwant is aan mekaar, as gevolg van gemeenskaplike komponente van betekenis.


In hierdie geval val items soos vader, moeder, seun, dogter, broer, suster, oom, tante, neef en niggie in dieselfde kategorie omdat hulle die komponente MENSLIKE WESENS en VERWANTSKAP DEUR BLOED OF HUWELIK, met mekaar deel.

Dit is raadsaam om met 'n relatief klein betekenisveld te begin, dit wil sê met 'n beperkte aantal leksikale items, en dan geleidelik die veld uit te brei, soos dit blyk dat ander terme vanweë gemeenskaplike kenmerke binne dieselfde betekenisveld tuishoort.

2. Maak 'n lys van al die spesifieke soorte referente vir elkeen van die betekenis wat tot die onderhawige veld behoort. In die geval van 'n veld vir "verwantskapsterme" word dan uitgegaan van "ego". Die referente naaste aan ego is: vader, moeder, broer, suster, seun en dogter. Verder as dit vind ons oom, tante, neef, niggie. Nog verder op die periferie vind ons skoonvader, skoonmoeder, skoonsuster, swaer, ens.

3. Bepaal die komponente wat waar is van die betekenis van een of meer van die items maar nie van al die betrokke items nie. In die geval van verwantskapsterme is daar komponente soos: VROULIK: moeder, suster, tante, ens.; MANLIK: vader, broer, oom, ens. Daar is ook ander kenmerke soos: GESLAG (generation) LINEALITEIT en BLOEDVERWANTSKAP versus AANGETROUDE VERWANTSKAP. So moet al die verskillende kenmerke oorweeg word om vas te stel watter komponente verantwoordelik is vir die onderskeiding tussen die referente.
4. Bepaal diagnostiese komponente wat toepaslik is op elke betekenis. So kan die betekenis van vader omskryf word as bevattende die komponente: MANLIK, DIREKTE AFSTAMMING, EERSTE GESLAG. Die betekenis van moeder is VROULIK, DIREKTE AFSTAMMING, EERSTE GESLAG.
5. Maak 'n kruiskontrolle met die data van die eerste stap. Op grond van die diagnostiese eienskappe behoort die korrekte terme aan die referente toegeken te word, wat die bekende kenmerke besit. As die naamgewing-proses voorspellend is, kan aanvaar word dat die diagnostiese komponente eg is.
6. Konstrueer 'n sistematiese beskrywing van die diagnostiese kenmerke. Dit kan gedoen word deur middel van 'n ruimte-diagram of 'n boom-diagram of 'n matrys. So 'n voorstelling is handig om die verhoudings sigbaar te eksplisiteer, en sekere eienskappe te beklemtoon en anomalieë te ontdek.

'n Goeie voorbeeld van so 'n sistematiese beskrywing van diagnostiese kenmerke vind ons in "Approaches to the Lexicon" onder redaksie van Sandra A. Thompson en Carol Lord.¹⁹



In die boomdiagram vind ons sekere kenmerke van die "lexical memory".

1. Dit het 'n hiërargiese vorm. Die leksikale items aan die bokant van die hiërargie is van algemene aard, en die items op die laer vlakke is van besondere, spesifieke aard.
2. Die betrokke leksikale items groepeer saam in dieselfde semantiese veld vanweë gemeenskaplike kenmerke (common features) maar verskil ook van mekaar vanweë diagnostiese kenmerke (diagnostic features). Die gemeenskaplike kenmerke saam met die diagnostiese of kontrasterende kenmerke is verantwoordelik vir die bepaalde betekenis-verhouding tussen die onderhawige leksikale items.

B. GEBEURTENISSE ("events")

Bostaande 6 stappe om die betekenis van entiteite te analiseer, vereis sekere aanpassings ten opsigte van gebeurtenisse. Nida²⁰ stel ook hiervoor ses stappe voor aan die hand van 'n semantiese veld van die volgende leksikale items: whisper, babble, murmer, sing, hum. Die volgende prosedure word voorgestel;

1. Die keuring van 'n stel leksikale items wat in 'n sekere betekenisverhouding tot mekaar staan. In hierdie geval: whisper, babble, murmur, sing, hum. Waarom word die stel beperk tot hierdie vyf leksikale items? Waarom nie items soos whistle en yodel ook insluit nie? Die items whistle en yodel introduceer sekere probleme in die betekenisveld. Die onderhawige veld is aanliggend van aard. Yodel is 'n vorm van sing, en staan dus in 'n verhouding van insluiting tot sing. Die term whistle pas ook nie in hierdie betekenisveld nie, omdat dit ook kan refereer na die geluid wat instrumente voortbring. Daarom sal die invoeging van whistle die ontleding van die betekenisveld onnodig gekompliseerd maak.

Dit is egter moontlik en selfs nodig om hierdie en ander items op 'n later stadium by te voeg, wanneer die betekenisveld uitgebrei word.

Aan die begin egter moet die betekenisveld slegs een tipe semantiese verhouding verteenwoordig en ongekompliseerd wees.

2. Die deeglike ondersoek van al die moontlike referente van die beperkte aantal terms. "Whisper" kan byvoorbeeld ook gebruik word vir die geluid van bome in die wind, en "hum" vir die geluid van telefoondrade. Maar hierdie buitengewone betekenis word uitgeskakel as die basiese kenmerk van die semantiese veld MONDGELUIDE is. Indien die basiese of oorkoepelende kenmerk van die semantiese veld verander, kan dit figuurlike betekenis ook insluit, wat beskou word as sekondêre semantiese ontwikkeling.
3. Die vasstelling van diagnostiese komponente. Dit is die komponente van betekenis wat die verskil tussen die betekenis aandui. Die eerste diagnostiese komponent is VERBALE VORMS: whisper, murmur, sing teenoor NIE-VERBALE KLANKE: babble, hum.

'n Ander onderskeid tussen die betekenis van die reeks leksikale items is MUSIKALE TOONHOOGTE. Sing en hum besit musikale toonhoogte, terwyl murmur, babble en whisper sonder musikale toonhoogte is.

Die kontraste is toetsbaar. Eerstens kan dit by wyse van 'n negatief-positief stelling (negative-positive frame) getoets word, byvoorbeeld:

- (a) he was not singing; he was humming
- (b) don't sing, hum!

Indien so 'n stelling aanvaarbaar is vir die vlotspreker, is dit 'n bewys dat die kontras houdbaar is.

'n Stelling kan 'n anomalie wees soos:

Hy is nie my oom nie; hy is my moeder se broer.

Tweedens kan die kontrasterende komponente by wyse van 'n oorsaaklike stelling getoets word (causal frame), byvoorbeeld:

Dit is 'n vragmotor, want dit vervoer swaar vragte.

Die twee toetse kan gekombineer word in 'n sin soos:

Dit is 'n motor kar, want dit is nie bedoel om swaar vragte te vervoer nie.

4. Die vierde stap is die opstel van 'n lys van onderskeidende kenmerke van elkeen van die betekenisse:

- "1. whisper: VERBAL, NONMUSICAL PITCH, VOICELESS.
- 2. babble: PSEUDOVERBAL, NONMUSICAL - PITCH, VOICING ALTERNATING WITH VOICELESSNESS.
- 3. murmur: VERBAL, NONMUSICAL PITCH, VOICING ALTERNATING WITH VOICELESSNESS.
- 4. sing: VERBAL, MUSICAL PITCH, VOICING ALTERNATING WITH VOICELESSNESS.
- 5. hum: NONVERBAL, MUSICAL PITCH, NORMALLY VOICING ALTERNATING WITH VOICELESSNESS."

5. Toets die bostaande analise deur na 'n spesifieke gebeurtenis te verwys, en te vra: Wat word so 'n aktiwiteit genoem?

Komponensiële analise probeer nie om elke kenmerk van elke gebeurtenis in detail te beskrywe nie, maar slegs die kenmerke wat noodsaaklik is om die kontraste aan te dui tussen betekenisse binne dieselfde semantiese veld.

6. Konstrueer 'n grafiese voorstelling om die belangrike kontraste aan te dui. In die meeste gevalle kan dit by wyse van 'n matrys²¹ gedoen word.

	whisper	babble	murmur	sing	hum
1. Verbal/nonverbal/ pseudoverbal	v.	ps.v.	v.	v.	n.v.
2. Musical pitch sequence	-	-	-	+	+
3. Voiced-voiceless alternation/voiceless	-	+	+	+	+

7. DIE LINGUISTIESE BASIS VIR KOMPONENSIËLE ANALISE

Alhoewel die vorm en funksie van referente belangrik is in komponensiële analise, is dit nie die linguistiese basis vir komponensiële analise nie. Dit is wel so dat ons die betekenis van die meeste woorde in ons woordeskat (aktief en passief) leer by wyse van referensie. Nida beweer tereg:

"By observing the correspondences between the lexical units employed and the referents they designate, we recognize certain sets of correspondences, and on the basis of these correspondences we acquire the meaning or meanings of such lexical units".²²

Nida aanvaar dus die feit dat die woordeskat van 'n taal opgebou is uit semantiese velde (sets of correspondences), en dat hierdie semantiese velde die linguistiese basis vorm waarop die aanleer van leksikale eenhede plaasvind.

Komponensiële analise word dus moontlik gemaak deur die feit dat daar semantiese velde bestaan. En semantiese velde kan alleen ontdek word deur gebruik te maak van die proses van komponensiële analise.

Nida²³ meen dat vier tipes linguistiese prosedures ingespan word in komponensiële analise, naamlik: "naming, paraphrasing, defining, and classifying".

Benoeming (naming) is 'n linguistiese funksie, 'n spesifieke aksie waardeur 'n referent aangedui of genoem word.

Parafrasering is ook 'n belangrike linguistiese funksie. Taal is 'n sisteem wat die vermoë besit om sigself te interpreteer. Die onderskeidende kenmerke van elke semantiese eenheid kan uitgespel word deur middel van parafrasering. In plaas van tante, kan ek praat van my moeder se suster.

Parafrasering openbaar twee tipes van semantiese eenhede. Nida²⁴ noem dit:

- (1) "core units"
- (2) "those expressions which incorporate core units into paraphrases".

Die sentrale of basiese betekenis van woorde soos sien en loop konstitueer sulke kerneenhede. Die verwante betekenis van woorde soos kyk, en staar, kan beskrywe word in terme van die kenmerke van sien. So kan die verwante betekenis van drentel, dwaal, slenter, en slinger beskrywe word op die basis van sekere kenmerke van loop.

Definiëring is nie slegs 'n ander vorm van parafrasering nie. Nida²⁵ noem dit:

"a highly specialized form of paraphrase. It consists essentially in combining all the various specific paraphrases into a single statement based on the diagnostic components of the particular meaning in question".

Behalwe dat 'n definisie 'n lys bevat van al die moontlike parafrases van 'n leksikale eenheid, is dit ook 'n opsomming van die noodsaaklike kenmerke wat voldoende is om 'n spreker van die betrokke taal in staat te stel om die betrokke referente te bepaal. Die woord oom kan, byvoorbeeld, gedefiniëer word as: (1) ego se vader se broer, of ego se moeder se broer, (2) enige manlike persoon aansienlik ouer as ego, (3) 'n benaming van respek vir 'n persoon teenoor wie ego informeel wil optree, alhoewel nie so familiêr deur hom op sy naam te noem nie.

Klassifisering is die proses waardeur die semantiese komponente van enige linguistiese eenheid saamgegroepeer word. Hierdie proses is drieledig volgens Nida²⁶.

- "(1) lumping together those units which have certain features in common.
- (2) separating out those units which are distinct from one another.
- (3) determining the basis for such groupings."

Klassifisering beteken nie alleen om referente in kategorieë (Nida: conceptual piles) te plaas nie. Die basis vir sulke konseptuele katagorieë en die verhouding tussen hierdie kategorieë moet vasgestel word. In die geval van basiese verwantskapsterme, moet onderskeidende kenmerke soos SEKS, GESLAG (generation), graad van LINIALITEIT en BLOEDVERWANTSKAP aangedui word.

Komponensiële analise moet by wyse van elisitering plaasvind.

Die linguïst kan data van sy eie taal elisiteer, of hy kan data van 'n vreemde taal deur middel van 'n informant elisiteer. Die resultate van elisitering moet dan vergelyk word met die natuurlike uitinge van vlotsprekers of geskrewe tekste van vlotsprekers. Langs hierdie weg kan die vier basiese prosesse van benoeming, parafrasering, definiëring en klassifisering redelik akkuraat uitgevoer word.

8. VERSKILLENDE PROSEDURES T.O.V. SEMANTIESE ANALISE VAN MOEDERTAAL EN VREEMDE-TAAL

Die navorser se prosedures verskil na gelang van die taal waarvan hy die semantiese analise doen.

1. Moedertaal - Analise


Wanneer die navorser sy moedertaal semanties ontleed, is hy in die posisie om sy eie informant te wees. Hy het die intuitiewe aanvoeling vir grammatiese en semantiese korrekte uitinge, en kan derhalwe aanvaarbare verhoudings, sowel as die onaanvaarbares identifiseer. Die vlotspreker word blootgestel aan oneindig veel woorde, gesproke sowel as geskrewe, in sy moedertaal, en ontwikkel kompetensie wat nie alleen sy aktiewe woordeskat beheer nie, maar ook sy passiewe woordeskat.

Die Vertikale-Horisontale Prosedure:

Die tegniek wat Nida²⁷ voorstel om semantiese verhoudings van 'n sekere leksikale item te analiseer, noem hy "The vertical-horizontal procedure for analyzing meanings". Hierdie prosedure sluit in:

1. 'n Vertikale dimensie waarin insluitende betekenis met minder insluitende betekenis vergelyk word.
2. 'n Horisontale dimensie waar betekenis op dieselfde hiërargiese vlak vergelyk word, hetsy aanliggend, oorvleuelend of komplementêr.

Die volgende boomdiagram kan dien as 'n sigbare voorstelling van die betekenisverhouding van hoe (skoffelpik) in kontrastering met ander betekenis.



By die opstel van hierdie boomdiagram is die horisontale-vertikale prosedure gevolg:

Eerste stap: Beweeg een vlak opwaarts in die hiërargiese skaal. Daar word 'n oorkoepelende term gepostuleer - "AGRICULTURAL TOOL" "Hoe" staan in 'n verhouding van insluiting (inclusion) tot "AGRICULTURAL TOOL".

Tweede stap: Beweeg een vlak afwaarts, en postuleer items soos "Dutch hoe" en "grubbing hoe". Nou dien "hoe" as 'n oorkoepelende term vir "Dutch hoe" en "grubbing hoe" in 'n verhouding van insluiting.

Derde stap: Vergelyk betekenis op dieselfde hiërargiese vlak. Op hierdie vlak staan "hoe" in 'n aanliggende (continuous) verhouding tot "spade" en "rake".

Vierde stap: Stel 'n lys op van komponensiële kenmerke: Die semantiese komponente (gemeenskaplike sowel as diagnostiese komponente) is die volgende:²⁸

1. GEREEDSKAP (tool)
2. VIR LANDBOUDOELEINDES (for agricultural use)
3. HANDGEBRUIK (hand use)
4. REGUIT STEEL (straight handle)
5. METAALLEM (metal blade)
6. SKERP KANT (sharpened edge)
7. LEM REGHOEKIG MET STEEL (blade at right angle with handle)

Vyfde stap: Formulering van 'n definisie. 'n Illustrasie (tekening) van 'n konkrete voorwerp is meer effektief as 'n woordelikse definisie. Maar 'n definisie kan geformuleer word aan die hand van relevante komponente van betekenis (gemeenskaplik en diagnosties), byvoorbeeld:

"an agricultural tool for hand use, consisting normally of a straight handle, (normally long) and a sharp metal blade at right angle to the handle".²⁹

Hierdie definisie is nie 'n voldoende beskrywing vir alle soorte skoffelpikke nie, maar beskrywe wel die gemiddelde skoffelpik.

Prosedure By Oorvleueling:

Die vertikale-horisontale prosedure is nie geskik vir semantiese verhoudings van oorvleueling nie. Nida³⁰ stel die volgende prosedure voor om verhoudings van oorvleueling te analiseer. Om hierdie prosedure te illustreer, kies hy die leksikale item: beautiful.

Eerste stap: Kies 'n aantal leksikale items wat in betekenis met beautiful oorvleuel. Dit is woorde wat in dieselfde betekenisveld voorkom, maar in sekere opsigte van beautiful verskil. Sulke woorde is: handsome, pretty en lovely.

Tweede stap: Bepaal die reeks voorwerpe en gebeurtenisse wat deur die betekenis beskrywe word:

Handsome pas by man, woman en building.

Maar dit pas nie by jewel, scene en lake nie.

Pretty pas weer by jewel, en cottage.

Lovely pas by dress, room, sight en thought.

Lovely is ook verkieslik bo beautiful in kontekste soos:

Lovely old lady en lovely nurse.

Derde stap: Soek die betekenisaspekte uit wat kontrastering inhou, deur die oorvleuelende betekenis in dieselfde konteks te plaas, byvoorbeeld:

beautiful child / pretty child

beautiful woman / pretty woman

a beautiful diamond / a pretty diamond

Uit hierdie kontekste blyk nou dat beautiful 'n hoër graad van intensiteit openbaar as pretty.

So kan beautiful and lovely gekontrasteer word in:

A beautiful old lady / A lovely old lady.

"A lovely old lady need not be a beautiful old lady".

Daar is 'n graadverskil.

Beautiful en handsome verskil ook van mekaar alhoewel hulle betekenis oorvleuel:

A beautiful woman / A handsome woman.

"in 'handsome' the components of stately appearance and symmetry of proportion are focal elements. The focus in beautiful is the overall impression rather than proportion".³¹

Vierde stap: Maak 'n lys van die onderskeidende kenmerke van beautiful:

1. "Attractiveness of",
2. "overall form in",
3. "a comparatively high degree"

Die semantiese kenmerke kan alleen bepaal word by wyse van kontrastering met ander oorvleuelende betekenis met hulle eie onderskeidende kenmerke:

- (a) pretty wat meer na oppervlakkige aspekte verwys, met 'n laer graad van aantreklikheid en verband hou met kleiner voorwerpe,

- (b) lovely, 'n algemene aantrekklike voorkoms met innemendheid.
- (c) handsome wat die fokus plaas op aantreklikheid van statigheid en simmetriese vorm.

2. Vreemde-taal - Analise

Volgens Nida³² kan drie bronne gebruik word om die semantiese inhoud van 'n leksikale item in 'n vreemde taal te analiseer.

2.1 Leksikale items in konteks

Dit kan in bestaande konteks wees, of dit kan data wees wat deur middel van informante bekom is. Die data afkomstig van informante kan verkry word by wyse van elisitering of op spontane wyse.

Die Xhosa woord utywala (bier) kan as voorbeeld dien. Die leksikale item utywala kan in die volgende kontekste voorkom:

1. Kusekho utywala.
Daar is nog bier.
2. Ibhekile yotywala isetafileni.
Die bieremmer is op die tafel.
3. Utywala buninzi kwidini lezinyanya.
Bier is baie by die offer aan voorouergeeste.
4. AmaXhosa ayabuthanda utywala.
Xhosas is lief vir bier.
5. Ndifuna ukusela intwana yotywala.
Ek wil 'n bietjie bier drink.
6. Utywala buyamnxilisa umntu.
Bier maak 'n mens dronk.
7. Senza utywala ngamazimba, kodwa abuhluzwa ngokubilisa.
Ons maak bier van kafferkoring, maar dit word nie gedistilleer nie.

Die semantiese komponente van utywala neem in hierdie data 'n hiërargiese vorm aan. Sodra die navorser by sinne 6 en 7 kom, raak die komponente van 1 - 5 oorbodig: nl. VLOEISTOF, MASSA en KONKRETE VOORWERP. In die hantering

van diagnostiese komponente word gewoonlik nie na oorbodige kenmerke verwys nie. Hulle is egter belangrik in grammatikale strukture. Hulle word gebruik om sekere belangrike afleidings te maak.

2.2 Elisitering deur middel van informante

Die eerste stap in elisitering met behulp van 'n informant, is om vas te stel wat die aard van die voorwerp is waarna die betrokke term verwys: Dit kan wees: 'n entiteit (konkrete voorwerp), 'n gebeurtenis, 'n abstraksie, of 'n relasionaal.

Die aard van die referent, bepaal die tipes vrae wat aan die informant gevra word:

1. ENTITEITE

In die geval van 'n entiteit kan gevra word:

Waarna lyk dit?

Waarna voel dit?

Waarna klink dit?

Hierdie vrae is gegrond op sensoriese waarnemings.

Indien die term verwys na 'n agent of deelnemer aan 'n sekere aksie, kan die volgende vrae gevra word:

Wat doen dit?

Waar bly dit?

Indien die term na 'n handgemaakte entiteit verwys, kan die volgende vrae gevra word:

Hoe is dit gemaak?

Waarvan is dit gemaak?

Waarvoor is dit gemaak?

Waarvoor word dit gebruik?

Konkrete voorwerpe kan in verskillende kategorieë verdeel word met kenmerke soos:

TELBAAR teenoor MASSA; +DIERLIK teenoor -DIERLIK;
NATUURLIK teenoor VERVAARDIG.

2. GEBEURTENISSE

Vrae soos die volgende kan gevra word:

- Wie doen dit?
- Hoe doen hy dit?
- Waarmee doen hy dit?
- Aan wie doen hy dit?
- Waar doen hy dit?
- Wanneer doen hy dit?

Die informant kan ook gevra word om die term in verskillende sinne te gebruik.

3. ABSTRAKSIES

Eerstens moet vasgestel word of die bepaalde term verwys na voorwerpe of gebeurtenisse. Die volgende vrae kan gevra word:

- Wie kan X wees?
- Wat kan X wees?
- Kan 'n mens X loop?
- Kan 'n mens iets X doen?
- Kan 'n mens X praat?

Die simbool X kan in elke geval vervang word met die term waaroor die elisitering gaan.

4. KRUISKONTROLE

Nadat aanvanklike waarnemings gemaak is, kan sekere prosedures gevolg word om die waarnemings te toets, en om die omvang van die term se betekenis vas te stel.

1. Die negatief-positief kontrastering³³

- John didn't hit him, he beat him.
- John didn't cut him, he stabbed him.
- Jane saw him, but I heard him.
- Bill came, but did not stay.

Daar mag kontrasterings voorgestel word wat onaanneemlik is vir die informant:

- * He didn't stumble, he tripped.
- * Bill came, but did not arrive.

2. Alternatiewe kontrastering³⁴

Did he see him or hear him?

Did he cut him or stab him?

3. Hiërargiese klasse³⁵

Deur middel van vrae kan vasgestel word in watter kategorie van die volkstaksonomie 'n sekere referent val.

1. Are all dogs mammals?
2. Are fish mammals?
3. Are fish animals?
4. Are dogs animals?

Die antwoorde op vrae 1, 3, 4 sal bevestigend wees, en op vraag 2 ontkennend. Sodoende kan vasgestel word op watter hiërargiese vlak die item deur die volkstaksonomie geplaas word.

Elisitering deur middel van informante hou sekere gevare in. Soms is die informant geneig om aan die navorser antwoorde te gee wat hy dink wat die navorser graag wil hê, of hy voeg uit sy eie data by wat nie toepaslik is nie. Die informasie van 'n informant verkry, is waardevol as 'n voorlopige analise. Dit is egter noodsaaklik om die data wat verkry is deeglik te toets deur middel van spontane uitinge in gesprekke. Landar sê:

"one must never trust one's informant. Listen politely, but be ready to take an independent stance."³⁶

3. Woordeboeke³⁷

Tweetalige en verklarende woordeboeke is in verskillende tale beskikbaar, en is baie nuttig in betekenis-analise. Die verdienste van woordeboeke kan soos volg saamgevat word:

1. Hulle dek 'n sekere semantiese area van elke term.
2. Hulle illustreer die gebruik van die term in kontekste.
3. Hulle voorsien voorbeelde van die sintaktiese gebruik van die term.

4. Hulle gee die idiomatiese en figuurlike gebruik van die term.
5. Hulle mag kenmerke aandui soos: verouderd, argaïes of neologisme.
6. Sekere diagnostiese kenmerke van sinonieme of aanliggende terme kan uit woordeboeke afgelei word, soos, byvoorbeeld, die verskil tussen skoelapper en mot.

Woordeboeke het egter ook belangrike tekortkominge:

1. Hulle is dikwels inkonsekwent in hulle organisasie, en onbevredigend in die aanbieding van relevante data.
2. Die orde waarin betekenis aangebied word, onderskei nie tussen historiese ontwikkeling en logiese verwantskap in betekenis nie.
3. Die verskil in betekenis tussen woorde word gebaseer op verskillende semantiese velde.
4. Betekenis word dikwels gedefiniër deur 'n opgawe van sinonieme, in plaas van 'n opgawe van diagnostiese kenmerke.
5. Die opgawe van sinonieme en antonieme voorsien nie al die betekenisverhoudings wat nodig is om betekenisvelde op te stel nie.

HOOFSTUK 4

TIPES VAN SEMANTIESE VELDE

1. DIE TEORETIESE BASIS VIR SEMANTIESE VELDE

Die Semantiese Veldteorie berus op die gestruktureerdheid van die woordeskat van menslike taal. Die gestruktureerdheid van die woordeskat setel weer in die semantiese relasies tussen leksikale items.

Semantiese relasies bestaan kragtens die betekeniskomponente wat teenwoordig is in elkeen van die betrokke leksikale items wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Met ander woorde, dit is betekeniskomponente wat aanleiding gee tot semantiese relasies en tot semantiese velde. Soos reeds gesê, moet die keuse van semantiese velde altyd voorafgegaan word deur ten minste 'n ruwe komponensiële analise.

By die keuse van semantiese velde, val die klem hoofsaaklik op die denotatiewe betekenis van woorde, alhoewel die konnotatiewe betekenis van woorde soms ter sprake kom, omdat dit verantwoordelik is vir subtiele betekenisnuanses.

Vir ons doeleindes, bepaal ons ons by paradigmatische verhoudings, terwyl sintagmatiese verhoudings slegs terloops ter sprake kom.

Elke semantiese veld wat gekonstrueer word, gee aanleiding tot semantiese analise. 'n Onbepaalde aantal afleidings kan uit elke semantiese veld gemaak word. Ook die afleidings moet beskou word as hipoteses, en sal in sommige opsigte verskil van een semantikus tot die ander.

2. PARADIGMATIESE VERHOUDINGS


Alhoewel daar 'n redelike mate van ooreenstemming tussen semantici bestaan oor paradigmatische betekenis-relasies, is daar tog ook verskil van opvatting te bespeur. Die semantici wie se beskouings saamgevat sal word om 'n lys te verkry van die belangrikste tipes semantiese relasies is: John Lyons,¹ Eugene A. Nida² en Adrienne Lehrer.³

Die betekenisrelasies wat volgens genoemde semantici verantwoordelik is vir semantiese velde is:


1. Aanliggendheid (Contiguity)
2. Hiponimie of Insluiting (Hyponymy or Inclusion)
3. Sinonimie (Synonymy)
4. Oorvleueling (Overlapping)
5. Komplementariteit of Uitsluiting of Onversoenbaarheid.
(Complementarity or Incompatibility)
6. Rangorde (Rank).

Die verskillende semantiese relasies word op grafiese wyse soos volg voorgestel:


1. Aanliggendheid⁴





2. Hiponimie⁵



3. Sinonimie⁶



4. Oorvleueling⁷5. Uitsluiting⁸6. Rangorde⁹

Rangorde is basies ook 'n vorm van uitgeslotenheid, maar van 'n besondere aard. Alleen Lehrer onderskei hierdie betekenisverhouding. Die diagram onder no. 5 kan dus ook hier geld.

3. BETEKENISVELDE3.1 AANLIGGENDE STELLE VAN BETEKENIS¹⁰

Die belangrikste kenmerk van leksikale items wat in hierdie tipe betekenisveld saamgroepeer, is dat hulle die grootste getal gemeenskaplike komponente met mekaar in gemeen het, en die kleinste getal diagnostiese komponente bevat om van mekaar te verskil. Hierdie leksikale items staan ook op dieselfde hiërargiese vlak. Nida sê:

"since on this basis they are likely to share the greatest number of common components, while differing most clearly with respect to crucial contrasts".¹¹

A. ENTITEITE (Selfstandige naamwoorde)

Nida¹² gebruik die volgende leksikale items om 'n aanliggende stel van betekenis te illustreer: chair, bench, stool, hassock.

Prosedure van komponensiële komponente

1. Bepaling van gemeenskaplike komponente

- 1.1 HANDGEMAAK
- 1.2 MEUBELSTUKKE
- 1.3 VIR SITDOELEINDES

2. Bepaling van diagnostiese komponente

Die diagnostiese komponente kan bepaal word deur sekere positief- negatief-vrae of oorsaaklike vrae te stel:

- "Why is it called a chair, instead of a stool?
- What makes a chair different from a bench?
- He sat on a stool, not on a hassock.
- Because it has a back, it can't be a stool".¹³

Hierdie tipe vrae is eintlik nuttig waar die navorser in 'n vreemde taal elisiteer.

Die volgende diagnostiese kenmerke kan vasgestel word:

- 2.1 GETAL PERSONE waarvoor die artikel ontwerp is.
- 2.2 RUGLEUNING; teenwoordigheid of afwesigheid daarvan.
- 2.3 POTE; die teenwoordigheid of afwesigheid daarvan.

3. Grafiese voorstelling¹⁴

Aangesien hierdie leksikale items op dieselfde hiërargiese vlak staan, is 'n boomdiagram nie 'n geskikte metode vir 'n grafiese voorstelling nie. Die aangewese metode is die matrys, met plus-minus notasie.

	Chair	Bench	Stool	Hassock
1. For one person vs. for 2 or more	+	-	+	+
2. With a back vs. without a back	+	+	-	-
3. With legs vs. without legs	+	+	+	-

4. Supplementêre komponente¹⁵

Aangesien chair die mees algemene voorwerp is om te sit, het dit ook die minste supplementêre komponente. Die term bench het 'n komponent van ONGEMAK, beide fisies en sosiaal. Die term stool het 'n komponent van VEELSYDIGHEID. Dit word ook geassosiëer met 'n kantoor en 'n werkwinkel. Die term hassock bevat 'n komponent van INFORMALITEIT of ONTSPANNE ATMOSFEER.

Die supplementêre komponente bevat eerder die konnotatiewe betekenis van die leksikale items as die denotatiewe betekenis.

5. Uitbreiding van die semantiese veld¹⁶

Die semantiese veld kan uitgebrei word met leksikale items soos: sofa, love seat, davenport en pew. In die geval kom ander diagnostiese komponente ter sprake:

STOFFERING

LENGTE, in die geval van pew, wat 'n buitengewone lengte het en aan baie mense sitplek bied.

FUNKSIE, in die geval van sofa en davenport wat benewens hulle funksie as sitplek, ook as lêplek en slaapplek kan diens doen.

B. GEBEURTENISSE (Werkwoorde)

Die volgende stel werkwoorde word saamgegroeper in 'n betekenisveld: walk, run, hop, skip, jump, dance, crawl.¹⁷

Komponensiële Analise

1. Bepaling van gemeenskaplike komponente:

1.1 MENSLIKE BEWEGING DEUR RUIMTE

1.2 GEBRUIK VAN LEDEMATE

2. Bepaling van diagnostiese komponente

2.1 AARD VAN KONTAK TUSSEN VOET EN OPPERVLAKTE.

(In die geval van stap is een voet altyd op die oppervlakte).

- 2.2 ORDE VAN KONTAK TUSSEN LEDEMATE EN OPPERVLAKTE;
 2.3 GETAL LEDEMATE.

3. Grafiese voorstelling¹⁸

	<i>run</i>	<i>walk</i>	<i>hop</i>	<i>skip</i>	<i>jump</i>	<i>dance</i>	<i>crawl</i>
1. one or another limb always in contact vs. no limb at times in contact	-	+	-	-	-	±	+
2. order of contact	1-2-1-2	1-2-1-2	1-1-1 or 2-2-2	1-1-2-2	not relevant	variable but rhythmic	1-3-2-4
3. number of limbs	2	2	1	2	2	2	4

4. Supplementêre komponente

Die term walk is die mees algemene wyse van menslike beweging deur ruimte, en het derhalwe die minste supplementêre komponente van betekenis. Hop en skip word geassosieer met JEUGDIGHEID en VREUGDE. Jump word geassosieër met ATLETIESE AKSIE. Crawl word geassosieër met 'n klein kindjie.

5. Uitbreiding van die semantiese veld

Die besondere semantiese veld kan op twee maniere uitgebrei word:

5.1 Die toevoeging van meer leksikale items: roll, slide, climb, sink, fall, swim, dive.¹⁹

In hierdie geval kom ander diagnostiese komponente ter sprake: GEEN KONTAK MET OPPERVLAKTE: (gedurende beweging) fall, dive.

SWAARTEKRAG: fall, sink.

VLOEIBARE MEDIUM: swim, sink.

RIGTING: Onbepaald: walk, ens.

Afwaarts: fall, ens.

Opwaarts: climb, ens.

5.2 Die wysiging van die gemeenskaplike komponente na:

BEWEGING VAN LEWENDE WESENS DEUR RUIMTE. (Dit sluit ook diere in).

Hierdie uitbreiding het sekere implikasies vir diagnostiese komponente.

1. 'n Term fly kan toegevoeg word.
2. Die term crawl kry 'n addisionele komponent van LAER POSISIE en STADIGE BEWEGING.
3. Die term walk verander in die geval waar viervoetige diere toegevoeg word na TEN MINSTE DIE HELFTE VAN DIE LEDEMATE OP DIE OPPERVLAKTE.

3.2 INGESLOTE STELLE VAN BETEKENIS

John Lyons²⁰ noem hierdie verhouding "hyponymy" en beskou dit saam met "incompatibility" as die belangrikste fundamentele paradigmatische verhouding in terme waarvan die woordeskat gestruktureerd is. Nida sê:

"In many instances the meaning of one word may be said to be included within the meaning of another". Such inclusions of meaning, one within another, are extremely important in determining the significant features of meaning, since each "included" meaning has all the features of the "including" meaning, that is, the immediately larger area of meaning".²¹

Die verskil tussen aanliggendheid en insluiting kom op die volgende neer: Betekenisse in 'n aanliggende stel besit minstens een definitiewe kontras, terwyl ingeslote stelle van betekenis van mekaar versil deurdat die ingeslote betekenisse ten minste een diagnostiese komponent meer besit as die betekenis waarby dit ingesluit is. In 'n betekenisveld van: dier, soogdier, kat, tier is soogdier ingeslote by dier, en kat by soogdier, en tier by kat.²²

Hierdie betekenisveld leen sig dan ook tot die hiërargiese rangskikking van betekenisse, en kan in 'n boomdiagram voorgestel word.

A. ENTITEITE

1. PLANTE

Die leksikale items wat as illustrasie kan dien vir 'n ingeslote stel van betekenisse is: plant, boom, blom, den, akkerboom, roos, lelie.


Komponensiële Analise

1. Kies die mees insluitende betekenis. Nida noem dit:

"the term which appears to have the widest range of meaning".²³

Dit is klaarblyklik plant, want al die ander betekenisse besit die gemeenskaplike komponent PLANT.

2. Kies die mees spesifieke komponente van betekenis. Die uiterste kenmerke is makliker bepaalbaar as die intermediêre. Die betekenis wat hiervoor kwalifiseer is: den, akkerboom, roos en lelie.
3. Vul die intermediêre betekenis in. Die gemeenskaplike komponent van den en akkerboom is BOOM, en die van roos en lelie is BLOM;
4. Konstrueer 'n grafiese voorstelling van die semantiese verhouding "insluiting". Omdat hierdie verhouding sig leen tot 'n hiërargiese rangskikking is 'n boomdiagram 'n geskikte metode:



Uit die hiërargiese vorm van die ingeslote stel van betekenis kan sekere afleidings gemaak word.

- 4.1 Die term wat die meeste gemeenskaplike komponente insluit, naamlik plant, beklee die hoogste posisie in die hiërargie. Dit is die mees generiese germ en dien as oorkoepelende betekenis wat al die ander betekenisse insluit. Dit is tegelykertyd 'n leksikale item (plant), sowel as 'n komponent (PLANT).
- 4.2 Die terme op die laagste vlak, is diesulkes met die mees spesifieke betekenis, en derhalwe diesulkes met die meeste diagnostiese komponente soos VORM, BLAARSTRUKTUUR, BLOMVORM, SAADVORM, WORTELSTRUKTUUR, ens.

4.3 Die intermediêre terme, is ook generies en is ook tegelykertyd leksikale items (boom, blom) en komponente (BOOM, BLOM).

4.4 Die betekenis op dieselfde vlak is op hulle beurt 'n aanliggende stel van betekenis. Daarom moet op elke vlak gevra word: Is A dieselfde soort as B, C, ens?

5. Supplementêre komponente

Die oorkoepelende betekenis plant is die algemene term en het die minste supplementêre komponente. Die terme op die laagste vlak het die meeste supplementêre komponente.

SKADURYKHEID (den, akkerboom)

AANGENAME GEUR (roos)

SKOONHEID en REINHEID (lelie)

Die supplementêre komponente dra ook hier die konnotatiewe betekenis.

6. Uitbreiding van die betekenisveld

Uitbreiding kan plaasvind op die intermediêre vlak deur die toevoeging van struik en gras. Gras dien hier as 'n plantsoort, en is dieselfde soort as boom, blom en struik.

Die derde vlak kan uitbrei deur die toevoeging van vyboom, perskeboom, ens., onder die kategorie boom, en aster, malva, ens., onder die kategorie blom.

'n Vierde vlak kan toegevoeg word met nog meer spesifieke betekenis: kroonden, silwerakker, rankroos, waterlelie, ens.

'n Groot verskeidenheid van botaniese terme kan bygevoeg word wat die fyn wetenskaplike onderskeidings behels, en slegs vir die deskundige van betekenis is, maar vir die leek op die gebied van plantkunde uiters vaag en onverstaanbaar is. Die spesifieke terme op die laagste vlak sal in geval van hierdie besondere veld internasionale terme wees soos:

Den: Pinus halepensis, Pinus pinaster, Pinus patula, ens. Akker: Quercus canariensis, Quercus cerris, Quercus robur, ens.²⁴

Die internasionale terme vir plante en diere is 'n interessante illustrasie van betekenisvelde. Die eerste term is oorkoepelend van die hele spesie en dien ook as gemeenskaplike komponent vir die spesie, byvoorbeeld PINUS en QUERCUS. Die tweede term bevat die diagnostiese komponent wat die betrokke variëteit van die ander variëteit in die spesie onderskei: HALEPENSIS, PINASTER, GERRIS, ROBUR, ens.

"When one reaches the lowest level of a hierarchical structure, linguistic meaning is operative in only a limited way. Most of the information which speakers of a language employ at this level is essentially encyclopaedic".²⁵

7. Ingeslote stelle van betekenis, volkstaksonomie en wetenskaplike taksonomie

Nida sê:

"Included series, particularly in the form of folk taxonomies, have interested linguists and anthropologists for a number of years, especially since taxonomies reflect certain aspects of a so-called 'world view'".²⁶

Daar moet egter gewaarsku word teen te maklike gevolgtrekkings.

"A semantic hierarchy may suggest a culturally relevant fact, but does not cause it".²⁷

Daar word onderskei tussen volkstaksonomie en wetenskaplike of tegniese taksonomie. Hierdie onderskeiding vind plaas in semantiese velde van plante, diere, mense, ens. Op die hoër vlak word onderskei tussen boxers and poodles onder die generiese term dog. Maar op 'n laer vlak, kan boxers byvoorbeeld, gedifferensiëer word op grond van liggaamsbou, haarstruktuur, ens.²⁸

Die diepte van 'n betekenisveld van entiteite berus hoofsaaklik op die mate waartoe die betrokke veld 'n sentrale posisie in die kultuur beklee. As die gemeenskap in beesboerdery spesialiseer sal die taksonomie vir beste relatief baie meer uitgebreid wees as ander taksonomieë, (perde of hoenders). Hoe dieper die taksonomie is, hoe breër is die basis omdat dit soveel meer betekenis insluit.

Die volkstaksonomie is egter ook aan verandering onderworpe. Aangesien die betekenisveld 'n weerspieëling is van die mens se wêreldbeeld, moet die betekenisveld verander soos die mens se wêreldbeeld verander. Dit is hoofsaaklik tegniese en wetenskaplike ontwikkeling wat verantwoordelik is vir die verandering van 'n gemeenskap se wêreldbeeld. 'n Goeie voorbeeld hiervan word deur Nida verskaf:

"For example, there are now in English two different semantic hierarchies involving certain celestial objects. For some, sun, moon, stars, earth and planets are all on the same hierarchical level, subordinate to celestial object, while for others, stars, moon (or moons) and planets are subordinate to celestial objects, while sun is subordinate to stars, since it is only another star, and earth is subordinate to planet. These two hierarchies represent important differences in world view: a prescientific and a scientific orientation."²⁹


2. DIERE

Nida³⁰ gee 'n grafiese voorstelling van 'n veld van DIERE by wyse van 'n ruimte-diagram sowel as 'n boom-diagram.

Ruimte Diagram

animal																	
mammal				reptile				amphibian			etc.						
cat		dog		etc.	snake		lizard		etc.	frog		salamander	etc.				
lion	tiger	etc.	poodle	hound	etc.	cobra	boa	etc.	gecko	chameleon	etc.	tree frog	bull frog	etc.	black s.	brown s.	etc.

Boom Diagram



AFLEIDINGS

1. Geeneen van die diagramme is volledig nie. Om 'n semantiese veld op te stel wat alle diere insluit, sal so omvangryk wees dat dit 'n onbegonne taak afgee. Die data word dus beperk tot die aantal leksikale items wat nodig is vir die semantiese analise.
2. Aktiewe en Passiewe Woordeskat. Sekere leksikale items in die diagram mag vir die analitikus relatief onbekend wees, byvoorbeeld "amphibian". Dit dui op die verskynsel dat elke individu in besit is van 'n aktiewe

woordeskat en 'n passiewe woordeskat. Nida³¹ praat van 'n "producer vocabulary" en 'n "consumer vocabulary". 'n Persoon mag miskien nie in staat wees om 'n hiërargiese struktuur van 'n bepaalde betekenisveld op te stel nie, vanweë beperktheid van sy woordeskat, maar hy mag in staat wees om 'n opgestelde struktuur as geldig en korrek te herken op grond van sy passiewe woordeskat. Nida sê:

"Active control of lexical domains and passive acceptance of correct usage applicable to such domains are two quite different areas of individual competence."³²

3. HOUERS (Containers)

Lehrer³³ se ruimte-diagram van die betekenisveld van houer-terme in Engels is soos volg:

Container																
Vessel ⁵										chest	box	basket	bag...			
bottle		pot			cup	glass	can= tin	pail= bucket	tank	tub	vat	barrel= oak				
	jar	pitcher	urn	bowl												
		jug		tureen				clester drum				keg				
decanter	flask	canteen														

AFLEIDINGS

Die volgende afleidings kan, onder andere, uit bostaande betekenisveld gemaak word.

- Die klassifikasie van leksikale items vind plaas op grond van betekenis-komponente. Dit is nie voorwerpe wat geklassifiseer word nie. Nida sê:

"In treating any type of semantic taxonomic structure, it is essential to bear constantly in mind that meanings, not objects, are being classified."³⁴

2. Daar is vyf parameters³⁵ wat relevant is in die beskrywing van houer-terme:
 1. Die materiaal waarvan die houer gemaak is.
 2. Die vorm van die houer.
 3. Die grootte van die houer.
 4. Die stof waarvoor die houer gewoonlik gebruik word (vloeistof, vaste stof, poeier)
 5. Die funksie van die houer (berging, skink of dekorasie).


3. Die keuse van betekeniskomponente vir elke leksikale item lewer sekere probleme op.
 1. In die geval van materiaal, word sommige soorte materiaal ingesluit en ander uitgesluit. By bottle word GLAS ingesluit maar PAPIER uitgesluit.
 2. Soms is dit moeilik om die vorm te beskrywe, en is dit makliker om 'n skets te teken. Sommige komponente van vorm is maklik aanduibaar met 'n tuit, met of sonder deksel, met of sonder 'n oor, ens.
 3. Parameters hou verband met mekaar. 'n Houer wat bedoel is om vloeistof te bevat, sal van 'n geskikte materiaal gemaak wees, en 'n houer wat bedoel is om vloeistof mee te skink, sal 'n geskikte vorm daarvoor hê.
 4. Die hiërargiese vorm van die parameters is nie belangrik nie. Dit verskil van woord tot woord. Vir pitcher is die vorm meer belangrik as die materiaal waarvan dit gemaak is, en vir bottle mag die materiaal weer meer belangrik wees as die grootte.

5. Verpligte Komponente en Opsionele Komponente.³⁶ Elke leksikale item het 'n aantal verpligte komponente.
 "Vessel: CONTAINER, ARTIFACT, INANIMATE, PHYSICAL OBJECT, HOLLOW."
 In sommige gevalle mag sekere betekenis-komponente van 'n woord opsioneel wees. Opsionele komponente word op 'n ander wyse aangedui: Ons doen dit met onderstreepte hoofletters.
 Die komponensiële analise van vessel kan so daaruit sien:
 "Vessel: CONTAINER, ARTIFACT, INANIMATE, PHYSICAL OBJECT, HOLLOW, CLAY versus GLASS versus ENAMEL."

B. GEBEURTENISSE

Werkwoorde groepeer ook saam in ingeslote stelle van betekenis. As illustrasie hiervan kan Engelse kookterme gebruik word: cook, bake, steam, boil, fry, broil, roast, simmer, sauté, deep-fry, grill, barbecue, poach, stew, braise.

Lehrer³⁷ se grafiese voorstelling van hierdie ingeslote stel van betekenisse, is in die vorm van 'n ruimte-diagram.



AFLEIDINGS

Die grafiese voorstelling eksplisiteer die semantiese verhouding tussen die onderhawige betekenisse, en gee aanleiding tot sekere semantiese afleidings:

1. Die oorkoepelende terme met die meeste gemeenskaplike komponente is: cook en bake.
2. Die basiese terme is: cook, bake, boil, roast, fry, steam.
3. Drie van die terme het algemene en spesifieke betekenis, want hulle verskyn op twee vlakke in die taksonomie: cook, bake, boil.
4. Sinonieme verskyn in dieselfde kompartement, en ingekleurde areas dui oorvleueling van betekenis aan. Met ander woorde, binne die betekenisveld kan ten minste twee ander betekenisverhoudings onderskei word, naamlik Sinonimie en Oorvleueling. Hierdie verskynsel gee 'n aanduiding dat die woordeskat saamgestel is out sisteme binne in sisteme.
5. Uitgeslote terme word deur 'n vertikale lyn geskei, en ondergeskikte of ingeslote terme word deur 'n horisontale lyn geskei van hulle meerderes in uit hiërargie.
6. Vir iemand wat Engels ken, is hierdie diagram insiggewend, terwyl vir iemand wat nie met Engels vertrou is nie, is die diagram 'n geslote boek.
7. Die betekenisveld van kookterme in 'n ander taal, sal verskil van die een in Engels. Daar sal gapings voorkom waar die Engelse term nie 'n eweknie in die ander taal besit nie. En daar sal ander terme in die taksonomie bygevoeg word waarvoor Engels nie 'n eweknie het nie. Dit lewer bewys dat betekenisvelde 'n weerspieëling is van die betrokke kultuur.
8. Die semantiese analise van woorde is 'n aanduiding van twee dinge:
 1. Die betekenisverhouding tussen woorde.
 2. Die verband tussen leksikale items en die mens se ervaringswêreld.
9. Die diagram is in 'n hiërargiese vorm, met die basiese terme bo-aan die hiërargie en die intermediêre en spesifieke terme laer af in die hiërargie.

10. Cook en bake, die twee oorkoepelende terme, verwys na menslike aktiwiteite. Ek kan sê: I cook. I bake. Ek kan nie sê: I boil en I fry nie.
- Cook en bake is die enigste twee terme in die semantiese veld wat intransitief met menslike agente gebruik kan word. Al die ondergeskikte terme verwys na 'n proses, en word grammatikaal as kousatiewe geïdentifiseer.
11. Boil en sy ondergeskikte terme: steam, simmer, poach, stew, braise verskil van die ander terme op die selfde vlak daarin dat die proses water of vloeistof impliseer; terwyl in die geval van fry, broil, roast, bake, water juis afwesig moet wees. Fry en sy ondergeskikte terme vereis weer die gebruik van olie. Broil, grill, fry, roast, barbecue, impliseer 'n direkte, oop vuur of hitte. Bake vereis 'n oond met indirekte hitte.
12. Die diagram voorgestel deur Lehrer is op sigself 'n teorie of 'n hipotese volgens die skrywer se bevinding na 'n ondersoek onder moedertaal-sprekers uitgevoer. 'n Ander navorser wat van informante in 'n ander geografiese gebied gebruik gemaak het, sal waarskynlik 'n ander hipotese voorstel. Die grootste verskille sal by die spesifieke terme aan die basis van die hiërargie voorkom, en nie by die basiese terme nie.
13. Die basiese terme is die mees algemeen gebruikte terme, dit wil sê, terme met die hoogste gebruiksfrekwensie, daarop volg die intermediêre terme, en daarna die spesifieke terme. 'n Persoon wat Engels as 'n vreemde taal aanleer, sal dus eerstens die basiese terme leer, daarná die intermediêre terme, en daarná die spesifieke terme.

HIËRARGIE EN TAKSONOMIE BY INGESLOTE STELLE VAN BETEKENIS

Nida sê:

"Though all taxonomic included series are hierarchical in structure, some hierarchical structures are not taxonomic, in the sense that the meaning of an immediately higher level unit includes the meanings of all the immediately lower levels."³⁸

Die term beweeg is 'n hoogs generiese term in die veld van "beweging in ruimte".

'n Grafiese voorstelling kan soos volg wees:

1.	Beweeg
2.	loop, hardloop, spring, gallop, vlieg, seil
3.	kom, gaan, arriveer, vertrek, betree
4.	reis, toer, dwaal

Die tweede vlak bevat leksikale items met die komponent WYSE VAN BEWEGING.

Die derde vlak bevat terme met die komponent RIGTING VAN BEWEGING.

Die vierde vlak bevat terme met die komponent SONDER BEPAALDE RIGTING VAN BEWEGING.

Dit is duidelik dat die onmiddellike hoër vlak nie al die betekeniskomponente van die onmiddellike laer vlak insluit nie.

Ingeslote stelle van semantiese velde

Dit gebeur dat binne een semantiese veld, verskillende tipes semantiese verhoudings geïnkorporeer word. Hieroor sê Nida:

"What is important about this type of hierarchical structuring is that whole classes of meanings are included within classes of other meanings, so that the result is not a taxonomy of specific meanings but a hierarchy of interacting classes of meanings".³⁹

Onder die generiese term beweeg kan verskeie aanliggende stalle geklassifiseer word.

1. Beweging in ruimte: loop, hardloop, spring, ens.
2. Beweging op een plek: draai, roteer, vibreer.
3. Beweging van die grootste gedeelte van die liggaam: buig, kniel.
4. Beweging van liggaamsdele: waai, wink, skop, klap, knik.
5. Beweging van massas: vloei, stort, drup.
6. Beweging t.o.v. spasie: swel, groei, krimp, saamtrek.

Getal ingeslote betekenis

Ingeslote semantiese veldstrukture verskil aanmerklik in die getal semantiese eenhede wat onder 'n spesifieke generiese term ingesluit kan word. Die getal terme onder animal is baie groot, terwyl die getal terme onder cook aansienlik kleiner is. Hierdie feit is egter nie van essensiële belang nie.

"However, the number of subsumed items in any included set is not as important as the structural depth of a series".⁴⁰

Sommige betekenisvelde kan in hoogte en diepte en breedte uitgebrei word, terwyl ander se uitbreidingsmoontlikhede beperk is.

Betekenisvelde kan ook aanmekaar geskakel word onder 'n meer omvattende generiese term. So word die uitbreidingsmoontlikhede van semantiese velde onbeperk.

"Trier believed that linguistic fields are not isolated, but rather that they join together to form in turn fields of higher order, until finally the entire vocabulary is included".⁴¹

3.3 OORVLEUELING VAN BETEKENIS

In hierdie afdeling kom twee paradigmatische verhoudings ter sprake:

1. Sinonimie
2. Oorvleueling.

Nida sê:

"Terms whose meanings overlap, are generally called synonyms".⁴²

Uitruilbaarheid van Sinonieme

Die belangrikste kenmerk van sinonieme is dat hulle in sekere kontekste uitruilbaar is, alhoewel nie in alle kontekste nie.

Hieroor is semantici dit eens. Nida sê:

"Such terms are usually substitutable one for the other in at least certain contexts; but rarely, if ever, are two terms substitutable for each other in any and all contexts."⁴³

Lyons sê:

"If two (or more) units occur in the same range of contexts they are said to be distributionally equivalent (or to have the same distribution)".
 "The distribution of two (or more) units may overlap (or intersect): if there are some contexts in which both X and Y occur, but neither X nor Y occurs in all the contexts in which the other occurs, then X and Y are said to have an overlapping distribution".⁴⁴

"One final point may be made about synonymy: more than any other sense-relation, it is context-dependent".⁴⁵

Lehrer sê:

"If we insist on complete equivalence for two items to be synonymous, then there will be no synonyms, but there will be a number of items that are very similar in meaning and partially substitutable. It seems sensible to weaken the requirements for synonymy and use the term for these cases."⁴⁶

Almal aanvaar die feit dat sinonieme uitruilbaar is, maar almal besef ook dat leksikale eenhede wat altyd in alle kontekste uitruilbaar is, en volkome gelyke kognitiewe en emosionele betekenis het, 'n onwaarskynlikheid is.

Ullmann beweer ook:

"it is almost a truism that total synonymy is an extremely rare occurrence, a luxury that language can ill afford."⁴⁷

Die begrip oorvleueling van betekenis is noodsaaklik om die probleem van totale sinomimie te oorbrug. Nida definiëer oorvleueling van betekenis soos volg:

"They are not identical in meaning, but they do overlap in that they can be substituted one for the other in at least certain contexts without significant changes in the conceptual content of an utterance."⁴⁸

A. ENTITEITE

1. Betekenisveld: Paper en Article.⁴⁹
2. Gemeenskaplike komponente van betekenis: FORMELE GESKREWE REDEVOERING.
3. Diagnostiewe komponente van betekenis:
 - 3.1 TEGNIESE OF NIE-TEGNIESE AARD VAN INHOUD.
 - 3.2 BEDOELING OF WAARSKYNLIKHEID VAN PUBLIKASIE.
4. Ruimte-diagram:⁵⁰

	paper	article
1. technical treatment	+	<u>+</u>
2. intent of publication	<u>+</u>	+

5. Afleidings:

- 5.1 Die semantiese eenhede paper en article is uitruilbaar in 'n konteks soos: Jackson wrote a paper/an article on this subject.
- 5.2 Vanweë die diagnostiese komponente is die twee semantiese eenhede nie in alle kontekste uitruilbaar nie. Paper suggereer dat die geskrif relatief tegnies van aard is, en heelwaarskynlik nie vir publikasie bedoel is nie, maar vir voordrag aan 'n seminar of 'n kongres. Article suggereer dat die geskrif minder tegnies van aard is, en bedoel is vir publikasie.

Daarom is die volgende sinne semantiese onaanvaarbaar.

- * Jackson's paper was published in Playboy.
- * Jackson presented an article to the seminar.

B. GEBEURTENISSE

1. Betekenisveld: race, sprint.⁵¹
2. Gemeenskaplike komponent: SPOED.
3. Diagnostiese komponente:
 - 3.1 WYSE (Pedaal of per voertuig)
 - 3.2 KOMPETISIE
4. Matrys.⁵²

	race	sprint
1. high velocity	+	+
2. means (pedal or vehicular)	p/v	p (v. less frequently)
3. competition	+	-

5. Afleidings

- 5.1 In kontekste waar alleen spoed ter sprake is, is race en sprint uitruilbaar.
He raced/sprinted around the track.
- 5.2 Race word gebruik vir pedale beweging en beweging per voertuig terwyl sprint in die algemeen beperk is tot pedale beweging.
- 5.3 Waar kompetisie ter sprake is, het race 'n opsionele kenmerk, maar sprint se betekenis het in hierdie konteks 'n negatiewe waarde.
The boys raced against each other.
* The boys sprinted against each other.

Verskille tussen sinonieme

Die verskil tussen sinonieme is te wyte aan diagnostiese komponente wat in die betrokke leksikale items teenwoordig is. Nida⁵³ meen dat supplementêre en emosionele komponente hiervoor verantwoordelik is.

MEGANIESE KRAGBRON. Hulle word beskou as sinonieme. Hulle is egter nie in alle kontekste uitruilbaar nie. In spesifieke gevalle is hulle nie uitruilbaar nie. 'n Mens kan sê: Skakel die motor/enjin aan. In hierdie konteks is motor en enjin uitruilbaar. Maar 'n mens praat van 'n trekker se enjin en van 'n grassnyer se motor. 'n Mens praat van 'n motorboot, en nie van 'n enjinboot nie. As die meganiese kragbron van die boot aan die buitekant van die boot gemonteer is, word dit in Engels 'n outboard motor genoem. As die kragbron egter in die boot ingebou is, word dit 'n inboard engine genoem.

Die diagnostiese komponente van sinonieme is 'n nuttige toestel om spesifiekheid van betekenis aan te dui.

5. Subtiele semantiese verskille

Daar is sekere sinonieme waar die semantiese verskille so subtiel is, dat dit moeilik is om die diagnostiese komponente te bepaal. Nida⁵⁷ beweer dat hierdie woorde gewoonlik tot die mens se passiewe woordeskat behoort, soos, byvoorbeeld, stroll, meander en saunter. Dit is almal maniere van loop: teen 'n STADIGE PAS, ONGEREELDE ROETE en 'n ONBEPAAALDE DOELWIT. Dit word aanvaar dat daar verskil in betekenis is, maar dit is moeilik om die verskil te verduidelik. Nida sê:

"There are closely related meanings which cannot be analyzed, largely because they are marginal to everyday usage; not that the diagnostic components of their meanings are identical, but the features are obscure."⁵⁸

6. Oorvleueling en Hiponimie

Sommige gevalle van oorvleueling van betekenis is in werklikheid 'n geval van insluiting. Nida⁵⁹ noem die geval van:

They beat him to death

They clubbed him to death.

1. Emosionele betekenis-inhoud van woorde

Die terme vader en pappa het drie gemeenskaplike komponente:

1. MANLIK, 2. EEN GESLAG VERWYDER, 3. DIREKTE AFKOMS.
- Maar die emosionele betekenis van die woorde verskil. Die term pappa besit 'n komponent van INTIMITEIT, en vader 'n komponent van FORMALITEIT.

2. Graad van intensiteit

Die terme love en like⁵⁴ is sinonieme vanweë die feit dat hulle sekere gemeenskaplike betekenis-komponente bevat.

1. EMOSIONELE GEVOEL.
2. POSITIEWE EVALUERING.
3. BEHAE IN EN/OF BEGEERTE NA VOORWERP, GEBEURTENIS, ENS.

By al drie gemeenskaplike komponente is die GRAAD VAN INTENSITEIT van love meer as van like. Nida⁵⁵ noem die volgende voorbeelde van graadverskille by sinonieme:

"SIZE: boat versus ship
 INTENSITY: love versus like
 VIGOR OF ACTION: scold versus bawl out
 APPEARANCE: pretty versus beautiful
 STATE: full versus stuffed, as references to eating".

3. Verskillende gebruiksvlakke van sinonieme

Daar is sinonieme wat verskil omdat hulle op verskillende vlakke gebruik word. Die leksikale items eet en vreet het 'n gemeenskaplike komponent van KOS VERORBER. Maar eet staan op 'n hoër beskawingsvlak as vreet. 'n Mens eet, en 'n dier vreet. In Engels staan ascend op 'n hoër gebruiksvlak as go up. In Xhosa staan ukusinga op 'n hoër vlak as ukuya.

4. Spesifiekheid van betekenis

Nida⁵⁶ gebruik die terme engine en motor as voorbeeld. Hierdie twee terme het 'n gemeenskaplike betekenis-komponent:

Die betekenis van club is ingesluit onder die betekenis van beat. Die term club veronderstel altyd dat 'n instrument gebruik is, en beat kan plaasvind met of sonder 'n instrument. 'n Ander goeie voorbeeld is dié van sing en chant. Die betekenis van chant is ingesluit in die betekenis van sing. Dit is duidelik dat club nie op dieselfde hiërargiese vlak as beat geleë is nie, en chant nie op dieselfde hiërargiese vlak as sing nie. Daarom sê Nida:

"True overlapping of meaning involves meanings which are on the same hierarchical level".⁶⁰

Lyons sê:

"And it suggests the possibility of defining the relationship of synonymy as symmetrical hyponymy: if X is a hyponym of Y and if Y is also a hyponym of X, then X and Y are synonyms".⁶¹

7. Sinonieme en die omvang van die woordeskat

Lyons meen dat sinonieme nie essensiëel is vir die semantiese struktuur van 'n taal nie. Hy sê:

"it arises in particular contexts as a consequence of the more fundamental structural relations, hyponymy and incompatibility".⁶²

Volgens hom is sinonieme hoofsaaklik verantwoordelik vir die stilistiese variëteit van die taal. Maar selfs al sou alle gevalle van sinonimie uitgelaat word uit die taal, sou met die sinoniem-vrye woordeskat nog dieselfde dinge gesê kon word as met die groter woordeskat.

Dit is haas onmoontlik om hierdie stelling te toets, juis vanweë die feit dat sinonieme nie altyd in alle kontekste uitruilbaar is nie. 'n Mens mag uit elke betekenisveld van sinonieme die mees algemene term kies, en dan tog agterna uitvind dat dit nie in alle kontekste die spesifieke betekenis weergee nie.

Wat wel waar is, is dat sinonieme, onder andere, daarvoor verantwoordelik is dat die student van 'n vreemde taal selfs met 'n beperkte woordeskat in staat is om in die taal te kommunikeer. Die gebruik van een leksikale item uit 'n semantiese veld van sinonieme, wat daarby 'n hoë gebruiksfrekwensie het, bring 'n mens baie ver.

Hierdie verskynsel in taal hang ook saam met die gebruik van sintagmatiese verhoudings in plaas van paradigmatische verhoudings. 'n Mens kan sê: Ek gaan kry iets by die winkel, i.p.v. om te sê: Ek gaan koop iets by die winkel. Ek gaan na New York, i.p.v. Ek vlieg na New York. In Xhosa kan 'n mens sê: Umfundisi uthethe kakuhle (die leraar het goed gepraat), i.p.v.: Umfundisi ushumayele kakuhle (die leraar het goed gepreek). Die vlotspreker sal nog verstaan wat bedoel word.

3.4 UITSLUITING/ONVERSOENBAARHEID

Hierdie semantiese relasie is volgens Lyons, saam met hiponimie, verantwoordelik vir die grootste gedeelte van betekenis-strukture. Lyons se definisie lui:

"Incompatibility can be defined on the basis of the relationship of contradictoriness between sentences."⁶³

Kleurterme is 'n goeie voorbeeld van uitgeslotenheid: As iemand sê: Ek sien 'n rooi roos, dan sluit dit alle ander basiese kleure uit.

Uitgeslote stelle is dikwels ingesluit by ingeslote stelle.

1.	Dier			
2.	hond	skaap	bees	perd
3.	windhond	merino	fries	resiesperd

1. Die gemeenskaplike komponent van al die terme op vlakke 2 en 3 is DIERLIK.
2. Vanweë hulle diagnostiese komponente sluit alle terme op vlak 2 mekaar uit, asook alle terme op vlak 3.

As ek sê: Ek koop 'n skaap, dan kan skaap slegs met merino of dier vervang word, maar met geen ander leksikale eenheid in die betekenisveld nie.

3.5 KOMPLEMENTÊRE STELLE VAN BETEKENIS

Lyons sê:

"Complementarity may be regarded as a special case of incompatibility holding over two-term sets".⁶⁴

Komplementariteit dui dus slegs op die relasie van uitsluiting tussen twee terme, terwyl "incompatibility" dui op die relasie van uitsluiting tussen meer as twee terme.

Komplementariteit as oorkoepelende term

Nida⁶⁵ gebruik komplementariteit as 'n oorkoepelende term vir alle verhoudings van "oppositeness of meaning", en differensiëer: (1) "opposites," (2) "reversives," (3) "conversives."

Die belangrikste kenmerk van komplementêre stelle van betekenis is dat hulle gemeenskaplike komponente van betekenis besit, maar ten minste een diagnostiese komponent veroorsaak die verskil.

Nida sê:

"In each case the meanings of opposites share a number of crucial common components, but they always differ in at least one opposite component".⁶⁶

Semantici soos: Lyons,⁶⁷ Lehrer,⁶⁸ en Wilkins⁶⁹ behandel komplementariteit as 'n besondere kategorie en differensiëer soos volg:

1. "Complementarity"
2. "Antonymy"
3. "Converseness".

As ons die verskillende semantici se gedagtes saamvat, kan ons hierdie semantiese verhouding in die volgende kategorieë indeel:

1. Komplementariteit

Voorbeelde van hierdie kategorie is:

ongetroud - getroud

manlik - vroulik.

Die belangrikste kenmerke van hierdie pare komplementêre stelle is:

1. Die ontkenning van die een, bevestig die ander.
Jan is nie getroud nie, beteken: Jan is ongetroud.
2. In normale gebruik is komplementêre terme nie kwalifiseerbaar of gradeerbaar nie. 'n Persoon kan nie meer of minder getroud, of meer of minder manlik of vroulik wees nie.

2. Antonómie

2.1 Nida⁷⁰ wys daarop dat verskillende semantiese katagorieë in hierdie veld val:

kwaliteit: groot - klein

posisie in ruimte: binne - buite

posisie in tyd: voor - na

kwantiteite: baie - min

rigting: na - van

aspekte van aksie: begin - eindig

aksies: stop - gaan

toestande: oop - toe

2.2 Gradeerbaarheid is 'n kenmerk van terme wat in hierdie kategorie val. Daarom kan die terme ook op 'n skaal geplaas word. Tussen die uiterstes van warm en koud is daar 'n skaal, en daar word gepraat van warmer en kouer. Hierdie feit impliseer ook dat vergelykings getref kan word: My huis is warmer/kouer as sy huis.

2.3 Relatiewe absolute aard van Antonieme

"The essential property of these gradable antonyms is that they are implicitly comparative terms, hot being higher on the temperature scale than cold - old higher on age scale than young. It is for this reason that 'A small elephant is a large animal' is not a contradiction even though 'a male elephant is a female animal' is contradictory, male and female not being gradable terms".⁷¹

2.4 Positiewe en negatiewe polariteit

Lyons sê:

"The fact that the distinction between antonyms is neutralized in certain syntactic positions contributes, no doubt, to our feeling that one antonym has a 'positive', and the other a 'negative' polarity. We tend to say that small things 'lack' size, rather than large things 'lack' smallness."⁷²

2.5 Die ontkenning van die een term impliseer nie noodwendig die bevestiging van die teenoorgestelde nie

As ek sê: Ons huis is nie groot nie, beteken dit nie dat ek bedoel Ons huis is klein nie.

Volgens Lyons is dit die verskil tussen "complementarities" en "antonyms". Hy sê:

"...words as big and small, or good and bad, do not refer to independent 'opposite' qualities but are merely lexical devices for grading as 'more than' or 'less than' with respect to some implicit norm".⁷³

Hierdie antonieme terme besit elkeen 'n vertrekpunt, afhangende van die konteks. As ek van 'n huis praat, dan is die vertrekpunt van groot heel anders as wanneer ek van 'n berg praat.

Komplementêre terme is absoluut en onafhanklik. Die een sluit die ander definitief uit. As ek sê: Die kind is 'n seun, dan sluit dit die komponent VROULIK heeltemal uit, en kom die term dogter nie ter sprake nie.

2.6 Meer as een teenoorgestelde:

Nida⁷⁴ wys daarop dat sekere antonieme veelsydig is, en nie net 2 terme bevat nie. Hy stel dit so voor:

		(hard job/easy job)
"hard	easy	(hard cushion/soft cushion)
	soft	(loud sound/soft sound)
loud	quiet	(loud colour/quiet colour)"

2.7 Sommige stelle van teenoorgesteldes⁷⁵ kan een by die ander ingebed word.

cold/cool/warm/hot.

In werklikheid is hier twee stelle van teenoorgesteldes:

cold/hot en cool/warm.

2.8 Ontkenning affekteer die mate van kontrastering

Nida gebruik die voorbeeld: "It is not bad."
Hy sê:

"...not bad is not merely a negation of bad, but implies something which shades into the area of good".⁷⁶

Intonasie en beklemtoning speel 'n belangrike rol.
Om te sê: Dit is gladnie sleg nie! kan 'n sterker positiewe betekenis hê as om op gewone toon te sê:
Dit is goed.

3. Reversiewe

Nida voeg hierdie kategorie by. Terme wat hierby betrokke is, is, onder andere, die volgende:

"wind/unwind", "twist/untwist",
"alienate/reconcile".

Die onderskeidende kenmerk van reversiewe word deur Nida soos volg beskrywe:

"In reversives, the sets of diagnostic components, normally in a temporal sequence, exhibit two different sequences, one the reverse of the other".⁷⁷

Sekere afgeleide werkwoorde wat die komponent van SEKWENSIE bevat en op onderliggende antonimie berus, val ook in hierdie kategorie:

verbeter/versleg

verbreed/vernou

verkort/verleng

4. Konversiewe

Lyons, Lehrer en Nida is dit eens dat komplementêre terme soos buy/sell, borrow/lend, parent/child, husband/wife, ens., tot 'n kategorie genoem "conversives" behoort.

Konversiewe verhoudings besit sekere besondere kenmerke:

4.1 Resiprokale verskuiwing van 'n bepaalde rol

Jan koop 'n huis van Piet impliseer:

Piet verkoop 'n huis aan Jan.

Koos is Gert se ouer, impliseer:

Gert is Koos se kind.

4.2 Sintaktiese transformasie

Uit 4.1 kan ons aflei dat hierdie tipe semantiese relasie, 'n transformasie in die oppervlaktestruktuur van die sin impliseer.

Jan koop 'n huis van Piet

NP 1 V NP2 NP 3

Piet verkoop 'n huis aan Jan

NP 3 V NP 2 NP 1.

4.3 Sommige van hierdie terme is wel misbaar in 'n taal.

Sommige tale, soos Afrikaans het net een leksikale item leen, waar Engels twee terme het: borrow/lend. Engels het net een term marry, waar ander tale konversiewe terme het. In Latyn is die term nubere as die subjek die vrou is, en in matrimonium ducere as die subjek die man is.

Opsommend kan die woorde van Lyons aangehaal word:

"The existence of large numbers of and complementary terms in the vocabulary of natural languages would seem to be related to a general human tendency to 'polarize' experience and judgement - to 'think in opposites'",⁷⁸

3.6 BETEKENISVERHOUDING VAN RANGE

Adrienne Lehrer onderskei ook range as 'n selfstandige betekenis-verhouding.

"Rank is the relationship that characterizes terms like general, colonel, major, captain etc. The terms are incompatible because the assertion X is a general, implies X is not a sergeant; however, rank sets are similar to scales in that the items belong in a certain order".⁷⁹

Trier⁸⁰ sluit ook universiteitsgrade by hierdie verhouding in. Daar is egter 'n verskil hierin dat universiteitsgrade nie uitgeslote verhoudings is nie. Indien 'n persoon 'n M.A.-graad het, impliseer dit dat hy ook 'n B.A.-graad het.

Die hiërargie van geordende ampte in die Anglikaanse kerk is 'n interessante illustrasie van die betekenisverhouding van range. (Sien bladsy 86.)

ANGLICAN CLERGY

	Arch- bishop	Bishop	Dean	Arch- deacon	Canon	Priest	Deacon
Ordination	+	+	+	+	+	+	+
Consecration	+	+	-	-	-	-	-
Appointed	-	-	+	+	-	+	-
Elected	+	+	-	-	+	-	-
Made	-	-	-	-	-	-	+
<u>AREA OF AUTHORITY</u>							
Province	+	-	-	-	-	-	-
Diocese	-	+	+	-	-	-	-
Arch-deaconry	-	-	+	+	-	-	-
Parish	-	-	-	-	+	+	-
Rectorate	-	-	+	+	+	+	-
Cathedral	+	+	+	-	-	-	-
<u>ECCLESIASTICAL WEAR</u>							
Cassock	+	+	+	+	+	+	+
Stole	+	+	+	+	+	+	+
Mitre	+	+	-	-	-	-	-
Crozier (stick)	+	+	-	-	-	-	-
Ring	+	+	-	-	-	-	-
Cross	+	+	-	-	-	-	-
Chasuble (Eucharist)	+	+	+	+	+	+	-
<u>TITLE</u> (Speech)	My lord	My lord	Father	Father	Father	Father	Father
	Your grace	Bishop	Dean	Deacon	Canon		
<u>TITLE</u> (writing)	Most Reverend	Right Reverend	Very Reverend	Vene- rable	Reverend	Reverend Mister	Reverend Mister

Afleidings

1. Gemeenskaplike komponente:
"ORDINATION, ECCLESIASTICAL WEAR, CASSOCK, STOLE".
2. Die verhouding tussen die semantiese eenhede is deels ingeslote as gevolg van die gemeenskaplike komponente. Maar die verhouding is ook uitgeslote vanweë diagnostiese komponente:
"CONSECRATION, APPOINTMENT, AREA OF AUTHORITY, ECCLESIASTICAL WEAR, TITLE".
3. Die verhouding van oorvleueling is ook teenwoording, vanweë gemeenskaplike komponente.
"CONSECRATION: Archbishop, Bishop.
ELECTION: archbishop, bishop, canon, priest."
4. Die veld bevat ook 'n aanliggende betekenisverhouding as gevolg van die gemeenskaplike komponent van ORDINATION.

HOOFSTUK 5

KONTRASTERENDE SEMANTIESE VELDE

Wanneer 'n mens semantiese velde in verskillende tale met mekaar vergelyk, word interessante ontdekkings gemaak.

1. Gapings word ontdek. Dit beteken dat die betrokke konsep nie in die ander taal teenwoordig is nie. Dit kan heelwaarskynlik dui op 'n gaping in die betrokke kultuur.
2. Dit word ontdek dat een taal meer sinonieme vir 'n bepaalde semantiese eenheid bevat as 'n ander taal. Dit kan ook op 'n kultuurverskil dui, naamlik dat die bepaalde konsep 'n sleutelrol speel in die betrokke kultuur, en daarom 'n semantiese veld vorm met fyn betekenisonderskeidings tussen die sinonieme.
3. Kultuurverskille in die algemeen word ontdek wat dui op 'n verskil in konseptualisering van die heelal tussen die betrokke kulture.
4. Semantiese verskille tussen sogenaamde ekwivalente word ontdek.
5. Grammatikale en sintaktiese verskille word ontdek. 'n Sin kan in een taal grammaties, sintakties en semanties aanvaarbaar wees, en in 'n ander taal nie letterlik vertaalbaar wees nie.

Vervolgens maak ons 'n semantiese analise van 'n paar kontrasterende betekenisvelde in Afrikaans, Engels en Xhosa om kontraste in leksikon, grammatika, sintaksis, semantiek en kultuur by wyse van afleidings aan te dui, en aan te dui hoe die kontraste relevant is vir woordeskat-onderrig.

1. KOOKTERME

Die mens onderskei hom van alle ander lewende wesens daarin dat hy vuur maak. Vanweë hierdie feit bestaan daar kookterme in die mens se taal, omdat hy vuur gebruik om sekere kossoorte gaar te maak. Kookterme verwys dus alleen na menslike handeling, en nie na enige dierlike handeling nie.

Vervolgens struktureer ons drie ruimte-diagramme om 'n aanliggende betekenisveld van kookterme in die drie tale: Afrikaans, Xhosa en Engels voor te stel.

Kookterme in Afrikaans

Gemeenskaplike komponent: GAARMAAK VAN VOEDSEL

Diagnostiese komponente:

	Kook	Stoom	Bak	Braai	Stowe	Rooster	Smoor	Brand	Skroei	Prut	Posjeer
Direkte hitte	-	-	-	+	-	+	-	-	-	-	-
Met water	+	+	-	-	+	-	+	-	-	+	+
Met olie	-	-	+	+	-	-	-	-	-	-	-

Kookterme in Xhosa

Gemeenskaplike komponent: GAARMAAK VAN VOEDSEL

Diagnostiese komponent:

	Ukupheka	Ukubilisa	Ukoja	Ukosa	Ukubhaka	Ukugcada	Ukughotsa	Ukutsholoza
Direkte hitte	-	-	+	+	-	-	-	-
Met water	+	+	-	-	-	-	-	+
Met olie	-	-	-	-	-	+	-	-

Kookterme in Engels

Gemeenskaplike komponent: GAARMAAK VAN VOEDSEL

Diagnostiese komponent:

	Cook	Bake	Steam	Boil	Fry	Broil	Roast	Simmer	Poach	Stew	Braise	Sauté	Grill	Barbecue
Direkte hitte	-	-	-	-	-	-	+	-	-	-	-	-	-	+
Met water	+	-	+	+	-	-	-	+	+	+	+	-	-	-
Met olie	-	-	-	-	+	+	-	-	-	-	-	+	+	-

AFLEIDINGS

1. In Afrikaans is die term kook nie 'n oorkoepelende term soos in Engels cook nie. In Afrikaans is gaarmaak 'n term wat al die ander terme insluit.
2. In Afrikaans en in Engels is daar veral drie diagnostiese komponente wat belangrik is:
 1. Die direkte/indirekte aanraking van die voedsel met die hittebron.
 2. Die byvoeging van water, vet, olie of geen vloeistof.
 3. Die instrument: pot, pan, rooster, plaat, oond, kastrol. Daar word ook onderskei tussen 'n broodrooster en 'n vleisrooster, driepootpot en 'n platboompot, 'n stofoond en 'n buite-oond.
3. Die Afrikaanse term vir poach is posjeer. Dit is 'n term wat alleen ten opsigte van eiers gebruik word. In Afrikaans word 'n geposjeerde eier dan ook 'n kalfsoog genoem.
4. Sekere terme is beperk tot sekere voedselsoorte. Ek kan nie vleis posjeer nie; ek kan nie brood kook nie; ek kan nie 'n eier rooster nie; ek kan nie water braai nie; ens.
5. Wanneer Engelse, Afrikaanse en Xhosa-terme vir die gaarmaakproses vergelyk word; blyk dit dat Xhosa aansienlik minder terme het as Engels en Afrikaans. Dit kan toegeskryf word aan die kultuurgaping tussen die tale. Die Europeërs het die kookkuns tot 'n fyn kuns ontwikkel, en het ook 'n groot verskeidenheid instrumente ontwerp om die verskillende variasies van die handeling te beoefen. In die Xhosa-kultuur is dit nie die geval nie. Daar bestaan feitlik net twee basiese terme met 'n hoë gebruiksfrekwensie: ukupheka en ukoja/ukosa (sinonieme). Ukubhaka word algemeen gebruik, maar is 'n leenwoord van Afrikaans (bak).
6. Die Xhosa term ukupheka het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in vergelyking met die ander kookterme in Xhosa, omdat dit die alledaagse handeling aandui.

Albei terme ukupheka en ukubhaka kan intransitief gebruik word, maar met uiteenlopende betekenis:

Ndiyapheka - Ek kook (kos)

Ndiyabila - Ek sweet.

7. Die Xhosa terme ukoja en ukosa word hoofsaaklik gebruik vir die gaarmaak van vleis en groenmieles op oop kole. Dit is nie 'n alledaagse handeling nie. Groenmielies word net gedurende die seisoen gebraai, en vleis word net op die oop kole gebraai wanneer 'n offer aan die voorouergeeste gebring word.

Daarom kan die tradisionele Xhosa dit nie aanvaar dat die blankes se vleisbraai niks met 'n voorouer-kultus te doen het nie.

- 8.1 Die Afrikaanse term brand is besig om uit die woordeskat as kookterm te verdwyn. Indertyd het mense koffiepitte gebrand voordat dit gemaal is. Vandag word gemaalde koffie in die winkel gekoop en die gewone spreker kom nie meer in aanraking met die term om koffie te brand nie.
- 8.2 Koljander word gekroei, voordat dit gemaal word. Maar ook dit is nie 'n alledaagse handeling nie.
9. Intransitiewe- en transitiewe gebruik van kookterme

Wanneer 'n mens Afrikaanse-, en Xhosa kookterme ondersoek, dan ontdek jy dat daar sekere beperkings bestaan op die gebruik van terme, en jy ontdek ook dat die beperkings in die verskillende tale verskil. Die beperkings het veral te doen met die intransitiewe en transitiewe gebruik van die terme.

- 9.1 Die basiese terme kook en bak, kan in al drie tale intransitief sowel as transitief gebruik word.

Die vrou kook vandag.

Die vrou kook vandag kos.

The woman is cooking today.

The woman is cooking food today.

Umfazi upheka namhlanje.

Umfazi upheka ukutya namhlanje.

- 9.2 Die spesifieke terme soos bv. braai, rooster, ens. kan egter nie vrylik intransitief gebruik word nie.

- * 1. Die vrou braai.
- * 2. The woman is frying.
- 3. Umfazi uyoja.
- 4. Die vleis braai.
- 5. The meat is frying.
- * 6. Inyama iyoja.
- 7. Die vrou braai vleis.

8. The woman is frying meat.
9. Umfazi woja inyama.
10. Die vleis word gebraai.
11. "The meat is being fried".
12. Inyama iyojiwa.

Uit die data kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Sinne 1-3: Die intransitiewe gebruik van spesifieke kookterme soos bv. braai, wat as subjek 'n NP + MENSLIK het is nie in Afrikaans en Engels semanties aanvaarbaar nie, maar wel in Xhosa.
2. Sinne 4-6: Die intransitiewe gebruik van spesifieke kookterme soos bv. braai wat as subjek 'n NP - MENSLIK het, is nie in Xhosa aanvaarbaar nie, maar in Afrikaans en Engels wel.
3. Sinne 7-9: Die transitiewe gebruik van spesifieke kookterme soos bv. braai, ens., wat as subjek 'n NP + MENSLIK het, is in Afrikaans, Engels en Xhosa semanties aanvaarbaar.
4. Sinne 10-12: Die passiewe gebruik van spesifieke kookterme met 'n NP - MENSLIK in the subjekposisie is in Afrikaans, Engels en Xhosa semanties aanvaarbaar.

10. Die Metaforiese gebruik van kookterme

Kookterme word in Afrikaans, Engels en Xhosa met 'n metaforiese betekenis gebruik.

1. Die man kook van verontwaardiging.
2. The man is boiling with rage.
3. Indoda iyabila yingqumbo. (Die man kook van woede).
4. Die stout seun braai in sy eie sous.
5. I have other fish to fry.
6. Die seun bak in die son.
- * 7. The boy is baking in the sun.
8. Die nors man prut oor alles.
9. Indoda ediniweyo iyabila. (Die moeë man sweet).

Uit bostaande voorbeelde kan sekere afleidings gemaak word.

1. Die basiese en sommige spesifieke kookterme kan met 'n metaforiese betekenis gebruik word, bv. kook, bak en braai.
2. Sommige spesifieke kookterme word nie met 'n metaforiese betekenis gebruik nie bv. rooster en posjeer.
3. In enkele gevalle dien die ekwivalente in die verskillende tale ook as ekwivalente in metaforiese betekenis bv. sinne 1, 2, 3.
4. In sommige gevalle bestaan daar nie 'n ekwivalent in die ander taal wat dieselfde betekenisinhoud het as die brontaal nie, bv. sinne 4-9.
5. Die intransitiewe gebruik van 'n kookterm met 'n NP + MENSLIK in die subjekposisie het gewoonlik 'n metaforiese betekenisinhoud.

Hierdie waarnemings in verband met kookterme het definitiewe implikasies vir woordeskat-onderrig. Alhoewel kookterme in verskillende tale ekwivalente het, kan die ekwivalente nie in alle kontekste gebruik word nie, omdat elke taal sekere restriksies op die sintaktiese gebruik van leksikale items plaas. In hierdie spesifieke geval geld dit veral vir die transitiewe en intransitiewe gebruik van kookterme, asook die gebruik van kookterme in 'n metaforiese betekenis.

2. WERKWOORDE VAN BEWEGING

AFRIKAANS	loop	hardloop	kom	gaan	inkom	uitgaan	spring	kruip	dans
ENGELS	walk	run	come	go	come in	go out	jump	crawl	dance
XHOSA	hamba	baleka gidima gijima	za	ya	ngena	phuma	tsiba	khasa	xhentsa

AFLEIDING

1. Loop, stap, walk, hamba.

- 1.1 In Afrikaans bestaan daar twee sinonieme loop en stap wat die mees algemene terme vir menslike beweging is. Engels en Xhosa het elk net een term walk en hamba respektiewelik.

1.2 Loop, stap en walk impliseer pedale beweging. In Xhosa egter het hamba 'n baie wye betekenis. Afgesien daarvan dat dit pedale beweging aandui, dui dit beweging aan met enige tipe voertuig, maar verkieslik moet die middel gemeld word. Ndihamba ngemoto.

1.3 In Afrikaans kan gesê word: Ek loop te voet. In Xhosa word gesê: Ndihamba ngeenyawo. Opvallend dat in Afrikaans die enkelvoudsvorm van die middel gebruik word, terwyl in Xhosa die meervoudsvorm gebruik word. (Letterlik: Ek loop met voete). Xhosa maak dit eksplisiet dat 'n mens met twee voete loop.

Afrikaans en Xhosa laat hier 'n tautologie toe, wat Engels nie toelaat nie. In Engels kan 'n mens sê: I walk. Dit impliseer 'n pedale beweging. Dan is I walk by foot semanties onaanvaarbaar omdat by foot oorbodig is.

2. Kom, gaan, inkom, uitgaan. Come, go, come in, go out.

Ukuza, ukuya, ukungena, ukuphuma.

2.1 Die konsep is dieselfde: kom, come, ukuza: BEWEGING NADER.
gaan, go, ukuya: BEWEGING WEG.
inkom, come in, ukungena: BEWEGING NA BINNE
uitgaan, go out, ukuphuma: BEWEGING NA BUIE.

2.2 In Xhosa is daar paradigmatische terme: ukungena en ukuphuma. In Afrikaans is die term in sekere kontekste enkelvoudig: Jy moet inkom. Ek sal inkom. Jy moet uitgaan. Maar in ander kontekste is dit sintagmaties: Kom in! Gaan uit! In Engels is die twee begrippe altyd sintagmaties:

You must come in.

* You must income.

You must go out.

* You must outgo.

Come in! Go out!

3. Spring, jump, tsiba.

Die drie terme het dieselfde basiese betekenis, om in die lug op te gaan met albei voete weg van die oppervlakte, en vanweë die swaartekrag terug te keer na die oppervlakte van die aarde.

Spring en tsiba het 'n supplementêre betekenis: HAAS

(Om gou iewers te gaan.)

Ek spring dorptoe. (Ek gaan gou dorptoe).

Nditsiba edolophini. (Ek gaan gou dorptoe).

4. Dierlike beweging versus menslike beweging

Die gemeenskaplike komponent BEWEGING VAN EEN PLEK NA 'N ANDER PLEK kan uitgebrei word om dierlike beweging ook in te sluit. Indien dit gebeur, verander die semantiese inhoud van sommige spesifieke terme, soos byvoorbeeld: Kruip:

1. Die man kruip op die grond.
2. Die baba kruip op die grond.
3. Die hond kruip op die grond.
4. Die man kruip deur die gat in die heining.
5. Die hond kruip deur die gat in die heining.

In Afrikaans impliseer kruip die gebruik van meer as twee ledemate. Dit het ook 'n komponent van NABYHEID VAN DIE HELE LIGGAAM AAN DIE OPPERVLAKTE. Wanneer 'n mens egter deur 'n opening kruip, hoef hy nie noodwendig meer as twee ledemate te gebruik nie.

Die normale beweging van mense en diere word deur die term loop gesimboliseer. Kruip verwys na 'n buitengewone beweging van mense en diere.

Die Engelse term creep kan as ekwivalent dien vir kruip, maar nie in alle kontekste nie.

1. Die man kruip deur die opening.
The man creeps through the opening.
2. Die baba kruip op die grond.
The baby crawls along the ground.
3. Hy kruip op hande en voete.
He goes on all fours.

Die metaforiese gebruik van kruip en creep

In die metaforiese gebruik van die twee leksikale items, dien hulle ook nie as ekwivalente in alle kontekste nie.

1. Voor iemand kruip.
Crawl/cringe before someone.
2. In jou dop kruip.
Draw in one's horns.
3. Die tyd kruip.
Time drags/crawls.
4. Ek kry hoendervleis.
My flesh creeps.

Gaqa, khasa, ens.

Xhosa besit 'n verskeidenheid van terme wat na die kruip-beweging van mense en diere verwys: khasa, nambuza, tshwebeleza, bunguzela, thwethwa, cotha, cwatshula, thubeleza.

Hierdie terme besit die gemeenskaplike komponent van KRUIP, maar elkeen het ook 'n diagnostiese komponent, wat verantwoordelik is vir sintaktiese restriksie, soos uit die volgende sinne blyk.

- * 1. Usana luyagaqa. (Die baba kruip) 4 ledemate.
- 2. Usana luyakhasa. (Die baba kruip) 4 ledemate.
- * 3. Usana luyanambuza. (Die baba kruip (soos 'n insek)).
- 4. Indoda iyakhasa. (Die man kruip) 4 ledemate.
- 5. Indoda iyathwethwa. (Die man bekrui) 2 ledemate.
- * 6. Inja iyathwethwa (Die hond bekrui) (2 ledemate)).
- * 7. Inja iyanambuza. (Die hond kruip (soos 'n insek)).
- 8. Isinambuzane siyanambuza. (Die insek kruip) 6 ledemate.
- * 9. Isinambuzane siyakhasa. (Die insek kruip (soos 'n mens.))

Kruip, crawl en khasa dien as ekwivalente met 'n Subjek + MENSLIK. Ander terme het almal diagnostiese komponente. Die volgende ruimte-diagram illustreer die diagnostiese komponente in soverre dit deur die aantal ledemate beïnvloed word.

Sin 1 is wel in sommige streke semanties aanvaarbaar, maar in die meeste dialekte is gaqa 'n sinoniem van guqa (kniel). Sin 6 is semanties onaanvaarbaar omdat thwethwa alleen 'n onderwerp + MENSLIK neem. Die term chwechwa verwys na die beweging van 'n dier wat sy prooi bekrui, en 'n mens wat op sy tone loop.

	<u>kruip</u> <u>crawl</u> <u>khasa</u>	<u>kruip</u> <u>creep</u> <u>nambuza</u>	<u>bekruip</u> <u>stalk</u> <u>thwethwa</u>	<u>cotha</u>	<u>thubeleza</u>
2 ledemate	-	-	+	+	+
4 ledemate	+	-	-	+	+
4+ ledemate	-	+	-	<u>+</u>	<u>+</u>
LIGGAAM NABY OPPERVLAKTE	+	+	+	+	+
JAGDOELEINDES	-	-	+	-	-

5. Ukuhamba word vir mense en diere gebruik, maar wel op 'n beskrywende wyse.

Umntu uhamba ngeenyawo. (Die mens loop met voete).

Igusha ihamba ngamanqina. (Die skaap loop met kloue).

Intaka ihamba ngemilenze. (Die voël loop met bene).

3. WOONTERME

In Afrikaans word twee terme gebruik: bly en woon. Die terme kan as sinonieme beskou word, omdat hulle in sekere kontekste uitruilbaar is sonder om 'n wesenlike verandering aan die betekenis van die sin te maak.

1. Ek bly/woon hier.
2. Ek bly/woon in Grahamstad.
3. Ek bly/woon lekker in die huis.
4. Die huis bly/woon lekker.

In Engels is daar ook twee terme: live en stay. Hierdie terme is ook sinonieme, maar nie so geredelik uitruilbaar soos die Afrikaanse terme nie.

5. I stay here, beteken: Ek bly/woon hier.
6. I live here, beteken: Ek woon hier, of Ek is hier gevestig.
7. I am now in Grahamstown, but I live in Cape Town.
- * 8. I am now in Grahamstown, but I stay in Cape Town.
(Sin 8 is 'n kontradiksie.)

- * 9. I stay nicely in the house.
- *10. I live nicely in the house.
- *11. The house stays nicely.
- *12. The house lives nicely.
- 13. The house will stay.
- *14. The house will live.

In Xhosa word ook twee terme aangedui, wat morfologies dieselfde herkoms het, maar semanties sekere verskille toon, naamlik: -hlala en -hleli. (-hleli is die voltooide tydsvorm van ukuhlala). Ukuhlala dui op 'n handeling terwyl -hleli 'n toestand aandui.

1. Abantu bahlala apha.

Die sin is dubbelsinnig. Dit kan beteken: Die mense woon hier.
Die mense sit hier.

2.1 Abantu bahlala endlwini.

2.2 Abantu bahleli endlwini.

2.1 Dui op 'n handeling: Die mense woon in die huis, of
Die mense sit in die huis.

2.2 Dui op 'n toestand en beteken ook: Die mense woon in die
huis, of Die mense sit in die huis.

3. Abantu bahleli

Die uiting dui ook op 'n toestand, en beteken dat die mense lewe en gesond is. Dit kan ook beteken dat die mense op hulle hoede is. Verder kan dit beteken dat die mense in 'n sittende toestand verkeer.

4. Kuhleliwe nje (By my life!)¹

In Afrikaans en Engels word die passiewe vorm nie op hierdie wyse gebruik nie.

4. PERSEPSIE - WERKWOORDE

Sintuig	Afrikaans	Engels	Xhosa
Oog	sien	see	ukubona
Oog	kyk	look	ukujonga
Oor	hoor	hear	ukuva
Oor	luister	listen	ukuphula-phula/mamela
Hand	voel	feel	ukuphatha ukucofa ukuva
Tong	proe	taste	ukuva

Afleidings.

1. Dit blyk dat Europese tale 'n afsonderlike leksikale item het wat refereer na die persepsie van elkeen van die sintuie. Emosie is wel nie 'n sintuig nie, maar dis opvallend dat dieselfde woord gebruik word vir fisiese persepsie deur middel van die hand en emosionele ervaring.
2. Daar is 'n semantiese verskil tussen hoor en luister. Die term hoor verwys na 'n passiewe ondervinding, terwyl luister na 'n aktiewe ondervinding verwys. Aldrie tale toon die semantiese verskil deur verskillende leksikale items te skep.
3. Xhosa gebruik een woord ukuva om persepsie aan te dui deur middel van die hand, oor en tong. Alleen die oog word uitgesonder. Ook emosionele gewaarwording word beskryf met ukuva. Ndiva into embi. (Ek het 'n slegte gewaarwording.)

5. HANDELSTERME

Dit is reeds aangetoon dat die twee terme koop en verkoop komplementêre terme is wat mekaar uitsluit. Hulle word deur Nida "conversives" genoem. In Xhosa is die ekwivalente thenga en thengisa; in Engels buy en sell.

In Engels word twee heeltemal afsonderlike terme gebruik, terwyl daar in Afrikaans en Xhosa slegs 'n infleksionêre verskil is. Alhoewel komplementêr, besit die twee leksikale items 'n gemeenskaplike komponent OMRUILING VAN BESITTINGS.

Daar is twee aanverwante terme: handel en ruil.

Engels: trade of deal en barter of swop. Swop gaan ook wyer as trade, want swop bevat die komponent + GELD.

Xhosa: ukurhweba en ukwananisa. Ukurhweba sluit ukuthenga en ukuthengisa in. Dit kan selfs ook ukwananisa insluit.

Van die handelsterme kan dus 'n ingeslote stel van betekenisverhouding gekonstrueer word:

OMRUILING VAN BESITTINGS

	<u>handel</u>	
	<u>trade</u> <u>deal</u>	
	<u>ukurhweba</u>	
<u>koop</u>	<u>verkoop</u>	<u>ruil</u>
<u>buy</u>	<u>sell</u>	<u>barter, swop</u>
<u>thenga</u>	<u>thengisa</u>	<u>ukwananisa</u>

Afleidings.

1. Die idiomatiese gebruik van thenga en thengisa bevat sekere eienaardighede. Ek kan sê: Ndithenga ukutya (Ek koop kos) maar ek sê: Ndithengisa ngokutya (Ek verkoop kos). Ukuthengisa impliseer 'n instrumentele nga- voor die voorwerp, wat nie by ukuthenga voorkom nie. Ek kan nie sê: Iigusha ziyathengisa apha. (Skape word hier verkoop). Maar wel: Abantu bayathengisa apha. (Mense verkoop hier). Die dubbelsinnige betekenis van verkoop vind ons wel in Afrikaans en Engels: Ek vra vir iemand: Hoe verkoop jou appels? Hy antwoord: Appels verkoop goed vandag. Engels: How do apples sell? Apples sell well today.
2. Die Xhosa term ukwananiselana het 'n diagnostiese komponent WEDERKERIGE HANDELING in die term ingebou, wat nie die geval is by Afrikaans ruil en Engels barter, of exchange nie.

6. KOMMUNIKASIE - WERKWOORDE

'n Aanliggende stel van leksikale items kan gekonstrueer word:

	Praat	Gesels	Preek	Doseer	Skinder
	Talk	Converse	Preach	Lecture	Gossip
	<u>Thetha</u>	<u>Ncokola</u>	<u>Shumayela</u>	<u>Fundisa</u>	<u>Hleba</u>
1. Alternatiewe deelnemers	+	+	-	-	<u>+</u>
2. Formele opset	-	-	+	+	-
3. Intensiteit van gevoel	-	-	<u>+</u>	-	+

Hierdie veld kan uitgebrei word met leksikale items, sommige met 'n laer gebruiksfrekwensie.

- Afrikaans: argumenteer, bespreek, berispe, onderrig, skel, meedeel, glimlag, lag, huil, klae, ens.
- Engels: argue, discuss, reprimand, scold, rebuke, teach, inform, smile, laugh, cry, complain.
- Xhosa:
 - ukuxoxa (bespreek)
 - ukuvisisana (redeneer, terwyl deelnemende partye saamstem)
 - ukuphikisana (redeneer, terwyl deelnemende partye nie saamstem nie, d.i. twis)
 - ukubonisana (redeneer + SAAMSTEM)
 - ukuthethisa (berispe)
 - ukuhlafuna (om 'n saak saam te herkou)
 - ukungxolisa (skel)
 - ukuyaleza (meedeel)
 - ukuyalela (beveel)
 - ukwazisa (kennis gee)
 - ukuyala (vermaan)
 - ukuncuma (glimlag)
 - ukuhleka (lag)
 - ukulila (huil)
 - ukukhalaza (klae)

Afleidings:

1. Ukuhlafuna:

Die term word metafories gebruik. Die algemene gebruik van die term verwys na 'n dier wat sy kos herkou. Wanneer 'n groep mense 'n saak deeglik oorweeg en heroorweeg, word gesê:

Bahlafuna umcimbi. (Hulle heroorweeg 'n saak deeglik).

2. Alle Xhosa-terme wat op die resiproke formatief -ana eindig, impliseer outomaties dat alternatiewe deelnemers betrokke is. Engels en Afrikaans het nie hierdie tegniek om wederkerigheid aan te dui nie. In Engels word gebruik gemaak van 'n sintagmatiese tegniek: one another, of each other. In Afrikaans word gebruik gemaak van mekaar. In Engels en Afrikaans word wederkerigheid deur 'n aparte leksikale item uitgedruk, terwyl dit in Xhosa by wyse van infleksie bewerkstellig word.

7. INTELLIGENSIE - WERKWOORDE

Die basiese term intelligensie sluit 'n aantal leksikale items in: dink, onthou, mymer, peins, konsentreer, leer, begryp, verstaan, volg, waarneem, verneem, insien, sien, herinner, beraam, beplan.

Engels: think, remember, ponder, meditate, concentrate, learn, understand, conceive, apprehend, comprehend, grasp, follow, perceive, see, remind, contemplate, observe.

Xhosa: ukucinga, ukukhumbula, ukucamanga, ukufunda, ukuqonda, ukuqqa, ukubamba, ukulandela, ukubona, ukunakana, ukuva.

Die leksikale items kan volgens gebruiksfrekwensie in verskillende vlakke gerangskik word.

KONTRASTERENDE DIAGRAM VAN SEMANTIESE VELD VAN WERKWOORDE VAN
INTELLIGENSIE

	A	B	C	D
1.	leer	dink	onthou	verstaan
2.	sien	konsentreer	herinner	begryp
3.	waarneem	beplan	byval	volg
4.	verneem	beraam	peins	insien
1.	learn	think	remember	understand
2.	see	concentrate	remind	comprehend
3.	observe	plan	occur	follow
4.	learn	estimate	meditate	perceive
1.	ukufunda	ukucinga	ukukhumbula	ukuqonda
2.	ukubona	ukurhwinqela	ukukhumbuza	ukuqiqa
3.	ukugqala	ukulinganisa	ukukhumbula	ukulandela
4.	ukuva	ukuthelekelela	ukucamanga	ukubona

- Die horisontale rangskikking 1, 2, 3, 4 van Afrikaanse terme is min of meer volgens gebruiksfrekwensie. 'n Ander moedertaalspreker sal miskien die terme in 'n ander orde plaas volgens gebruiksfrekwensie.
- Die vertikale rangskikking A, B, C, D is min of meer volgens semantiese inhoud. Die leksikale items in elke kolom kan as sinonieme gesien word, wat in 'n verhouding van oorvleueling tot mekaar staan.
- Die Engelse en Xhosa terme is min of meer die ekwivalente van die Afrikaanse terme, in dieselfde orde 1 - 4 en A - D.
- Dit blyk dat gebruiksfrekwensie nie een tot een ooreenstem nie. In Xhosa is daar byvoorbeeld ukugqala (A3) en ukurhwinqela (B2) wat 'n redelike lae gebruiksfrekwensie het, heelwat laer as ukuva (A4) en ukuthelekelela (B4).
- Daar is sekere gapings te bespeur waar leksikale items in dieselfde kolom herhaal word by gebrek aan 'n ander ekwivalent.

6. Die konsep leer, het verskillende semantiese komponente in die verskillende tale: In Afrikaans kan dit beteken:

ONDERRIG ONTVANG: Ek leer in die skool.

ONDERRIG GEE: Die onderwyser leer die kinders.

INLIGTING VERSAMEL: Ek leer baie uit wat ek lees.

In Engels kan dit beteken:

ONDERRIG ONTVANG: I am learning science at school.

INLIGTING VERSAMEL: I learn a lot from what I read.

INLIGTING BEKOM: I learned that my friend is successful.

Die komponent ONDERRIG GEE in Engels word uitgedruk deur teach.
The teacher teaches the children.

In Xhosa kan ukufunda beteken:

ONDERRIG ONTVANG: Ndifunda esikolweni.

INLIGTING VERSAMEL UIT GESKRIFTE: Ndifunda incwadi (Afrikaans:

Ek lees 'n boek. Engels: I read a book.)

Die komponent ONDERRIG GEE word in Xhosa uitgedruk deur

ukufundisa. Die komponent INLIGTING BEKOM OP GEHOOR word

in Xhosa uitgedruk deur ukuva. Nidvile ngempumelelo yomhlobo

wam. (Ek verneem van my vriend se sukses).

Die semantiese en leksikale verskille tussen die drie tale word geïllustreer: Afrikaans het dieselfde term (leer) vir ONDERRIG GEE en ONDERRIG ONTVANG. Engels het twee verskillende terme om die twee begrippe aan te dui: teach, learn. Xhosa maak gebruik van dieselfde werkwoordstam -funda, maar toon die komponensiële verskil deur middel van infleksie -fundisa.

7. Vertaalbaarheid van BYVAL.

Hierdie Afrikaanse term is moeilik vertaalbaar in Engels en Xhosa. Dit sal my byval. Engels: It will occur to me. Xhosa: Ndokhumbula (Ek sal onthou). Occur het meer komponente as INTELLIGENSIE. In Xhosa is daar 'n gaping.

8. Herinner, remind, ukukhumbuza (C2)

In Afrikaans en Engels word die term meestal gebruik as die transitiewe vorm van onthou en remember.

Ek onthou. Ek herinner jou.
I remember. I remind you.
Dit herinner my.
It reminds me.

In Afrikaans en Xhosa word die term ook in 'n refleksiewe betekenis gebruik, maar nie in Engels nie.

Ek herinner my.
Ndiyazikhumbuza.
 * I remind myself.

In Xhosa word die refleksiewe formatief -zi- egter ingevoeg om by wyse van infleksie die betekenis weer te gee. In Engels word die intransitiewe vorm I remember gebruik as ekwivalent vir die refleksiewe betekenis in Afrikaans en Xhosa.

9. Elisitering

'n Betekenisveld soos hierdie en soortgelykes leen sigself tot haas eindelose elisitering in die moedertaal en in die vreemde taal. Dit dien dan ook as 'n baie nuttige tegniek om die student van die vreemde taal oefening te gee in elisitering.

Die prosedure kan soos volg verloop:

1. Voorsien 'n aantal leksikale items in die student se moedertaal, en vra hom om die items volgens gemeenskaplike komponente te rangskik, sowel as volgens gebruiksfrekwensie.
2. Versoek dat hy vlotsprekers van die teikentaal sal raadpleeg oor gepaste ekwivalente in die vreemde taal.
3. Versoek dat hy sinne sal produseer in die teikentaal waarin die betekenis van die betrokke leksikale item duidelik sal uitkom. Die sinne moet hy met 'n vlotspreker van die teikentaal kontroleer om vas te stel of hulle semanties aanvaarbaar is vir die intuïsie van die vlotspreker.

Die produksie van sinne is die voortreflikste manier om 'n betekenisveld te toets.

Solank 'n betekenisveld semanties aanvaarbare sinne oplewer, is dit 'n houdbare teorie, maar as dit net een semantiese onaanvaarbare sin oplewer, moet die teorie hersien word.

Die aanleer van 'n vreemde taal, bestaan tot 'n groot mate uit kontrastering met die moedertaal. Dit hou sekere gevare in, onder andere, dat die student in sy moedertaal dink en in die teikentaal vertaal bloot deur sogenaamde ekwivalente in die teikentaal te soek. Dit is half onvermydelik.

GEVOLGTREKKING

Kontrasterende semantiese velde is relevant vir die onderrig en aanleer van die woordeskat van 'n vreemde taal, omdat dit die semantiese ooreenkomste en verskille tussen ekwivalente in verskillende tale eksplisiteer. Daarom het kontrasterende semantiese velde veral praktiese implikasies by vertaling.

1. Leksikale items is dikwels ekwivalente sover dit die gemeenskaplike komponente van betekenis betref, maar toon semantiese verskille wat diagnostiese komponente betref.

In Afrikaans vind ons byvoorbeeld die term kruip wat al die betekenis-komponente van crawl, creep, khasa, nambuza, thubeleza bevat. Die term kruip kan egter nie na willekeur in enige konteks deur enigeen van genoemde Engelse en Xhosa-terme vervang word nie, omdat hierdie terme onderhewig is aan betekenisrestriksies as gevolg van diagnostiese betekenis-komponente.

In die praktyk bring dit mee dat die Afrikaanssprekende student ten minste drie Xhosa-terme moet leer as ekwivalent vir kruip, en twee Engelse terme.

In die betekenisveld van beweging het Xhosa en Engels meer beskrywende krag as Afrikaans, deurdat verskillende terme vir fyner onderskeidings in Engels en veral in Xhosa bestaan, maar in Afrikaans afwesig is.

Op 'n Ander terrein soos die betekenisveld van kookterme het Afrikaans en Engels weer meer spesifieke terme as Xhosa. Die afwesigheid van sekere kookterme in Xhosa is te wyte aan kultuurgapings. Die

student van Xhosa as vreemde taal het dus minder kookterme aan te leer as waaroor sy moedertaal, hetsy Engels of Afrikaans, beskik.

Ons het dus hier te doen met die konseptualiseringskontraste tussen tale wat van groot belang is vir die semantiese aspek van woordeskat.

2. Die kontekstuele gebruik van leksikale items word beperk deur hulle semantiese inhoud. Daarom kan alle ekwivalente uit die relevante tale nie vryelik in elke konteks gebruik word nie.

Kookterme dien as 'n goeie voorbeeld:

1. Die vrou kook kos.
The woman is cooking food.
Umfazi upheka ukutya.
2. Die kos kook.
The food is cooking.
* Ukutya kuyapheka.
3. Die water kook.
The water is boiling.
Amanzi ayabila.

Die student van die vreemde taal moet hom dus baie goed vergewis van die betekenisinhoud van elke term om dit op korrekte wyse in 'n bepaalde konteks te gebruik. Met ander woorde hy moet vir elke geval die korrekte keuse maak uit die betekenisveld wat hy voor hom het. Indien hy egter net een kookterm in die vreemde taal leer, en nie die hele veld van kookterme nie, sal hy ernstige foute begaan.

3. Kontrasterende betekenisvelde toon ook die verskil in die metaforiese gebruik van ekwivalente. Die terme kook, cook, boil, pheka en bila kan hier as voorbeeld dien.

1. Om woede uit te druk.
Sy bloed kook.
His blood is boiling.
Ushushu ngumsindo.

Die ekwivalente kan glad nie in Xhosa idioom gebruik word nie. Letterlike vertaling is dus hier onmoontlik.

2. Om die gevolge van harde werk uit te druk.

Hy werk hard, daarom sweet hy.

He is working hard, therefore he is sweating.

Usebenza ngamandla, yiyo loo nto uyabila.

Die Xhosa idioom gebruik 'n kookterm bila in hierdie idioom, terwyl dit in Afrikaans en Engels nie moontlik is nie.

3. Om knoeiery uit te druk.

Die saak is vooraf gekook.

The books have been cooked.

Kuqhathiwe.

In Xhosa bestaan daar geen idioom met 'n kookterm om hierdie betekenis te verteenwoordig nie.

4. Indien ekwivalente terme in isolasie gekontrasteer word, sal die verskille op semantiese-, sintaktiese- en idiomatiese vlak nooit gerealiseer word nie. Slegs binne 'n semantiese veldverband blyk die genoemde verskille tussen die woordeskat van verskillende tale heel duidelik.

Derhalwe bestaan daar geen twyfel dat die semantiese veldanalise ook op die vlak van kontrastiewe woordeskatonderrig van besondere waarde, indien nie onmisbare waarde, is nie.

Daarbenewens bied die kontrastering van semantiese velde belangrike insigte in die aard van die konseptualisering van die verskillende taal- en kultuurmilieus, waarmee wel deeglik rekening gehou moet word in die onderrig van 'n vreemde taal.

HOOFSTUK 6

DIE KONSEP "SEMANTIESE VELD" EN KULTUUR

Alvorens ons ingaan op die verhouding tussen semantiese veld en kultuur, is dit nodig om te let op die volgende punte:

1. Taal en Kultuur

Wat is die verhouding tussen taal en kultuur? Daar bestaan meningsverskil tussen linguïste onderling, en antropoloë onderling, en tussen linguïste eensyds en antropoloë andersyds oor die antwoord op hierdie vraag. Wilga Rivers sê:

"Language is deeply embedded in culture".¹

Herbert Lander beweer:

"Language as a set of habits concerning sign behaviour is part of culture. Culture is the total set of habits which man learns. Language is a subset of those habits.

Anthropology is the study of man as a cultured animal in possession of language".²

Die antropoloog Franz Boas (1858-1942) het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Amerikaanse linguïstiek. Lander sê:

"He was a pioneer in the application of linguistic insights to anthropological ends."³

Boas het sekere waarnemings gedoen, soos byvoorbeeld, die verskynsel van taalvermenging. Wanneer tale met mekaar in aanraking kom, word linguïstiese elemente oor en weer uitgeruil. Dit is wel nog 'n omstrede kwessie in watter mate foneme, morfeme en grammatikale reëls geleen kan word of kan saamsmelt. Dit is veral die leksikon van 'n taal wat beïnvloed word deur aanraking met 'n ander taal.

Die kontak van tale kan alleen plaasvind deur kultuurkontak. Daarom sê Boas:

"the history of language reflects the history of culture".⁴

Dit gebeur dikwels dat 'n verowerde volk se kinders die taal van die veroweraar aanleer. Deur die kennis van die taal kan behoeftes bevredig word, en kommunikasie bewerkstellig word. Daar is geen beter manier om 'n volk se kultuur te leer ken nie, as deur middel van sy taal nie.

Edward Sapir (1884-1939)⁵ was baie huiwerig om 'n bepaalde verhouding tussen taal en kultuur sonder meer te bepaal. Hy erken dat daar 'n interaksie tussen taal en kultuur plaasvind, wat veral betrekking het op die woordeskat.

"Yet in speaking of language, which may be considered a complex of symbols reflecting the whole physical and social background in which a group of men is placed, it is advantageous to comprise within the term environment both physical and social factors. Properly speaking, of course, the physical environment is reflected in language only in so far as it has been influenced by social factors.

It is the vocabulary of a language that most clearly reflects the physical and social environment of its speakers. The complete vocabulary of a language may indeed be looked upon as a complex inventory of all the ideas, interests, and occupations that take up the attention of the community".⁶

Sapir is nie bereid om die verhouding tussen taal en kultuur verder te soek as in die woordeskat nie.

"We seem then reluctantly forced to admit that, apart from the reflection of environment in the vocabulary of a language, there is nothing in the language itself that can be shown to be directly associated with environment".⁷

"To some extent culture and language may then be conceived of as in a constant state of interaction and definite association for a considerable lapse of time."⁸

Lander sê:

"Sapir held that language and culture are not casually related in any 'true' sense."⁹

2. Woordeskat en kulturele behoeftes

Die behoeftes van die gemeenskap speel 'n uiters belangrike rol in die skepping en behoud van die woordeskat. Sapir¹⁰ wys daarop dat die Noatka Indiane, wat kusbewonders is, spesifieke terme het vir alle spesies van seediere waarmee hulle in aanraking kom, want hulle lewe uit die see. Landar sê:

"What for a people of temperate zone is simply 'ice' has many shades of meaning for an Arctic people like the Eskimo, 'salt water ice', 'fresh water ice', and 'ice several years old'".¹¹

Mense wat afhanklik is van veldkos, het verskillende terme om te onderskei tussen bessies van bome en plante, asook eetbare en oneetbare plante. Sapir kom tot die gevolgtrekking:

"Bearing this in mind it becomes evident that the presence or absence of general terms is to a large extent dependent on the negative or positive character of interest in the elements of environment".¹²

Henlé sê:

"Certainly, one needs words for the objects involved in habitual action and, conversely, words which have no use in discourse are not likely to remain long in any active sort of vocabulary."¹³

Uit hierdie opmerkings kan dan sekere gevolgtrekkings gemaak word.

1. Die aktiewe woordeskat van 'n spreker, bevat die woorde wat sy kulturele omgewing van hom eis om te kan kommunikeer en in sy basiese behoeftes te voorsien.
2. Gapings in 'n taal se woordeskat, wanneer dit vergelyk word met 'n ander taal, dui dikwels op 'n gaping in die betrokke kultuur.
3. Gapings in 'n taal se woordeskat word opgevolg as gevolg van tegniese ontwikkeling of as gevolg van akkulturasie, wat dikwels ook die gevolg is van tegniese ontwikkeling.
4. Gapings kan op drie maniere opgevolg word:
 - 4.1 die skepping van 'n saamgestelde term uit die inheemse woordeskat, byvoorbeeld: isibonakude (Xhosa) vir 'n teleskoop.

- 4.2 die inburgering van 'n leenwoord uit die ander taal, byvoorbeeld imoto (Xhosa) vir 'n motor.
- 4.3 die sintagmatiese skepping van 'n inheemse term, byvoorbeeld inqwelo yomlilo (Xhosa) vir 'n motor.
5. Linguistiese data is baie bruikbaar om die kulturele geskiedenis van 'n volk na te vors. Landar sê:

"Anthropologists depend heavily upon linguistic data in their studies of traits in culture areas, of the prehistoric relationships and migrations of tribes, and of archaeological discoveries."¹⁴

3. Semantiese velde en kultuur

Aangesien semantiese velde gebaseer is op die gestruktureerde karakter van die woordeskat, volg dit logies dat die kultuur van die sprekers van 'n taal in sekere semantiese velde weerspieël word.

Netsoos leksikale items binne 'n semantiese veld se betekenis by wyse van kontrastering vasgestel word, so kan kultuurverskille vasgestel word deur kontrastering van semantiese velde.

Die semantiese veld verteenwoordig ook die sprekers se konseptualisering van hulle omgewing, met ander woorde, hulle wêreldbeeld. Whorf sê:

"Navaho like any other language embodies an integrated fashion of speaking or background linguistic system which partially determines not only how the people who speak it organize their experience conceptually but also how they view the world in their relations to it. There is then a distinctive Navaho conceptual system of Weltanschauung or world view."¹⁵

Landar¹⁶ gebruik die voorbeeld van kleur en klank. Die kleurspektrum strek vanaf die onsigbare infra-rooi golwe, deur die sigbare rooi-, oranje-, geel-, groen-, blou-, indigo- en violet golwe, en eindig in die onsigbare ultra-violet golwe. Bye kan blomme met ultra-violet kleur sien, maar nie die mens nie.

Seevarkies (porpoises) kan ultrasoniese klankgolwe waarneem wat buite bereik van die menslike gehoor is. Hieruit lei Landar af:

"We are limited by our neurological equipment to the reception of only part of the universe as stimulus. And by cultural conditioning we restrict and limit our attentiveness to only a fraction of the stimuli which bombard us all the time.

Whether and to what extent learned expectations about words and their meanings direct our attention to the world around us is one of the central problems in the study of language and culture."¹⁷

Konsepte wat buite die ervaringsveld van 'n gemeenskap val, word dus nie in die woordeskat deur 'n leksikale item verteenwoordig nie, en sal dus 'n gaping laat in die semantiese veld.

Dit is die rede waarom semantiese velde van verskillende kulture verskil. 'n Semantiese veld oor landbousterme sal in die tradisionele Xhosa-kultuur grootliks verskil van die landbousterme in die gemeganiseerde Westerse wêreld. So sal ook die semantiese veld oor sosiale feeste in die tradisionele Xhosa-gemeenskap heeltemal verskil van 'n semantiese veld oor sosiale feeste in die Afrikaner-kultuur.

4. Volkstaksonomieë

Ingeslote stelle van betekenis (included sets), veral in die vorm van volkstaksonomieë (Nida¹⁸: folk taxonomies) het die belangstelling van linguïste en antropoloë gaande gemaak. Nida¹⁹ sê:

"taxonomies reflect certain aspects of a so-called 'world view'".

Die klassifikasie van bese geeste of demone gee 'n aanduiding van die mense se beskouing van die bonatuurlike wêreld. Indien bese geeste met plante of diere geklassifiseer word, beteken dit dat hulle verwant is aan die natuurlike wêreld, maar as hulle met die gode geklassifiseer word, beteken dit dat hulle verwant is aan die bonatuurlik wêreld.

Nida²⁰ noem die voorbeeld van die Venda van Noord-Transvaal wat voëls klassifiseer volgens verwantskapsterme - ooms, neefs, kinders, ens. Hierdie klassifikasie het niks te make met biologiese kenmerke nie. Voëls wat met mekaar assosiëer wanneer hulle nes maak of wei, word saam geklassifiseer afgesien van hulle fisiese voorkoms. Hierdie

onderskeiding berus op funksie en nie op vorm nie. Die Venda is geneig om ook ander volkstaksonomieë op grond van funksie te organiseer.

Die klassifikasie van mense volgens totem-diere hou ook verband met die mense se wêreldbeeld. Dit beteken egter nie dat die mense nie tussen mense en diere onderskei nie. Nida sê:

"Such a classification may point to a very important relation between people and their totemic symbols, but the cultural fact must be independently verified. A semantic hierarchy may suggest a culturally relevant fact, but does not cause it".²¹

In Europese tale word die mens ook by diere geklassifiseer in onderskeiding van plante. Die mens word genoem "a symbol-using animal" of "a cultured animal in possession of language"²². Dit weerspieël die mens se erkenning van sy biologiese erfenis. Vir baie mense in Afrika is dit 'n ondenkbare moontlikheid dat die mens van die dier afstam. Dié volkstaksonomie het ontwikkel uit die evolusieteorie van Darwin en andere dat die mens uit die dierlike spesie ontwikkel het.

Dit is egter nie net by ingeslote stelle van betekenis waar die volkstaksonomieë te voorskyn tree nie, maar ook by konversiewe stelle van betekenis.

1. Om te trou (Engels: to marry; Xhosa: ukutshata)

In Afrikaans en Engels word die term resiprokaal gebruik.

NP1 trou met NP2; NP2 trou met NP1.

NP1 marries NP2; NP2 marries NP1.

In Xhosa word die werkwoord ook resiprokaal gebruik:

NP1 utshata no-NP2; NP2 utshata no-NP1.

Maar in Xhosa is daar ook 'n ander term ukwenda, wat net op die vroulike party van toepassing is.

NP1 (VROULIK) wendele endodeni NP2 (MANLIK)

* NP2 (MANLIK) wendele emfazini NP1 (VROULIK)

Ukuzeka is 'n ander term wat vir die gebeurtenis gebruik word, maar dit is beperk tot die man, soos ukwenda beperk is tot die vrou.

Indoda izeke umfazi. (Die man het met h vrou getrou).

* Umfazi uzeke indoda.

Die vraag ontstaan, watter is die naaste ekwivalent aan die Afrikaanse en Engelse terme? Wanneer die term in kousatiewe vorm gebruik word het dit die volgende betekenis.

1. Die leraar trou NP1 en NP2. (Die leraar bevestig die huwelik.)
2. The minister marries NP1 and NP2. (The minister conducts the marriage ceremony.)
3. Umfundisi utshatisa NP1 no-NP2. (Die leraar trou NP1 en NP2.)
- * 4. Umfundisi wendisela NP1 no-NP2.
5. Umzali wendisela NP1 no-NP2. (Die ouer gee NP1 in huwelik met NP2.)
6. UThemba wendisela intombi yomkhuluwa olihlwempu.

Sin 5 beteken om 'n dogter in die huwelik te gee. Sin 6 beteken om 'n dogter se huweliksuitrusting te voorsien indien die verantwoordelike persoon nie daartoe in staat is nie.

Lyons²³ maak melding van ander kulture waar die volkstaksonomie van die term om te trou nie resiprokaal is nie. In Latyn word die werkwoord nubere gebruik as die onderwerp van die aktiewe sin 'n vrou is, maar in matrimonium ducere as die onderwerp 'n man is. In Grieks word die werkwoord gameîn gebruik as die onderwerp 'n man is, en die middel- of die passiewe vorm word gebruik indien die onderwerp vroulik is. 'n Letterlike vertaling in Engels sou lui: John married Jane. Jane got herself married to John (Middel) Jane was married by John (Passief).

Dieselfde verhouding word dus op drie maniere uitgedruk deur verskillende kulture: Lyons noem die drie maniere:

- "1. Symmetrical 'predicator' (marry)
2. Lexically-distinct 'predicators' (nubere and in matrimonium ducere).
3. 'Grammaticalization' of the asymmetry according to the syntactic resources of the language (gameîn)."²⁴

2. Verwantskap: Neef, Niggie, Oom, Tante.

Afrikaans, Engels en Xhosa het elkeen sy eie manier om die verwantskap tussen ego en sy/haar vader en moeder se broers en susters en hulle kinders aan te dui.

Afrikaans gebruik deurgaans oom vir vader en moeder se broer, en tante vir vader en moeder se suster, neef vir die manlike broers- en susterskind, en niggie vir die vroulike broers- en susterskind.

Engels gebruik uncle vir vader en moeder se broer, en aunt vir vader en moeder se suster, maar cousin vir die manlike sowel as vroulike kind van vader en moeder se broer en suster.

Ego (MANLIK) is sy vader en moeder se broer en suster se neef, en ego (VROULIK) is haar vader en moeder se broer en suster se niggie. In Engels is ego (MANLIK) sy vader en moeder se broer en suster se nephew, en ego (VROULIK) is haar vader en moeder se broer en suster se niece.

In Xhosa word die verwantskap soos volg aangedui: Ego se vader se ouer broer is utata omkhulu, en sy vader se jonger broer, is utata ommcinci. Ego se moeder se broers is almal umalume. Ego se vader se suster is udadebobawo en sy moeder se suster is umakazi. Ego se broer se seun is sy unyana en sy broer se dogter is sy intombi. Ego se suster se kinders is almal umtshana.

Dit is opvallend dat Xhosa vir hierdie verwantskap 8 terme het teenoor Engels se 5 en Afrikaans se 4. Dit is nie sonder 'n grondige rede nie. Die terminologie eksplisiteer 'n kultuurspesifieke verhouding in die Xhosa-kultuur, wat nie in die Westerse kultuur bestaan nie. In die Xhosa-kultuur is daar die verskynsel van die uitgebreide familie.

Ego is sy vader se broer se kind net soos hy sy vader se kind is. Wanneer die vader sterf, moet die vader se oudste broer verantwoordelikheid aanvaar vir ego. Indien hy nie kan nie, of ook sterf, dan rus die verpligting op die vader se jonger broer. Net so is ego die vader van sy broer se kinders, netsoos hy die vader vir sy eie kinders is. As sy broer sterwe, is hy verantwoordelik vir hulle onderhoud en opvoeding. In die tradisionele Xhosa-gemeenskap word geen kind verwaarloos nie, as gevolg van hierdie sisteem.

Daar bestaan onnoembaar baie kultuur-spesifieke kenmerke in elke taal se woordeskat, wat 'n weerspieëling is van die betrokke kultuur se wêreldbeskouing, mensbeskouing en lewensbeskouing. Die verskil tussen kulture kan ontdek word by wyse van kontrastering van semantiese velde. Dan word gapings ontdek, en die gapings is die resultaat van 'n onderliggende verskil in wêreldbeeld.

5. Enkele Betekenisvelde in die Xhosakultuur

Uit die volgende betekenisvelde in Xhosa sal getrag word om enigsins 'n aanduiding te gee van die baie subtiele nuanses van betekenisverskil tussen leksikale items wat binne dieselfde betekenisveld ressorteer.

Uit die aard van die saak sal die betekenisvelde 'n beperkte aantal leksikale items bevat, aangesien dit onmoontlik is om binne die bestek van hierdie studie 'n omvattende weergawe te gee van die haas eindelose omvang van betekenisvelde in Xhosa.

Elke semantiese veld wat gekonstrueer word, gee aanleiding tot semantiese analise. Anders gestel, die konstruering van semantiese velde is 'n belangrike hulpmiddel en tegniek in semantiese analise.

'n Onbepaalde aantal afleidings kan uit elke semantiese veld gemaak word. Die afleidings moet gesien word as hipoteses, en sal in sommige opsigte verskil van een semantikus tot die ander. Geen semantiese veld kan aanspraak maak op volkomeheid en finaliteit nie. Dit is onderhewig aan toetsing en hersiening. Dit is ook onderhewig aan diakroniese verandering as gevolg van akkulturasie en ander inherente faktore in die taal en kultuur self.


Vervolgens word 'n semantiese analise gedoen aan die hand van die volgende betekenisvelde in die Xhosa-taal en kultuur.

- A. MENSE Abantu
- B. SEKSDIFFERENSIASIE
- C. AKTIWITEITE IN DIE XHOSAGEMEENSKAP
- D. SOSIALE FEESTE
- E. SIEN - WERKWOORDE
- F. BEWEEG - WERKWOORDE
- G. VERWANTSKAP

In die betekenisvelde 1 en 2 op bladsy 119 en 122 respektiewelik verskyn soms meer as een term onder 'n bepaalde kenmerk. Dit beteken nie dat hulle sinonieme is nie, maar dat hulle slegs die relevante stel kenmerke met mekaar deel. Verdere kenmerke is nodig om hulle onderling van mekaar te onderskei. Aangesien hierdie onderskeidings nie van direkte belang is by die illustrasie hier nie, word hulle ongedifferensiëerd hier gegroepeer.

Dit is nie altyd moontlik om een enkele ekwivalent in Afrikaans of Engels te voorsien vir elkeen van hierdie Xhosa-terme nie, want die Xhosa-term besit diagnostiese betekenis-komponente wat met die Xhosa-kultuur geassosiëer is, en wat derhalwe nie 'n volkome ekwivalent in Afrikaans of Engels het nie. Die ekwivalente wat dus aangegee word, moet gesien word as die naaste eweknie.

inkazana	-	ongetroude vrou met kinders
inkosazana	-	ongetroude vrou (mejjuffrou)
inkosikazi	-	getroude vrou (mevrouw)
intombi	-	dogter
intombazana	-	dogtertjie
inkwenkwana	-	seuntjie
inkwenkwe	-	seun
ikrwala	-	jongman pas na inisiasie
intlombe	-	fees
iqina	-	jongman (getroud)
ixhego	-	ou man
ixhegokazi	-	ou vrou
umfana	-	jongman (ongetroud)
umyeni	-	bruidegom
umtshakazi	-	bride
umkhwetha	-	inisiant by bergskool
umtshotsho	-	fees vir jongmense
utywala	-	bier of bierparty



Afleidings: Boomdiagram (A)

Die boomdiagram eksplisiteer die diagnostiese komponente van die sosiale gemeenskap van mense Abantu, en plaas die terme in 'n kultuurkonteks.

1. Die eerste komponent wat mense onderskei, is MANLIK en VROULIK.
2. Die tweede komponent wat die lede van die Xhosa gemeenskap onderskei is: ONGEÏNISIEËRD en GEÏNISIEËRD.
3. Die ongeïnsiëerde lede van die gemeenskap word onderskei volgens die komponent OUDERDOM t.w. JUNIOR en SENIOR.
4. Die geïnsiëerde lede van die gemeenskap word onderskei volgens die komponent GETROUD en ONGETROUD.
5. Die ongetroude lede van die gemeenskap word in kategorieë verdeel; die mans volgens hul posisie t.o.v. die inisiasieseremonie, (nie vaderskap) en die vroulike geslag volgens inisiasie en moederskap.
6. Die getroude lede van die gemeenskap word gedifferensiëer op grond van senioriteit in ouderdom.
7. Ongeïnsiëerde vroulike lede van die gemeenskap mag trou, maar nie ongeïnsiëerde manlike lede van die gemeenskap nie.

Indien 'n mens die betekenisveld vir die Xhosa-gemeenskap vergelyk met 'n betekenisveld vir 'n blanke gemeenskap sal daar sekere verskille opgemerk word.

1. By die blanke gemeenskap, is daar nie 'n komponent GEÏNISIEËRD nie. Derhalwe sal geeneen van die komponente wat verband hou met inisiasie in 'n betekenisveld vir die blanke gemeenskap teenwoordig wees nie. Dit blyk dat die komponent INISIASIE 'n baie belangrike deel uitmaak van die betekenisveld van die Xhosa-gemeenskap. Dit staan hoër in die hiërargie as die komponent GETROUD.
2. In die blanke gemeenskap is daar nie meer spesifieke take wat dwarsdeur die gemeenskap deur die kinders verrig word soos in die tradisionele Xhosa-gemeenskap nie. Ook in die Xhosa-gemeenskap is die werk van die bokwagter en beeswagter besig om te verdwyn as gevolg van die oprigting van heinings, terwyl die dogter se taak as kinderoppasser en water- en houtdraer behoue bly (voorlopig).

3. In die blanke gemeenskap is daar geen komponent + KINDERS vir ongetroude vroulike lede van die gemeenskap nie, omdat die ongehude moeders nie altyd self hulle kinders grootmaak nie. In die blanke gemeenskap kleef 'n geweldige stigma aan 'n buite-egtelike kind.

Die komponent +KINDERS vir 'n ongetroude lid VROULIK van die Xhosa-gemeenskap, moet ook binne die kultuurkonteks gekwalifiseer word. Die komponent +KINDERS, beteken slegs dat sy aan 'n kind of kinders geboorte gegee het, en dat sy derhalwe nie meer 'n intombi is nie. Die kinders behoort egter nie aan die ongehude moeder nie. Sy is ook nie verantwoordelik vir hulle opvoeding en onderhoud nie. Hulle behoort aan haar familie en haar ouers is in die eerste instansie verantwoordelik vir so 'n kind se onderhoud en opvoeding. Wanneer haar vader wegval, moet sy ouer broer (umkhuluwa) die verantwoordelikheid oorneem, of sy jonger broer (umninawa), na gelang van omstandighede. Met ander woorde die buite-egtelike kind het dieselfde status in die familie as sy ongehude moeder (1e geslag) terwyl die binne-egtelike kind tot die 2e geslag behoort.


Die geboorte van 'n buite-egtelike kind affekteer wel die lobola-waarde van 'n jong dogter nadelig. Desnieteenstaande word die buite-egtelike kind met dieselfde sorg grootgemaak as die kind wat binne 'n egverbintenis gebore is.

4. In die Xhosa-gemeenskap het OUDERDOM 'n ander betekenis as in die Westerse gemeenskap. By die Westerling word die kind se verjaardag noukeurig onthou en ook gevier. Die kind gaan op 6 of 7-jarige ouderdom skool toe; op 21 is hy/sy mondig en daarna veronderstel om onafhanklik van sy ouers te wees.

In die tradisionele Xhosa-gemeenskap word 'n verjaardag nie onthou en gevier nie. 'n Kind behoort aan 'n ouderdomsgroep, en hy verwys na die ander lede van sy ouderdomsgroep as sy abalingane. Hulle gaan saam na die umtshotsho (jeugfees) en hulle gaan ook saam na die inisiasieskool.

5. Die betekenisveld bevat alleen basiese terme met hoë gebruiksfrekwensie. Dit kan baie uitgebrei word. Sien diagram B Seksdifferensiasie, p.122.

B. SEKSDIFFERENSIASIE



Afleidings: Boomdiagram (B)

Uit die betekenisveld "Seksdifferensiasie" kan 'n menigte afleidings gemaak word. Ons bepaal ons slegs by 'n paar.

1. Gemeenslagtige terme

Die terme usana (baba) en umntwana (kind) is nie beperk tot 'n seksgroep nie. Derhalwe verskyn die terme onder MANLIK en VROULIK.

2. Deurlopende terme

Sekere terme is deurlopend van geboorte tot dood, alhoewel dit subtiele semantiese verandering ondergaan op verskillende ontwikkelingsstadia van die individu.

Umntwana: Die kind se verhouding tot sy ouer word altyd aangedui met die term umntwana afgesien van die "kind" se ouderdom.

Umfo en Mfondini en Intokazi: Kropf gee die betekenis soos volg:

"A mortal, i.e. a man: mfondini! (either as endearing or in derision, according to the tone); umfo wakomkhulu, a courtier".²⁵

Kropf se gevolgtrekking dat umfo afgelei is van ukufa (om te sterf) is miskien omstrede. Die term umfo word vir alle manlike persone gebruik, en nie vir vroulike persone nie. Die vroulike teenhanger vir umfo is intokazi.

Die term mfondini kom slegs in die vokatiwe vorm voor, en kom van mfo ndini! In Afrikaans sou 'n mens kon vertaal: maat of kameraad. Die vroulike teenhanger van mfondini is ntokazindini! .

3. Ixhego en Ixhegwazana en Ixhegokazi


Die terme verwys na ou mense. Ixhego word gevind onder ongetroud manlik, sowel as getroud manlik; en ixhegokazi en ixhegwazana word gevind onder ongetroud sowel as getroud vroulik.

In die swart gemeenskap kom dit soms voor dat 'n vrou oud word sonder om te trou, maar dit is 'n uiters rare verskynsel dat 'n man oud word sonder om te trou. Dit gebeur feitlik slegs as hy fisies of verstandelik uiters onbekwaam is om te trou.

4. Hiërargiese orde: GEÏNISIEËRD en GETROUD

Die vraag mag ontstaan watter komponent die hoogste rang geniet; is dit GEÏNISIEËRD of GETROUD? In die diagram is GEÏNISIEËRD op 'n hoër vlak geplaas as GETROUD.

Indien GETROUD op 'n hoër vlak as GEÏNISIEËRD geplaas word, lewer dit die volgende resultaat op:



Volgens die rangskikking hoort umyeni en umkhwenyana in die kategorie GEÏNISIEËRD, maar dan sorteer dit onder ONGETROUD, wat 'n kontradiksie is.

Dit lewer bewys dat die komponent INISIASIE op 'n hoër vlak in die hiërargie staan as die komponent GETROUD, sover dit die manlike lede van die gemeenskap betref. Dit geld nie vir die vroulike lede van die gemeenskap nie, aangesien dit vir 'n vrou moontlik is om voor inisiasie in die huwelik te tree.

5. Indoda en Umfazi

Die twee terme is onversoenbaar, en word beskou as komplementêre terme. Die een sluit die ander uit, ten spyte van die gemeenskaplike komponent MENSLIK. In die kulturele konteks is daar 'n groot verskil tussen die twee konsepte. Die term indoda is ten nouste verbonde aan die komponent MANLIK. 'n Persoon word as indoda gebore. (Sien 11 Ubudoda.) Die term umfazi

word eerstens verbind aan die komponent GETROUD en nie aan die komponent VROULIK nie. 'n Persoon word umfazi as gevolg van haar huwelik. Sy word nie as umfazi gebore nie.

Volgens 'n informant is die term umfazi afgelei van die twee leksikale items: umzi en ukufa. Die onderliggende betekenis is dat die vrou se wesenstaak is om in die umzi te bly tot haar dood. Die meer waarskynlike is dat umfazi die vroulike vorm van umfo is.

6. Umyeni en Umtshakazi

Wanneer die huwelik (umtshato) plaasvind, word die bruidegom umyeni en die bruid umtshakazi genoem. 'n Ander term vir umtshakazi is umntwenyana. Die term umtshakazi is afgelei van die woord tsha (vars, jonk).

Ná die huweliksfees (umsitho) verby is, en die bruid die hooftooisel van die bruid (iqhiya) verwyder het (ukugunxa), word daar nie meer na haar verwys as die umtshakazi nie. Die titel verdwyn spoedig na die huwelik. Dan word sy bestempel as inkosikazi, umfazana of umfazi. Haar man verwys na haar as umfazi wakuthi of inkosikazi yakuthi, wat impliseer dat sy nie aan hom behoort nie, maar aan die familie.

Die man verwys nie na sy vrou as umkam (my vrou) nie. Die term umkam het geen funksionele rol nie. Dit blyk dus dat umkam slegs dien om in 'n grammatiese patroon in te pas, ter wille van die gebruik van umkakho (jou vrou) en umkakhe (sy vrou), (umka + possessiewe formatief: -m, -kho, -khe). Umkam is dus 'n grammatiese afleiding, maar dis nie 'n term wat in die spreektaal bestaan nie. Daar bestaan dus 'n leksikale gaping in die spreektaal wat te wyte is aan 'n kulturele restriksie.

Die betiteling umyeni verdwyn egter nie. Die man bly umyeni tot sy dood.

7. Inkazana

'n Inkazana is gewoonlik iemand wat beskikbaar is vir getroude mans wat seksuele omgang buite die huwelik soek. Hierdie is 'n 'n algemeen aanvaarde praktyk in die tradisionele gemeenskap.

Daar kleef 'n mate van 'n stigma aan die term inkazana, alhoewel sy nie noodwendig 'n persoon is wat 'n losbandige immorele lewe lei nie. Na die man wat die praktyk beoefen, word verwys as: Unamankazana. Die gemeenskap staan nie afwysend teenoor so 'n man nie, ten minste nie die tradisionele gemeenskap nie.

8. Ishweshwe

Die naamwoord kom van die werkwoord ukushweshwa. Alhoewel die werkwoord 'n passiewe vorm het, word dit in 'n aktiewe sin gebruik: "take a concubine". Ishweshwe is volgens McLaren "an irregular wife".²⁶ Ishweshwe is 'n ongetroude vroulike persoon wat seksuele omgang het met 'n ander vrou se man. Daar kleef 'n stigma aan hierdie persoon.

9. Idikazi

Die idikazi is 'n getroude vrou wat om een of ander rede na haar ouers se huis teruggekeer het. Sy laat verskillende mans by haar toe. Haar kinders het ook verskillende vaders. Daarom kleef daar 'n baie sterk stigma aan so 'n persoon.

10. Umkhwenyana/umolokazana (skoonseun/skoondogter)

Die term umolokazana is van baie hoër gebruiksfrekwensie as umkhwenyana. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die umolokazana (skoondogter) ingelyf is by die huishouding van haar man se familie (mazala), en haar daaglikse pligte moet nakom. Die man egter, is baie skaars by sy vrou se familie, en hy vermy sover moontlik kontak met sy skoonmoeder (umkhwekazi).

11. Ubudoda (Manlikheid)

Dit blyk dat die komponent MANLIK in die Xhosa-gemeenskap baie swaar gelaai is van betekenis.

11.1 Die komponent MANLIK begin by geboorte: Dis semanties aanvaarbaar om te sê: Umfazi uzele indodana.

11.2 In die Bybel lees ons: 1. Sam. 1:11 ...wamnika umkhonzazana wakho umntwana oyindoda. Afr.: 'n manlike kind. Eng.: Good news: "a son". King James: "a man child".

- 11.3 Op verskillende stadia in die man se lewe, word die komponent MANLIK versterk. By inisiasie, wanneer die besnydenis voltrek is, sê die inisiant: Ndiyindoda. Wanneer die persoon in die huwelik tree, word sy manlikheid verder versterk en erken deur die gemeenskap. Wanneer die eersgeborene 'n seun is, wat die naam van sy familie kan voortdra en die geslag van sy vader kan voortsit, word sy manlikheid verder versterk. Wanneer hy 'n hele aantal dogters het vir wie hy baie beste kan ontvang vir lobola, styg hy verder in aansien as man (indoda).
- 11.4 Die behoud van die betiteling umyeni ná die huwelik terwyl umtshakazi verdwyn, is 'n ander bewys van die krag van die komponent MANLIK.
- 11.5 'n Manlike persoon wat buite-egtelike gemeenskap beoefen, word nie deur die publieke opinie gepeenaliseer soos die vroulike lede van die gemeenskap nie. 'n Getroude vrou wat buite-egtelike gemeenskap beoefen, word deur die gemeenskap verag. Sy pleeg ukrexexo (owerspel), en dit is 'n afskuwelike oortreding van die gemeenskap se morele standaarde.

Die drie tipes ongetroude vroue wat buite-egtelike gemeenskap beoefen, naamlik inkazana, ishweshwe en idikazi dra elkeen ook 'n stigma waarvan idikazi die slegste is.

Die tradisionele gemeenskap aanvaar dit egter dat die man ekstra-maritale verhoudings sal hê. (Dit is 'n aanduiding van die onaantasbare posisie van die manlike persoon in die tradisionele Xhosa gemeenskap.)

- 11.6 Naamgewing. Dit is 'n opvallende verskynsel dat baie manlike persone se naam op die perfektum formatief -ile eindig, en baie vroulike persone se naam eindig op die statiewe formatief -eka. Manlike name eindig nooit op -eka nie en vroulike name selde op -ile:

<u>MANLIK</u>	<u>VROULIK</u>
Fezile	Fezeka
Thandile	Thandeka
Zolile	Zoleka
Fuzile	Fuzeka
Lizile	Lizeka
Sizile	Sizeka

Vroulike name wat op -ile eindig, word voorafgegaan deur u-No-, soos uNohambile, uNofezile. Die voorvoegsel u-No-, is 'n uiters hoë uitsondering.

Hierdie verskynsel kan moontlik in verband gebring word met die konseptualisering van die verskil in natuurlike status tussen MANLIK en VROULIK. Deur naamgewing word aan die komponent MANLIK ook 'n komponent VOLKOMENHEID bygevoeg, terwyl die komponent VROULIK terselfdertyd ook die komponent POTENSIALITEIT bevat.

12. Die term kwedini is hoofsaaklik beperk tot ongeïnisiëerde manlike persone. Dit is egter moontlik dat geïnisiëerde manlike persone, ongetroud sowel as getroud, mekaar op goeie wyse kan aanspreek as kwedini. Maar dit word as 'n groot belediging beskou as 'n buitestaander 'n geïnisiëerde persoon as kwedini aanspreek. Dit is onvergeeflik.

13. Umkhwetha

'n Manlike persoon wat deur die inisiasie-seremonie ingelyf word in die gemeenskap van die volwasse manlikes word umkhwetha genoem. Maar 'n Xhosa wat opgelei word as 'n Xhosa-dokter (igqirha) word ook 'n umkhwetha genoem, en kan MANLIK of VROULIK wees.²⁷

14. Die ongetroude volwassene

Isoka is die term wat verwys na 'n geïnisiëerde man wat nog nie getroud is nie. Engels: "bachelor". Die Engelse term "fiance" word ook vertaal met isoka. Ulisoka likabani? (Wie se minnaar is hy?). Indien 'n man op gevorderde leeftyd nog ongetroud is, word na hom verwys as usoka-dala.

Daar is egter nie 'n term wat as vroulike teenhanger dien vir isoka nie. Die Engelse term "spinster" is nie in Xhosa terme vertaalbaar nie. Die naaste term aan hierdie konsep is isisila. Die gemeenskap verwys na 'n hubare vrou wat ongetroud is as unesisila. Dit impliseer dat sy eienskappe besit wat mans afstoot.

'n Mens kan tot die gevolgtrekking kom dat hierdie toestand van 'n ongetroude vrou, veral as sy nog kinderloos ook is, vir die tradisionele gemeenskap so onaanvaarbaar is, dat die taal nie eens voorsiening maak vir 'n term om na so 'n persoon te verwys nie. Selfs die afwesigheid van 'n term het kulturele betekenis.

Die gemeenskap het 'n beperking op die vrou geplaas. Sy mag onder geen omstandighede 'n man soek nie. Selfs al word sy as gevolg van 'n ooreenkoms met haar minnaar ontvoer moet sy nog spartel en skree om daarmee te kenne te gee dat dit nie sy is wat die man soek nie.

By geleentheid van die bruilofsfees mag sy nooit glimlag of vrolik wees nie. Sy moet absoluut ingetoë en passief voorkom met 'n strak gelaatsuitdrukking.

15. Umkhwekazi/uninantloni/uninazala

Drie terme verwys na 'n skoonmoeder.

Umkhwekazi - skoonmoeder van die man.

Uninantloni - skoonmoeder van die vrou.

Uninazala - skoonmoeder van die vrou.

C. AKTIWITEITE IN DIE KHOSAGEMEENSKAP

<u>MANLIK</u>		<u>VROULIK</u>	
<u>JUNIOR</u>	<u>SENIOR</u>	<u>JUNIOR</u>	<u>SENIOR</u>
ukudlala (speel)		ukudlala	
ukwalusa (vee oppas)	ukwalusa	ukugcina umntwana (kind oppas)	
ukucanda (houtkap)	ukucanda		
ukusenga (melk)	ukusenga		
ukuzingela (jag)	ukuzingela		
ukusebenza (werk)	ukuphangela ukusebenza	ukusebenza	ukuphangela ukusebenza
ukuncokola (gesels)	ukuncokola	ukuncokola	ukuncokola
ukufunda (leer)		ukufunda	
ukunqula (aanbid)	ukunqula	ukunqula	ukunqula
		ukuhlamba (klere was)	ukuhlamba
	ukulima (ploeg)		
	ukuhlwayela (saai)		
ukuhlakula (skoffel)	ukuhlakula	ukuhlakula	ukuhlakula
ukuvuna (oes)	ukuvuna	ukuvuna	ukuvuna
ukubhula (uitwan)	ukubhula	ukubhula	ukubhula
		ukutshayela (vee)	ukutshayela
	ukutshaya (rook)		ukutshaya
	ukulobola (kompenseer by huwelik)		
		ukukha amanzi (water skep)	ukukha amanzi
		ukutheza (hout optel)	ukutheza
		ukungqusha (mielies stamp)	ukungqusha
		ukusila umbona (mielies maal)	ukusila umbona
			ukusila utywala (bier maak)
		ukupheka (kos kook)	ukupheka
			ukuzala (geboorte gee)

Die ruimtediagram verteenwoordig 'n aanliggende stel van betekenis van AKTIWITEITE in die Xhosa huishouding. Uit die ruimtediagram kan sekere afleidings gemaak word ten opsigte van die kulturele konseptualisering van die gemeenskap.

1. Werkreservering

In die Xhosa-gemeenskap word werkreservering toegepas as gevolg van die tradisionele kulturele organisasie. Daar word gedifferensiër tussen pligte van die manlike geslag en die vroulike geslag, asook tussen junior en senior lede van die gemeenskap.

2. Ukwalusa

Die oppas van vee is 'n baie belangrike taak om te verhinder dat die vee in die lande loop en die gesaaides opvreet. Sodra bekwaam daartoe moet die seuntjie die kleinvee oppas. Wanneer hy groter is, pas hy bees op. Die volwasse man pas slegs vee op as hy nie 'n seun het nie, of as die seun in die skool is.

Die dogter se belangrikste werk is om die baba op te pas. Sy pas nooit vee op nie.

Geen manlike lid van die gesin sal die baba oppas nie. Dit is benede sy manlike waardigheid.

3. Uketheza en Ukucanda

Dit is die vroulike lede se plig om die vuurmaakhout op te tel (uketheza), en die manlike lede se plig om die hout te kloof (ukucanda). Die volwasse man doen dit alleen by afwesigheid van 'n seun in die gesin.

4. Ukusenga

Dit is uitsluitlik die manlike lede se taak om koeie te melk. Die vrou word nie in die beeskraal toegelaat nie. Soga verstrek die rede:

"The idea arises from women being subject to menstrual periods and at such times are liable to defile anything they come into contact with".²⁸

5. Landbou - aktiwiteite

Die ploeg van die land (ukulima) is die man se verantwoordelikheid, omdat alleen manlike lede met die beeste en die trekgereedskap mag werk, om dieselfde rede as onder 4 genoem. Die aktiwiteite skoffel, oes en uitwan, waarby diere nie betrokke is nie, kan deur enige bekwame lid van die huishouding verrig word.

6. Huishoudelike aktiwiteite

Al die aktiwiteite wat met die huishouding verband hou soos kos kook (ukupheka), water skeep (ukukha amanzi), huis uitvee (ukutshayela), klere was (ukuhlamba), mielies stamp (ukungqusha), mielies maal (ukusila), en bier maak (ukusila utywala) is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die vrou. Geen man sal hom daarmee bemoei nie.

7. Ukusebenza en ukuphangela

Ukusebenza is die basiese leksikale item vir die konsep werk. Daarom verwys die term na die aktiwiteite van al die lede van die gemeenskap.

Ukuphangela het egter 'n komponent van VERANTWOORDELIKHEID. Volgens 'n informant word dit afgelei van die konsep ukuphanga wat gebruik word vir die kompeterende manier waarop honger mense uit dieselfde skottel eet. Ukuphangela word derhalwe gebruik wanneer teen tyd gewerk word. In die meeste gevalle is dit van toepassing op mense wat vir 'n werkgewer en vir 'n salaris werk. Ukusebenza word nie noodwendig met 'n werkgewer, salaris en tyd geassosieër nie. Dit is die werk tuis. Die junior lede van die huisgesin werk nie vir ander mense nie, en ook nie vir 'n salaris nie.

8. Ukutshaya

Om te rook is die voorreg van die senior lede van die gemeenskap, en nie 'n aktiwiteit wat hoofsaaklik net deur mans beoefen word nie. Dit is heeltemal normaal dat 'n vrou rook. 'n Vrou gebruik gewoonlik 'n pyp met 'n besondere lang steel om die rook af te koel voordat dit die mond bereik.

9. Ukulobola

Die term verwys na die onderhandeling in verband met die huwelik. Dit is die prerogatief van die volwasse mans. Geen junior lid of vroulike lid van die gemeenskap het enigiets te sê by hierdie onderhandelinge nie. Vanweë die kultuurspesifiekheid van die term bestaan daar geen ekwivalent in Afrikaans en Engels nie.

10. Uitbreiding van betekenisveld

Die betekenisveld kan natuurlik nog baie uitgebrei word. Daar is byvoorbeeld die aktiwiteite rondom die offerstelsel, die inisiasie van seuns en dogters, die Xhosadokter (igqirha), die regering en regspleging ens.

Die betekenisveld stel die student van Xhosa as vreemde taal in staat om die diagnostiese komponente te ontdek tussen dieselfde aktiwiteite in die blanke kultuur en die Xhosa kultuur, asook om gapings in albei kulture t.o.v. aktiwiteite te ontdek.

D. SOSIALE FEESTE

Terme wat na sosiale feeste verwys, vorm 'n aanliggende stel van betekenis. Die gemeenskaplike komponent by alle feeste is SOSIALE VERKEER, GEMOEDELIKE ATMOSFEER, SANG en MUSIEK. Diagnostiese komponente is: OUDERDOM VAN FEESGANGERS, DOEL VAN FEES, ALKOHOLIESE DRANK, VOEDSEL. 'n Diagrammatiese voorstelling van sosiale feeste kan soos volg lyk:

	<u>Umtshotsho</u>	<u>Umgidi</u>	<u>Iindywala</u>	<u>Isidlo</u>	<u>Umsitho</u>	<u>Itheke</u>
Sosiale verkeer	+	+	+	+	+	+
Gemoedelike atmosfeer	+	+	+	+	+	+
Sang, musiek, dans	+	+	<u>+</u>	+	+	+
Fisiese ouderdom	-	+	+	<u>+</u>	<u>+</u>	<u>+</u>
Drank	-	+	+	+	+	+
Voedsel	-	+	-	+	+	+
Doel	Geselligheid	Inisiasie	Geselligheid	Vreugde	Huwelik ens.	Herinnering of Inwyding

1. Umtshotsho

Dit is die eerste fees waaraan jongmense deelneem. Alleen ongïnisiëerde jongmense vanaf ongeveer 12 jaar mag aan die fees deelneem. Gewoonlik duur dit 'n dag en 'n nag. Dit word gekenmerk deur danse, musiek en sang. Die term umtshotsho verwys na die sang van die seuns, wat van unieke aard is. Soga sê:

"there is nothing corresponding to the umtshotsho in European experience, hence a clear illustration cannot be given in words".²⁹

2. Ungidi

Die mees algemene betekenis van die term is die fees wat gevier word wanneer inisiantie die inisiasietypdperk voltooi het. By hierdie fees vind die umtshilo plaas "the dancing of circumcised lads".³⁰

3. Iindywala

"A great beer-drinking".³¹ Dit is die mees algemene sosiale geleentheid van die Xhosagemeenskap. Slegs geïnisiëerde lede van die gemeenskap mag aan 'n bierparty deelneem. Dit duur gewoonlik 'n hele dag.

Die term iindywala is die meervoud van utywala (Xhosa bier). Indien 'n besoeker aan die kind vra: Uphi utata? (Waar is jou Pa?), dan antwoord hy: Ubheke etywaleni of Ubheke ezindywaleni. Die term utywala se basiese kenmerke is KONKREET, MASSA, VLOEISTOF en ALKOHOLIES. Maar in die konteks: Ubheke etywaleni kry dit die supplementêre kenmerk van geografiese LOKALITEIT, en nie letterlik "in die bier" nie. Die meervoudsvorm iindywala dra nie die kenmerke KONKREET, VLOEISTOF en MASSA nie, maar verwys na 'n abstraksie, die fees as sodanig. Dan kan dit ook die kenmerk LOKALITEIT bevat in die konteks: Ubheke ezindywaleni.

4. Isidlo

Dit is 'n algemene term vir 'n feesgeleentheid waar daar veral baie geëet word. 'n Isidlo vind altyd plaas om 'n bepaalde rede. Dit kan gepaard gaan met 'n huwelik of die tuiskoms van 'n kind na 'n lang tyd van afwesigheid. Isidlo: "A gathering for eating, a meal, feast".³² Die naamwoord is afgelei van die werkwoord ukudla. By sommige izidlo word kinders toegelaat.

5. Umsitho

Umsitho: "A festival; a meeting for pleasure, dancing and sport of several day's continuance as a wedding festival, or exhibition."³³

Die naamwoord is afgelei van die werkwoord ukusitha:

"to bring the milch-cow, milk-sack, and corn for food, together with horses for riding and sport, to the marriage feast, hence to feast" kwasithwa ngotywala, they feasted on beer".³⁴

6. Itheko

Itheko: "A feast; plur. the good things provided at a feast: amatheko omtshato, the good things provided at a marriage feast".³⁵

Itheko is ook 'n vry algemene term vir feesgeleenthede. Die openingsfunksie van 'n gebou, die herinneringsfees of jubileumfees van 'n skool of 'n kerk, word itheko genoem.

E. SIEN - WERKWOORDE

In Xhosa word 'n uitgebreide betekenisveld van sien-werkwoorde gevind. Xhosa is 'n baie beskrywende taal op die terrein van sien en kyk. Die basiese term is ukubona (sien), want om te kan sien is die voorvereiste vir 'n persoon wat die handeling uitvoer. Die diagnostiese komponente is DOELBEWUSTHEID. Die betekenisveld kan deur middel van die volgende ruimtediagram voorgestel word:

	<u>DOELBEWUSTHEID</u>		<u>DOELBEWUSTHEID</u>
ukubona	-	ukuphunguza	+
ukujonga	+	ukugxelesha	+
ukukhangela	+	ukujama	+
ukuqwalasela	+	ukuthalaza	+
ukuqondela	+	ukondela	+
ukuthokombisa	+	ukundwanya	-
ukulaqaza	+	ukusinga-singa	+
ukubheka	+	ukujezula	+
ukubheka-bheka	+	ukukrwaqula	+
		ukugqala	+

Afleidings

In hierdie betekenisveld word drie tipes semantiese verhouding verteenwoordig:

1. Ingeslotenheid: Al die betekenis is ingesluit by ukubona.
2. Sinonieme: ukujonga/ukukhangela, ukubheka-bheka/ukuphungusa.
3. Aanliggenheid: Al die betekenis staan in 'n verhouding van aanliggendheid tot mekaar: elkeen van genoemde terme besit een of meer diagnostiese komponente wat hulle van die res onderskei.
 - 3.1 Ukujonga: om te kyk; om te kyk na.
 - 3.2 Ukukhangela: om te kyk na.
 - 3.3 Ukuqwalasela: om te staar met die doel om deeglik te ondersoek, of om na iemand te staar met verbasing.
 - 3.4 Ukuqondela: om neer te kyk vanuit 'n regop posisie-staan of loop.
 - 3.5 Ukuthokombisa: om te kyk vanuit 'n sittende posisie, as gevolg van droefheid, skaamte of eerbied.
 - 3.6 Ukulaqaza: om rond te kyk uit nuuskierigheid of agterdog.
 - 3.7 Ukubheka: om slegs die kop te draai en na agter te kyk.
 - 3.8 Ukubheka-bheka: om herhaaldelik om te kyk.
 - 3.9 Ukuphunguza: om herhaaldelik om te kyk, met 'n vinnige draai van die kop en selfs die hele lyf na albei kante.
 - 3.10 Ukugxelesha: om uit die hoek van die oog te kyk.
 - 3.11 Ukujama: om vir 'n lang tyd kwaai te kyk, soos 'n bul wat gereed is om te veg.
 - 3.12 Ukuthalaza: om rond te kyk uit eensaamheid soekende na geselskap.
 - 3.13 Ukusinga-singa: om rond te kyk in bewondering vir die omgewing, of om 'n vreemde plek deur te kyk.
 - 3.14 Ukujezula: Om rond te kyk om lof en waardering uit te lok.
 - 3.15 Ukondela: Om te staar, diep in gedagte.
 - 3.16 Ukundwanya: om te kyk sonder om te sien, as gevolg van teleurstelling, skok of droefheid.
 - 3.17 Ukukrwaqula: skrams raaksien.
 - 3.18 Ukugqala: aandagtig waarneem.

4. Ukuthokombisa: teken van eerbied of droefheid. Hierdie term is 'n indikatie dat 'n sittende posisie in die tradisionele swart gemeenskap die teken van eerbetoon is. Die minders moet sit in teenwoordigheid van die meeders, en nie staan soos in die wit gemeenskap nie.
5. Ukuqondela: teken van veragting. Die term bevat 'n element van hoogmoed en veragting, en dit word gedoen vanuit 'n regop posisie (staan of loop). Dit is 'n teken van disrespek en/of van meerderwaardigheid.

F. BEWEEG - WERKWOORDE

In die Afrikatale is die terme vir loop miskien die talrykste. In Shona byvoorbeeld bestaan daar 230 leksikale items om die verskillende maniere van loop aan te dui.

Die semantiese eenheid loop vorm deel van 'n aanliggende betekenisveld saam met hardloop, spring, huppel, ens. In Xhosa is daar baie meer onderskeidings tussen verskillende maniere waarop 'n mens beweeg, as in Afrikaans en Engels.

Gemeenskaplike komponent: MENSLIKE BEWEGING VAN PLEK TOT PLEK.

	<u>HAMBA</u>	
<u>-SPOED</u>	<u>+SPOED</u>	<u>+SPOED</u>
ukukhasa	ukuya	ukubaleka
ukuthwethwa	ukubheka	ukugidima
ukubhadula	ukuza	ukugijima
ukuhamba-hamba	ukuvela	ukutsiba
ukuyantaza	ukuphuma	ukukhawuleza
ukujika-jika	ukuhambela	ukuqhuqha
ukucothoza	ukuvelela	ukuxhina
ukuzula-zula	ukungena	ukunkcunkca
ukugaqela	ukusondela	
ukutotoba	ukushenxa	
	ukudlula	
	ukusuka	
	ukugqitha	
	ukunyuka	
	ukuhla	
	ukufika	

Afleidings

1. Die gemeenskaplike komponent van al bogenoemde terme is BEWEGING VAN 'N MENS VAN EEN PLEK NA 'N ANDER. Dis hoofsaaklik pedale beweging.
2. Die diagnostiese komponente is gegrond op SPOED: stadig, normaal en vinnig.
3. Komplementêre stelle kom voor:

ukuya vs. ukuza (gaan vs. kom)

ukuphuma vs. ukungena (uitgaan vs. inkom)

Die terme sluit mekaar uit alhoewel hulle vanweë 'n gemeenskaplike komponent tog binne dieselfde semantiese veld val. (BEWEGING.)

4. Oorvleueling van betekenis kom ook voor:

4.1 ukubaleka, ukugidima en ukugijima

Ukubaleka is die basiese term vir vinnige beweging.

Ukugidima het 'n beperkte betekenis, in die sin dat dit alleen begruik word as daar om 'n rede gehardloop word.

Ukugijima is van Zoeloe-oorsprong, en word in Xhosa meerendeels as 'n hlonipha (eerbied) woord gebruik.

4.2 Ukuvela, ukuphuma

Die twee terme is sinonieme en uitruilbaar in 'n konteks soos:

Uvela phi na?

Uphuma phi na?

Albei sinne beteken: Waar kom jy vandaan?

Maar in 'n ander konteks is hulle nie uitruilbaar nie:

Phuma apha! (Gaan hier uit). * Vela apha!

Die basiese betekenis van ukuvela is om voort te kom en dié van ukuphuma om uit te gaan.

4.3 Ukuhambela, ukuvelela

Albei die terme beteken om besoek af te lê, maar ukuhambela is die algemene term wat dan ook enige kuier of welwillendheids-besoek insluit, terwyl ukuvelela alleen dui op 'n besoek vanweë 'n besondere behoefte, soos, byvoorbeeld, wanneer die persoon siek is of deur 'n ramp oorval is.

4.4 Ukusuka, ukuvela, ukuphuma


Ukusuka en ukuvela en ukuphuma staan in 'n verhouding van oorvleueling tot mekaar. In sekere kontekste is hulle uitruilbaar.

Ndasuka/ndavela/ndaphuma eKapa.

Daar is egter 'n baie subtiele verskil in betekenis. As ek aan iemand vra: Uvela phi na? (waar kom jy vandaan?) dan beteken dit dat die persoon reeds sy bestemming bereik het. Indien ek langs die pad iemand ontmoet, wat nog nie sy bestemming bereik het nie, vra ek aan hom Usuka phi na? of Uphuma phi na? (waar kom jy vandaan?). Indien ek egter iemand onderweg ontmoet, is die eerste vraag aan hom Uya phi na? of Ubheka phi na? (waar gaan jy heen?) en nie Usuka phi na? nie (waar kom jy vandaan?).

5. Ukugoduka: Ndiyagoduka is 'n volledige sin, en beteken: "Ek gaan huis toe." Om te sê: Ndigoduka ndisiya ekhaya, is nie aanvaarbaar nie, want dit is oorbodig om by te voeg ndiya ekhaya. Dit is egter aanvaarbaar om te sê: Ndigoduka ndisiya eKapa. (Ek gaan huistoe, ek gaan Kaaptoe). Dit impliseer dat die spreker dit eksplisiet stel dat hy na sy huis in die Kaap gaan en nie in Transkei nie.
6. Ukufika: In een konteks kan ukufika dubbelsinnig wees soos: Bayafika apha. Dit kan beteken: 1. Hulle is besig om hier te arriveer. 2. Hulle is nuwe intrekkers hier. Maar wanneer ukufika in 'n konteks voorkom soos: Bayafika phaya ngoku, het dit slegs een betekenis naamlik: "Hulle het reeds daar gearriveer."
7. Ukuhamba: Die term ukuhamba kan vir baie doeleindes gebruik word. Afrikaans en Engels het afsonderlike terme vir reis/travel, vlieg/fly, vaar/sail, terwyl Xhosa vir al hierdie konsepte ukuhamba gebruik. Die semantiese inhoud van die konsep word voltooi deur 'n sintagmatiese toevoeging van die instrument: Ndihamba ngemoto; Ndihamba ngenqwelo yomoya (vliegtuig); Ndihamba ngenqanawa (boot).

3. Vanuit die oogpunt 3e Persoon MANLIK

IZALWANOAfleidings

- Die verantskapsistees van die Xhosa is baie meer gekompliseerd as dié van die Blanke. Bloedverwantskap is baie hegter en strek baie verder in die Xhosa-gemeenskap as in die Blanke gemeenskap.

Die term inzalwano is afgelei van die werkwoord ukuzala (om geboorte te gee). Die konsep verwantskap word dus ten nouste met geboorte geassosiëer, en deur geboorte bepaal. Vanweë die individuele noue verbondenheid aan die groep, mag hy nie eensydig besluite neem sonder raadpleging met die groep nie.

2. Die terme vir die eerste en tweede geslag in die verlede, verskil na gelang die verwantskap betrekking het op 1e, 2e of 3e persoon. Verder terug as die tweede geslag, val die onderskeiding weg, en so ook vir alle toekomstige geslagte, byvoorbeeld:

Jou vader:	<u>ubawo</u>
Sy vader:	<u>uyihlo</u>
My seun:	<u>unyana</u>
Jou seun:	<u>unyana</u>
Sy seun:	<u>unyana</u>

Die onderskeiding tussen my, jou en sy bloedverwante is eie aan Bantoetale van Afrika, maar nie aan Europese tale nie.

3. Xhosa het afsonderlike terme wat verwys na die jonger broer, en die ouer broer (umninawa en umkhuluwa). Ego is respek verskuldig aan sy umkhuluwa en verantwoordelike sorg aan sy umninawa.
4. Die uitgebreide gesin is 'n belangrike kenmerk van die swart samelewing. Ego behoort nie net aan sy ouers nie. Sy ma se oudste broer (umalume), sowel as sy pa se broers beskou hom ook as hulle kind. So beskou hy sy broers en susters se kinders se kinders ook as sy kinders. Ego het dus nie net een pa nie, ook nie net een ma nie, en het stellig baie meer kinders wat in hom 'n vader sien, as die kinders uit sy vrou gebore.
5. Onderskeidende terme verdwyn in die 3e geslag verlede en in die tweede geslag toekoms. Die oupagrootjie en die oumagrootjie word albei umakhulu. Geslagsonderskeiding val ook weg ten opsigte van voorouergeeste. Ukhokho en umawokhulu kan manlik of vroulik wees.
6. Unyana/Intombi. Die term unyana word meer as 'n verwantskapsterm gebruik, en nie as 'n term wat geslag (seks) aandui nie, terwyl intombi 'n term is wat geslag sowel as verwantskap aandui. Wanneer geslag ter sprake is, dien inkwenkwe as 'n teëhanger vir intombi; wanneer bloedverwantskap ter sprake is, word unyana

as 'n teëhanger vir intombi gebruik. Die terme unyana en intombi word nie deur inisiasie of deur die huwelik geaffekteer, sover dit verwantskap betref nie. Ná inisiasie en huwelik verwys hierdie terme in die eerste plek na verwantskap en nie na geslag nie.

7. Voorvadergeeste (Izinyanya). Daar bestaan nie 'n sekonderskeiding ten opsigte van voorouergeeste nie. Ukhokho en umawokhulu is gemeenslagtig. Twee ander terme verwys ook na geeste: ishologu en umshologu. Ishologu is die goeie gees en word met voorouergeeste geassosiëer. Umshologu is 'n slegte gees en word nie met die voorouergeeste geassosiëer nie.
8. Udade, Umzalwana, Umminawa, Umkhuluwa. Udade is die term wat vir 'n suster gebruik word, en in die geval van meer as een suster word die meervoud oodade gebruik. Die term umzalwana dui egter nie op bloedverwantskap nie. Dit dui op kameraadskap en medemenslikheid. Die term umminawa verwys na ego se jonger broer, en umkhuluwa na sy/haar ouer broer. Die term abantakwethu verwys na ego (MANLIK) se broers as 'n groep, en abanakwethu na ego (VROULIK) se broers as 'n groep. In die Kerk word die terme abazalwana en oodade gebruik om geestelike verwantskap aan te dui. Hier dien umzalwana as die manlike teëhanger vir udade, terwyl dit in die samelewing nie die geval is nie.
9. Umalume en Umtshana. Ego se moeder se broer is sy umalume, en ego is umtshana van sy umalume. Umalume dra slegs die komponent MANLIK maar umtshana is onsydig: MANLIK of VROULIK. In die swart gemeenskap bestaan daar 'n baie besondere en baie hegte verhouding tussen umalume en umtshana.

"The behaviour pattern towards the mother is extended also to her brother, called malume, a term said to mean 'male mother'. The affection and indulgence a mother gives is demanded from him but, since he is a male, one behaves towards the malume with some freedom. The malume spoils you, and a special calabash of amasi (thick milk) is always reserved for you when you visit the malume. You may do anything you please at the malume's kraal and demand anything you desire".³⁶

Kropf beskryf die umalume soos volg:

"My maternal uncle, my mother's elder brother, who becomes after the death of my mother's father the possessor of his married sister's dowry and protector of her children. The children only call him by his name."³⁷

10. Umnakwethu en Umsakwethu. Indien ego VROULIK is, is haar broer haar umnakwethu. As verwys word na die 2e persoon VROULIK se broer is dit umnakwenu en die 3e persoon VROULIK se broer is umnakwabo. Die meervoudsvorm is abanakwethu, ens. Indien ego MANLIK is, verwys hy na sy suster as umsakwethu, 2e persoon MANLIK se suster is umsakwenu en 3e persoon MANLIK se suster is umsakwabo. Die meervoudsvorm is abasakwethu, ens. Dit is opvallend dat daar reeds kenmerke MEERVOUD en POSSESSIEF teenwoordig is in die term umntakwethu. Dit impliseer die kultureie konsep van die Xhosa dat 'n persoon nie aan 'n individu behoort nie, maar aan die familie.
11. Ubawokazi/utata omncinci/utata omkhulu. Die broers van ego se vader, is ook sy vaders, en hy is ook hulle umntwana (kind). Hulle is besondere gesagsfigure in ego se lewe, en moet in alle belangrike besluite geraadpleeg word en deel hê aan die uitvoering daarvan, soos byvoorbeeld inisiasie en huwelik. Wanneer ego se pa sterwe, moet ego se utata omkhulu (pa se ouer broer) vir hom sorg as hy hulpbehoewend is. Indien hy nie sy verantwoordelikheid aanvaar nie, moet sy utata omncinci (pa se jonger broer) vir hom sorg. Die een wat die verantwoordelikheid aanvaar, deel ook in die voorregte: die dienste wat die kinders lewer en die beeste (ikhazi) vir die lobola van die dogters en die versorging op sy ou dag.

GEVOLGTREKKINGE

Alles wat gesê is omtrent taal en kultuur gee 'n aanduiding van die relevansie van betekenisvelde vir die studie van die Xhosa-woordeskat deur die Afrikaanssprekende en Engelssprekende student. Betekenisvelde van kultuurspesifieke terme eksplisiteer die volgende:

1. Verskil tussen kulture

Betekenisvelde demonstreer die punte van verskil tussen kulture.

- 1.1 Die afstand tussen MANLIK en VROULIK is in die Xhosagemeenskap baie groter as in die blanke gemeenskap. Die gemeenskap plaas sekere restriksies van handeling en beweging op vroulike lede van die gemeenskap, terwyl die manlike lede nie aan dieselfde restriksies onderworpe is nie. 'n Mens dink aan die skoondogter

(umolokazana) wie se handelinge, bewegings en spreke gereguleer word, terwyl die skoonseun (umkwenyana) nie aan dieselfde beperkinge onderwerp word nie. In die blanke gemeenskap geld hierdie beperkinge op die skoonogter nie. So ook bestaan daar restriksies ten opsigte van aktiwiteite soos: ukupheka (kook), ukutheza (hout optel, ukukha amanzi (water skep), ukungqusha (mielies stamp), ensovoorts, wat uitsluitlik deur die vroulike lede verrig word. In die blanke gemeenskap geld die restriksies nie. Die man verrig dikwels "vrouewerk" en die vrou "manswerk".

- 1.2 Ook binne die seksgroep word daar onderskei tussen individue op grond van ouderdom en inisiasie. Individue met die komponent + INISIASIE en +OUDERDOM geniet baie meer voorregte as die individu daarsonder. Selfs na inisiasie word jong ongetroude mans in drie kategorieë verdeel: umkhwetha, ikrwala en umfana. Dit is kultuurspesifieke kenmerke van die semantiese aspek van die woordeskat wat die student spesiaal moet aanleer omdat die komponent +INISIASIE glad nie in sy kultuur voorkom nie.
- 1.3 Die Xhosa se gemeenskapsband is baie sterker as dié van die blanke gemeenskap. Daaruit ontstaan ook kultuurspesifieke terme, byvoorbeeld, leksikale items wat na verskillende sosiale feeste verwys. Hierdie feeste het nie 'n ekwivalent in die blanke gemeenskap nie.
- 1.4 Die verwantskapsstelsel van die Xhosa is baie meer gekompliseer as dié van die blanke gemeenskap. Verwantskapsverhoudinge word baie duidelik beskryf deur leksikale items wat daarna verwys. Elkeen van die leksikale items het diagnostiese komponente om hulle van mekaar te onderskei, byvoorbeeld: umkhuluwa (ouer broer), umninawa (jonger broer), umalume (my moeder se broer), ens. Die blanke verwantskapsstelsel besit nie leksikale items wat dieselfde onderskeidende betekeniskomponente besit nie. Die Xhosa-terme is kultuurgebonde, en as sodanig moet die student hulle aanleer.
- 1.5 Kultuurgapings. Daar is sekere fenomene in die Xhosa-kultuur wat glad nie in die Westerse kultuur voorkom nie, byvoorbeeld die lobolastelsel en die inisiasiekultus, sowel as die voorvaderkultus. Rondom hierdie fenomene is daar leksikale items waarvoor daar hoegenaamd geen ekwivalent in Afrikaans of Engels bestaan nie, byvoorbeeld: ukulobola (kompensasie vir vrou), umkhwetha

(inisiant), ikrwala (jongman), usuthu (inisiatiesekool), ithonto (inisiatiesehut), ukuvumisa (ritueel van Xhosadokter), ens.

Die student ontdek sulke kultuurgapings wanneer kulture gekontrasteer word met behulp van betekenisvelde.

2. Die kultuurkonteks van leksikale items.

Daar is reeds daarop gewys dat leksikale items binne sinskonteks geleer moet word. Maar dit is nog nie genoeg om terme wat sterk kultuurgebonde is te leer nie. Sulke terme moet in die kultuurkonteks geleer word, en daarvoor is betekenisvelde 'n baie doeltreffende hulpmiddel. Dit wil sê die leksikale item word nie in isolasie saam met sy ekwivalent in Afrikaans of Engels geleer nie, maar in sy verhouding tot ander leksikale items wat binne dieselfde betekenisveld val, afgesien daarvan of dit 'n betekenisveld van aanliggende betekenis is, soos: umkhwetha, ikrwala en umfana; en of dit 'n betekenisveld van komplementêre betekenis is soos: indoda en umfazi.

3. Die beskrywende krag van Xhosa.

Op sekere terreine het Xhosa baie meer beskrywende krag as Afrikaans of Engels. Ons het op die voorbeelde van die betekenisvelde van sien - werkwoorde en beweeg - werkwoorde gewys. Xhosa het 'n wye verskeidenheid van leksikale items met diagnostiese komponente om fyn betekenisnuanses te onderskei. Die student moet dus baie meer Xhosa woorde leer as hy werklik die taal behoorlik wil bemeester. Indien die student die vreemde taal stylvol wil praat en skrywe, moet hy al hierdie terme ken, tesame met hulle betekenis-komponente. Ook sy hoor- en leesvaardigheid kan alleen bevorder word deur die terme te leer wat aan Xhosa sy beskrywende krag verleen.

4. Sintaktiese restriksie

Die student moet bewus gemaak word van die sintaktiese restriksies waaraan sekere leksikale items onderworpe is, as gevolg van hulle kultuurgebondenheid. In hierdie opsig dien betekenisvelde 'n goeie doel.

'n Betekenisveld van sinonieme: ukutshata, ukwenda en ukuzeka kan as voorbeeld dien. Die student moet komponensiële analise en elisitering doen om die semantiese aspek van die terme na te vors en die sintaktiese restriksies waaraan hulle onderworpe is.

Die Afrikaanse term trou en die Engelse terme marry en wed, is nie aan dieselfde restriksie onderworpe nie.

Die man trou met die meisie.

Die meisie trou met die man.

"The man marries the girl."

"The girl marries the man".

Indoda itshata nomfazi. (Die man trou met die vrou).

Umfazi utshata nendoda. (Die vrou trou met die man).

Intombi yendele endodeni. (Die dogter trou met die man).

* Indoda yendele entombini. (Die man trou met die dogter).

Indoda izeka umfazi. (Die man trou 'n vrou).

* Umfazi uzeka indoda. (Die vrou trou 'n man).

5. Etiketreeëls.

Die komponent ETIKET is baie belangrik in sekere betekenisvelde in Xhosa. So byvoorbeeld is dit uiters onbeleefd en aanstootlik om 'n manlike persoon ná inisiasie as kwedini aan te spreek. Dit is ook onbeleefd van 'n vrou om op direkte wyse na haar man te verwys as umyeni wam of indoda yam (my man). Dit is etiket om indirek na hom te verwys as utata kaThemba (vader van Themba, as hulle kind se naam Themba is), of umninindlu (eienaar van die huis).

In hierdie en dergelike gevalle word, byvoorbeeld, by wyse van verskillende leksikale items of leksikale wysings uitdrukking verleen aan die betekenis-komponent ETIKET.

6. Sinonieme.

Sekere sinonieme het baie subtiele diagnostiese komponente wat alleen deur middel van 'n betekenisveld duidelik geëksplisiteer kan word, byvoorbeeld inkazana, ishweshwe en idikazi. Volgens Westerse opvatting is hulle almal vroulike persone met buite-egtelike kinders. Maar komponensiële analise in die kultuurverband toon dat daar belangrike verskille tussen die betekenisse is. Ook die terme ukusebenza en ukuphangela, beteken albei "om te werk", maar volgens die Xhosa se konseptualisering van werk, onderskei by baie duidelik tussen twee tipes werk. (Sien p.131).

Opsommenderwyse kan gesê word dat taal inderdaad ingebed is by kultuur. Die student van die vreemde taal moet ook 'n studie maak van die betrokke vreemde kultuur. Die taal gee alreeds vir hom insig in die kultuur wat hy selfs deur middel van 'n Volkekundige studie nie sou bekom nie. Deur middel van betekenisvelde kan hy nie alleen die twee tale (moedertaal en vreemde taal) kontrasteer nie, maar ook die twee kulture. So help betekenisvelde die student om die vreemde taal se woordeskat in die kultuurkonteks aan te leer.

HOOFSTUK 7DIE IMPLIKASIES VAN SEMANTIESE VELDE VIR DIE WYE SPEKTRUM VAN
VREEMDE-TAAL-ONDERRIG

Semantiese velde het verreikende implikasies vir al die verskillende aspekte van die onderrig en aanleer van 'n vreemde taal. Dit is 'n baie belangrike onderdeel van 'n semantiese benadering tot die probleem, in teëstelling met die benaderings tot taalonderrig wat hoofsaaklik die klem op die formele aspek van taal laat val, met geen of min betrekking van die semantiese aspek van taal.

1. ALGEMENE OORSIG1.1 Woordeskat en Semantiek

Semantiese velde hang ten nouste saam met woordeskat. 'n Fundamentele aspek van semantiek is die semantiese relasies tussen leksikale eenhede. Die betekenis van 'n woord kan slegs begryp word wanneer dit gesien word in kontras met ander woorde. Semantiese velde konseptualiseer die betekenis-kontras tussen leksikale eenhede.

(a) Woorde in isolasie

Semantiese velde verseker dat woorde nie in isolasie aangeleer word nie. Dit is een van die fondamentstene van die onderrig van woordeskat dat woorde nie in isolasie aangeleer moet word nie. Veral moet die pedagoog seker maak dat die student die betekenis waarvan die woord 'n simbool is, goed begryp. 'n Semantiese veld leen sig uitstekend om hierdie doel te bereik.

Dit is egter noodsaaklik dat die pedagoog vanuit die semantiese veld sal sinne konstrueer wat die betekenis van die woorde binne sinsverband sal eksplisiteer. By wyse van oefening moet die student ook sinne konstrueer op grond van data wat 'n semantiese veld voorsien. Daar moet gewaak word teen die gevaar om semantiese velde in isolasie te bestudeer, sonder om die leksikale items in sinsverband te beoefen. Dit gee die pedagoog die geleentheid om homself te vergewis dat die student die betekenis van die woord goed verstaan.

(b) Gebruiksfrekwensie

By die aanleer van woordeskat, is gebruiksfrekwensie van woorde 'n faktor waarmee deeglik rekening gehou moet word. Dit is 'n vermorsing van tyd en energie om woorde te leer met 'n baie lae gebruiksfrekwensie, veral op die eerste vlak van onderrig. Die vraag ontstaan of semantiese velde met hierdie faktor deeglik rekening hou.

Dit is wel so dat 'n semantiese veld woorde met 'n hoë, gemiddelde en lae gebruiksfrekwensie bevat. Daar is verskillende maniere om hierdie probleem te bowe te kom.

1. Beperk die betekenisveld slegs tot woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie op die eerste vlak van onderrig. Brei later op die tweede vlak van onderrig die betekenisveld uit met woorde met 'n gemiddelde gebruiksfrekwensie, en op 'n hoër vlak van onderrig met woorde wat 'n laer gebruiksfrekwensie het. Die woorde met die lae gebruiksfrekwensie is die meer spesifieke terme wat vir die spesialis van nut is.
2. Konfronteer die student met die uitgebreide betekenisveld. Op die laer vlak kan die student slegs die basiese items met 'n hoë gebruiksfrekwensie aanleer. Die student neem slegs kennis van die res van die betekenisveld. Die kennisname mag selfs beteken dat die items gevoeg word tot sy passiewe woordeskat. Vir sommige semantiese velde, soos die aanliggende veld vir beweging-werkwoorde en sien-werkwoorde mag die eerste metode die mees geskikte wees, terwyl vir 'n veld soos verwantskapsterme en sekssdifferensiasie en sekere velde van sinonieme en uitsluiting kan die tweede metode verkieslik wees.

1.2 Semantiese Rangskikking van Woordeskat

Na aanleiding van Nida se rangskikking van die woordeskat van die Griekse Nuwe Testament¹, kan vir Xhosa 'n basiese woordeskat opgestel word, wat 'n handige doel kan dien om op die eerste vlak van onderrig leksikale items met 'n hoë gebruiksfrekwensie te bemeester.

Leksikale items word in aanliggende betekenisvelde gekategoriseer om 'n totale georganiseerde beeld van die woordeskat te gee in sy verhouding tot die kosmos. Die kategorieë is beperk en kan as 'n vertrekpunt dien om ander relasies te eksplisiteer. Die voorgestelde betekenisvelde kan uitgebrei word met leksikale items van 'n laer gebruiksfrekwensie.

1. ENTITEITE

A. NIE-LEWENDE ENTITEITE

A1. NATUURLIKE ENTITEITE

1. Hemelliggame

ilanga (son), inyanga (maan), inkwenkwezi (ster), isibhaka-bhaka (uitspansel).

2. Aardse entiteite

umhlaba (aarde), ihlabathi (aarde), ilizwe (wêreld, land), isithili (distrik), ilali (nedersetting), intaba (berg), umlambo (rivier), ulwandle (sea), intsimi (saailand).

3. Natuurlike substansies

umhlamba (grond), intlabathi (sand), ilitye (klip), intsimbi (yster), udaka (klei), uthuli (stof), amanzi (water), imvula (reën), isiphango (hael), iqabaka (ryp), ikhephu (sneeu), amalahla (steenkool).

4. Flora en plantprodukte

umthi (boom), isityalo (plant), ingca (gras), isiqhamo (vrugte), imbewu (saad), igqabi (blaar), iliva (doring), isebe (tak), ingcambu (wortel), ihlathi (woud), umgubo (mieliemeel), umbona (mielies), ingqolowa (koring), amazimba (kafferkoring).

A2. VERVAARDIGDE ENTITEITE1. Generies

into (ding), impahla (goed).

2. Voertuie

inqwelo (wa), isileyi (slee), imoto (motor),
isithuthuthu (motorfiets).

3. Klere

ingubo (kleed, kombers), ilokhwe (rok),
ibhulukhwe (broek), ihempe (hemp), isihlangu
(skoen), umnqwazi (hoed).

4. Meubels

ukhuko (slaapmat), isitulo (stoel), itafile
(tafel), ikhabhathi (kas).

5. Houers

isitya (skottel), imbiza (pot), indebe (beker),
ikomityi (koppie), isithebe (eetmat).

6. Voedsel

ukutya (kos), isidlo (maaltyd), isiselo (drank),
inyama (vleis), isonka (brood), ubisi (melk),
iqanda (eier), amasi (suurmelk), umnqusho
(stampmielies).

7. Konstruksies

isakhiwo (gebou), indlu (huis), isikolo (skoolgebou),
icawa (kerk), ivenkile (winkel).

8. Dele van gebou

udonga (muur), uphahla (dak), ucango (deur),
ifestile (venster), umnyango (deuropening),
umgubasi (deurkosyn), intsika (stutpaal).

B. LEWENDE ENTITEITEB1. MENSLIKE WESENS

umntu (mens), indoda (man), umfazi (vrou), umntwana
(kind), inkwenkwe (seun), intombi (dogter), umfana
(jongman), ubawo (my vader), uyihlo (jou vader), uyise

(sy vader), umama (my moeder), unyoko (jou moeder), unina (sy moeder), usana (baba).

B2. DIERLIKE WESENS

inkomo (bees), inja (hond), ihashe (perd), inkuku (hoender), ikati (kat), intaka (voël), ihobe (duif), ixhalanga (aasvoël), isinambuzane (insek), impukane (vlieg), inkumbi (sprinkaan), ingcongconi (muskiet).

B3. LIGGAAMSDELE

umzimba (liggaam), intloko (kop), ingalo (arm), idolo (knie), umlenze (been), isifuba (bors), intliziyo (hart), isisu (maag), umsila (stert), iphiko (vlerk), uboya (wol).

2. GEBEURTENISSE

2.1 MENSLIKE AKTIWITEITE

ukusebenza (werk), ukuphangela (werk), ukulima (ploeg), ukuhlakula (skoffel), ukuvuna (oes), ukuthunga (naai), ukukha amanzi (water skep), ukutheza (hout optel).

2.2 BEWEGING

ukuhamba (loop), ukuza (kom), ukuya (gaan), ukuphuma (uitgaan), ukuvela (voortkom), ukubaleka (hardloop), ukutsiba (spring), ukufika (arriveer), ukusondela (nader kom), ukungena (inkom).

2.3 FISIOLOGIES

ukutya (eet), ukulala (slaap), ukuvuka (wakker word), ukumitha (swanger word), ukuzala (geboorte gee), ukugula (siek wees), ukubhubha (sterf), ukufa (doodgaan).

2.4 PERSEPSIE

ukubona (sien), ukujonga (kyk), ukukhangela (kyk), ukuva (hoor, voel), ukuphula-phula (luister).

2.5 FISIES - EMOSIONEEL

ukubona (sien), ukujonga (kyk), ukukhangela (kyk),

2.5 FISIES - EMOSIONEEL

ukulangazelela (verlang), ukunqwena (begeer), ukudinwa (moeg wees), ukulamba (honger wees), ukunxanwa (dors wees), ukukhathazeka (bekommerd wees), ukuxakeka (besorg wees).

3. ABSTRAKSIES

3.1 TYD

ixesha (tyd), namhlanje (vandag), ngomso (môre), izolo (gister), umnyaka (jaar), inyanga (maand), usuku (dag), iveki (week), umzuzu (oomblik), iyure (uur).

3.2 TEMPERATUUR

ukubanda (koue), ubushushu (hitte), ingqele (koue), ubudiki-diki (louheid), ukubila (kook).

3.3 KLEURE

-mnyama (swart), -mhlophe (wit), -bomvu (rooi), -lubhelu (geel), -luhlaza (groen, blou).

3.4 GETALLE

-nye (een), -bini (twee), -thathu (drie), -ne (vier), -hlanu (vyf), -thandathu (ses), -isixhenxe (sewe), -isibhozo (agt), -ithoba (nege), -ishumi (tien).

'n Woordelys geskoei op die beginsel van semantiese velde sal van een pedagoog tot die ander verskil. Maar in hooftrekke sal dit ooreenkom. Wat vir die een MENSLIK is, sal nie vir die ander DIERLIK wees nie.

'n Woordelys soos hierdie kan as vertrekpunt dien tot interessante oefeninge. Studente kan gevra word om oor elke kategorie 'n aantal sinne te konstrueer of self 'n stukkie prosa te skryf, om te verseker dat die studente die betekenis van elke woord in relasie tot die ander leksikale items in die veld begryp, en of die student die betekenis van elke woord in die kulturele konteks begryp.

Dit is ook moontlik om sommige aanliggende stellinge op te breek in ingeslote stellinge van betekenis, byvoorbeeld MENSLIKE WESENS kan volgens diagnostiese komponente MANLIK en VROULIK, +OUDERDOM en -OUDERDOM geklassifiseer word.

1.3 Opwekking van Belangstelling in Woordeskat

Die sukses van die toepassing van semantiese velde as onderrigmetode sal bepaal word deur die mate wat dit die student se belangstelling opwek om sy woordeskat op kognitiewe wyse uit te brei. Hierdie probleem hang saam met onderwys-psigologie.

Sekere metodes kan deur die pedagoog gebruik word om belangstelling gaande te maak.

1. Op 'n lae vlak van onderrig, kan die leksikale items in 'n boomdiagram vergesel word van bypassende prente. dit sal veral kinders se verbeelding aangryp. Jong kinders begryp beter wanneer betekenis konkreet voorgestel word in plaas van abstrakte betekenisanalise.
2. Die pedagoog kan die basiese terme voorsien deur dit aan die muur op te hang, en dan die studente versoek om met verloop van tyd die betekenisveld uit te brei. Addisionele terme word ontdek uit verhale, gesprekke en literatuur.
3. 'n Betekenisveld in die moedertaal kan opgestel word, en die studente kan saamwerk om 'n kontrasterende veld in die vreemde taal op te stel. Meer as twee tale kan betrek word, byvoorbeeld Afrikaans, Engels en Xhosa.
4. Die gebruik van 'n moedertaal spreker is onontbeerlik, en dra baie by tot groter belangstelling. Die moedertaalspreker is die beste in staat om die betekenisvelde te kontroleer.
5. Studente word versoek om sinne te konstrueer wat leksikale items uit die betekenisveld selekteer. Elke student kry geleentheid om sy sinne voor te dra en op die swartbord te skrywe. Die hele klas lewer kommentaar, asook die moedertaalspreker wat as spraakhulp optree.

6. Kleurskyfies en films kan vertoon word oor interessante en aktuele onderwerpe, byvoorbeeld: huishouding, landbou, veeteelt, 'n jagtog, geboue, kerk, sport, ensovoorts, en daaruit kan betekenisvelde gekonstrueer word.
7. Ostensiewe tegnieke kan gebruik word. Bewegings en aksies kan nageboots word om betekenis te illustreer.
8. Elisitering: Die pedagoog kan die studente inskakel by 'n elisiteringsprojek, om semantiese velde op te stel met behulp van moedertaalsprekers as informante.²

Met die nodige oorspronklikheid aan die kant van die pedagoog kan deur middel van semantiese velde 'n baie interessante onderrigmetodiek ontwikkel word. Semantiese velde moet 'n middel tot 'n doel bly en nie 'n doel op sigself word nie. Die doel is dat al die fasette van die taal op 'n geïntegreerde wyse onderrig word, veral met die beklemtoning van die semantiese aspek van taal aan die hand van die semantiese veld benadering.

2. SINSBETEKENIS

S.I. Hayakawa wys tereg daarop dat woorde en sinne geen intrinsieke betekenis bevat nie, maar dat woorde en sinne slegs simbole is wat na betekenis verwys.

"Of all forms of symbolism, language is the most highly developed, most subtle, and most complicated. It has been pointed out that human beings, by agreement, can make anything stand for anything".³

Die simbool staan heeltemal los van die ding wat dit simboliseer.

"The symbol is NOT the thing symbolized; the word is NOT the thing; the map is NOT the territory it stands for."⁴

Wat is die verhouding tussen leksikale items en die sin? Katz verklaar die verhoudings in terme van projeksierieëls:

"In short, the semantic component consists of a list of the meanings of the morphemes of the language, which we will call a dictionary, and a set of rules that reconstruct the speakers ability to project sentence meanings, from morpheme meanings, which we will call projection rules. Assignment of semantic interpretation of a sentence, begins with the assignment of a meaning to each of the morphemes of that sentence".⁵

Die woordeskat en die betekenisrelasies tussen woorde het 'n invloed op betekenis van sinne. Daarom het leksikale analise ook betrekking op die semantiese aspek van 'n sin. In die sin kan leksikale analise ook 'n bydrae maak tot 'n beter begrip van semantiese kenmerke van sinne, soos: sinonieme, antonieme, kontradiksie, anomalie en dubbelsinnigheid.

Indien die betekenis van sinne so afhanklik is van die betekenis van woorde, is dit logies dat semantiese velde implikasies moet hê vir sintaktiese analise. Uit hierdie aanname vloei daar sekere waarnemings:

1. Sintaktiese reëlmatigheid.

Lehrer maak die volgende belangrike stelling:

"Words that belong to the same semantic field tend to behave alike syntactically, and new words that enter the field will also acquire those syntactic features".⁶

Hierdie sintaktiese verskynsel word deur Zwicky geïllustreer in sy analise van "manner-of-speaking verbs": shout, scream, yell, holler, bellow, whisper, shriek, wail, lisp, hoot, growl, mumble, moan, howl, mutter, and whine. Al die terme beskrywe 'n hoorbare wyse van kommunikasie. Zwicky toon twintig maniere waarop hierdie werkwoorde sintakties op dieselfde wyse fungeer aan.

"Zwicky notes that manner-of-speaking verbs are non-stative, take subjects that are usually human, and may take direct objects which are either "that" clauses, direct quotations, or nominals that refer to some kind of speech act e.g.

"Harold screamed that Martians were coming. The man muttered, Wait till my wife returns. Somebody uttered something obscene".⁷

Sintaktiese reëlmatigheid word ook geïllustreer deur ruimtelike adjektiewe: hoog, laag, breed, en wyd.⁸

Bierwisch ken die komponent POLARITEIT toe aan ruimtelike adjektiewe.

"Only the (+POL) member may occur in measure phrases".

Daarom is sin 1 hieronder semanties aanvaarbaar, maar sin 2 nie.

1. Die vliegtuig vlieg 100 meter hoog.
- * 2. Die vliegtuig vlieg 100 meter laag.

Ruimtelike adjektiewe het ook die komponente VERTIKAAL en HORIZONTAAL.

1. I see a tall man. (+VERTIKAAL.)
- * 2. I see a tall apple.
3. I see a long pipe. (+HORIZONTAAL.)
- * 4. I see a long apple.

2. Leksikale dubbelsinnigheid

'n Leksikale item wat dubbelsinnig is, kan ook in dubbelsinnige uitinge verskyn.

1. "We saw her duck".
2. "Flying planes can be dangerous".
3. "She has good legs".
4. Wanneer het hy omgekom?
5. Ndimbulele ummelwane wam.
(Ek het my buurman vermoor/Ek het my buurman bedank).

Die betekenis van die uiting kan alleen vasgestel word deur te bepaal in watter semantiese veld die onderhawige leksikale item ressorteer.

Die dubbelsinnigheid kan ook opgeklar word deur die vervanging van die leksikale item deur 'n ander leksikale item wat nie dubbelsinnig is nie, byvoorbeeld:

She has beautiful legs.
 She has strong legs.
 Flying planes are dangerous.
 Flying planes is dangerous. 10
 Wanneer het hy gesterf?
 Wanneer het hy hierlangs gekom?

In Xhosa kan die dubbelsinnigheid (sin 5) deur intonasie in die gesproke taal opgeklaar word, asook deur die sintagmatiese konteks. In die geskrewe taal is die leser alleen aangewese op sintagmatiese konteks.

Die skakelsisteem in Xhosa verhinder dat die tipe dubbelsinnigheid van sinne 1 en 2 voorkom.

Vaagheid van betekenis:

Indien 'n leksikale item se betekenis nie duidelik omlin is nie, gee dit ook aanleiding tot vae uitinge. 'n Goeie voorbeeld hiervan is gaan.

1. Hy het na die stasie gegaan.
2. Hy het na die stasie gery.
3. Hy het na die stasie gefiets.

Sin 1 is vaag omtrent die wyse waarop hy na die stasie gegaan het; sin 2 is nog vaag oor die tipe voertuig waarmee hy na die stasie gegaan het; sin 3 is spesifiek oor die wyse waarop hy na die stasie gegaan het.

3. Semantiese restriksie

3.1 Antonieme en kontradiksie

Antonieme is verantwoordelik vir semantiese restriksies in sinne. Katz¹¹ gee 'n paar voorbeelde van kontradiksie wat voorkom as gevolg van semantiese restriksie:

- * "John has a hairy bald head".
- * "John shouted silently".
- * "John is always courageous and cowardly".

3.2 Anomalieë

Onmoontlike konsepte word geweer deur semantiese restriksie. Die semantiese aspek van die sin, moet nie in stryd wees met die konseptuele karakter van 'n leksikale item in die sin nie, anders gee dit aanleiding tot 'n anomalie, soos byvoorbeeld:

- * "The corpse sold the book to Mary".
- * "The mud bought the book from John".
- * "John sold his after-image to Bill for ten dollars".¹²

Die semantiese veld waartoe 'n leksikale item behoort, het dus voorspellende krag ten opsigte van die woorde se gedrag in 'n sin.

"However, it appears that much of this information can be predicted if we know what semantic class a verb belongs to".¹³

Hierdie stelling geld nie net vir werkwoorde nie, maar ook vir ander leksikale items.

3.3 Toutologie

Oortolligheidsreëls vereenvoudig die komponensiële beskrywing van betekenis. Die komponent VERVAARDIG sluit reeds in: VOORWERP, FISIES, NIE-LEWEND. In die komponensiële analise van "chair" byvoorbeeld word slegs VERVAARDIG genoem, omdat dit VOORWERP, FISIES en NIE-LEWEND insluit.

Die oortolligheidsreëls in die leksikon het ook sintaktiese implikasies.

- * Ixhego elidala liyagula.
Ixhego liyagula.

Sin 1 is grammaties aanvaarbaar, maar semanties onaanvaarbaar. Die term ixhego bevat reeds die komponent BEJAARD, en daarom is die omskrywing elidala (oud) oorbodig, en dit maak sin 1 semanties onaanvaarbaar.

3.4 Sinonieme

Soos reeds gesê, is volkome sinonieme uiters seldsaam. Dit is woorde wat in alle kontekste uitruilbaar is. Die meeste sogenaamde sinonieme is gevalle van oorvleueling van betekenis. In sommige kontekste is die woorde uitruilbaar, maar nie altyd en oral nie.

3.4.1 Denotatiewe betekenis

Woon, bly, live, stay, hlala, hleli.

Alhoewel hierdie woorde as sinonieme beskou word, verskil hulle in betekenis vanweë die diagnostiese komponent PERMANENSIE .

woon, live, hlala/hleli: +PERMANENSIE

bly, stay, hlala: -PERMANENSIE.

Daarom is hulle nie in alle kontekste uitruilbaar nie. In Afrikaans en Xhosa is die restriksie nie so streng as in Engels nie.

1. Ek woon/bly in Grahamstad.
2. I live in Grahamstown.
- * 3. I stay in Grahamstown.
4. Ndihlala eRhini (Ek woon in Grahamstad)
5. Ndihleli eRhini (Ek woon in Grahamstad, ek het geen ander plek nie).

In ander kontekste dra die leksikale items ander komponente as LOKATITEIT. Die volgende illustreer sulke komponente van betekenis.

1. Neem die appels, maar die pere moet bly.
- * 2. Neem die appels, maar die pere moet woon.
3. The adults will go, but the kids will stay.
- * 4. The adults will go, but the kids will live.
5. Usaphila na? Ewe ndihleli. (Hoe gaan dit? Dit gaan goed.)
- * 6. Usaphila na? Ewe ndiyahlala. (Hoe gaan dit? Ja, ek woon/sit.)

In Engels is daar ook nog 'n derde leksikale eenheid dwell, wat 'n addisionele komponent FORMALITEIT bevat. Die woord word meer in literêre taal aangetref, as in gesproke taal. In amptelike gebruik word "dwell" en "dwelling-place" aangetref.

3.4.2 Figuurlike betekenis

Sommige leksikale items in 'n veld van sinonimie kan net in sommige figuurlike sinne gebruik word.

1. Ek loop/stap dorp toe.
2. Die enjin loop/stap lekker.
3. Die water loop oor die wal.
- * 4. Die water stap oor die wal.
5. Die kind loop oor van blydskap.
- * 6. Die kind stap oor van blydskap.
7. Abantu batya/badla inyama. (Die mense eet vleis.)
8. Abantu badla ubomi. (Die mense geniet gesondheid.)
- * 9. Abantu batya ubomi.
10. Abantu badlana iindlebe. (Die mense raadpleeg mekaar.)
- * 11. Abantu batyana iindlebe.

3.4.3 Konnotatiewe betekenis

Die konnotatiewe betekenis van leksikale items, beperk sekere terme tot sekere kontekste.

1. Mense eet, maar diere vreet.
2. Mense sterwe, maar diere en plante vrek.
3. Abantu bayabhubha, kodwa izilo ziyafa.

In Xhosa is dit semanties aanvaarbaar om te sê: Abantu bayafa. Die betekenis van hierdie uiting is: Die mense is siek, en nie Die mense gaan dood nie.

Die terme vir dood wat 'n onderwerp met die komponent MENSLIK bevat, is die volgende:

Afrikaans: doodgaan, sterwe, heengaan, verhuis,
vertrek, opgeroep tot hoër diens, tydelike met ewige
verwissel.

Engels: die, pass away.

Xhosa: ukubhubha, ukusweleka, ukugoduka, ukusishiya,
akasekho, ukumka.

Eufemistiese terme vir dood word dus net in sinne gebruik saam met 'n subjek MENSLIK. Daar is egter terme wat 'n komponent +MENSLIK bevat en wat in onsimpatiese kontekste gebruik word:

1. Die man het die emmer geskop.
2. Die hond het die emmer geskop.
3. Die man het die lepel in die dak gesteek.
4. Die hond het die lepel in die dak gesteek.

Hierdie is idiomatiese uitdrukkings wat etimologies verklaarbaar is.

3.5 Konversiewe

Konversiewe betekenis-verhoudings het ook implikasies vir sintaksis. Die terme koop, verkoop, buy, sell is treffende voorbeelde van konversiewe. In die paradigmatische verhouding van koop en verkoop staan hulle in 'n onversoerbare verhouding tot mekaar. Wanneer koop en verkoop in 'n sintagmatiese verhouding teenoor mekaar te staan kom, kan hulle die predikate wees van sinonieme sinne, bloot deur die omruiling van NP's.

1. Piet koop 'n plaas van Koos.
NP₁ + VP₁ + NP₂ + NP₃
2. Koos verkoop 'n plaas aan Piet
NP₃ + VP₁ + NP₂ + NP₁

Semanties gesien, is sinne 1 en 2 sinonieme, alhoewel die grammatikale relasies van die onderskeie NP's verander het.

'n Ander interessante verskynsel is dat die term verkoop in 'n aktiewe sowel as passiewe sin gebruik kan word, sonder enige morfologiese verandering:

1. Ek verkoop aartappels.
1. I sell potatoes.
2. Aartappels verkoop goed.
2. Potatoes sell well.

Tussen sinne 1 en 2 het 'n transformasie van betekenis (passivering) plaasgevind sonder dat die predikaat 'n morfologiese verandering ondergaan het. Die predikaat het wel 'n semantiese verandering ondergaan, maar bly morfologies dieselfde. Xhosa laat hierdie tipe transformasie nie toe nie.

3. Ndithengisa ngamatapile.
- * 4. Amatapile athengisa kakuhle.
5. Amatapile athengiswa kakuhle. (Dis idiomaties meer korrek om te sê: Amatapile athengwa kakuhle.)

In Frans vind wel 'n transformasie plaas, maar nie van passivering nie, maar van refleksifisering.

6. Je vends des pommes de terre. (Ek verkoop aartappels.)
7. Les pommes de terre se vendent bien. (Aartappels verkoop hulleself goed.)

Na aanleiding hiervan kan gevra word of die semantiese inhoud van sin 2 nie eerder refleksief is, as passief nie.

Taalvergelyking i.v.m. konversiewe.

Wanneer konversiewe in sintagmatiese verhoudings te staan kom, word bevind dat daar aanmerklike verskille is tussen Afrikaans, Engels en Xhosa.

1. Ek verkoop 'n boek.
2. Ek koop 'n boek.
3. I sell a book.
4. I buy a book.
5. Ndithengisa ngencwadi.
6. Ndithenga incwadi.

Hier merk ons dat Afrikaans en Xhosa elk dieselfde werkwoordstam gebruik, en dat grammatikale morfeme gebruik word om die verskil in betekenis teweeg te bring: Afrikaans die prefiks ver- en in Xhosa die suffiks -isa.

1. Ek leer wetenskap in die skool.
2. Die onderwyser leer my wetenskap in die skool.
3. I learn science at school.
4. The teacher teaches me science at school.
5. Ndifunda esikolweni.
6. Ititshala iyandifundisa esikolweni.

Afrikaans gebruik slegs een term om twee betekenis uit te druk. Die woord leer is dus dubbelsinnig en kan dubbelsinnige sinne oplewer. Engels gebruik semantiese eenhede wat morfologies heeltemal verskil: learn, teach. Daar bestaan dus geen moontlikheid vir dubbelsinnige sinne nie. Xhosa gebruik dieselfde werkwoordstam -funda, maar bewerk onderskeid in betekenis deur middel van infleksie, deur die grammatikale formatief -isa aan die werkwoordstam te voeg. Dit verhoed ook enige dubbelsinnigheid in die sin.

Daar is nog meer voorbeelde van konversiewe wat sintaktiese implikasies het.

<u>Afrikaans</u>	<u>Engels</u>	<u>Xhosa</u>
leen/leen	lend/borrow	boleka/boleka
huur/verhuur	hire/rent/let/lease	qesha/qeshisa

Engels gebruik die term hire wanneer die voorwerp van die sin die komponent LEWEND of NIE-LEWEND bevat. Hire (LEWEND) het nie 'n konversiewe teëhanger nie. Die terme rent, let en lease kan alleen 'n voorwerp NIE-LEWEND neem. Voorbeelde:

1. I hire a servant.
2. I hire a taxi.
3. I rent a house.
- * 4. I rent a servant.
5. I lease a property.
6. I let a property.
- * 7. I let a servant.

Dit is wel moontlik om slegs deur middel van een lid van 'n konversiewe paar nog effektief te kommunikeer, by wyse van passivering. Voorbeelde:

1. I bought the car from you.
2. The car was bought from you by me.
3. You sold the car to me.
4. The car was sold by you to me.

Ek kan óf 1 en 2 gebruik, óf 3 en 4 en die betekenis van die handeling weergee.

Daar moet egter 'n rede wees waarom 'n taal konversiewe verhoudings bevat. Miskien is dit ter wille van styl dat daar konversiewe bestaan. Sekere konversiewe is wel misbaar in 'n taal. Die term verkoop kan goedskiks vervang word met die passiewe vorm word gekoop. Daar is egter ander konversiewe wat nie vervangbaar is nie, soos man/vrou, vader/moeder, seun/dogter.

3.6 Werkwoorde van BEWEGING

Die betekenis-komponente van werkwoorde van BEWEGING is grondliggend aan semanties-sintaktiese restriksies. Die gebruik van sekere werkwoorde van beweging word bepaal deur die komponent: RIGTING met betrekking tot spreker. Kom, come, ukuza impliseer beweging na die spreker toe. Gaan, go, ukuya impliseer beweging weg van die spreker af.

Die volgende sinne illustreer die sintaktiese restriksie van werkwoorde van beweging.

1. UZolile uza kum.
- * 2. UZolile uya kum.

Werkwoorde van beweging het baie fyn betekenisonderskeidings wat nie noodwendig deur alle moedertaal sprekers gehandhaaf word nie. In Xhosa kan die volgende uitings gehoor word:

1. Ndiphuma eKapa, ndisiya ekhaya.
- * 2. Ndiphuma eKapa, ndisiza ekhaya.
3. Ndiphuma eKapa, ndisinga ekhaya.
- * 4. Ndimka eKapa, ndisiza ekhaya.
- * 5. Ndivela eKapa, ndisiya ekhaya.

Vir die vlotspreker is sinne 2 en 4 semanties onaanvaarbaar. Die redes wat die informant aangee, is:

In sinne 2 en 4 vind die handeling gelyktydig plaas, terwyl die werkwoorde ukuphuma en ukuza en ukumka en ukuza in 'n onversoenbare verhouding tot mekaar staan. Dieselfde handeling kan nie in dieselfde tyd in verskillende rigtings plaasvind nie;

In sin 5 kan volgens die fynproewer ukuvela en ukuya nie op dieselfde tyd plaasvind nie, omdat ukuvela impliseer dat die persoon reeds die end van die reis bereik het. Ander sprekers vind geen fout met sin 5 nie.

3.7 Grammatikale- en Semantiese aanvaarbaarheid

'n Uiting kan grammatikaal aanvaarbaar wees, maar nie semanties nie, omdat die komponente van die leksikale items in die sin nie ooreenstem nie. Katz verskaf die volgende data.¹⁴

1. John drinks milk (beer, wine, water).
2. John eats cheese (fish, meat, bread).
- * 3. John drinks cheese (fish, meat, bread).
- * 4. John eats milk (beer, wine, water).

Sinne 1 en 2 is grammaties en semanties aanvaarbaar. Daar is ooreenstemming tussen die komponente van die samestellende dele van die sin.

drink : VLOEISTOF, milk : VLOEISTOF.
eat : VASTESTOF, cheese : VASTESTOF

Sinne 3 en 4 is semanties nie aanvaarbaar nie, omdat daar 'n kontradiksie is tussen die leksikale eenhede se komponente.

drink : VLOEISTOF, cheese : VASTESTOF.
eat : VASTESTOF, melk : VLOEISTOF.

Wat vir die een taal geld, geld egter nie vir die ander nie. In Xhosa is die volgende sinne grammaties en semanties aanvaarbaar:

1. Ndiyabutya utywala. (Ek eet die bier.)
2. Ndiyabusela utywala. (Ek drink die bier.)
3. Ndiyawasela amayeza. (Ek drink die medisyne.)
4. Ndiyawatya amayeza. (Ek eet die medisyne.)

In Xhosa is daar 'n beperking op ukusela (om te drink) wat nie in Afrikaans en Engels is nie. Wanneer die drank warm is, dan is ukusela semanties onaanvaarbaar.

- * 1. Ndisela ikofu.
2. Ndiphunga ikofu.

Ukuphunga word dus gebruik wanneer die voorwerp 'n komponent +HITTE bevat. Sela word gebruik vir 'n voorwerp -HITTE.

Die geldigheid van 'n semantiese veld kan getoets word deur die sintagmatiese gebruik van items uit die veld. Die studente moet sinne produseer uit die data van betekenisvelde om by wyse van elisitering die grammatikale en semantiese aanvaarbaarheid van die sinne uit te toets. Dit is nodig om 'n wye steekproef te doen, om sodoende 'n goed verteenwoordigende resultaat te verkry.

Moedertaal sprekers reageer nie almal op dieselfde wyse nie, vanweë verskillende faktore:¹⁵

1. Dialektiese verskille.
2. Verskillende gesigspunte
3. Verskillende voorkeure.
4. Soms reageer die informant nie spontaan nie, maar soos hy dink die navorser dit wil hê.

3. LETTERKUNDE

Die teorie van betekenisvelde het vele implikasies vir die onderrig van letterkunde van 'n vreemde taal. Die letterkunde is die geskrewe kunsskeppinge van moedertaalsprekers. Dit is onwaarskynlik dat die letterkundige geskrif ongrammatiese of semanties onaanvaarbare uitinge sal bevat.

3.1 Ontdekking van betekenisvelde in literatuur

'n Goeie skrywer wissel sy styl af deur gebruik te maak van fyn nuanserings in die betekenis van leksikale items. Deur op 'n spesifieke manier met die letterkunde om te gaan, kan die betekenisveldidee 'n interessante bydrae maak tot die bestudering van letterkunde byvoorbeeld deur te kyk hoe 'n bepaalde skrywer supplementêre betekenis se skep. Die kreatiewe vermoëns van die skrywer blyk uit die gebruik wat hy maak van die idee van betekenisvelde, al is hy ook nie bewus van die bestaan van betekenisvelde as sodanig nie. Letterkundige studie werp interessante lig op betekenisvelde en derhalwe ook op woordeskat.

3.2 Uitbreiding van betekenisvelde

Die student van 'n vreemde taal (in hierdie geval Xhosa) is gedurig op die uitkyk na nuwe woorde om sy woordeskat uit te brei. By implikasie beteken dit dat hy ook die betekenisvelde wat hy hanteer (al is dit onbewustelik) uitbrei.

Letterkundige studies is 'n uitnemende tegniek wat die student help om sy kennis van die vreemde taal se betekenisvelde uit te brei. Die letterkunde is 'n weergawe van die vlotspreker se hantering van sy taal se simbole. Dit behels die denotatiewe sowel as die konnotatiewe gebruik van leksikale items. Die student maak kennis met die idiomatiese en stilistiese gebruik van woorde. Die skrywer maak dikwels gebruik van beeldspraak en ideofone. Xhosa is veral ryk aan beeldspraak en ideofone, byvoorbeeld:

1. UThemba unenyongo. Letterlik beteken dit: Themba is met gal. Figuurlik beteken dit: Themba is eiewys, hardnekkig, hardkoppig ens.
2. Xa kumpondo zankomo. Die beeldspraak verwys na vroeë dagbreek, wanneer die horings van die beeste sigbaar word in die skemerte.
3. Ukuthi xumbu. (Plons in 'n gat.)
4. Ukuthi rhoxoxoxo. (Die doodsroggel.)

Die skrywer maak ruim gebruik van sy uitgebreide aktiewe woordeskat. Die student van die letterkunde kan derhalwe sy eie passiewe woordeskat uitbrei, en selfs sy aktiewe woordeskat. Dit beteken 'n toevoeging van spesifieke terme tot betekenisvelde.

3.3 Toetsing van betekenisvelde

Letterkundige studies kan belangrike leidrade verskaf om die geldigheid van betekenisvelde te toets. Die letterkundige werke bevat die spontane uitinge van moedertaalsprekers, wat nie aan die onnatuurlike situasie van elisitering onderworpe is nie. Betekenisvelde wat deur skrywers aanvaar word, kan ook deur die student van die tweede taal aanvaar word. Hier dink 'n mens veral aan die gebruik van sinonieme; die vervangbaarheid aldan nie van 'n leksikale item deur 'n ander.

Kontrastiewe betekenisvelde word deur letterkundige data getoets. So ontdek die student die verskille tussen, byvoorbeeld, betekenisveld van kommunikasie terme in Afrikaans en dié in Xhosa.

3.4 Kultuur en letterkunde

Die letterkunde is 'n ryke bron van kultuurkennis; van die tradisionele sowel as die kultuur-in-kontak. Aangesien semantiese velde kultuurgebonde is, omdat kultuur in die taal ingebed is, daarom moet letterkundige werke noodwendig 'n besondere bydrae lewer tot navorsing in verband met semantiese velde.

Kultuurveranderinge word gereflekteer in elemente binne 'n semantiese veld. In die tradisionele kultuur van die Xhosa het ukuhamba net een ding beteken, en dit is om te voet te reis. Later het lasdiere soos osse (iinkabi) bygekom. Nog later het primitiewe voertuie soos die sleet (isileyi) bygekom, en daarna die ossewa (inqwelo) en die skotskar (isikhotshi). Vandag maak Xhosa-sprekendes van alle meganies aangedrewe rytuie en voertuie gebruik, en verskyn woorde soos uloliwe (trein), inqanawa (skip), umkhombe (boot), imoto (motor), isikuta (bromponie), isithuthuthu (motorfiets), ieropleni (vliegtuig), in hulle betekenisveld van VOERTUIE. Die tradisionele term vir vervoer het egter behoue gebly: ukuhamba.

1. Ndihamba ngeenyawo. (Ek loop/reis te voet.)
2. Ndihamba ngenqwelo. (Ek reis per wa.)
3. Ndihamba ngemoto. (Ek reis per motor.)
4. Ndihamba ngeeropeni. (Ek reis per vliegtuig.)

Verskillende tegnieke word gebruik om nuwe leksikale eenhede te skep. Sommige is leenwoorde, soos imoto en ieropeni. Ander is inheemse skeppinge soos inqanawa en umkhombe wat tradisioneel 'n uitgeholde boomstam was, en nou 'n nuwe betekenisinhoud kry. Ander is inheemse skeppinge deur middel van klanknabootsing soos: isithuthuthu. Soms word leenwoorde mettertyd vervang met inheemse terme: imoto word inqwelo yomlilo of inqwelo yamafutha, ieropeni word inqwelo yomoya.

Op vele ander terreine vind akkulturasie plaas met die gepaardgaande verandering in die woordeskat: as gevolg van kerstening word die betekenisveld van godsdienstige terme uitgebrei met: icawa (kerk), inkonzo (kerkdiens), umsindisi (verlosser), umfundisi (leraar), umshumayeli (prediker), umdikoni (diaken), umdala (ouderling), iminikelo yombulelo (dankoffers), ukuthandaza (om te bid), ukucula (om te sing), umlaliso (geldinsameling deur die nag), imvuselelo (opwekkingsdiens). Baie van die begrippe het van oudsher af in die kultuur bestaan, maar het as gevolg van die kersteningsproses verskuif om in een nuwe betekenisveld te groepeer.

Op die gebied van gesondheidsdienste het die moderne mediese wetenskap veroorsaak dat 'n nuwe betekenisveld geskep is. In die tradisionele kultuur het die igqirha, (Xhosa-dokter) en ixhwele (bossie-dokter) opgetree.

Die tegnieke van diagnose staan bekend as ukuvumisa en die geneesmiddel is amayeza. Vandag word die mediese dokter ugqirha genoem en die verpleegster umongikazi en die apteker umphithikezi-mayeza. Die tegniek van diagnose is ukuxilonga en die stetoskoop is die ixilongo. Oorspronklike beteken ixilongo 'n hol voorwerp wat as trompet gebruik is, en ukuxilonga is die handeling om op 'n trompet te blaas. Die betekenisveld van mediese behandeling is uitgebrei. Die medisyne word ook amayeza genoem. Terme soos isitofu (inenting) en ukuhlatywa ngenaliti (inspuiting) het bygekom.

Die tegnologiese ontwikkeling op landbougebied word in die letterkunde weerspieël. Die landbouer gebruik nou isichumiso (kunsmis) om die grond vrugbaar te maak, en die ploeg word nie meer net deur die osse (iinkabi zeenkomo) getrek nie, maar deur die trekker (itrekta).

Hieruit blyk dan ook dat betekenisvelde 'n bydrae lewer tot etimologiese studies van leksikale items. Nuwe woorde word tot betekenisvelde toegevoeg. Wanneer woorde se betekenis verander, beteken dit dat diagnostiese komponente bygevoeg of weggelaat word. Dit word in die betekenisveld weerspieël. Die woord hamba sluit vandag baie meer tipes BEWEGING in as 200 jaar gelede.

3.5 Taalspesifieke eienskappe en grammatika

In semantiese velde word die woord slegs in sy paradigmadiese verhouding tot ander woorde geleer. In die geskrewe taal word die betekenis van 'n woord in sy sintagmatiese verhouding tot ander woorde geleer. Uit die letterkunde blyk ook duidelik dat elke taal spesifieke eienskappe besit, en spesifieke voorkeure, vanweë konseptuele verskille.

In Grieks word die voegwoord kai (en) baie meer gebruik as in Afrikaans en Engels. Om konjunksie van werkwoorde uit te druk, gebruik Xhosa geen voegwoorde nie, maar die subjunktief en partisipium modi. Afrikaans en Engels gebruik die voegwoorde en, en and respektiewelik om konjunksie tussen werkwoorde uit te druk.

1. UThemba uvuka kusasa, ahlambe ubuso, anxibe iimpahla, atye ukutya, angahlali ekhaya, kodwa aye emsebenzini.
(Themba staan vroeg op, (en) was sy gesig, (en) trek klere aan, (en) eet kos en bly nie by die huis nie, maar gaan werk toe.)
2. Umntwana uhamba elila. (Die kind loop en huil.)

'n Taal soos Frans vertoon 'n besondere voorliefde vir refleksiewe, en 'n vermyding van passiewe uitdrukkings.

- "La porte s'ouvre". (Die deur maak sigself oop.)
 "Je m'assieds". (Ek sit myself neer.)
 "Il s' étonne". (Hy is verbaas.)
 "Il s'avance". (Hy gaan vorentoe.)
 "Il s'appelle Jean". (Sy naam is Jean; letterlik: Hy noem homself Jean.)

Wilkins benadruk die waarde van tekstuele studie met die oog op 'n beter insae in semantiese velde.

"Just as one can have text based study for the acquisition of syntax, so one can make use of texts to show the whole network of relations that a word may have. His exposure to language written by native speakers, especially language written in a variety of styles for a variety of purposes, will also develop his sensitivity to the collocations that native speakers prefer."¹⁶

"Learning vocabulary is learning how words relate to external reality and how they relate to one another. Every language interprets the physical world in its own way and intra-linguistic relations vary from language to language too."¹⁷

Semantiese velde het 'n baie belangrike bydrae te maak in die begrip van die korrekte gebruik van woorde in geskrewe vorme van taal, asook om 'n insae te kry in die wyse waarop skrywers in die taal sekere supplementêre betekenis van woorde gebruik om literêre en stilistiese effekte te bereik.

4. VERTALING

4.1 Faktore wat vertaling beïnvloed

By die ondersoek van die implikasies van die Semantiese Veldteorie vir vertaling, moet eerstens gelet word op faktore wat in ag geneem moet word by vertaling in die algemeen.


1. Elke taal besit sy eie vermoë om konsepte te simboliseer. Dit is hierdie vermoë wat aan elke taal 'n spesiale karakter gee. So het elke taal 'n spesifieke manier van woordbou en sinsbou. Elke taal se woordeskat is ryk in die areas

van besondere kulturele belang, wat 'n aanduiding is van die aktiwiteite wat die mense beoefen, soos visvang, landbou, veeteelt, ens.

2. Elke taal dek die totale ervaringsveld van die mens met simbole. Een simbool bestaan nie in isolasie nie, maar vorm deel van die wye veld van simbole. Die woord terriër word gesien as 'n deel van die domein van honde, en honde as deel van die domein van troeteldiere, en soogdiere, en diere.
3. Die onderstaande figuur is 'n sigbare voorstelling deur Nida¹⁸ van die segmentasie van ondervinding deur middel van woorde in een spesifieke taal. Nida sê:

"This segmenting of experience is several layers deep."¹⁹

Elke betekenisveld in die boonste laag word onderverdeel in velde van insluiting en uitsluiting in die onderste lae. Dit maak vertaling so ingewikkeld want elke taal het sy eie manier om ondervinding deur middel van woorde te segmenteer.



4. Nida²⁰ beweer dat tale baie van mekaar verskil in die onderskeid wat getrek word tussen basiese terme ("in the the upper layers"), omdat die saamhang met die mense se konseptualisering van die omgewing, die manier waarop mense dink oor voorwerpe, gebeurtenisse en kwaliteite. Op die laer vlakke is daar minder verskil tussen tale, omdat die meer spesifieke betekenis saamhang met persepsie, die vorm en die grootte van voorwerpe.


4.2 Formele korrespondensie en dinamiese ekwivalensie

Die tradisionele wyse van vertaling is dié van formele ooreenstemming tussen die brontaal en die ontvangertaal. Die ooreenstemming strek oor die woordeskat, woordsoorte, frases en sinne. Naamwoorde word met naamwoorde vertaal en werkwoorde met werkwoorde. Dinamiese ekwivalensie is gerig op die verstaanbaarheid van die boodskap.


"Dynamic equivalence is therefore to be defined in terms of the degree to which the receptors of the message in the receptor language respond to it in substantially the same manner as the receptor in the source language. This response can never be identical, for the cultural and historical settings are too different, but there should be a high degree of equivalence of response, or the translation will have failed to accomplish its purpose".²¹

Nida stel die twee sisteme van vertaling soos volg voor:

1. Formele Korrespondensie.²²



2. Dinamiese ekwivalensie²³



1. In die geval van formele korrespondensie vind vertaling van die oppervlaktestruktuur plaas, dit wil sê die deel van die taal wat gepraat, gehoor, geskrywe en gelees word.
2. In die geval van dinamiese ekwivalensie vind die volgende prosedure plaas.

1. Die oppervlaktestruktuur van taal A word geanaliseer in terme van
 - (a) grammatikale verhoudings
 - (b) die betekenis van woorde en kombinasies van woorde.

So word die dieptestruktuur van taal A gevind, waarin die betekenis gesetel is.

2. Die dieptestruktuur word deur die vertaler oorgedra in 'n dieptestruktuur van die teikentaal (B) met 'n ooreenstemmende betekenis.
3. Die dieptestruktuur van teikentaal B word gerestruktureer tot die oppervlaktestruktuur in taal B, wat die boodskap ten volle verstaanbaar en aanvaarbaar maak vir die spreker van die teikentaal.

Volgens sisteem 2 word betekenis vertaal en nie woorde en sinne en frases nie.

4.3 Analise van woorde met kompeterende betekenis

Die teorie van semantiese velde kom eintlik ter sprake in die proses van analise en van oordrag. Die betekenis-analise van alleenstaande woorde is belangrik. Maar die betekenis-analise van woorde wat binne dieselfde betekenisveld val, en met mekaar kompeteer om die spasie te vul, is veel moeiliker en belangriker. Daarom sê Nida:

"It is for this reason that one should focus attention primarily upon those specific meanings of different terms which tend to occupy the same semantic field and hence are likely to be regarded as closely synonymous or as competing".²⁴

Die eerste probleem is dus om vas te stel watter leksikale item uit 'n stel van terme gekies moet word om die dieptestruktuur-betekenis te verteenwoordig. Indien in die oppervlaktestruktuur na 'n voorwerp verwys word waarop mense sit, dan moet by wyse van komponensiële analise 'n keuse gemaak word tussen leksikale eenhede soos:

stoel, bank, sofa, ens. (Engels: "chair, stool, bench, hassock").

Die tweede probleem is om vas te stel watter betekenis in die teikentaal B die meeste ooreenstem met die geselekteerde betekenis van taal A. Dit geskied dan ook by wyse van komponensiële analise van die betekenis in taal B wat tot dieselfde betekenisveld behoort. Uiteindelik word vasgestel watter betekenis in taal B die meeste gemeenskaplike komponente met die betekenis in taal A deel.

4.4 Volkstaksonomieë

Sodra die semantiese velde van verskillende tale met mekaar gekontrasteer word, ontdek die vertaler dat elke taal sy eie sisteem het om betekenis te simboliseer, en te klassifiseer. Nida²⁵ noem drie belangrike eienskappe van sulke volkstaksonomieë:

1. Volkstaksonomieë is dikwels onsistematies. Die netjiese grense van die spesialis ontbreek.
2. Mense gebruik die onderskeid tussen verskillende voorwerpe, sonder om werklik te besef op watter komponensiële gronde die onderskeid getrek word.
3. Vlotsprekers gebruik nie almal dieselfde komponente op dieselfde wyse om die onderskeid tussen betekenis te bepaal nie, maar tog is die uiteindelijke onderskeid basies dieselfde en word misverstand vermy.

Dit is dus noodsaaklik dat die vertaler baie deeglik op hoogte sal wees van die volkstaksonomieë van die teikentaal, om die regte keuse te kan maak uit leksikale eenhede wat binne dieselfde semantiese veld ressorteer. Hiervoor is die hulp van 'n moedertaal-spreker van die teikentaal onontbeerlik. Elisitering is een van die vernaamste take van die vertaler. Enkele voorbeelde uit Bybelvertaling kan die probleem illustreer.

(a) Entiteite

Die woord wat verwys na 'n houtvoorwerp in 'n mens se hand word op drie plekke in die Bybel soos volg vertaal:

	Nederlands	Afrikaans	Engels	Xhosa
Exodus 4:2	staf	staf	stick	intonga
I Samuel 17:43	stok	stok	stick	intonga
Lukas 22:52	stok	stok	club	intonga

Ons bemerk 'n inkonsekwentheid in hierdie vertalings. Die voorwerp wat Moses in sy hand het om skape mee op te pas word deur Nederlands as 'n staf bestempel. Afrikaans bestempel dit ook as 'n staf in navolging van Nederlands. Wanneer die voorwerp 'n komponent WAPEN bykry word dit in Afrikaans en Nederlands 'n stok genoem.

Die Engelse vertaling onderskei nie tussen Moses se stick en die stick waarna Goliat verwys nie (I Sam. 17.43); moontlik omdat Moses en Dawid albei skaapwagters was. Maar die soldate wat Jesus gevange neem dra 'n club in die hand (Lukas 22:52). Dit is 'n knuppel of 'n knopkierie.

In Xhosa word die voorwerpe konsekwent intonga genoem. Dit is die mees algemene term vir hierdie tipe voorwerp. In Xhosa behoort intonga tot 'n uitgebreide betekenisveld wat die volgende terme insluit:

intonga	+	WAPEN	+	GEMAK	-	KNOP	-	LENGTE
induku	+	WAPEN	+	KNOP	-	LENGTE	-	GEMAK
ibunguza	+	WAPEN	+	KNOP	-	LENGTE	-	GEMAK
iquku	+	WAPEN	+	KNOP	-	LENGTE	-	GEMAK
isagweba	-	LENGTE	+	SPORT	-	KNOP		
umnqayi	+	LENGTE	+	GEMAK	-	KNOP	-	WAPEN
umsimelelo	+	LENGTE	+	GEMAK	-	KNOP	-	WAPEN

Omdat 'n kierie 'n belangrike rol in die Xhosa-kultuur speel, word daar deeglik onderskei tussen die verskillende tipes op grond van vorm en funksie. Onder genoemde drie tipes omstandighede sou die Xhosa heelwaarskynlik sy intonga gebruik, want dit is die voorwerp wat as wapen en vir gemak dien, maar meestal as wapen. In so 'n situasie soos gevangening van een man deur 'n oormag, sou die intonga voldoende wees om te dien as wapen, indien nodig.

"In learning a new language one has to learn the area of meaning of the various words in only one language, but in translating into another language one has to recognize the area of meaning of the words in at least two languages".²⁶

(b) Abstraksies

1. Liefde: In Johannes 21:15-17 word die term ses maal gebruik. In Grieks word twee terme gebruik naamlik agapaō en fileō. Albei terme word in Afrikaans vertaal met liefhê, in Engels met love en in Xhosa met -thanda.

In Grieks bestaan daar dus 'n betekenisveld van sinonieme, wat blykbaar nie in Afrikaans, Engels en Xhosa vertaalbaar is nie. Die verskil tussen die betekenis agapaō en fileō is meer 'n konotatiewe verskil as 'n denotatiewe. Daar bestaan 'n opvatting dat agapaō verwys na Goddelike liefde, en fileō na menslike liefde. Fileō impliseer assosiasie, en agapaō nie.

"God is not represented as loving man because of any inherent goodness, but only because of what he can potentially be."²⁷

"Certainly, agapaō does not imply any necessary association, for one can be expected to love the brethren without having known them intimately or for any length of time".²⁸

Nida se verklaring van agapaō word versterk deur Romeine 5:5, waar die woord agape gebruik word in die sin: "Die liefde van God is in ons harte uitgestort." Die liefde van God is dus mededeelbaar aan die mens. Fileō is die liefde omdat (jy my liefhet), agape is die liefde ten spyte van....

Fileō kom nie in die imperatief voor nie, maar agapaō wel. Dit dui ook op 'n kompeniële verskil. Dit is nie nodig om mense wat in elk geval mekaar op 'n menslike wyse liefhet, te beveel om mekaar op die wyse lief te hê nie.

2. Dikaioō²⁹: Hier is 'n geval waar een Griekse term verskillende betekenis verteenwoordig afhangende van die konteks, en daarom moet die ontvanger-taal uit 'n betekenisveld die korrekte item selekteer. Drie Engelse

vertalings van die Bybel demonstreer die verskillende betekenis van dikaioō.

"	RSV	NEB	TEV
Matt. 12:37	justified	acquitted	declared innocent
Luk 7:29	justified	praised (God)	obeyed (God's) righteous demands
Rom. 3:4	justified	vindicated	be shown to be right
Rom. 3:24	justified	justified	are ... put right"

(c) Konseptuele verskille

1. Beweging. In Markus 9:25³⁰ vind ons 'n treffende voorbeeld van 'n semantiese veld van beweging wat taalspesifieke vertaling vereis.

Afrikaans: gaan uit hom uit, en kom nooit weer in hom nie.

Engels: come out of the boy, and never go into him again.

Xhosa: phuma kuye, ungabi sangena kuye.

1. Daar is treffende kontras tussen Afrikaans en Engels.

Afrikaans: gaan uit - kom nie in nie.

Engels: come out - never go into.

2. Daar is 'n kontras tussen Afrikaans en Engels aan die een kant teenoor Xhosa. Xhosa bevat 'n paradigmatische verhouding van enkelvoudige leksikale items phuma en ngena. Afrikaans en Engels moet gebruik maak van sintagmatiese verhoudings by gebrek aan enkelvoudige terme vir hierdie konsepte.

2. Verlossing

J.A. van Rooy³¹ wys op etlike gevalle waar die Venda Bybel se terme vir geestelike begrippe beter gekies kon gewees het. Ons let slegs op die geval, verlos (redeem). Die term wat deurgaans in die Venda Bybel gebruik word is u rengulula.

"When discussing this term with Venda one is struck by the fact that they show a compelling inclination to interpret it against the background of the all-embracing concept of reciprocity that underlies the whole cosmological and sociological structure of the Bantu. The last element (ransom) is essential to the meaning of the term u rengulula."³²

In die Ou Testament word die term rhuesthai in die XLL (Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik.

"The emphasis is on the release rather than on the ransoming process".³³

In die Nuwe Testament word die Griekse woord lutrosis konsekwent vertaal met u rengulula. (Lukas 1:68, 2:38).

"Here the idea of ransom is definitely absent."³⁴

"Our objection against the term u rengulula does not lie in the fact that it introduces the idea of a ransom, which in many cases would be quite true to the meaning of the original, but in that it forces the metaphor into the scheme of reciprocity".³⁵

Van Rooy se komponensiële analise van die terme is soos volg:

"Diagnostic components

<u>redeem</u>	<u>u rengulula</u>
1. alien control	1. alien control of possession
2. mighty act of God	2. fine or compensation
3. release from condition	3. change of ownership" ³⁶

"One should not be surprised, therefore, when preachers come up with a kind of pawn-shop theology when explaining the doctrine of redemption."³⁷

Van Rooy³⁸ stel 'n ander Venda term voor wat 'n beter keuse sou wees uit die betekenisveld van terme met die gemeenskaplike komponent VERLOSSING naamlik

u vhofoholola ("to loose, untie"). Die komponensiële analise van u vhofoholola is soos volg:³⁹

"Diagnostic components

1. alien control
2. intervention by a third party
3. release from condition.

Supplementary component

1. payment of a price".

In Venda is u rengulula en u vhofoholola sinonieme, maar nie in alle kontekste uitruilbaar nie, vanweë diagnostiese komponente. Van Rooy beweer:

"When the Bible is translated for the first time into a language, it often happens that terms having strong associations from the traditional pagan world view of its speakers find their way into the translation. As I examined some of these terms closer, I was surprised to see how radically different their meaning was from that of the biblical terms they were supposed to translate".⁴⁰

In vertaling is dit dus meestal aanliggende stelle van betekenis en sinonieme wat probleme oplewer. Daarom is dit noodsaaklik dat die vertaler 'n deeglike komponensiële analise maak van kompeterende items in die teikentaal alvorens 'n keuse gemaak word om 'n dinamiese ekwivalent te vind wat die korrekte betekenis sal weergee van die term in die bron-taal.

(d) Gapings

Die vertaler word dikwels gekonfronteer met die probleem van gapings in die woordeskat van die teikentaal. Nida⁴¹ noem die voorbeeld van snow. Daar is kulture waar sneeu 'n onbekende verskynsel is, en derhalwe bevat die woordeskat van die taal nie 'n item wat na sneeu verwys nie.

Hierdie probleem kan oorbrug word deur 'n term te kies uit dieselfde betekenisveld wat die komponent bevat

wat met sneeu ooreenstem. Die sprekers mag bekend wees met ryp, wat ook die komponent REINHEID en WITHEID bevat. 'n Ander manier is om in plaas van wit soos sneeu, te sê baie, baie wit.

"The point is that snow as an object is not crucial to the message."⁴²

'n Derde manier waarop die probleem van gapings oorbrug word, is deur die skepping van nuwe terme. Soms is dit wel samegestelde terme soos indlulamthi vir 'n kameelperd.

'n Vierde verskynsel in taal wat gapings opvul is verskuiwing van betekenis wat gedurig plaasvind. Jost Trier se betekenisveld van Wisheit - Kunst - List - Wissen, is 'n treffende voorbeeld hiervan. (Sien bladsy 22).

Nida⁴³ noem die voorbeeld van die Griekse term logos en sê: "There simply is no English word which can do justice to the variety and richness of meaning of this Greek term". Maar die woord logos in die konteks van Johannes 1:1 het 'n betekenisverandering ondergaan in die denke van die Christene, en sy Grieksfilosofiese betekenis-komponente verloor.

Betekenisvelde is gedurig besig om te verander hetsy deur weglating, toevoeging of verskuiwing van betekenis. Semantiese velde skep dus nie slegs probleme vir die vertaler nie, maar help ook om probleme op te los waar daar nie 'n gepaste ekwivalent in die teikentaal bestaan nie.

4.5 Gevolgtrekking

Indien ons van die standpunt uitgaan dat dinamiese ekwivalente die korrekte manier van vertaling is, dan het betekenisvelde 'n baie belangrike rol te speel in vertaling.

Betekenisvelde laat die vertaler beseef:

1. Elke taal het sy eie manier om ervaring deur middel van woorde te segmenteer.

2. Die betekenisverhouding tussen woorde verskil van taal tot taal. In een taal word self betekenisonderskeidings aangetref wat nie in 'n ander taal bestaan nie, soos onderskeiding van kleure, onderskeiding van verwantskap, ens.

Komponensiële analise is dus ook 'n voorvereiste vir dinamiese vertaling, net soos dit 'n voorvereiste is vir die konstruering van betekenisvelde.

Betekenisverhoudings van sinonieme en aanliggendheid is belangrik in vertaling omdat dit dikwels gebeur dat meer as een leksikale item kompeteer om dieselfde plek in 'n struktuur. Betekenisverhoudings van ingeslotenheid en uitgeslotenheid is ook van aktuele belang omdat ons hier te doen kry met kultuurspesifieke betekenis.

Vertaling by wyse van dinamiese ekwivalensie, maak die hulp van moedertaal-informante onontbeerlik. Terselfdertyd oefen dit die student in die tegniek van elisitering.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat betekenisvelde en vertaling, bevrugterend op mekaar inwerk. Betekenisvelde bevorder sinvolle vertaling, en sinvolle vertaling gee aanleiding tot die ontdekking van betekenisvelde in die brontaal sowel as in die teikentaal. Die Grammatika-Vertaalmetode is in die verlede gebruik, en word vandag nog steeds gebruik in die onderrig van vreemde tale. Allerweë word erken dat vertaling 'n baie belangrike rol speel in: taaltoerusting, taal oefening en taalkontrastering.

Dus, gesien in die lig van die feit dat vertaling so 'n belangrike rol in die onderrig van 'n vreemde taal speel, en gegee die feit dat die semantiese veldanalise en veral komponensiële analise 'n belangrike rol in vertaling speel, volg dit dat die Semantiese Veldteorie ook 'n belangrike bydrae kan maak tot taalonderrig via vertaling.

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande blyk dit dat feitlik op alle terreine van taalonderrig die Semantiese Veldteorie 'n baie belangrike bydrae kan maak. Behalwe die aanleer van woordeskat waar die klem op die semantiese aspek val, het die Semantiese Veldteorie ook 'n bydrae te maak op ander aspekte van taalonderrig (vreemde taal, sowel as moedertaal) soos byvoorbeeld: stilistiese gebruik van taal, idiomatiese gebruik van taal, die kulturele aspek van taal, die grammatikale restriksies op die gebruik van leksikale items.

HOOFSTUK 8

DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE TEORIE VAN SEMANTIESE VELDE IN DIE ONDERRIG VAN XHOSA-WOORDESKAT

In die voorafgaande hoofstukke is getrag om die belangrikste aspekte van woordeskat-onderrig, oor die algemeen, uit te lig. Verder is aangetoon hoe die teorie van Semantiese Velde daarop gemik is om die semantiese aspek van leksikale items te ondersoek en te sistematiseer in terme van semantiese relasies en komponensiële analise van spesifieke leksikale items.

Na my wete is nog nooit vantevore ingegaan op die vraag in hoeverre die insigte wat deur die Semantiese Veldbenadering ontwikkel is, relevant is vir woordeskatonderrig nie. Dit wil sê, in hoeverre semantiese relasies tussen leksikale items en komponensiële analise die basis kan vorm waarop die onderrig van woordeskat gestruktureer kan word.

Vir sover bekend, is die ekwivalensie en verskille tussen moedertaalwoordeskat en teikentaalwoordeskat nog nooit in 'n vreemdetaalonderrigsituasie onderwerp aan 'n sistematiese vergelyking op die basis van komponensiële analise nie, alhoewel woordelyste wat die ekwivalente van die betrokke tale bevat, tradisioneel die basis vir die woordeskatonderrig gevorm het, veral in kursusse wat die Grammatika Vertaalmetode as grondslag het.

In hierdie hoofstuk sal ons probeer om, aan die hand van voorbeelde uit die verskillende tipes semantiese relasies, aan te toon en te illustreer hoe die Semantiese Veldbenadering met vrug gebruik kan word in die onderrig van die Xhosa-woordeskat aan Afrikaans- en/of Engelssprekende studente. Daar sal onder andere ingegaan word op:

1. belangrike aspekte van woordeskatonderrig.
2. in hoeverre die Semantiese Veldbenadering hierdie aspekte ondervang;
3. probleme wat voortvloei uit dergelike benadering.

Die illustrasies wat gebruik word, sal in sekere mate duplisering behels, omdat dieselfde patroon deurgaans gevolg word. Maar die illustrasies sal ook aantoon hoedat elke tipe betekenisveld op 'n ander manier gebruik kan word om die verskillende aspekte van woordeskatonderrig tot hulle reg te laat kom. So, byvoorbeeld, word in betekenisvelde van aanliggendheid en

en ingeslotenheid 'n aansienlike aantal leksikale items aangetref, wat aan komponensiële analise onderwerp word. In betekenisvelde van oorvleueling en uitgeslotendheid word hoofsaaklik met stelle van twee of drie leksikale items gewerk. Stelle van ingeslotenheid bevat leksikale items wat by uitnemendheid na volkstaksonomieë verwys, en derhalwe meer kultuurspesifieke terme bevat.

Ten spyte van die herhaling van die belangrike aspekte van woordeskatonderrig, sal die inhoud van een tipe betekenisrelasie na die ander verskil. Hierdie illustrasies maak nie aanspraak op volledigheid nie, ten opsigte van die besondere velde wat as illustrasies dien, sowel as die Xhosa-woordeskat oor die algemeen. Dit is slegs bedoel as 'n beperkte en voorlopige ondersoek na die moontlikhede wat hierdie benadering inhou deur spesifieke semantiese velde vir woordeskatonderrig aan te wend.

1. Die belangrike aspekte van woordeskatonderrig

Aangesien daar reeds vroeër in die tesis (Hoofstuk 1) uitvoerig aandag geskenk is aan hierdie onderwerp, sal ons hier volstaan met 'n kort opsomming van daardie aspekte van woordeskatonderrig wat, na ons mening, hierdie aspek van taalonderrig ten grondslag lê.

1. Die betekenisaspek van leksikale items moet beklemtoon word, en nie net die klank en vorm nie.
2. Woorde moet nie in isolasie onderrig word nie, maar in hulle betekenisverhouding tot ander woorde, want dit is kragtens kontrastering met ander woorde, dat 'n woord betekenis kry. Woorde staan in twee algemene tipes betekenisverhouding tot ander woorde.
 1. Sintagmatiese verhouding, dit wil sê in sinsverband, of in konteks.
 2. Paradigmatiese verhouding, dit wil sê as deel van 'n semantiese veld van leksikale items.
3. Gebruiksfrekwensie van woorde is 'n baie belangrike faktor in die onderrig van woordeskat. Woorde met die hoogste funksionaliteit, soos bepaal deur die bepaalde behoefte of doelstellings, moet eerste onderrig word, en daarná woorde met 'n laer funksionaliteit.

4. In die onderrig van woordeskat moet deeglik rekening gehou word met die gradering van die kursus. Dit hang saam met die doelstelling van die kursus en gebruiksfrekwensie van woorde. Op 'n lae vlak van onderrig sal alleen woorde onderrig word wat 'n hoë gebruiksfrekwensie in die spesifieke onderwerp van kommunikasie het. Geleidelik sal die woordeskat uitbrei na woorde met gemiddelde en selfs lae gebruiksfrekwensie soos die kursus vorder.
5. Daar bestaan 'n algemene neiging om die betekenis van woorde aan te leer deur kontrastering met die moedertaal. Daar word volgens die tradisionele metode hoofsaaklik gebruik gemaak van tweetalige woordeboeke en lyste woorde met die sogenaamde "ekwivalent" in die moedertaal. Die gevaar bestaan egter dat die gewaande "ekwivalente" nie altyd die korrekte betekenisinhoud van die teikentaal se woord bevat nie. Daar bestaan ook gapings in die woordeskat van die moedertaal en die teikentaal, en dit word nie maklik volgens die tradisionele metode ontdek nie.
6. Aangesien daar 'n baie nou verband tussen taal en kultuur bestaan, moet die kultuurkonteks van woorde deeglik in ag geneem word, om die betekenis daarvan te begryp. Die sogenaamde ekwivalente tussen tale toon menigmaal aansienlike konseptuele verskille as gevolg van kultuurverskille tussen die sprekers van die moedertaal en die sprekers van die teikentaal.
7. In die onderrig van woordeskat is die gebruik van visuele hulpmiddele 'n erkende metode. Daar sal aangetoon word hoedat semantiese veldé sig ook leen tot die gebruik van visuele hulpmiddele.
8. Woordeskatonderrig moet altyd geïntegreer word met ander aspekte van taalonderrig soos: morfologie (grammatika), sintaksis, letterkunde en vertaling. Die vorm van 'n woord hang dikwels nou saam met betekenis. Morfologiese verandering by woorde impliseer betekenisverandering. 'n Woord se betekenis word dikwels beïnvloed deur die konteks waarin dit gebruik word, dit wil sê in sy sintagmatiese verhouding tot ander woorde. In die letterkunde vind ons die natuurlike en besondere gebruik van 'n taal. In vertaling moet deeglik rekening gehou word met die betekenis-komponente van woorde, om sodoende 'n dinamiese vertaling te kry en nie 'n letterlike vertaling nie.


Deur middel van die volgende skemas vir woordeskatonderrig, sal aangedui word hoe semantiese velde hierdie belangrike aspekte van woordeskatonderrig kan ondervang.

1. AANLIGGENDE STELLE VAN BETEKENIS

'n Aanliggende stel van werkwoorde van pedale beweging kan as voorbeeld dien van hierdie semantiese relasie:

hamba (loop)	baleka (hardloop)	suka (padgee)
gidima (hardloop)	ya (gaan)	za (kom)
tsiba (spring)	mka (vertrek)	shenxa (padgee)
khasa (kruip)	qhuqha (draf)	sondela (naderkom)
gijima (hardloop)	singa (gaan)	ngena (ingaan)
phuma (uitkom of uitgaan)		vela (kom van)
cotha (op lui manier loop)		bhadula (dwaal)
zula (swerf)	qhwarela (kreupel loop)	

Die betekenisveld kan deur die volgende diagram voorgestel word:



Die basiese term hamba verskyn in die volledige sirkel in die middel van die betekenisveld. Bostaande betekenisveld ondervang die belangrike aspekte van woordeskat onderrig op die volgende wyse:

1. Beklemtoning van betekenis.

1.1 Komponensiële analise

Komponensiële analise van die leksikale items gaan alreeds die konstruksie van die veld vooraf, deurdat leksikale items met 'n gemeenskaplike komponent PEDALE BEWEGING geselekteer word. Vervolgens word die diagnostiese komponente geëksplisiteer deur elke leksikale item met die basiese term hamba te kontrasteer, asook deur die onderskeie items met mekaar te kontrasteer.

In die komponensiële analise van die veld sal die volgende prosedure gevolg word. Die gemeenskaplike komponent sal eerste genoem word. Daarna sal die belangrikste diagnostiese komponent volg, en daarná ander diagnostiese komponente wat van sekondêre belang is. In gevalle waar 'n komponentmerker nie van 'n plus of minus notasie voorsien is nie, beteken dit dat die waarde van die komponent ongespesifiseerd gelaat word.

Die komponensiële analise van die onderhawige betekenisrelasie kan soos volg daar uitsien.

- | | |
|--------------------|--|
| 1. <u>hamba</u> : | + PEDALE BEWEGING
+ EEN LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
RIGTING
SPOED |
| 2. <u>baleka</u> : | + PEDALE BEWEGING
+ EEN LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING
+ SPOED |
| 3. <u>tsiba</u> : | + PEDALE
- LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
RIGTING
+ SPOED |

4. ya: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING: WEG VAN SPREKER
SPOED
5. za: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING: NA SPREKER
SPOED
6. suka, vela, phuma,
shenxa, mka: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING: WEG VAN BEPAALDE PUNT
SPOED
7. sondela: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING: NA SPREKER OF NA BEPAALDE PUNT
SPOED
8. khasa: + PEDALE BEWEGING
+ VIER LEDEMATE MET MINSTENS EEN HAND
EN EEN BEEN OP OPPERVLAKTE
RIGTING
- SPOED
9. phuma: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING: UIT INGESLOTE RUIMTE
SPOED
10. ngena: + PEDALE BEWEGING
+ LEDEMAAT OP OPPERVLAKTE
+ RIGTING IN INGESLOTE RUIMTE IN
SPOED

Wanneer hamba(loop) en baleka (hardloop) gekontrasteer word, word normaalweg eerstens gedink aan die komponent SPOED. Tog kan 'n volwasse persoon vinniger loop as wat 'n kind kan hardloop. In sport word die posisie van die ledemaat beskou as die belangrikste diagnostiese komponent wat hamba en baleka van mekaar onderskei, wat dit in der waarheid is. Dit dui daarop dat die algemene konseptualisering van die moedertaalsprekers nie noodwendig die korrekte is nie.

1.2 Supplementêre komponente

Behalwe die referensiële betekenis van woorde, soos aangetoon in bostaande analise, besit sommige woorde ook supplementêre betekenis-komponente, waaraan ook aandag geskenk moet word by komponensiële analise. Dit is noodsaaklik om hierdie betekenis in konteks te illustreer, want dit is onmoontlik om supplementêre betekenis in isolasie te onderskei en te onderrig.

<u>baleka:</u>	ONTDUIK <u>Ivila libaleka umsebenzi.</u> (Die luitaard ontduik werk).
<u>tsiba:</u>	+ PEDALE BEWEGING VLUGTIGE BESOEK + RIGTING <u>Nditsiba edolophini.</u> + HAAS (Ek gaan vir 'n kort tydjie na die dorp).
<u>suka:</u>	SONDER REDE <u>Wasuka wandibetha.</u> (Hy het my sommer geslaan).

Daar dien op gelet te word dat die gemeenskaplike komponent PEDALE BEWEGING in al die gevalle (behalwe by tsiba), totaal afwesig is in die supplementêre komponente van betekenis van die genoemde leksikale items.

1.3 Opsionele komponente

In sommige kontekste kan sekere betekenis-komponente opsioneel wees:

1. Bahambile. (Hulle het geloop/gegaan).
2. Abantu bayeza. (Die mense kom).
3. Basuka eKapa. (Hulle kom van die Kaap af).
4. Nditsiba edolophini. (Ek spring gou dorp toe).

In bostaande sinne, is die beweging nie noodwendig PEDDAAL nie; dit kan per voertuig geskied. In ander kontekste kan die betekenis-komponente PEDALE BEWEGING nie opsioneel wees nie:

1. Umntwana ubaleka elugqatsweni.
(Die kind hardloop in die wedloop).
2. Usana luyakhasa.
(Die kind kruip).

In bostaande sinne is die komponent PEDALE BEWEGING verpligtend.

1.4 Betekenisvelde binne die betekenisveld

Komponensiële analise toon dat binne hierdie veld van aanliggendheid ook ander relasies aanwesig is, byvoorbeeld:

1. Sinonieme: baleka, gijima, gidima, gqotsa.
2. Oorvleueling: mka, suka, shenxa.
3. Uitgeslotendheid: ya en za.
ngena en phuma.

2. Gebruiksfrekwensie

Die generiese term in die middel van die diagram (in die volmaakte sirkel) is die woord met die hoogste gebruiksfrekwensie, naamlik, hamba. Aanliggend aan hamba volg 'n stel woorde wat beskou kan word as die hoogste frekwente woorde ná hamba. Aanliggend aan hierdie stel volg 'n stel wat minder frekvent is. Hoe verder die betekenisveld uitkring, hoe laer is die gebruiksfrekwensie van die woorde. Woorde met die laagste gebruiksfrekwensie verskyn op die periferie van die diagram.

Daar is ook streekverskille ten opsigte van die gebruiksfrekwensie en die betekenis van woorde. Gijima is van Zoeloe-oorsprong, en daarom sal die streke wat met Zoeloesprekendes in aanraking kom waarskynlik gijima meer dikwels gebruik as diegene wat selde, indien ooit, met Zoeloesprekendes in aanraking kom. Die woord gaqa word in sommige streke gebruik om na die kruipbeweging van 'n kind te verwys. Ook McLaren se "Concise Xhosa-English Dictionary" gee dit so aan. Maar in ander streke word slegs khasa gebruik om na 'n kind se kruipbeweging te verwys, en gaqa word beskou as 'n sinoniem van guqa (kniel).

Die rangskikking van leksikale items binne-in die betekenisveld volgens gebruiksfrekwensie, is in 'n sekere mate vloeibaar. 'n Leksikale item wat deur die een informant op die periferie geplaas word, mag deur 'n ander informant nader aan die basiese term geplaas word. Die rangskikking kan arbitrêr geskied volgens die intuïsie van die moedertaalspreker, of dit kan geskied by wyse van 'n woordtelling aan die hand van die gesproke en/of geskrewe taal.

Wat egter van die grootste belang is, is dat die rangskikking met behulp van moedertaalsprekers gedoen word. Indien moedertaalsprekers gelyktydig en onvoorbereid gevra word om woorde wat verwys na pedale beweging op te noem, is die natuurlike neiging dat hulle die woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie eerste sal noem, en dié met 'n lae gebruiksfrekwensie laaste, of gladnie.

Die bepaling van gebruiksfrekwensie van woorde deur middel van 'n betekenisveld is aansienlik makliker en meer betroubaar as die tradisionele wyse van frekwensie-bepaling. Volgens die tradisionele metode dien die hele woordeskat as korpus data. Dit bring sekere probleme mee. (Sien bladsy 13).

Gebruiksfrekwensiebepaling deur middel van 'n betekenisveld behels 'n baie kleiner korpus data, wat meer hanteerbaar is, en derhalwe meer betroubare resultate kan oplewer.

Kyk ons na die onderhawige betekenisveld, dan sal enige moedertaalspreker sê dat baleka 'n veel hoër gebruiksfrekwensie as bhadula het, en dat suka 'n hoër gebruiksfrekwensie as shenxa het. So het ya 'n hoër gebruiksfrekwensie as singa en cotha. Die feit word gereflekteer in die diagram.

3. Gradering van die kursus

Nadat die gebruiksfrekwensie bepaal is, kan woorde geselekteer word vir onderrig, na gelang van die gradering van die kursus. In die eerste jaar byvoorbeeld kan slegs die stel woorde aanliggend aan hamba onderrig word, en in die tweede jaar die woorde aanliggend aan daardie stel, en so word elke jaar verder uitbeweeg na die periferie van die veld.

Die woorde wat vir onderrig geselekteer word, word deel van die student se aktiewe woordeskat, en dié wat nie geselekteer word nie, word deel van die student se passiewe woordeskat.

4. Kontrastering met moedertaal

Sodra ekwivalente in die moedertaal gesoek word, ontdek die student dat daar in baie gevalle nie volkome betekenisoreenstemming tussen "ekwivalente" is nie. Hamba het 'n aantal ekwivalente in Afrikaans: loop, stap, gaan, ry, vaar en vlieg.

In Afrikaans is daar nie leksikale items wat as ekwivalente kan dien vir qwalela, cotha, ngena en phuma nie. Daarom moet van sintagmatiese of omskrywende terme gebruik gemaak word: kreupel loop, stadig loop, inkom en uitgaan. Swerf word beskou as 'n ekwivalent vir zula. Swerf is egter beperk tot die rigtinglose beweging van 'n mens of 'n dier op die grondoppervlakte. Zula verwys ook na die sweefbeweging van 'n voël in die lug.

5. Kultuurkonteks en konseptualisering

Die volgende afleidings kan, onder andere, uit die betekenisveld gemaak word:

1. Die woord hamba word in verskeie kontekste aangewend, soos weerspieël word in die volgende sinne:
 1. Indoda ihamba ngeenyawo.
(Die man loop te voet).
 2. Indoda ihamba ngemoto.
(Die man ry per motor).
 3. Indoda ihamba ngenqwelo yomoya.
(Die man vlieg per vliegtuig).

Dit verklaar waarom 'n Xhosaspreker wanneer hy Afrikaans praat, geneig is om te sê: "Die man loop met die motor/vliegtuig, ens." Volgens sin 1 beklemtoon Xhosa die feit dat 'n mens met voete loop, en nie met een voet nie.

2. Hier kan ook aangetoon word dat die Xhosasprekendes die ledemate waarmee beweeg word spesifiseer, soos byvoorbeeld:

1. Umntu uhamba ngeenyawo.
(Die mens loop met voete).
2. Ihashe lihamba ngamanqina.
(Die perd loop met hoewe).
3. Intaka ihamba ngemilenze.
(Die voël loop met bene).

Hierdie ledemate stem nie noodwendig ooreen met die ledemate wat 'n Afrikaans- of Engelssprekende spesifiseer nie.

3. In die Xhosa-kultuur is dit benede 'n volwasse persoon se waardigheid om te hardloop. Die term baleka, word in bevelsvorm dus net tot kinders gerig en nie tot volwassenes nie. Hierdie kultuurspesifieke kenmerk is veral relevant vir die werksituasie waar die Xhosa in 'n blanke werkgewer se diens is.

6. Die betekenisveld en visuele hulpmiddele

Die betekenis van woorde kan baie goed geïllustreer word deur middel van visuele hulpmiddele. Prente en tekeninge wat die verskillende bewegings binne 'n veld illustreer word aan die leerlinge vertoon. Dit kan aan die klaskamermuur aangebring word, sodat die leerlinge herhaaldelik die woord en die beeld bymekaar kan sien, om die twee met mekaar te assosieër en sodoende die betekenis van die woord uit die beeld af te lei sonder dat die abstrakte betekenis-komponente gespesifiseer word.

Op 'n lae vlak van onderrig kan betekenis-kontraste tussen leksikale items aan die hand van visuele hulpmiddele geïllustreer word en nie noodwendig deur middel van komponensiële analise nie, maar, byvoorbeeld, met films en kleurskyfies.

7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig

Die betekenisveld van werkwoorde van PEDALE BEWEGING kan as 'n basiese stel data dien om te illustreer hoedat 'n betekenisveld geïntegreer kan word by ander aspekte van taalonderrig.

Wat hier volg, is slegs enkele voorbeelde en nie 'n volledige uiteensetting van hoe semantiese velde by ander aspekte van taalonderrig geïntegreer kan word nie.

1. Grammatika

1. Afgeleide werkwoorde.

Derivasionele morfologiese prosesse is 'n baie algemene grammatikale verskynsel in Xhosa waarvolgens woorde se betekenis gewysig word. Deur die toevoeging van grammatikale formatiewe word die volgende tipes afgeleide werkwoorde gevind:

1.1 Die Applikatiewe of Direktiewe vorm

hamba (loop) word hambela (gaan na, besoek)
Ndihambela umhlobo wam. (Ek besoek my vriend).
suka (padgee) word sukela (jaag)
Inja isukela isela. (Die hond jaag die dief).

1.2 Die kousatiewe vorm

hamba (loop) word hambisa (laat loop)
Ndihambisa imoto. (Ek laat die motor loop).
za (kom) word zisa (laat kom, bring)
Abantu bazisa impahla. (Die mense bring die goed).

1.3 Die Resiprokale vorm

Dit is opvallend dat geeneen van die werkwoordstamme in die betekenisveld in die resiprokale vorm gebruik kan word nie. Slegs sommige afgeleide vorme kan in 'n resiprokale vorm voorkom, soos byvoorbeeld:

hambisa (laat loop) word hambisana (mekaar laat loop)
balekisa (laat hardloop) word balekisana (mekaar laat hardloop)
hambela (besoek) word hambelana (mekaar besoek)
vela kom in 'n resiprokale vorm voor, velana maar is dan nie meer 'n werkwoord van pedale beweging nie, maar dit beteken simpatiseer.

1.4 Die Statiewe vorm

hamba (loop) word hambeka (begaanbaar, rybaar)
Indlela iyahambeka. (Die pad is rybaar).

Dit is nie al die leksikale items binne die onderhawige betekenisveld wat op dieselfde wyse afgeleide werkwoordstamme met gewysigde betekenis oplewer nie. Die volgende kan as voorbeelde dien: Daar bestaan nie woorde soos: singeka, phumeka, zulela nie.

Met behulp van woordeboeke en informante kan die studente al die betekenismoontlikhede van die leksikale items in die veld ondersoek.

2. Passivering

Die leksikale items binne die betekenisveld kan gebruik word om passivering van werkwoorde te onderrig en al die verskillende tipes vormverandering te illustreer.

2.1 Die toevoeging van die formatief w

baleka word balekwa
Kuyabalekwa. (Daar word gehardloop).
ngena word ngenwa
Indlu iyangenwa ngabantu
(Die huis word binnegegaan deur mense).

2.2 Passivering van enkellettergrepige werkwoorde

ya word yiwa
Kuyayiwa. (Daar word gegaan).
za word ziwa
Kuyeziwa (Daar word gekom).

2.3 Klankverskuiwing by passivering

hamba word hanjwa
Kuyahanjwa. (Daar word geloop).
phuma word phunywa
Kuyaphunywa ngoku endlwini. (Daar word nou uit die huis uitgegaan).

3. Die imperatief

Die verskillende vorme wat die imperatief aanneem, kan ook aan die hand van die betekenisveld onderrig word.

Hamba! (Loop jy!).

Hambani! (Loop julle!).

Yiya! (Gaan jy!).

Yiyani! (Gaan julle!).

Yiza! (Kom jy!).

Yizani! (Kom julle!).

Sommige werkwoorde kan vanweë hulle betekenisinhoud nie in die imperatief gebruik word nie, soos: bhadula (dwaal) en zula (swerf).

2. Sintaksis

1. Die woord in konteks

Dit is van uiterste belang dat die sintagmatiese gebruik van die leksikale items onderrig en beoefen word, sodat die betekenis van die woorde in konteks geleer kan word. Sodra woorde in sinskonteks geplaas word, tree sintaktiese reëlmatighede na vore, asook sintaktiese eienaardighede en restriksies van die betrokke items. Elke sin wat gekonstrueer word, moet grammaties sowel as semanties aanvaarbaar wees vir die moedertaalspreker.

2. Die Transitiewiteit van werkwoorde van pedale beweging

In die algemeen word werkwoorde op transitiewe en/of intransitiewe wyse gebruik. Al die werkwoorde in die betekenisveld onder bespreking kan op intransitiewe wyse gebruik word, byvoorbeeld:

1. Umntwana uyabaleka. (Die kind hardloop).
2. Usana luyakhasa. (Die baba kruip).
3. Ndiyahamba. (Ek loop).

Wanneer gepoog word om die werkwoorde op transitiewe wyse te gebruik, dan word gevind dat slegs 'n paar oorganklike gebruik vertoon, en daarby van 'n buitengewone aard, byvoorbeeld:

4. Ndihamba indlela. (Ek loop 'n pad).
5. Ndibaleka ugqatso. (Ek hardloop 'n wedloop).
6. Umntwana uhamba isikolo. (Die kind gaan skool).
- * 7. Ndihamba umntwana. (Ek loop 'n kind).

Indien sinne 4, 5, 6 en 7 noukeurig ontleed word, blyk die volgende:

1. Sinne 4, 5 en 6 is semanties aanvaarbaar.
2. Sinne 4, 5 en 6 het meer idiomatiese betekenis as letterlike betekenis.
3. In sinne 4 en 6 hoef hamba nie 'n werkwoord van PEDALE BEWEGING te wees nie.
4. Sodra hamba in 'n direkte letterlike transitiewe sin (sin 7) gebruik word, lewer dit 'n semanties onaanvaarbare sin op.

Ons het hier to doen met seleksiebeperkinge by werkwoorde van PEDALE BEWEGING. Dit is semantiese-sintaktiese kenmerke wat 'n restriksie plaas op die sintaktiese omgewing waarin 'n woord mag voorkom. Die vraag ontstaan op watter stadium moet die dosent die supplementêre en konnotatiewe betekenis-komponente van die betrokke, leksikale items onderrig? Moet hy dit inkorporeer by die aanvanklike komponensiële analise, of moet dit oorstaan tot op 'n later stadium?

Op 'n lae vlak van onderrig sal dit miskien raadsaam wees om aanvanklik net die denotatiewe betekenis van die leksikale items te analiseer om nie die student te verwar nie, en op 'n later stadium sekere supplementêre en konnotatiewe betekenis te verduidelik. In die betekenisveld gaan dit basies oor die denotatiewe betekenis en nie oor ander betekenisrelasies nie.

3. Letterkunde

Die integrasie van betekenisvelde by letterkundige studie kan baie interessant en opwindend wees. In hierdie geval kan die dosent en die student hulle dit ten doel stel om werkwoorde van PEDALE BEWEGING in 'n bepaalde letterkundige werk, soos die voorgeskrewe boek, op te spoor. Op dié wyse kan die volgende insigte verkry word:

1. 'n Skrywer gebruik woorde van aanliggende betekenis om sy styl af te wissel, soos byvoorbeeld baleka, gqotsa, gidima en gijima.
2. 'n Skrywer gebruik woorde van aanliggende betekenis terwille van subtiele betekenisnuanses, soos byvoorbeeld: ya en singa; waar singa 'n meer verhewe betekenis het as ya.

1. Siya edolophini. (Ons gaan dorp toe).
2. Sisinga ezulwini. (Ons gaan hemel toe).

Die leksikale items thwethwa en chwechwa beteken albei bekruip, maar tog is daar 'n baie subtiele verskil tussen die twee.

3. Indoda iyathwethwa. (Die man bekruip).
4. Indoda iyachwechwa. (die man loop op sy tone).

In sin 3 probeer die man homself verberg, en in sin 4 probeer hy die geluid van sy voetstappe verberg. Verder kan daarop gewys word dat thwethwa alleen met 'n onderwerp +MENSLIK gebruik kan word, en chwechwa met 'n onderwerp +MENSLIK en +DIERLIK.

3. 'n Skrywer gebruik woorde van aanliggende betekenis in idiomatiese uitdrukkings in sinne soos die volgende:
 1. Wabaleka umsebenzi. (Hy het werk ontvlug/ontduik).
 2. Waphuma umphefumlo. (Hy het gesterf).
 3. Watsiba edolophini. (Hy het gou dorp toe gegaan).

In bostaande sinne word die supplementêre betekenis van die werkwoorde van PEDALE BEWEGING gebruik.

Die bestudering van semantiese velde en die bestudering van letterkunde kan bevrugterend op mekaar inwerk. Die student van betekenisvelde kan die semantiese inhoud van letterkundige materiaal beter verstaan. Deur die bestudering van letterkunde met die oog op semantiese velde, kan voortdurend nuwe leksikale items bygevoeg word om die semantiese veld uit te brei. Veral op 'n hoër vlak van onderrig is dit baie waardevol.

Letterkundige werke kan ook data oplewer wat sekere semantiese en/of sintaktiese probleme na vore bring, en die dosent en student stimuleer tot verdere navorsing, byvoorbeeld 'n sin soos:

Indoda iyaphuma umphefumlo. (Die man het gesterf).

Phuma is in hierdie konteks nie 'n werkwoord van PEDALE BEWEGING nie, maar hoogstens beweging in die sin van verandering van toestand. Die sin skep ook sintaktiese probleme, omdat dit oënskynlik 'n transitiewe sin is, maar in werklikheid is umphefumlo die onderwerp van die sin en nie die voorwerp nie, alhoewel daar geen kongruensie tussen umphefumlo en die werkwoord is nie.

Integrasie van betekenisvelde by letterkundige studie kan op hierdie wyse die ander aspekte van taalonderrig (in hierdie geval sintaksis en semantiek) in die algemeen bevoordeel.

4. Vertaling

Betekenisvelde kan baie goed by vertaling geïntegreer word. In vertaling word gesoek na dinamiese ekwivalensie en nie na letterlike of formele ekwivalensie nie. Aangesien die teorie van semantiese velde toegespits is op die semantiese aspek van woordeskat, pas dit baie goed in by dinamiese vertaling.

Die volgende sinne illustreer hoedat 'n woord se betekenis in verskillende kontekste verander:

1. Wasuka waya kuyise. (Hy het opgestaan en na sy vader gegaan).

2. Wasuka eKapa, waya eBhayi. (Hy het vanaf Kaapstad vertrek en na Port Elizabeth gegaan).
3. Wasuka wandibetha. (Hy het my sommer geslaan).

In sinne 1 en 2 is suka 'n werkwoord van PEDALE BEWEGING, maar in sin 3 is dit 'n defisiënte werkwoord wat nie pedale beweging as 'n betekenis-komponent bevat nie.

Die student moet van die begin af leer om komponensiële analise te doen wanneer vertaling uit die teikentaal in die moedertaal gedoen word, en omgekeerd. Die student moet ook leer dat daar nie vir elke leksikale item in een taal se woordeskat, 'n ekwivalent in die ander taal bestaan nie. In die betekenisveld onder bespreking is leksikale items soos: cotha (stadig loop), thwethwa (bekruip), chwechwa (op die tone loop) en singa (gaan) wat probleme oplewer in vertaling. Cotha het nie 'n leksikale ekwivalent in Afrikaans of Engels nie. Thwethwa verwys alleen na die handeling van 'n onderwerp +MENSLIK, terwyl bekruip 'n onderwerp +MENSLIK en +DIERLIK kan neem. Chwechwa verwys na 'n onderwerp +MENSLIK wat op sy tone loop, maar ook na 'n onderwerp +DIERLIK wat sy prooi bekruip. In Engels en Afrikaans is daar nie leksikale items wat as ekwivalente kan dien nie. Singa as verhewe vorm van ya het ook geen ekwivalent in Engels of Afrikaans nie.

Hamba se voor die handliggende ekwivalente is loop en walk. Maar dit kan ook beteken: ry, vlieg, vaar, seil, ride, fly, en sail. Hardloop en run het vier ekwivalente in Xhosa: baleka, gijima, gidima en gqotsa.

Genoemde en baie meer insigte word verkry, wat vertaling betref, met behulp van 'n semantiese veld analise.

8. Probleme in verband met aanliggende stelle van betekenis

Betekenisvelde van aanliggendheid lewer sekere probleme op soos die volgende:

1. Seleksie van leksikale items

Die dosent moet aanvanklik 'n aantal woorde selekteer om in die betekenisveld opgeneem te word. Aangesien Xhosawoordeskate 'n wye verskeidenheid leksikale items bevat wat na menslike beweging verwys, en sommige van hierdie onderskeidings nie in Afrikaans of Engels aangetref word nie, is dit moeilik vir die dosent om uit die groot aantal leksikale items 'n beperkte aantal te kies vir insluiting in 'n bepaalde betekenisveld. Die seleksie van leksikale items moet ook rekening hou met die gebruiksfrekwensie van woorde, en dit is moeilik vir 'n dosent wat nie Xhosasprekend is nie om dit presies te bepaal. Daarom moet die seleksie arbitrêr geskied met behulp van 'n informant.

2. Die rangskikking van woorde in die betekenisveld

Die woorde behoort volgens gebruiksfrekwensie gerangskik te word, met die woorde van hoë gebruiksfrekwensie naaste aan die kern van die betekenisveld, en die woorde met 'n lae gebruiksfrekwensie op die periferie. Die rangskikking volgens gebruiksfrekwensie sal verskil van een pedagoog tot die ander. Oor die mees alledaagse woorde soos hamba, baleka, ya, za, ens. sal daar ooreenstemming wees, maar nie-alledaagse woorde soos: cotha, bhadula, zula, ens., kan baie moeilik volgens gebruiksfrekwensie gerangskik word.

3. Toekenning van komponentmerkers

Die toekenning van komponentmerkers sal van die een pedagoog tot die ander verskil, ten spyte van sekere ooreenkomste waar diagnostiese komponente duidelik is. Daar is egter vele gevalle waar diagnostiese komponente nie duidelik is nie, soos byvoorbeeld: suka, vela en phuma.

Sinne soos die volgende lewer probleme op:

1. Usuka phi na? (Waar kom hy vandaan?)
2. Uvela phi na? (Waar kom jy vandaan?)
3. Uphuma phi na? (Waar kom jy vandaan?)

Oënskynlik tree suka, vela en phuma hier op as sinonieme, omdat hulle in dieselfde konteks uitruilbaar is. Maar deur middel van elisitering kan vasgestel word dat die moedertaalspreker se intuïsie baie subtiele betekenisverskille aanvoel. Daar is byvoorbeeld die verklaring van 'n informant dat "Uvela phi" alleen gevra word as die aangesprokene sy bestemming bereik het. Aan 'n persoon wat op reis is, word gevra: Usuka phi na? Uphuma phi na? mag weer die klem laat val op die herkoms van die aangesprokene. Dit is uiters moeilik om sulke subtiele verskille met komponentmerkers aan te dui.

Sommige woorde skep ook probleme ten opsigte van diagnostiese komponente omdat hulle in meer as een betekenisveld figureer. Die woord phuma staan in 'n aanliggende verhouding tot hamba, en word daarvan onderskei met die komponent: BEWEGING WEG VAN BEPAALDE PUNT. Maar phuma staan ook in 'n verhouding van uitgeslotenheid tot ngena, en word onderskei met die komponent: BEWEGING UIT INGESLOTE RUIMTE. Die woord zula besit 'n diagnostiese komponent RIGTINGLOSE BEWEGING, en beteken swerf as 'n pedale werkwoord. Maar die woord zula verwys ook na die rigtinglose beweging van 'n voël in die lug, (sweef) in welke geval dit nie 'n werkwoord van pedale beweging is nie.

4. Gesofistikeerde formulering van komponente

In die formulering van komponente word van 'n gesofistikeerde metataal gebruik gemaak. Veral op 'n lae vlak van onderrig is dit baie moeilik vir die leerlinge om hierdie gesofistikeerde beskrywing te begryp en selfs te beoefen. Die enigste oplossing van die probleem is om op 'n lae vlak van onderrig die betekenis Komponente te illustreer deur ostensiewe metodes en prente en artikels, en sodoende ingewikkelde formulering te vermy.

2. INGESLOTE STELLE VAN BETEKENIS

'n Ingeslote stel van entiteite met 'n oorkoepelende term ukutya kan as 'n voorbeeld dien van die implikasies wat hierdie relasie vir

woordeskat-onderrig inhou. VOEDSEL is terselfdertyd ook die gemeenskaplike komponent van al die ingeslote leksikale items in hierdie veld.

Die volgende beperkte aantal terme kan by die betekenisveld ingesluit word:

ukutya (voedsel	ithanga (pampoen)
inyama (vleis)	usenga (skorsie)
ipesika (perske)	inyamakazi (wildsvleis)
ikhiwane (vy)	umxoxozi (kafferwaatlemoen)
amathumbu (derms)	itolofiya (turksvy)
amafutha (vet)	iapilkosi (appelkoos)
isoseji (wors)	iorenji (lemoen)
intlanski (vis)	ipayina (pynapple)
iqanda (eier)	ibhanana (piesang)
ubisi (melk)	iidiliya (druwe)
amasi (suurmelk)	umbona (mielies)
isonka samasi (kaas)	intloya (wei)
amazimba (sorghum)	imifino (blaargroente)
imifuno (groente)	utyuthu (misbredie)
ingqolowa (koring)	ihlaba (sydissel)
utywala (bier)	imithwane (toppe van pampoenranke)
ikofu (koffie)	ikhapetshu (kool)
iti (tee)	itswele (uie)
amarhewu (magou)	ispinatshi (spinassie)
itapile (aartappel)	umnqathe (wortel)
ibhithi (beet)	ibhatata (patat)

Die betekenisveld kan op die volgende diagrammatiese wyse voorgestel word:

VOEDSEL

<u>DIERLIK</u>		<u>PLANTAARDIG</u>						
<u>- SUIWELPRODUKTE</u>	<u>+SUIWELPRODUKTE</u>	<u>GROENTE</u>		<u>VRUGTE</u>		<u>GRAAN</u>	<u>DRANK</u>	
		<u>-GEKWEEK</u>	<u>+GEKWEEK</u>	<u>-GEKWEEK</u>	<u>+GEKWEEK</u>		<u>+WARM</u>	<u>+KOUD</u>
inyama	ubisi	utyuthu	itapile	intsenge	itolofiya	umbona	ikofu	utywala
amathumbu	isonka samasi	ihlaba	umnqathe	ingwenye	ipesika	amazimba	iti	amarhewu
amafutha	intloya	isi-	ithanga	imila	iapilkosi	ingqolowa		umqombothi
isoseji		qwashumbe	ikhapetshu	itolofiya	iorenji			
intlanzi			ibhithi	ikhiwane	ipayina			
iqanda			itswele		ibhanana			
inyamakazi			ibhatata		iidiliya			
			imithwane					
			ispinatshi					
			usenza					
			umxoxozi					

Die kategorisering in hierdie ruimte-diagram geskied volgens Westerse konseptualisering van voedsel, terwyl die leksikale items ook voedselsoorte insluit wat deur die tradisionele Xhosasprekendes geëet word.

Relevansie vir woordeskat-onderrig.

'n Betekenisveld van ingeslotenheid ondervang ook die onderskeie belangrike aspekte van woordeskat-onderrig.

1. Beklemtoning van Betekenis

Die betekenisveld word gerangskik volgens die betekenisinhoud van die leksikale items. Daarom moet vooraf komponensiële analise gedoen word om die leksikale items in betekenis-katetorieë te plaas. Op die wyse word leksikale items gesistematiseer volgens die betekenisrelasies onderling.

Die voorgestelde rangskikking is 'n teorie wat aan toetse onderwerp moet word, en indien nodig gewysig moet word. Dit maak nie aanspraak op volledigheid en volkomenheid nie. Dit is moontlik dat 'n ander taalnavorsers se organisering van die betekenisveld sal verskil van hierdie een op grond van die aanwending van ander betekenis-komponente. Hierdie bepaalde diagram kan kortliks soos volg verduidelik word.

Die komponente

1.1 Die gemeenskaplike komponent is VOEDSEL.

1.2 Die Diagnostiese komponente.

Alle voedselsoorte word in twee basiese kategorieë verdeel volgens die diagnostiese komponente: DIERLIK en PLANTAARDIG. Die diagnostiese komponent DIERLIK is 'n gemeenskaplike komponent vir voedselsoorte met die diagnostiese komponente: -SUIWELPRODUKTE en +SUIWELPRODUKTE. Die diagnostiese komponent PLANTAARDIG is terselfdertyd die gemeenskaplike komponente vir die kategorieë met diagnostiese komponente GROENTE, VRUGTE, GRAAN en DRANK. GROENTE is 'n gemeenskaplike komponent vir 2 kategorieë naamlik -GEKWEEK en +GEKWEEK. Die kategorie -GEKWEEK sluit alleen tradisionele blaargroentes (imifino) in, terwyl blaargroente +GEKWEEK ook imifino insluit. VRUGTE, GRAAN en DRANK dien ook respektiewelik as 'n

gemeenskaplike term vir die leksikale items wat onder die kategorie ressorteer. Vir sommige komponente bestaan daar ook leksikale terme. Voedsel is die oorkoepelende term, die ander komponente is intermediêre terme, en die lêksikale items onder hulle is die besondere terme. Indien hierdie besondere terme ook nog verder ontleed word in subkategorieë, byvoorbeeld verskillende soorte aartappels, perskes, druuwe, mielies en koring, ens., dan sal sulke leksikale items bekend staan as spesifieke terme.

2. Gebruiksfrekwensie

Soos reeds aangetoon is 'n betekenisveld van ingeslotenheid hiërargies georden. Die basiese term, in hierdie geval ukutya, (voedsel) staan heel bo aan die hiërargie. Die volgende vlak of vlakke in die hiërargie bevat die intermediêre terme. Die daaropvolgende vlak bevat die besondere terme en die laagste vlak bevat die spesifieke terme. Oor die algemeen is die basiese of oorkoepelende term die leksikale item met die hoogste gebruiksfrekwensie in die betekenisveld, in hierdie geval ukutya (voedsel).

Die diagnostiese komponente (DIERLIK, SUIWELPRODUKTE, GROENTE, VRUGTE, GRAAN, DRANK) is terselfdertyd ook intermediêre terme. Intermediêre terme is leksikale items met 'n laer gebruiksfrekwensie as die oorkoepelende term. Heel dikwels word probleme ondervind om die diagnostiese komponente te formuleer omdat daar nie geskikte leksikale items in die woordeskat bestaan wat na die spesifieke konsepte verwys nie. Dit skyn of daar in baie gevalle hier sprake is van leksikale gapings op die vlak van intermediêre terme. Hierdie verskynsel kom vry algemeen voor in velde wat gebaseer is op die relasie van ingeslotenheid. Wat gebruiksfrekwensie dus betref, is slegs die heel oorkoepelende term en die besondere terme se frekwensie baie hoog. Dus lewer hierdie velde groot probleme op vir die seleksie van terme omdat die intermediêre terme in die teikentaal in baie gevalle ontbreek.

Die besondere terme het 'n hoë gebruiksfrekwensie. Dit is leksikale items wat daagliks gebruik word. Hulle verskil ook in

gebruiksfrekwensie onderling. Die terme wat na stapelvoedsel verwys het die hoogste gebruiksfrekwensie soos: inyama, umbona, ubisi, amasi, ens.

Dit is egter moeilik om die gebruiksfrekwensie te bepaal van leksikale items wat nie na stapelvoedsel verwys nie. Dit hang saam met die sosio-kulturele milieu waarin die taal gebruik word. In die tradisionele gebied sal terme soos imifino, usenza, amazimba, en utywala meer frekvent voorkom as umnqathe, ibhithi, itswele en ikhapetshu, wat op hulle beurt weer meer frekvent voorkom in 'n meer verwesterde gebied.

Die seleksie van leksikale items op grond van gebruiksfrekwensie sal dus bepaal word deur die sosio-kulturele milieu waarin die student met Xhosaspreekendes moet kommunikeer. Daar is egter weinig verskil tussen die gebruiksfrekwensie van daaglikse verbruiksartikels soos isonka, ikofu, iti, ubisi, inyama, ipapa (pap), umnqusho (stampmielies), ens. In hierdie geval moet die student eenvoudig elke term aanleer.

Op die laagste vlak word die spesifieke terme gevind met 'n lae gebruiksfrekwensie. Hier word woorde gevind soos byvoorbeeld: iqwarha (streepvis), inkobe (gekookte sorghum), uphoko (dwerg-sorghum), ens. Ook die verskillende variëteite van imifino is 'n verwysingsveld wat slegs terme met 'n lae gebruiksfrekwensie bevat. Dit bevat, onder andere, woorde soos: isiqwashumbe ('n raapagtige wilde plant), utyuthu (misbredie), imbuya (misbredie), ihlaba (sydissel), ens.

Daar is ook terme in die Xhosa-woordeskat wat na tradisionele vrugte verwys. Dit is vrugte afkomstig van wilde plante, soos byvoorbeeld: amaqunube (bessies), umsobosobo (nastergal se vrug), intsenge (wortel van kiepersolboom), ens. Hierdie terme het 'n baie laer gebruiksfrekwensie as die gekweekte vrugtesoorte.

Die volgende diagram eksplisiteer die gebruiksfrekwensie van ingeslotenheid met UKUTYA (voedsel) as oorkoepelende of insluitende komponent.

1.	Oorkoepelende terme	ukutya (voedsel)
2.	Intermediêre terme	dierlik, plantaardig, suiwelprodukte, groente, vrugte, graan, drank
3.	Besondere terme	inyama, ubisi, itolofiya, umbona, inyamakazi, amasi, ikhiwane, amazimba, ithumbu, intloya, ipesika, ingqolowa, amafutha, imifino, iorenji, utywala, isoseji, itapile, ibhanana, ikofu, intlanski, ithanga, iidiliya, iti, iqanda, umxoxozi, amarhewu
4.	Spesifieke terme	iqwarha, utyuthu, intsenge, umqombathi, ihlaba, ingwenye

Woorde in kolom 1 het hoë gebruiksfrekwensie.

Woorde in kolom 2 het lae gebruiksfrekwensie.

Woorde in kolom 3 het hoë gebruiksfrekwensie.

Woorde in kolom 4 het lae gebruiksfrekwensie.

Hierdie patroon van gebruiksfrekwensie van woorde in 'n relasie van ingeslotenheid, soos in die diagram voorgestel, kan beskou word as 'n universele verskynsel wat vir relasies van ingeslotenheid in alle tale geld. Dit sou dus moontlik wees om vir enige stel van ingeslote terme die terme en hulle gebruiksfrekwensie in so 'n diagram te organiseer.

Op die intermediêre vlak is daar dikwels leksikale gapings, alhoewel konseptueel verskeie terme saamgegroepeer kan word. Die feit dat 'n karakteristieke kenmerk van die terme in ingeslote stelle van betekenis onderling van mekaar verskil wat betref gebruiksfrekwensie afhangende van waar hulle hiërargies in 'n veld georganiseer is, dit wil sê of hulle oorkoepelende-, intermediêre-, besondere- of spesifieke terme is, moet met sorg in gedagte gehou word deur 'n taaldosent, veral vir sover dit die seleksie van terme in hierdie tipe velde aangaan.

3. Gradering van die kursus

Die seleksie van woorde vir onderrig op elke vlak van onderrig moet rekening hou met die gebruiksfrekwensie van woorde en die area waar die student die vreemde taal moet gebruik.

Die gradering van die kursus sal dus bepaal watter woorde eerste geleer sal word, en watter laaste. Daar is miskien woorde wat nooit tot die student se aktiewe woordeskat toegevoeg behoort te word nie, maar slegs tot sy passiewe woordeskat.

Algemene terme soos ukutya, iziqhamo en imifuno sal vroeg in die kursus aangeleer moet word. Die besondere terme wat op die laagste vlak geleer moet word, is diegene wat na alledaagse- en stapelvoedsel verwys, soos byvoorbeeld: inyama, isonka, ubisi, umbona, utywala, ikofu, iti, ens.

Indien die student in 'n tradisionele gebied gaan woon of werk, sal hy reeds op 'n lae vlak van onderrig woorde soos umngqusho, umqombothi, imifino, ens. moet aanleer. Op 'n gevorderde vlak kan woorde met 'n lae gebruiksfrekwensie geleer word soos: usenza, umxoxozi, ingqolowa, ens.

4. Kontrastering met die Moedertaal

'n Kontrastering tussen die betekenisvelde van Xhosa, Afrikaans en Engels toon sekere ooreenkomste, maar ook sekere verskille aan wat die gevolg is van leksikale gapings.

4.1 Ooreenkomste:

1. In al drie tale kan onderskei word tussen voedsel van dierlike oorsprong en plantaardige oorsprong. Dit dui op 'n mate van universaliteit sover dit voedselbronne betref.
2. In al drie tale kan voedselsoorte gekategoriseer word onder die hoofde -SUIWELPRODUKTE, +SUIWELPRODUKTE, GROENTE, VRUGTE, GRAAN en DRANK.

Hierdie twee punte van ooreenkoms toon dat daar 'n sekere mate van ooreenkoms bestaan in die konseptualisering van die drie tale se sprekers ten opsigte van voedsel.

3. Wanneer gelet word op die onderskeie voedselsoorte, is sekere ooreenkomste tussen Xhosa, Afrikaans en Engels merkbaar, veral ten opsigte van alledaagse voedsel, soos byvoorbeeld: inyama (vleis, meat), intlanzi (vis, fish), ubisi (melk, milk), umbona (mielies, maize), ithanga (pampoen, pumpkin), ens. Lank gelede was inyamakazi (wildsvleis, venison), die tradisionele Xhosaspreekende se alledaagse voedsel, en nie inyama nie.

Daar dien op gelet te word dat die ooreenkomste toegeskryf kan word aan toevallige en nie-toevallige ooreenkomste tussen die betrokke kulture. Net so kan die verskille toegeskryf word aan verskille tussen die betrokke kulture.

4.2 Verskille

1. Leksikale gapings

Volledige leksikale gapings kan soms toegeskryf word aan kultuurgapings. Die term imifino in Xhosa het geen ekwivalent in Afrikaans of Engels nie. Dit verwys na die blare van eetbare plante. Tradisioneel was dit blare van wildeplante, soos utyuthu (misbredie), ihlaba (sydissel), ens. As gevolg van akkulturasie is blare van gekweekte plante bygevoeg soos: imithwane (toppe van pampoenranke), amagqabi etswele (uieblare), amagqabi ekhapetshu (koolblare), ens.

Die terme maalvleis (mince) en wors (sausage) het geen ekwivalent in Xhosa nie, omdat die Xhosaspreekendes tradisioneel nie vleis bewerk het nie.

2. Leenwoorde

As gevolg van kultuurkontak en kultuuroordrag word leenwoorde gebruik om leksikale gapings op te vul, soos:

isoseji (wors), itapile (aartappel), itolofiya (turksvy), ikofu (koffie), ens.

Ook Afrikaans en Engels moes van leenwoorde uit Xhosa gebruik maak om leksikale gapings op te vul soos byvoorbeeld: magou en intyabantyi (kafferwaatlemoen). Intyabantyi word in sekere streke konsekwent deur blankes gebruik om na 'n kafferwaatlemoen te verwys.

Die Xhosasprekendes het 'n groot aantal voedselsoorte leer eet as gevolg van hulle aanraking met die blankes, en is die terme by wyse van leenwoorde in die Xhosa-woordeskate opgeneem.

5. Kultuurkonteks en konseptualisering

Betekenisvelde van ingeslotenheid bevat meer as enige ander tipe betekenisrelasie volkstaksonomieë. Uit die onderhawige betekenisveld kan die volgende afleidings gemaak word ten opsigte van die wyse waarop die terme die kultuur weerspieël.

5.1 Imifino en imifuno

In die tradisionele Xhosa-kultuur verwys imifino na 'n verskeidenheid wildeplante waarvan die blare gepluk word en as groente gekook word saam met meliemeel. Dit is 'n tradisionele Xhosagereg, wat hoofsaaklik deur vroue en kinders geëet word, maar volgens 'n informant, selde deur mans.

Die wildeplante wat vir hierdie doel gebruik word, kan alleen deur die kenner geselekteer word. Onder andere vind ons die volgende terme: utyuthu (misbredie), imbuya (misbredie), ihlaba (sydissel), en isiqwashumbe (wilderaap).

As gevolg van die aanraking met die Westerse kultuur, is die betekenisveld van IMIFINO uitgebrei deur die toevoeging van terme soos: imithwane (sagte punte van pampoenranke), amagqabi ekhapetshu (koolblare), ispinatshi (spinassie), ens.

Daar bestaan egter aansienlike verskil in konseptualisering tussen Xhosasprekendes oor die term imifuno. Sommige sien imifuno as 'n oorkoepelende term vir alle groentesoorte. Volgens hierdie beskouing word imifino ook gesien as 'n onderdeel van imifuno. 'n Ander informant beskou imifino as 'n kategorie wat slegs na eetbare blare verwys, hetsy wildeplante of gekweekte plante, en imifuno verwys na die Westerse groentesoorte, dit wil sê imifuno is 'n ekwivalent vir groente. 'n Derde informant beskou, onder andere, aartappels en pampoene nie as imifuno nie, en derhalwe ook nie as groente nie. Die rede wat aangegee word, is omdat hulle blare nie ook geëet word nie. Die feit dat die pampoenranke se punte (imithwane) wel as imifino geëet word, word in hierdie geval buite rekening gelaat.

Een ding is duidelik dat daar by die Xhosasprekendes baie verskil van opinie bestaan oor die betekeniskomponente van die terme imifuno, groente en vegetables. Die meeste groentesoorte wat vandag deur die Xhosasprekendes geëet word, veral diegene in dorpe en stede, is gekweekte plante wat as gevolg van akkulturasie die Xhosa-kultuur ingedring het. Daarom is die meeste terme wat na groentesoorte verwys leenwoorde uit Afrikaans of Engels soos byvoorbeeld: ikhapetshu, itapile, ibhithi, ibhatata, ens.

Daar is egter enkele leksikale items in Xhosa wat na gekweekte groentesoorte verwys, soos byvoorbeeld: umnqathe (wortel), usenge (skorsie), ithanga (pampoen), itswele (uie), ens. Waarskynlik het hierdie terme oorspronklik na eetbare wildeplante verwys, en is oorgedra na die gekweekte groentesoorte.

5.2 Graan

In Xhosa is daar nie 'n versamelnaam wat as ekwivalent vir graan kan dien nie. Die begrip word vertaal met iinkozo ezidliwayo (saadkorrels wat geëet kan word). Hier is dus 'n gaping in die volkstaekonomie van Xhosa. Tradisioneel het die Xhosasprekendes nie kos gekweek nie. Hulle het benewens wildsvleis van bessies (amaqunube) en wilde blaargroente (imifino) gelewe.

Daar bestaan egter leksikale items wat na die afsonderlike graansoorte verwys: umbona (mielies), amazimba (sorghum), ingqolowa (koring). Mielies is 'n stapelvoedsel, en daarom het umbona 'n baie hoë gebruiksfrekwensie. Sorghum word in die tradisionele gebiede verbou, en daarom het amazimba in hierdie gebiede 'n hoë gebruiksfrekwensie, maar nie in die stedelike gebied nie. Koring word nie in alle gebiede verbou nie, omdat dit nie oral aard nie, en daarom het ingqolowa slegs in sekere streke 'n hoë gebruiksfrekwensie.

'n Intensiewe analise van graanprodukte

Die betekenisveld van voedsel kan weer intensief ontleed word. Die kategorie GRAAN leen sigself uitstekend daartoe, omdat die grootste verskeidenheid van voedsel wat die Xhosasprekendes betref, op hierdie terrein gevind word. Die volgende ruimtediagram illustreer so 'n intensiewe analise.

<u>GRAANSOORT</u>	<u>VERWERK IN VOEDSEL</u>	<u>VERWERK IN DRANK</u>
umbona (mielies)	umgubo (mieliemeel)	utywala (bier)
	ipapa, isidudu (slappap)	umqombothi (bier)
	umqa (stywe pap)	amarhewu (magou)
	umphokoqo (droë los pap)	
	isigezenga (kluitjies)	
	isonka (mieliebrood)	
	ibhaqholo (groenmielies aan kop)	
	amaqashu (gebraaide mielies)	
	iinkobe (gekookte mielies)	
	umngqusho (stampmielies)	
	umphothulo (gekookte en gemaalde mielies)	
amazimba (sorghum)	umgubo (meel)	utywala (bier)
	isidudu (slap pap)	umqombothi (bier)
	iqebengwana (brood)	
	isonka (brood)	
	inkobe (gekookte sorghum)	
	amaqashu (gebraaide sorghum)	
	umphothulo (gekookte en gemaalde sorghum)	

ingqolowa (koring)	umgubo (meel)
	isonka (brood)
	isigezenga (kluitjies)
	umngqusho (gestampde koring)

Isigezenga is 'n spesiale gereg wat ook nie 'n ekwivalent in die Westerse kultuur het nie. Dit is 'n kluitjie van mieliemeel of sorghummeel of koringmeel, wat gedroog word om as padkos te dien.

Umngqusho is 'n baie alledaagse en algemene gereg van die Xhosasprekendes, terwyl dit in die Westerse kultuur nie baie algemeen voorkom nie. Die term umngqusho verwys na gestampde mielies en gestampde koring. In Engels verwys samp slegs na gestampde mielies, en Afrikaans het nie 'n leksikale item vir hierdie geregte nie. Die omskrywings stampmielies en stampkoring verwys na hierdie geregte.

Wanneer die student terme van Xhosageregte aanleer, moet hy rekening hou met die kultuurspesifieke geregte wat nie ekwivalente in die Westerse kultuur het nie.

5.3 Tradisionele Xhosageregte

Die terme wat na verwerkte graanprodukte verwys, het 'n hoë gebruiksfrekwensie, na gelang van die gebruik daarvan, soos byvoorbeeld umgubo (alle soorte meel), isonka (brood), isidudu (slap pap), umngqusho (stampmielies), inkobe (heel gekookte mielies), ens. Ook drank wat van graanprodukte gemaak word, het 'n hoë gebruiksfrekwensie, soos: amarhewu (magou), utywala (alle alkoholiese drank) en umqombothi (bier). Daar dien op gelet te word dat utywala 'n versamelnaam is vir alle alkoholiese drank, ook die wat deur blankes vervaardig word, terwyl umqombothi spesifiek verwys na die bier wat die Xhosasprekendes brou van mielies of sorghum.

In die Xhosa-kultuur bestaan 'n baie groot verskeidenheid geregte wat graansoorte as basis het. Sommige van die geregte het 'n ekwivalent in Afrikaans en Engels, en ander nie. Umphokoqo (droë los pap), isidudu (slap pap), ibhaqolo

(groenmielie), het ekwivalente in die Westerse kultuur, maar iqebengwana (sorghumbrood), amaqashu (gebraaide sorghum) en umqombothi (bier) het nie ekwivalente in die Westerse kultuur nie.

5.4 Drank

Die leksikale items wat na drank verwys, verdien verdere verduideliking.

Utywala is 'n oorkoepelende term vir alkoholiese drank. Dit sluit ook Westerse drank in. Die spesifieke term vir tradisionele bier is umqombothi. Umqombothi word tradisioneel tuis gebrou van mielies of van sorghum, maar nie van koring nie. Dit speel 'n onmisbare rol by feesgeleenthede soos: offers aan die voorouersgeeste, inisiasiefeeste, ens. Wanneer 'n goeie oes ingesamel is, word sosiale byeenkomste by verskillende huise gehou waar umqombothi op groot maat gebruik word. Hierdie soort drank vervul 'n baie belangrike rol in die tradisionele kultuur van die Xhosa-sprekenders.

Die term umthombo vind geen plek in die ruimtediagram nie, want dit is nóg 'n gereg, nóg 'n drank. Dit verwys na die uitloopstadium van die graan in die proses om bier te brou.

5.5 Iqanda

In die tradisionele gemeenskap is 'n eier 'n omstrede voedselsoort. Vroue word verbied om eiers te eet, vanweë die geloof dat dit hulle seksueel hiper-aktief maak, en dit kan aanleiding gee tot ontrouheid in die huwelik.

In die moderne Xhosa-gemeenskap het die beskouing omtrent eiers verdwyn, en derhalwe ook die beperking op die gebruik van eiers deur vroue.

Die kulturrelevansie van leksikale items is baie belangrik in die aanleer van die Xhosa-woordeskat. Dit is egter noodsaaklik om van Xhosaspreekende informante gebruik te

maak. Die navorser vind spoedig uit dat verskillende informante dit nie altyd eens is oor die betekenisinhoud van kultuurgoedere nie. Hierdie verskille kan toegeskryf word aan streekverskille, dialektiese verskille en ouderdomsverskille wat alles teruggevoer kan word na die informant se sosiale, kulturele en self skolastiese agtergrond.

6. Visuele hulpmiddele

Semantiese velde van ingeslotenheid leen sigself uitstekend tot die gebruik van visuele hulpmiddele. In 'n diagrammatiese voorstelling van 'n betekenisveld van ingeslotenheid kan leksikale items deur prente of tekeninge verteenwoordig word. Hierdie tegniek is veral baie nuttig op 'n lae vlak van onderrig.

Films en kleurskyfies kan gebruik word om betekenisvelde van ingeslotenheid te illustreer. Dit is ook moontlik om die konkrete voorwerpe, soos byvoorbeeld: groentesoorte, eetgerei, musiekinstrumente, kledingstukke, ens. te gebruik in die onderrig van woordeskat.

7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig

Die betekenisrelasie van ingeslotenheid het ook implikasies vir ander aspekte van taalonderrig soos aangetoon kan word aan die hand van hierdie besondere veld.

7.1 Grammatika

Dit word opgemerk dat 'n aantal van die items slegs in enkelvoudsvorm voorkom, soos byvoorbeeld: inyama, ubisi, isphinatshi, umbona en ingqolowa. Ander terme kom weer net in meervoudsvorm voor soos: amafutha, amasi, amazimba, imifuno en amarhewu.

Die grammatikale waarde van hierdie verskynsel is dat in gevalle soos hierdie waar 'n gemeenskaplike komponent van NIE-TELBARE teenwoordig is, word óf van die enkelvoudsvorm óf meervoudsvorm gebruik gemaak, maar nie van albei nie.

In die geval van utywala is daar 'n betekenisverskil tussen die endelvoud en die meervoud. Utywala verwys na die drank terwyl iindywala na die bierparty verwys, met die supplementêre komponent van OORMATIGHEID.

7.2 Sintaksis

Betekenis Komponente van 'n leksikale item word in die sinskonteks weerspieël. Volgens die konseptualisering van die Xhosa sprekes word betekenis Komponente soos volg toegeken aan die volgende leksikale items:

<u>ubisi</u> :	VLOEISTOF	KOUD
<u>amasi</u> :	VLOEISTOF	KOUD
<u>utywala</u> :	VLOEISTOF	KOUD
<u>intloya</u> :	VLOEISTOF	KOUD
<u>ikofu</u> :	VLOEISTOF	WARM
<u>iti</u> :	VLOEISTOF	WARM
<u>amarhewu</u> :	VLOEISTOF	KOUD

In Xhosa is daar, onder andere, drie werkwoorde wat na die inname van voedsel verwys, met diagnostiese Komponente:

<u>tya</u> :	VASTESTOF, KOUD, WARM.
<u>sela</u> :	VLOEISTOF, KOUD.
<u>phunga</u> :	VLOEISTOF, WARM.

Hier het ons dus 'n geval van seleksiekenmerke wat vir die werkwoorde sela en phunga gespesifiseer moet word. Sela neem alleen 'n voorwerp met die kenmerk +KOUD, terwyl phunga alleen 'n voorwerp neem met die kenmerk +WARM.

Die volgende sinne is dus semanties aanvaarbaar omdat daar ooreenstemming is tussen die kenmerke van die voorwerp en die werkwoord.

1. Nditya/Ndisela ubisi. (Ek eet/drink melk).
2. Ndisela intloya. (Ek drink wei).
3. Ndisela utywala. (Ek drink bier).
4. Ndiphunga ikofu. (Ek drink koffie).

Die volgende sinne is egter semanties onaanvaarbaar omdat daar nie ooreenstemming is tussen die betekenis-komponente van die voorwerp en dié van die werkwoord nie.

- * 4. Ndiphunga utywala. (Ek drink bier).
- * 5. Ndisela ikofu. (Ek drink koffie).

Daar is egter die geval waar tya 'n supplementêre komponent van OORMATIGHEID het, en dan is 'n sin soos die volgende semanties aanvaarbaar.

- 6. Nditya utywala. (Ek suip bier).
- 7. Nditya ubisi. (Ek eet melk).

In sinne 6 en 7 word gesuggereer dat bier en melk in so 'n mate gebruik word, dat dit die plek van kos ingeneem het. In sin 6 is die resultaat dronkenskap en verslaafdheid, en in sin 7 is die resultaat oorgewig.

7.3 Vertaling

Dit is noodsaaklik dat die betekenis-komponente van leksikale items deeglik in ag geneem word by vertaling. Die betekenis-komponente hang weer saam met die kultuurkonteks van die woord en die konseptualisering van die moedertaal-sprekers.

Die volgende sinne illustreer hoe vertalings semanties onaanvaarbaar kan wees indien die betekenis-komponente van die betrokke leksikale items nie in ag geneem word nie.

- 1. Ek drink koffie.
 - * Ndisela ikofu, i.p.v. Ndiphunga ikofu.
- 2. Ek koop groente.
 - * Ndithenga imifino, i.p.v. Ndithenga imifuno.
- 3. Ek eet afval.
 - * Nditya amathumbu.
- 4. Ek eet maalvleis.
 - * Nditya inyama.

Sinne 3 en 4 is eintlik onvertaalbaar in Xhosa omdat Xhosa nie leksikale items bevat wat as ekwivalente kan dien nie. Daarom moet die vertaler hom bedien van omskrywings, soos byvoorbeeld:

1. Nditya ulusu nentloko namanqina egusha.
2. Nditya inyama esiliweyo.

Betekenisvelde van ingeslotenheid is bekend daarvoor dat hulle woordeskat insluit wat na volkstaksonomieë verwys. Daarom lewer vertaling op hierdie terrein vele probleme op, as gevolg van kultuurgapings en leksikale gapings.

Die vertaler van terme wat na volkstaksonomieë verwys, moet dus vooraf 'n deeglike komponensiële analise van die betrokke items maak, en dit kontrasteer met items in die vertaler se moedertaal, alvorens 'n suksesvolle vertaling kan plaasvind.

7.4 Letterkunde

Betekenisvelde van ingeslotenheid verruim die student se insig in die volkstaksonomieë, die konseptualisering en die kultuur van die Xhosasprekendes. Derhalwe help dit die student om die Xhosa-letterkunde beter te verstaan.

In die geval van voedsel, byvoorbeeld, is daar belangrike kultuuraspekte wat in die letterkunde weerspieël word. Daar is, byvoorbeeld, die rol van inyamakazi (wild) in die gemeenskap. Die tradisionele Xhosasprekende jag wanneer hy sy vleishonger wil stil, en hy slag nie sy vee nie. Die verwesterde Xhosasprekende koop inyama (vleis) in die slaghuis om sy vleishonger te stil, want hy kan nie jag nie, en hy besit kontant om vleis te koop. Inyama is 'n integrale deel van die Xhosasprekendes se offerstelsel, sowel as utywala.

Vrouens en dogters wat in die lande gaan om imifino te versamel, is 'n algemene verskynsel in die tradisionele Xhosa-gemeenskap. Dit kan egter slegs deur die blanke

student verstaan word as hy weet wat imifino is, en waarvoor dit gebruik word, en hoe dit inpas in die dieët van die Xhosasprekendes.

Alle kultuuraspekte vind 'n plek in die letterkunde. Die letterkunde bied derhalwe aan die student besonders insigte in die kultuur. Indien die student reeds deur middel van semantiese velde sekere insigte in die kultuur verkry het, kan dit alleen sy belangstelling in die letterkunde stimuleer. Terselfdertyd kan die letterkunde bevrugterend inwerk op die studie van semantiese velde, omdat die letterkunde, naas die gesproke taal, die beste manier is om die samestelling van semantiese velde en semantiese analise van woorde te toets.

8. Probleme in verband met Ingeslote Stelle van Betekenis

Betekenisvelde van ingeslotenheid behels ook sekere probleme wat die dosent en student teëkom sodra die konstruering van 'n spesifieke betekenisveld aangepak word. Die aard van sommige van hierdie probleme kan goed geïllustreer word aan die hand van die veld onder bespreking.

1. Seleksie van items

In die geval van leksikale items met die gemeenskaplike komponent VOEDSEL, is daar 'n baie wye reeks terme waaruit gekies moet word. Die belangrikste faktor by die seleksie is gebruiksfrekwensie van woorde, wat op sy beurt saamhang met die graad van verbruik van die voedselsoort deur die spesifieke gemeenskap. Die graad van verbruik wissel van streek tot streek. In die tradisionele gebied sal die woord imifino byvoorbeeld baie meer frekvent voorkom as in die stedelike gebied; terwyl die woord isoseji in die tradisionele gebied selde indien ooit sal voorkom.

Die seleksie van items geskied dus in 'n groot mate op arbitrêre wyse. Die dosent behoort gebruik te maak van 'n moedertaalspreker as informant om sover moontlik woorde te kies met 'n redelike hoë gebruiksfrekwensie.

2. Oordraagbaarheid van komponente

Wanneer 'n Afrikaanssprekende die betekenisveld konstrueer, doen hy dit vanuit die oogpunt van 'n Westerling. Die kategorisering vind volgens die Westerse beskouing van voedselsoorte plaas, en die formulering van komponente geskied in Afrikaans. In baie gevalle is dit nie moontlik om die komponente in Xhosa te vertaal nie, omdat die Westerling in die betekenisveld begrippe introduceer wat nie in die Xhosaspreekende se konseptualisering van die spesifieke veld bestaan nie. So is die komponente DIERLIK, SUIWELPRODUKTE, GRAAN, nie werklik in Xhosa vertaalbaar nie. Die "ekwivalente" in Xhosa stem nie ten volle ooreen met die betekenis in Afrikaans nie. Hierdie probleem lei tot sekere vrae:

1. In hoeverre is die komponente konseptueel universeel?
2. In hoeverre leen die komponente hulle tot insigte in die konseptualisering van verskillende tale?
3. Hoe adekwaat is hierdie komponente in Afrikaans om te gebruik as instrumente om betekenisanalise in Xhosa te doen?
4. Moet die konstruering van die betekenisveld nie vanuit die denkwêreld van die Xhosaspreekende benader word nie?

Dit is uiters moeilik vir die nie-Xhosaspreekende om dit te doen. Bostaande is sekerlik probleme wat verdere ondersoek noodsaaklik maak.

3. Kategorisering van leksikale items

Die kategorisering van die geselekteerde terme lewer ook probleme op, omdat die volkstaksonomie van die Xhosaspreekende nie ooreenstem met die volkstaksonomie van die Afrikaanssprekende nie. So word amasi (suurmelk) en ubisi (melk) nie onder DRANK geklassifiseer nie, alhoewel dit tog vloeistowwe is, maar omdat dit +DIERLIK is, kan dit nie onder die kategorie PLANTAARDIG ressorteer nie.

Die kategorie imifino bestaan alleen in die Xhosa-kultuur en nie in die Afrikaanse kultuur nie, alhoewel die omvang

van imifino aansienlik uitgebrei het as gevolg van kultuurkontak deurdat blare van gekweekte plante ook as imifino beskou word. Daarom word terme wat onder imifino ressorteer gevind onder gekweekte groente én nie-gekweekte groente.

In die geval van VRUGTE sluit die tradisionele Xhosakonsep ook die wortels van sekere plante in, soos byvoorbeeld intsenge en ingwenye, terwyl die Afrikaanse konsep van vrugte alleen beperk is tot die produk wat bo-gronds aan bome gedra word.

Die term iqanda (eier) lewer ook besondere probleme op om te kategoriseer. Ons plaas dit in die kategorie -SUIWELPRODUKTE wat dit in der waarheid is. Maar streng gesproke pas dit nie by die verskillende vleissoorte nie. Die samestelling van 'n rou eier toon geen ooreenstemming met vleis nie. Verder is dit 'n produk wat verkry word sonder om die bron dood te maak, terwyl vleisprodukte alleen verkry word deur die bron dood te maak. Met hierdie kenmerk hoort iqanda dus eintlik in die kategorie van ubisi, amasi, ens., maar eiers word nie beskou as suiwelprodukte nie. Dus kan iqanda alleen saam met ubisi, amasi, ens. gekategoriseer word as die diagnostiese komponent +SUIWELPRODUKTE verander word om iqanda in te sluit.

4. Rangskikking volgens gebruiksfrekwensie

Die rangskikking van leksikale items onder 'n gemeenskaplike komponent is soms problematies. Dit behoort te geskied met inagneming van gebruiksfrekwensie. In die geval van -SUIWELPRODUKTE is inyama (vleis) beslis die item met die hoogste gebruiksfrekwensie vir die Xhosasprekende. Maar dit is nie so duidelik in watter orde die res van die items ná inyama moet volg nie. Dieselfde geld vir GROENTE en VRUGTE.

Die rangskikking van leksikale items onder die gemeenskaplike komponent kan nie streng volgens gebruiksfrekwensie plaasvind nie.

5. Betekenisafleidings uit semantiese velde

Daar kan sekere afleidings uit die betekenisveld gemaak word, veral wat die konseptualisering van voedsel betref in soverre dit volgens vorm, aard en gebruik gekategoriseer word. Maar daar is ook sekere inligting wat nie uit die betekenisveld afgelei kan word nie, hoe die veld ookal georganiseer is. Daarvoor is 'n informant nodig. Byvoorbeeld:

1. Wyse van inname

Die feit dat onderskei word tussen die inname van koue drank (sela) en warm drank (phunga) blyk nie uit die betekenisveld nie. Die feit dat ubisi en amasi "geëet" (tya) en "gedrink" (sela) word, kan ook nie uit die betekenisveld afgelei word nie. Utywala word deur die groep mense uit een houer gedrink. Dit blyk ook nie uit die betekenisveld nie.

2. Wyse van verkryging

Die wyse van verkryging word nie uit die veld afgelei nie. Die feit dat sommige voedselsoorte verkry word alleen deur die bron dood te maak, soos inyama (vleis), amafutha (vet), ikhapetshu (kool), ens., terwyl ander verkry word met behoud van die bron soos imifino (blaargroente), ubisi (melk), iqanda (eier), itolofiya (turksvy), ens., is belangrike inligting wat nie uit die betekenisveld verkry word nie, maar van 'n informant, of uit eie waarneming.

3. Wyse van voorbereiding

Die wyse van voorbereiding van die voedsel moet ook van 'n informant verkry word. Op hierdie terrein bestaan groot verskille tussen die Westerse- en Xhosa-kultuur.

Imifino word saam met meliemeel gekook. Dit is 'n gereg wat heeltemal vreemd is aan die Westerse kultuur. Umqombothi word volgens 'n sekere resep gebrou en in sekere tipe houers bewaar.

Die bewerking en voorbereiding van vleis is in die Westerse kultuur 'n hoogs ontwikkelde tegniek, terwyl dit in die Xhosakultuur beperk is tot kook en braai van stukke vleis.

Daar is dus baie betekenisafleidings ten opsigte van volkstaksonomie waarvoor die student van 'n Xhosaspreekende informant afhanklik is, en wat nie deur 'n betekenisveld geïllustreer word nie.

3. STELLE VAN SINONIMIE EN OORVLEUELING

Sinonimie en oorvleueling is wesenlik dieselfde tipe betekenisrelasie. In albei gevalle vind oorvleueling van betekenis plaas.

Sinonimie.

In die geval van sinonimie vind volkome oorvleueling van betekenis plaas. Dit bring mee dat die betrokke leksikale items in alle kontekste uitruilbaar is. Dit is moontlik omdat daar alleen gemeenskaplike komponente van betekenis tussen die terme bestaan en geen diagnostiese komponente, hetsy denotatief of konnotatief of supplementêr.

Sinonieme is uiters skaars in enige taal. Die meeste gevalle van sogenaamde "sinonieme", is gevalle van oorvleueling. Elke geval van "sinonimie" moet met agterdog bejeën word.

Oorvleueling

In die geval van oorvleueling vind slegs gedeeltelike oorvleueling van betekenis plaas. Dit bring mee dat die betrokke leksikale items in sekere kontekste uitruilbaar is, maar in ander kontekste nie. Dit word veroorsaak deurdat daar benewens gemeenskaplike komponente van betekenis ook diagnostiese komponente van betekenis tussen die betrokke leksikale items bestaan. Die diagnostiese komponente van betekenis kan van verskillende aard wees, denotatief, konnotatief of supplementêr.

Elke taal besit 'n groot aantal leksikale items wat in 'n relasie van oorvleueling tot mekaar staan. Hierdie relasie speel 'n spesifieke

rol in die taal; in die spreektaal sowel as in die skryftaal. Die vernaamste funksie is miskien afwisseling van styl. Daarby kom sosio-kulturele faktore, streeksverskille en konnotatiewe verskille. Die volgende stelle van sinonimie en oorvleueling kan as voorbeelde dien.

mana en soloko (gereeld en herhaaldelik)
gaqa en guqa (kniel)
gaqa en khasa (kruip)
cenga en bongoza (soebat, flikflooi)
sebenza en phangela (werk)
alatha en hkomba (rigting wys)
ya en singa (gaan)
fa, bhubha en sweleka (doodgaan)
phazama en phosisa (fouteer)
xoka (lieg) en phosisa (jok)
guga en aluphala (verouder)
qabuka en chacha (herstel)
hlala en chopha (sit)
mdaka en ngcolile (vuil)

Alle aspekte van woordeskatonderrig kan ook deur hierdie tipe betekenisrelasies ondervang word.

1. Beklemtoning van Betekenis

1.1 Komponensiële Analise


Ook in die betekenisrelasies van sinonimie en oorvleueling, word die semantiese aspek van die woordeskat beklemtoon. Daarom is komponensiële analise van die geselekteerde leksikale items die eerste stap in die onderrig daarvan.

Die relasie van sinonimie kan soos volg voorgestel word:




Gemeenskaplike komponent:
DOEN GEREELD EN HERHAALDELIK

Gemeenskaplike komponent:
KNIEL +MENSLIK
+DIERLIK



Gemeenskaplike komponent:

KRUIP +MENSLIK
-DIERLIK



Gemeenskaplike komponent: +MEDEDELING

-WAARHEID

Diagnostiese komponente:

xoka: -EUFEMISME
+BEWUSTELIK
+OPSETLIK


phosisa: +EUFEMISME
+BEWUSTELIK
+OPSETLIK



Gemeenskaplike komponent: +VEROUDER

Diagnostiese komponente

guga: +LEWEND
aluphala: +LEWEND




Gemeenskaplike komponent: +HERSTEL

Diagnostiese komponente:

qabuka: +VERSTANDELIK
+FISIES
+ONTWIKKELING

chacha: +FISIES




Gemeenskaplike komponent: +SITTENDE
POSISIE VAN
DIE LIGGAAM

Diagnostiese komponente

hlala: +TYDSDUUR
+GEMAK

chopha: -TYDSDUUR
-GEMAK




Gemeenskaplike komponent: + VUIL

Diagnostiese komponente:

mdaka: +KLEUR

ngcolile: +TOESTAND



Gemeenskaplike komponent: SOEBAT

Diagnostiese komponente

cenga: +FLIKFLOOI

+SLUHEID


+OORREED

+OMKOOP

bongoza: +SMEEK

+BID

+ADORASIE



Gemeenskaplike komponent: +WERK

Diagnostiese komponente:

sebenza: VERANTWOORDELIKHEID

-WERKGEWER

-SALARIS


+LEWEND

phangela: +VERANTWOORDELIKHEID

+WERKGEWER

+SALARIS

+MENSLIK



Gemeenskaplike komponent: RIGTING AANWYS


Diagnostiese komponente:

alatha: +MENSLIKE AGENT

+AKTIEWE HANDELING

khomba: +MENSLIKE AGENT

+AKTIEWE HANDELING




Gemeenskaplike komponent: +BEWEGING WEG
VAN SPREKER

Diagnostiese komponente:

ya: +ALLEDAAGSE BEWEGING

singa: +VERHEWE GEBRUIK




Gemeenskaplike komponent: +DOODGAAN

Diagnostiese komponente:

fa: Onderwerp: -MENSLIK
-EUFEMISTIES

bhubha: Onderwerp: +MENSLIK
+EUFEMISTIES

sweleka:Onderwerp: +MENSLIK
+EUFEMISTIES



Gemeenskaplike komponent: +FOUTEER

Diagnostiese komponente:

phazama: +MISLUK
-BEWUSTELIK FOUTEER

phosisa: +MIS DOEL
+BEWUSTELIK FOUTEER

1.2 Afleidings uit komponensiële analise

Dit is nodig om sekere afleidings uit die komponensiële analise te verduidelik.

1. Gaqa, guqa en khasa.

Hier het ons te doen met 'n dialektiese verskil. In sekere streke word gaqa en guqa as sinonieme gebruik om te verwys na die knielposisie van die liggaam van mens of dier. In andere streke (soos in dele van Transkei) word gaqa en khasa as sinonieme gebruik om te verwys na die kruipbeweging van 'n mens, in besonder van 'n baba.

2. Xoka en phosisa

Xoka impliseer 'n bewustelike leuen, terwyl phosisa 'n onbewustelike leuen impliseer. Dit is egter moontlik dat na 'n bewustelike leuen ook verwys kan word in terme van phosisa wanneer die situasie sodanig is dat die spreker nie gevoelens wil seermaak nie.

3. Guga en aluphala

Guga kan 'n onderwerp +LEWEND neem, dit wil sê ook dinge soos klere, artikels, ens. Aluphala kan alleen 'n onderwerp +LEWEND neem, dit wil sê mense en diere.

4. Qabuka en chacha

Qabuka verwys na verstandelike herstel en verstandelike ontwikkeling. Herstel uit 'n koma of bewusteloosheid word met qabuka beskrywe. Qabuka kan ook na fisiese herstel verwys: "Ndiph' ukudla ndiqabuke". (Gee vir my kos sodat ek kan krag herwin). Qabuka het ook 'n supplementêre betekeniskomponent: OPKLAAR. Imvula iqabukile. (Die reën het opgeklaar). Chacha verwys alleen na fisiese herstel.

5. Hlala en chopha

In die betekenisveld van oorvleueling verwys hlala na die sittende posisie van die liggaam. Buite hierdie betekenisveld het hlala 'n komponent van WOON.

6. Mdaka en ngcolile

Hierdie twee byvoeglike naamwoorde verwys in sekere kontekste na 'n voorwerp wat vuil is. Dit kan letterlik of figuurlik wees. Mdaka kan egter ook na die kleur van 'n voorwerp verwys soos byvoorbeeld: Isonka esimdaka. (Bruin brood).

7. Cenga en bongoza

Cenga het 'n supplementêre komponent van SLUHEID, terwyl bongoza 'n supplementêre komponent van ADORASIE bevat.

8. Sebenza en phangela

Daar is nie eenstemmingheid tussen Xhosasprekendes oor die diagnostiese komponente tussen die twee leksikale items nie. Sebenza is die mees gebruikte term om na

werk te verwys. Die term kan 'n onderwerp +LEWEND neem, byvoorbeeld:

1. Umntu uyasebenza (Die mens werk).
2. Le moto isebenza kakuhle (Hierdie motor werk goed).

Phangela verwys veral na werk in diens van 'n werkgewer waaraan loon en besondere verantwoordelikheid verbonde is. Phangela kan slegs 'n onderwerp +MENSLIK neem.

9. Fa, bhubha en sweleka

Hier is drie leksikale items wat in 'n verhouding van oorvleueling tot mekaar staan. Normaalweg verwys fa nie na 'n onderwerp +MENSLIK, wanneer die toestand van leweloosheid beskrywe word nie. Fa het egter 'n supplementêre betekeniskomponent wat na 'n siektetoestand verwys, en dit word ook ten opsigte van mense gebruik.

1. Idoda iyafa. (Die man is siek).
Abantu bafela yindlala (Die mense ly honger).

Bhubha en sweleka neem 'n onderwerp +MENSLIK en bevat 'n komponent van EUFEMISME.

2. Gebruiksfrekwensie

Gebruiksfrekwensie moet in ag geneem word wanneer stelle van sinonimie en oorvleueling onderrig word. In hierdie geval is die bepaling van gebruiksfrekwensie egter meer gekompliseerd omdat die leksikale items in groepe van twee of drie oorweeg word.

In die geval van sinonieme kan 'n seleksie gemaak word op grond van moedertaalsprekers se beoordeling van die frekwensie van woorde. Maar in die geval van oorvleueling is dit nie in alle gevalle maklik om gebruiksfrekwensie te bepaal nie. Eerstens moet die gebruiksfrekwensie van betekenisvelde van oorvleueling bepaal word. Een leksikale item met 'n hoë gebruiksfrekwensie kan die keuse bepaal, byvoorbeeld: hlala en chopha kan beskou word as van hoër gebruiksfrekwensie as guga en aluphala, op grond van die hoë gebruiksfrekwensie van hlala.

Tweedens moet die gebruiksfrekwensie van leksikale items bepaal word. In die geval van hlala en chopha het hlala 'n baie hoër gebruiksfrekwensie as chopha, en kan hlala aanvanklik aangeleer word, en van chopha slegs kennis geneem word. So kan ya ook aangeleer word omdat dit 'n veel hoër gebruiksfrekwensie as singa het, en singa kan voorlopig tot die passiewe woordeskat toegevoeg word.

In die geval van xoka en phosisa, sal dit nodig wees om albei aan te leer omdat xoka nie in alle situasies gebruik mag word nie. So moet ook fa en bhubha beskou word as gelyke gebruiksfrekwensie en albei moet gelyktydig aangeleer word.

3. Gradering van die kursus

In die gradering van die kursus sal woorde geselekteer moet word volgens hulle gebruiksfrekwensie.

In die geval van sinonieme sal die woord met die hoogste gebruiksfrekwensie eerste onderrig moet word. In die geval van stelle van oorvleueling is dit nodig om met behulp van 'n informant te besluit of slegs een woord uit 'n stel, op 'n lae vlak van onderrig geleer moet word, en of albei geleer moet word. Hierdie keuse sal afhang van die diagnostiese komponente van betekenis, denotatief, konnotatief sowel as supplementêr, wat verantwoordelik is vir die betekenisverskil tussen die betrokke leksikale items.

3.1 Sebenza en phangela

Op 'n lae vlak van onderrig is dit voldoende om alleen sebenza aan te leer, omdat sebenza in enige konteks gebruik kan word om die begrip van werk oor te dra.

3.2 Alatha en khomba

Aangesien khomba nie deur 'n agent -MENSLIK uitgevoer kan word nie, sal dit nodig wees om albei hierdie terme te onderrig en eksplisiet te wys op die betekenisverskil tussen dié twee.

3.3 Xoka en phosisa

Alhoewel xoka moontlik 'n hoër gebruiksfrekwensie as phosisa het, sal dit wenslik wees om op 'n lae vlak van onderrig eers phosisa te leer vanweë die konnotatiewe komponente van betekenis van xoka, naamlik om bewustelik en opsetlik 'n leuen te vertel. Die woord kan onnodig aanstoot gee, veral in situasies waar dit nie van pas is nie.

3.4 Fa, bhubha en sweleka

Op 'n lae vlak van onderrig moet fa onderrig word vanweë sy hoë gebruiksfrekwensie. Maar vanweë die konnotatiewe komponent van fa, -MENSLIK is dit noodsaaklik om een van bhubha of sweleka op 'n lae vlak te onderrig, vir kontekste waar 'n komponent +MENSLIK verlang word en fa dus nie van pas is nie.

3.5 Hlala en chopha

Op 'n lae vlak van onderrig hoef slegs hlala geleer te word, omdat enige moedertaalspreker sal verstaan as aan hom gesê word: Hlala! (sit).

Ons sien dus dat gradering van die kursus in die geval van sinonimie en oorvleueling heelwat meer gekompliseerd is as in die geval van aanliggendheid en insluiting, omdat groepe sowel as individuele woorde oorweeg moet word. Dit moet gepaard gaan met noukeurige komponensiële analise om vas te stel watter woorde het die hoogste funksionaliteit op 'n lae vlak van onderrig.

4. Kontrastering met moedertaal

Wanneer sinonimie en oorvleueling in die teikentaal vergelyk word met die moedertaal van die student, word ontdek dat daar in sommige betekenisvelde gapings bestaan of komponensiële verskille.

4.1 Gaqa en khasa, gaqa en guqa

In Afrikaans en Engels bestaan daar nie sulke sinonieme nie. In Afrikaans is daar slegs een item wat na 'n baba

se pedale beweging verwys en dit is kruip, en in Engels is dit slegs crawl wat hierdie denotasie het. In Afrikaans word slegs die woord kniel gevind, en in Engels kneel om na die besondere liggaamshouding te verwys, en bestaan daar nie twee leksikale items (gaqa en guqa) soos in Xhosa nie.

4.2 Sebenza en phangela

In Afrikaans en Engels bestaan daar nie so 'n relasie van oorvleueling met dieselfde diagnostiese komponente nie. In Afrikaans is daar wel 'n stel van oorvleueling werk en arbei, en in Engels work en labour, maar die diagnostiese komponent wat tussen hierdie leksikale items onderskei, is: DWANG en INSPANNING, en nie WERKGEWER, LOON en VERANTWOORDELIKHEID nie.

4.3 Fa, bhubha, sweleka

In Afrikaans is 'n soortgelyke stel van oorvleueling: vrek, doodgaan, sterf, waar vrek na 'n onderwerp -MENSLIK verwys, doodgaan na 'n onderwerp +MENSLIK en sterf na 'n onderwerp +MENSLIK.

In Engels is daar nie 'n ekwivalent vir fa en vrek nie; die is die enigste leksikale item wat vir mense diere en plante gebruik word. Die omskrywing pass away word as 'n eufemisme gebruik te opsigte van mense en kan as ekwivalent dien vir bhubha en sterf.

Die terme die en sterf word respektiewelik in Engels en Afrikaans gebruik om na klank te verwys in 'n konteks soos die volgende:

The sound dies away in the distance.

Die geluid sterf weg in die verte.

In Xhosa word die begrip vertaal:

Isandi siyaphela (Die geluid hou op).

Sodra daar dus afgewyk word van denotatiewe betekenis na supplementêre komponente van betekenis, vertoon die betrokke tale aansienlike verskille wat relasies van oorvleueling betref.

4.4 Hlala en chopha

Hierdie veld van oorvleueling bestaan gladnie in Afrikaans en in Engels nie. Afrikaans en Engels het slegs een term vir hierdie posisie van die liggaam, en dit is sit.

4.5 Xoka en phosisa

In Afrikaans bestaan twee leksikale items wat as ekwivalente kan dien vir xoka en phosisa, naamlik lieg en jok respektiewelik. In Engels kan lie dien as ekwivalent vir xoka, maar vir phosisa is daar nie 'n ekwivalent in Engels nie. Die omskrywende term to make a mistake word gebruik as eufemisme vir lie.

Ons sien dus dat velde van sinonimie en oorvleueling in een taal kan voorkom en nie in 'n ander taal nie. Verder sien ons dat waar sekere gevalle van oorvleueling in twee tale voorkom, die diagnostiese komponente wat leksikale items onderskei nie noodwendig dieselfde in die ander taal is nie, soos by sebenza en phangela, werk en arbei, work en labour.

5. Kultuurrelevansie en konseptualisering

Baie stelle van oorvleueling toon kultuurspesifieke eienskappe of is die resultaat van besondere konseptualisering.

5.1 Sebenza en phangela

Die onderskeid wat getrek word tussen sebenza en phangela is 'n kultuurspesifieke onderskeiding. Sebenza is die algemene term wat na werk verwys, maar phangela is 'n spesifieke term wat na 'n spesifieke soort en wyse van werk verwys, naamlik werk wat gepaard gaan met besondere VERANTWOORDELIKHEID, en meestal verrig word vir 'n WERKGEWER met 'n SALARIS daaraan verbonde.

5.2 Fa, bhubha en sweleka

Die term fa verwys in die onvoltooide tyd na 'n siektetoestand, soos byvoorbeeld:

1. Abantu bayafa. (Die mense is siek).
2. Iigusha ziyafa. (Die skape is siek).

In die voltooide tye verwys dit na 'n toestand van dood.

3. Iigusha zifile. (Die skape is dood).
4. Umthi ufile. (Die boom is dood).

Wanneer die term fa na 'n toestand van dood verwys, kan dit alleen 'n onderwerp -MENSLIK neem. Dit kan self ook 'n onderwerp -KONKREET neem byvoorbeeld:

5. Inyanga ifile. (Die maand het geëindig).
6. Ngenyanga efileyo. (Verlede maand).

Ons sien dus dat die Xhosaspreekende se konseptualisering van doodgaan verskil van dié van die Westerling. 'n Mens of dier wat siek is, is besig om dood te gaan. 'n Jaar of 'n maand wat verby is, is dood.

Bhubha en sweleka het 'n komponent van EUFEMISME en RESPEK en kan alleenlik 'n onderwerp +MENSLIK neem.

5.3 Hlala en chopha

Hlala is die basiese term wat verwys na gemaklik sit. Chopha verwys na ongemaklik sit vir 'n beperkte tyd. Die manier van sit word geassosiëer met die smal kleibankie wat aan die mans se kant van die hut, teen die muur aangebring is, en waarop gaste gaan sit, as die gasheer hulle nooi met die woorde: "Chopha apha."

Die student kan alleen die betekenis van die betrokke leksikale items begryp indien hy op hoogte gestel word met die kultuurkonteks waarin die woorde gebruik word. Sodoende sal die student ook leer in watter kontekste die woorde wat mekaar oorvleuel, uitruilbaar is, en in watter kontekste hulle nie uitruilbaar is nie.

6. Visuele hulpmiddele

Sommige stellinge van sinonimie en oorvleueling leen hulleself tot die gebruik van visuele hulpmiddele, en ander nie. Gaqa and guqa (kniel) sowel as gaqa en khasa (kruip) kan visueel voorgestel word deur tekeninge en ostensiewe metodes. So kan hlala en chopha ook visueel voorgestel word. Die dosent kan baie vindingrykheid aan die dag lê om die betekenisverskille tussen leksikale items wat oorvleuel uit te beeld.

Daar is egter enkele gevalle waar die gebruik van visuele hulpmiddele moeilik sal wees, soos in die geval van ya en singa, xoka en phosisa, phazama en phosisa.

7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig

Betekenisvelde van sinonimie en oorvleueling het implikasies vir ander aspekte van taalonderrig.

7.1 Grammatika

Wanneer morfologiese verandering plaasvind as gevolg van derivasie, is dit nie vanselfsprekend dat die betekenisverhouding tussen die betrokke leksikale items dieselfde bly nie, byvoorbeeld:

1. Gaqa en khasa

'n Selfstandige naamwoord umgaqo word afgelei van gaqa en verwys na 'n pad, 'n reël of 'n prosedure. Dit is nie moontlik om so 'n afleiding met dieselfde betekenis van khasa te maak nie.

2. Xoka en phosisa

'n Persoonlike selfstandige naamwoord ixoki (leuenaar) kan van xoka afgelei word; maar dieselfde kan nie met phosisa gedoen word om 'n eufemistiese term te kry wat na 'n leuenaar verwys nie.

Die kousatiewe derivasie van xoka, naamlik xokisa beteken om te bedrieg. Phosisa is op sigself 'n kousatiewe vorm van phosa (mis), en phosisisa beteken nie bedrieg soos xokisa nie.

3. Fa, bhubha en sweleka

Alhoewel fa 'n onderwerp -MENSLIK neem, word altyd na die afgestorwene verwys met die term umfi, en word dié term nie vir 'n entiteit -MENSLIK gebruik nie. Daar bestaan nie afgeleide selfstandige naamwoorde umbhubhi en umsweleki nie.

7.2 Sintaksis

Daar is slegs een manier om te toets of woorde sinonieme is en of hulle slegs gevalle van oorvleueling is, en dit is deur middel van die sintagmatiese gebruik van die woorde. Sinonieme is in alle kontekste uitruilbaar, terwyl woorde wat in 'n verhouding van oorvleueling tot mekaar staan slegs in sommige kontekste uitruilbaar is, byvoorbeeld:

1. Khasa en gaqa

1. Usana luyakhasa/gaqa. (Die baba kruip).

2. Mana en soloko

2. Ndimana ndisiya eKapa.
3. Ndisoloko ndisiya eKapa. (Ek gaan gereeld Kaap toe).

3. Sebenza en phangela

4. Indoda isebenza/iphangela eKapa. (Die man werk in die Kaap)
5. Indoda isebenza entsimini yayo. (Die man werk in sy land).
- * 6. Indoda iphangela entsimini yayo.

Sin 6 is semanties onaanvaarbaar omdat die diagnostiese komponente + WERKGEWER + SALARIS nie in hierdie konteks inpas waar die man in sy eie land werk nie.

'n Ad hoc aanname word gemaak dat khasa en gaqa sinonieme is, sowel as mana en soloko, totdat 'n konteks gevind word waar hulle nie uitruilbaar is nie. Dan moet hulle voortaan beskou word as 'n stel van oorvleueling.

Die sinne wat die student konstrueer, moet nie alleen grammatikaal aanvaarbaar wees nie, maar ook semanties. Hierin speel leksikale analise, 'n belangrike rol, en veral stelle van oorvleueling, waar twee leksikale items kompeteer om 'n posisie in die sin en die regte keuse gemaak moet word.

7.3 Letterkunde

Sinonieme en stelle van oorvleueling het besondere implikasies vir die bestudering van letterkunde. Die skrywers van letterkundige werke gebruik sinonieme en stelle van oorvleueling om afwisseling in styl te bewerkstellig. Die student wat bewus is van hierdie tipe betekenisveld kan met meer begrip en waardering 'n skrywer se werk beoordeel ten opsigte van hierdie een aspek, afwisseling van styl.

Terselfdertyd is die studie van die letterkunde 'n baie effektiewe metode om betekenisvelde van sinonimie en oorvleueling te ontdek, en bevestiging te kry vir oënskynlike gevalle van sinonimie en oorvleueling. So byvoorbeeld kan qabuka en chacha in twee kontekste voorkom:

1. Umntwana ogulayo waqabuka.
Umntwana ogulayo wachacha.

Albei sinne beteken: Die siek kind het herstel. Maar sin 1 veronderstel 'n kind wat bewusteloos was, en wat sy bywussyn herwin het, terwyl sin 2 'n kind veronderstel wat van 'n liggaamlike siekte herstel het. Hierdie tipe betekenisnuanses word deur middel van die letterkundige studies ontdek.

7.4 Vertaling

Betekenisvelde van sinonimie en oorvleueling het 'n baie belangrike bydrae te lewer tot vertaling.

Vertaling moet ook stylvol geskied, en daarvoor is nodig genoegsame kennis van sinonieme en stelling van oorsprong. Die vertaler vind ook dikwels dat twee of meer leksikale items kompeteer om 'n posisie in 'n sin. Dan is dit nodig dat hy eers 'n komponensiële analise doen om vas te stel watter woord gebruik moet word om die sin semanties aanvaarbaar te maak. Die Afrikaanse sin: "Sit hier!" kan op twee maniere in Xhosa vertaal word:

1. Hlala apha!
2. Chopha apha!

Om die regte woord te kies vir die besondere konteks, moet die situasie eers bestudeer word. Word die persoon genooi om lank en gemaklik te sit, dan is hlala die regte woord om te gebruik; word die persoon genooi om vir 'n kort rukkie op 'n kleibankie of 'n ongemaklike sitplek te sit, is chopha die regte woord om te gebruik.

Vertaling gaan ook hand aan hand met kontrastering tussen die teikentaal en die moedertaal. In Xhosa verwys die woord hlala byvoorbeeld na verskillende betekenisse, soos byvoorbeeld:

1. Umntwana uhlala esitulweni. (Die kind sit op die stoel).
2. Umtwana uhlala endlwini. (Die kind sit in die huis).
(Die kind woon in die huis).
3. Umntwana uhlala eKapa. (Die kind woon in die Kaap).
Umntwana uhlala egula. (Die kind hou aan om siek (te wees)).

Alleen in sin 1 kan hlala uitruilbaar wees met chopha, en nie in sinne 2, 3 en 4 nie. Die vraag is nou: Is die woord hlala in sinne 2, 3 en 4 nie verskillende homofone van die woord hlala in sin 1 nie; dit wil sê aparte leksikale items met dieselfde vorm en klank, maar met heeltemal verskillende betekenisse? In sin 4 het hlala geen gemeenskaplike komponent van betekenis met hlala in sinne 1, 2 en 3 nie.

Die studie van betekenisvelde van oorsprong lei ook tot die ontdekking van leksikale gapings in die teikentaal sowel as in die moedertaal. Afrikaans en Engels maak byvoorbeeld nie die onderskeid tussen werk vir 'n werknemer

(phangela) en werk vir jouself (sebenza) wat Xhosa maak nie. Xhosa en Afrikaans het byvoorbeeld twee leksikale items wat na valse beriggewing verwys: Xhosa: xoka en phosisa. Afrikaans: lieg en jok. Xoka en lieg is baie sterk woorde, terwyl phosisa en jok eufemismes is. In Engels is daar nie 'n enkele leksikale item wat as ekwivalent kan dien vir phosisa en jok nie.

Die beste metode vir vertaling is dinamiese ekwivalensie wat ondermeer komponensiële analise impliseer. Die betekenisvelde van sinonimie en oorvleueling, gepaardgaande met komponensiële analise lewer dus 'n besondere bydrae tot die onderrig van vertaling uit die teikentaal in die moedertaal en omgekeerd.

8. Probleme in verband met Sinonimie en Oorvleueling

Ook die betekenisrelasies van sinonimie en oorvleueling is nie sonder sekere probleme nie.

1. Seleksie van leksikale items

Die seleksie van leksikale items vir stelle van sinonimie en oorvleueling moet rekening hou met die gebruiksfrekwensie van woorde, en derhalwe met hulle funksionaliteit op die terrein waar die student hulle sal gebruik.

'n Aansienlike aantal stelle van oorvleueling se leksikale items verskil in gebruiksfrekwensie. Dit beteken dat in sulke gevalle twee woorde geleer moet word en die komponensiële analise van albei gedoen word, waar die student miskien op 'n lae vlak van onderrig net nodig gehad het om een woord te leer, soos byvoorbeeld, in die geval van hlala en chopha.

Sinonieme kan dus nie sommer voor die voet geleer word nie. Daar moet deeglik rekening gehou word met die gradering van die kursus. Die seleksie van die items moet geskied met behulp van 'n informant. Die moontlikheid bestaan dat die informant nie goed vertrou is met die gradering van 'n kursus nie. Ook die feit dat 'n leksikale item soms in

twee verskillende velde figureer soos phosisa wat met xoka en phazama figureer, kan die student verwar.

Seleksie moet dus tot 'n groot mate arbitrêr geskied met behulp van 'n informant. Met verloop van tyd sal die dosent kan vasstel watter stelle op elke vlak van onderrig aangeleer moet word.

2. Toekenning van komponentmerkers

Komponensiële analise en die toekenning van komponentmerkers is 'n gekompliseerde taak in die geval van stelle van oorvleueling. Daar word probleme ondervind om die gemeenskaplike komponent van betekenis to formuleer. Soms word die ekwivalent in Afrikaans gebruik as komponentmerker soos WERK in die geval van sebenza en phangela en SOEBAT in die geval van cenga en bongoza.

Die meeste probleme word egter ondervind by die vasstelling van diagnostiese komponente in die toekenning van komponentmerkers. Die betekenisveld van sebenza en phangela lewer, byvoorbeeld, in die opsig baie probleme op. Xhosaspreekende informante verskil baie van mekaar oor die verskil tussen sebenza en phangela, en daarom moet die student uiteindelik uit al die verkreë informasie diagnostiese komponente bepaal om sover as moontlik al die inligting te ontdek.

In gevalle waar leksikale items ook supplementêre en/of konnotatiewe betekenis het, is die vraag, watter komponente relevant is vir die bepaalde analise? In die stel van xoka en phosisa, is die konnotatiewe betekenis van xoka, naamlik +BEWUSTELIK, +OPSETLIK wel relevant omdat dit die belangrikste betekenisverskil tussen die twee woorde behels. Maar in die stel hlala en chopha, het hlala supplementêre betekenis van WOON en AANHOUDEND, soos geïllustreer in sinne 1 en 2.

1. UThemba uhlala edolophini. (Themba woon in die dorp).
2. UThemba uhlala egula. (Themba is aanhoudend siek).

Hierdie komponente van WOON en AANHOUDEND is nie relevant in

'n stel van hlala en chopha nie. Dit is nie altyd duidelik watter komponente relevant is, en watter nie.

3. Derivatiewe en betekenisverandering

Grammatikale afleidings kan nie konsekwent op al die leksikale items in 'n stel van oorvleueling toegepas word nie. Die kousatiewe vorm van sebenza is sebenzisa (gebruik). Dit is nie moontlik om so 'n afleiding van phangela te maak nie.

Die applikatiewe vorm fa is fela, en dit beteken "om vir iets of iemand te sterwe", byvoorbeeld:

UKristu wabafela aboni. (Christus het vir sondaars gesterf).

Bhubha het ook 'n applikatiewe vorm bhubhela, maar sweleka het nie. Alhoewel fa nie 'n onderwerp +MENSLIK neem nie, neem fela tog wel 'n onderwerp +MENSLIK.

Dit is 'n aanduiding dat stelle van oorvleueling heelwat probleme oplewer in die onderrig van grammatika en sintaksis omdat grammatikale derivasie nie konsekwent op alle leksikale items toegepas kan word nie.


4. STELLE VAN UITGESLOTENHEID

Tradisioneel is daar slegs een kategorie wat stelle van woorde met teenoorgestelde betekenis onderskei naamlik "antonieme". Volgens die Teorie van Semantiese Velde bestaan daar minstens vier tipes relasies van uitgeslotenheid, naamlik: komplementariteit, antonimie, reversiwiteit en konversiwiteit.

Ook hierdie subkategorieë van die relasie van uitgeslotenheid, het elkeen 'n besondere relevansie vir woordeskatonderrig, met die hoofklem op die semantiese aspek van die woordeskat. Ter illustrasie van die toepassingsmoontlikhede van hierdie relasie word 'n beperkte aantal voorbeelde van stelle van uitgeslotenheid behandel.

1. Komplementêre stelle:indoda : umfazi (man : vrou)inkwenkwe : intombi (seun : dogter)umyeni : umtshakazi (bruidegom : bruid)umyeni : umfazi (man : vrou. Eng. husband : wife)2. Antonieme:hle : bi (mooi : lelik)lungile : bi (goed : sleg)de : mfutshane (lank : kort)kude : kufuphi (ver : naby)mxinwa : banzi (smal : breed)3. Reversiewe:bopha : khulula (vasmaak : losmaak)nxiba : khulula (aantrek : uittrek)nyuka : hla (styg : daal)vala : vula (toemaak : oopmaak)ngena : phuma (inkom : uitgaan)sondela : bhekela (naderkom : padgee)nqwala : hlunguzela, nikina (bevestigend knik : ontkennend knik)gweba : gwebela (veroordeel : vryspreek)4. Konversiewethenga : thengisa (koop : verkoop)qasha : qashisa (huur : verhuur)funda : fundisa (leer : onderrig)zeka : enda (trou (man) : trou (vrou))umzali : umntwana (ouer : kind)umyeni : umtshakazi (bruidegom : bruid)umyeni : umfazi (man : vrou, Eng. husband : wife)indoda : umfazi (man : vrou, Eng. man : woman of husband : wife)

Die verskillende tipes relasies van uitgeslotenheid kan op die volgende diagrammatiese wyse voorgestel word.


1. Komplementêre Stelle

Gemeenskaplike komponent: +MENSLIK
 +GESLAG (SEKS)
 +VOLWASSE

Diagnostiese komponente:

indoda : + MANLIK

umfazi : +VROULIK


2. Antonieme

Gemeenskaplike komponent: +VOORKOMS

Diagnostiese komponente:

hle: +AANTREKLIK

bi: -AANTREKLIK


3. Reversiewe

Gemeenskaplike komponent: +VERANDERING VAN
 TOESTAND VAN
 HEGTING

Diagnostiese komponente:

bopha: -HEGTING NA +HEGTING

khulula: +HEGTING NA -HEGTING

4. Konversiewe:

Gemeenskaplike komponent: +OMRUILING

Diagnostiese komponente:

thenga: +ONTVANG GOEDERE IN RUIL VIR GELD

thengisa: +ONTVANG GELD IN RUIL VIR GOEDERE

Relevansie vir Woordeskatonderrig

Die betekenisrelasie van uitgeslotenheid het ook besondere toepasbaarheid ten opsigte van die onderskeie aspekte van woordeskatonderrig.

1. Beklemtoning van die semantiese aspek

1.1 Groepering van woorde

Woorde word binne hierdie relasie saamgegroepeer op grond van 'n gemeenskaplike betekeniskomponent, alhoewel die betekenis van die onderskeie woorde mekaar juis in enige konteks uitsluit op grond van onversoerbare diagnostiese komponente. So byvoorbeeld, word indoda (man) en umfazi (vrou) in een betekenisveld saamgegroepeer op grond van gemeenskaplike komponente: +MENSLIK, +GESLAG (SEKS), +VOLWASSE. Maar hulle sluit mekaar uit kragtens die diagnostiese komponente +MANLIK en +VROULIK onderskeidelik.

1.2 Betekenisverskille

Die tipes betekenisverskille binne die relasie van uitgeslotenheid, naamlik: komplementariteit, antonimie, reversiwiteit en konversiwiteit word beklemtoon. Die verskillende tipes relasies van uitgeslotenheid sluit mekaar uit kragtens besondere kenmerke wat elke kategorie besit. Komplementêre stelle se onderskeidende kenmerk is dat dit nooit meer as twee leksikale items in 'n veld insluit nie. Lyons sê:

"Complementarity may be regarded as a special case of incompatibility holding over two-term sets",¹

Antonieme sluit slegs leksikale items in wat gradeerbaar is. Reversiewe behels stelle leksikale items wat omgekeerde gebeurtenisse impliseer. Konversiewe stelle bevat 'n element van wederkerigheid.

Die besondere kenmerke kan soos volg geïllustreer word:

1. Komplementêre stelle:

In 'n sin soos: Indoda iyahamba, (Die man loop), word umfazi heeltemal uitgesluit, aangesien die diagnostiese komponente MANLIK vir indoda en VROULIK vir umfazi, heeltemaal onversoerbaar is.

2. Antonieme

In die volgende sinne is hle en bi gradeerbaar.

1. Abantwana bahle . (Die kinders is mooi).
2. Abantwana babi . (Die kinders is lelik).

Die betekenis van die leksikale items is relatief en nie absoluut nie. Daarom kan gesê word:

3. Aba bantwana bahle kunabanye . (Hierdie kinders is mooier as ander).
4. Aba bantwana babi kunabanye . (Hierdie kinders is leliker as ander).

Die onderwerp (aba bantwana) in sin 3 kan na dieselfde kinders verwys as die onderwerp in sin 4, maar in elke sin word 'n ander norm gebruik om die voorkoms van kinders met ander te vergelyk.

3. Reversiewe

Reversiewe sluit mekaar uit kragtens diagnostiese komponente wat die omgekeerdheid van die gebeurtenis impliseer. Handeling soos nyuka en hla, ngena en phuma, ens. vind in teenoorgestelde rigtings plaas.

4. Konversiewe

By konversiewe stelle is 'n element van wederkerigheid teenwoordig, byvoorbeeld:

1. UThemba uthenga kuZolile . (Themba koop by Zolile).
2. UZolile uthengisela uThemba . (Zolile verkoop aan Themba).

Sinne 1 en 2 het presies dieselfde betekenis, alhoewel die onderwerp en voorwerp in sin 2 omgeruil is.

3. UThemba ungumzali kaFezeka . (Themba is die ouer van Fezeka).
4. UFezeka ungumtwana kaThemba . (Fezeka is die kind van Themba).

Sinne 3 en 4 het ook dieselfde betekenis. Sin 1 impliseer sin 2 en sin 3 impliseer sin 4 en omgekeerd.

2. Gebruiksfrekwensie

Die vraag ontstaan dadelik, watter stelle van uitgeslotenheid moet eerste onderrig word? Met ander woorde, watter leksikale items het die hoogste gebruiksfrekwensie? Dit is moeilik om op hierdie vraag 'n afdoende antwoord te gee in die geval van hierdie relasie.

In die gevalle van aanliggende stelle en stelle van ingeslotenheid kan leksikale items rondom 'n tema geselekteer word. Maar in die geval van stelle van uitgeslotenheid is dit nie moontlik nie, omdat daar nie noodwendig betekenisverband tussen verskillende stelle van uitgeslotenheid bestaan nie. Die seleksie van leksikale items word beperk deur die gepaardheid van die terme. Die aard van die semantiese relasie tussen die stelle leksikale items bied dus as sodanig geen leidraad vir die seleksie van woorde in dié geval nie.

Derhalwe sal 'n ander metode van gebruiksfrekwensiebepaling gevind moet word. Eerstens sal die sosiale behoeftes van die student 'n bepalende faktor wees in die keuse van stelle leksikale items. Op grond van die sosiale behoeftes van die student sal 'n frekwensiebepaling van die mees voorkomende parameters van uitgeslote stelle eers gemaak moet word. Stelle van uitgeslotenheid behels parameters soos: verwantskap, geslag, voorkoms, dimensies, besigheidstransaksies, ens.

Nadat besluit is watter parameters die hoogste voorkoms in 'n bepaalde sosio-kulturere milieu het, kan besluit word watter stelle hoë gebruiksfrekwensie het. Die seleksie van parameters en van stelle leksikale items moet geskied met behulp van 'n Xhosasprekende informant. Die student kan ook op grond van sy kennis van sy moedertaal sekere stelle selekteer. Sodoende sal hy, byvoorbeeld, na ekwivalente soek vir stelle soos: vader : moeder, man : vrou, groot : klein, oopmaak : toemaak, koop : verkoop. ens.

Die relasie van uitgeslotenheid verskil ook van sinonimie en oorvleueling in die opsig dat daar geen keuse moontlik is tussen die lede van 'n stel van twee leksikale items nie. Elke leksikale item in 'n uitgeslote stel is net so belangrik as sy teëhanger. In die geval van sinonimie en oorvleueling het een

leksikale item dikwels 'n hoër gebruiksfrekwensie as die ander term in so 'n veld, en kan die een met die hoogste gebruiksfrekwensie eerste onderrig word. In die geval van stelle van uitgeslotenheid daarenteen moet albei die woorde gelyktydig onderrig word.

3. Gradering van die kursus

Nadat die gebruiksfrekwensie van die woorde bepaal is, kan die gradering van die kursus plaasvind.

In die geval van stelle van uitgeslotenheid kan semantiese insigte nie by gradering gebruik word soos by aanliggendheid en ingeslotenheid nie. By aanliggendheid is 'n sentrale tema wat opgebou word rondom 'n basiese term soos, byvoorbeeld, werkwoorde van PEDALE BEWEGING rondom hamba (loop). Dit is dus moontlik om te voorspel watter leksikale items by die veld ingesluit word. Net so kan voorspel word watter leksikale items in 'n veld van ingeslotenheid sal figureer op grond van die oorkoepelende term, byvoorbeeld: ukutya (voedsel).

By stelle van uitgeslotenheid het ons te doen met velde met 'n heel beperkte aantal terme wat mekaar uitsluit en al die betrokke leksikale items in elke stel moet geleer word.

Die gradering van die kursus kan egter plaasvind volgens die funksionaliteit van die betrokke parameters op grond waarvan die stelle gekonstrueer is. So kan besluit word dat parameters van verwantskap en geslag voorkeur moet geniet bo parameters van dimensie. Daarom kan op 'n lae vlak van onderrig stelle soos: umzali : umtwana en indoda : umfazi, ens., en mxinwa : banzi, ens., onderrig word.

4. Kontrastering met die moedertaal

Opvallende verskille word opgemerk wanneer hierdie betekenisvelde met dié van Afrikaans en Engels vergelyk word. Ter illustrasie volg hier enkele voorbeelde.

4.1 Gweba en gwebela

In Afrikaans is die ekwivalente veroordeel en vryspreek, en in Engels, condemn en acquit. Ons merk dus dat Afrikaans en Engels leksikale items bevat wat in klank en vorm heeltemal van mekaar verskil, terwyl daar in Xhosa in hierdie geval sterk ooreenkoms is in klank en vorm tussen die leksikale items waarvan die betekenis mekaar uitsluit. Gwebela is die applikatiewe vorm van gweba, maar het die teenoorgestelde betekenis.

4.2 Thenga en thengisa

In die geval van konversiewe is Xhosa geneig om van die kousatiewe vorm van die werkwoord gebruik te maak, in die vorming van konversiewe terme. Afrikaans gebruik in hierdie geval 'n morfologiese strategie om dié tipe relasies te vorm, byvoorbeeld: koop en verkoop. Engels gebruik heeltemal verskillende leksikale items, soos byvoorbeeld: buy en sell.

4.3 Boleka : — ; — : boleka

In Engels bestaan daar 'n betekenisveld van konversiwiteit ten opsigte van die betekenis van TYDELIKE OORDRAG VAN BESITTING, naamlik lend en borrow. In Afrikaans word slegs een leksikale item gebruik om na albei gebeurtenisse te verwys, naamlik leen. Ook in Xhosa bestaan slegs een leksikale item boleka wat as ekwivalent dien vir albei Engelse terme.

4.4 Indoda : umfazi en umyeni : inkosikazi

In Xhosa word onderskei tussen die geslagsverskille van persone en die huweliksverhouding tussen man en vrou. Indoda en umfazi verwys oor die algemeen na die geslagsverskil, maar wel ook na die huweliksverhouding waar van toepassing. Umyeni en inkosikazi verwys in besonder na die huweliksverhouding.

Dit stem ooreen met Engels waar man en woman na die geslagsverskil verwys en husband en wife na die huweliksverhouding. In Afrikaans word slegs twee terme man en vrou

aangetref om na albei, dit wil sê geslagsverskil en huweliks-verhouding tussen persone te verwys. In Afrikaans kom wel terme soos eggenoot en eggenote voor, maar hulle het 'n baie lae gebruiksfrekwensie en word eintlik net in formele situasies gebruik.

Betekenisvelde van uitgeslotenheid maak dit moontlik vir die student om die aard van verskille tussen die tipes relasies van uitgeslotenheid in die twee betrokke tale op 'n sistematiese wyse te kontrasteer. Nou vind kontrastering nie plaas tussen enkele woorde in isolasie nie; ook nie by wyse van formele korrespondensie nie, maar betekenisvelde word met mekaar gekontrasteer en dit lei tot insigte in die aard van die verskille en ooreenkomste tussen die betrokke tale.

5. Kultuurkonteks en konseptualisering

Die betekenisvelde van uitgeslotenheid werp veel lig op die kultuurverskille en -ooreenkomste en insgelyks op die verskille en ooreenkomste in die konseptualisering binne die onderskeie tale. Vervolgens let ons net op enkele voorbeelde.

5.1 Die konversiewe: umzali : umntwana

Die begrippe umzali en umntwana korrespondeer nie met die begrippe ouer en kind in die Afrikanerkultuur nie. Die term umzali verwys na die persone wat die kind verwek en gebaar het. Maar hierdie persone is nie die enigste wat verantwoordelik is vir die kind se opvoeding en versorging nie. Die verantwoordelikheid word met die ouer gedeel deur, onder andere, die tata omncinci (die vader se jonger broer), die tata omkhulu (die vader se ouer broer) en die umalume (die moeder se broer).

5.2 Die konversiewe: umalume : umtshana

Die terme umalume en umtshana in die Xhosa gemeenskap is baie meer betekenisvol ten opsigte van verantwoordelikhede en voorregte as oom en susterskind in die Afrikaanse gemeenskap. Die verhouding tussen umalume en umtshana is baie hegte.

Die umalume het sekere verantwoordelikhede teenoor die umtshana en die umtshana geniet sekere voorregte by die umalume. (Sien ook bl. 144).


5.3 Die konversiewe: zeka : enda

In Xhosa word 'n oorkoepelende term tshata vir huweliksluiting gebruik om te onderskei tussen die aangaan van die huwelik uit die man se oogpunt en uit die vrou se oogpunt. Die term zeka verwys slegs na die man se handeling in die huweliksluiting en die term enda verwys slegs na die vrou se handeling (Sien bl. 148).

Sekere betekenisvelde van uitgeslotenheid het 'n baie sterk kultuurrelevansie. Wanneer die student die woorde in pare aanleer tesame met hulle kultuurspesifieke betekenis begryp hy soveel beter die volle betekenis van die woord, as wanneer hy enkele woorde in isolasie sou aanleer tesame met die sogenaamde "ekwivalent" in sy moedertaal.

6. Visuele Hulpmiddele

Velde van uitgeslotenheid leen hulle ook uitstekend tot die gebruik van visuele hulpmiddele. Op 'n lae vlak van onderrig kan prente en tekeninge gebruik word om die kontraste tussen die betekenis van die leksikale items te illustreer. Daar hoef dus nie alreeds op hierdie vlak van 'n metataal gebruik gemaak te word om die diagnostiese komponente aan te toon nie. Visuele hulpmiddele kan in 'n groot mate die probleme ten opsigte van die formulering van komponentmerkers wat so karakteristiek is van die relasie van uitgeslotenheid oorbrug. 'n Eenvoudige tekening soos die volgende kan die betekenisrelasie illustreer.



7. Integrasie met ander aspekte van taalonderrig

Betekenisvelde van uitgeslotenheid kan ook geïntegreer word met ander aspekte van taalonderrig. Hier volg slegs enkele voorbeelde.

7.1 Grammatika

By twee subtipies van die relasie van uitgeslotenheid word gebruik gemaak van 'n morfologiese strategie om 'n woord se teëhanger te vorm. Sommige komplementêre stelle gebruik die agtervoegsel -kazi om die vroulike vorm van 'n entiteit te vorm, byvoorbeeld:

inkosi (kaptein): inkosikazi (kapteinvrou)

inja (hond): injakazi (teef)

ihasha (perd): ihashekazi (merrie)

Sommige konversiewe stelle maak gebruik van die kousatiewe uitgang -isa om 'n teëhanger te vorm, byvoorbeeld:

thenga (koop) : thengisa (verkoop)

qasha (huur) : qashisa (verhuur)

funda (leer) : fundisa (onderrig)

Afrikaans en Engels gebruik, onder andere, 'n morfologiese strategie om gradeerbare leksikale items se vorm en betekenis te verander, soos byvoorbeeld:

mooi - mooier - mooiste

pretty - prettier - prettiest

In Xhosa ondergaan die betrokke leksikale item geen morfologiese verandering nie, maar die formatief kuna - verrig hierdie funksie van gradering, byvoorbeeld:

Lo mntwana mhle kunabanye (Hierdie kind is mooier as ander).

7.2 Sintaksis

In die sintaktiese gebruik van stelle van uitgeslotenheid kom sekere semantiese insigte na vore.

1. Neutralisering van opposisie tussen antonieme²

Alhoewel antonieme mekaar uitsluit, beteken die ontkenning van die een nie noodwendig die bevestiging van die ander nie. As ek sê: "My huis is nie groot nie", beteken dit nie noodwendig dat my huis klein is nie.

Daar is ook geen kontrastering tussen twee terme in 'n veld in die geval van "ongemerkte" vrae nie. As ek vra: "Hoe groot is dit?" impliseer dit nie dat die voorwerp groot of klein is nie. In Xhosa is die vraag: "Ingakanani na?" Die term khulu en ncinci word nie eens in die vraag gemeld nie. Dit is 'n verdere aanduiding van die "ongemerktheid" van die vraag in Xhosa.

Ook in nominalisering van antonieme vind neutralisering van opposisie plaas. In 'n ongemerkte vraag soos: "Wat is die grootte van die huis?", word slegs een term gebruik, afgelei van groot. Die teëhanger van groot, naamlik klein word nooit in so 'n konteks gebruik nie. 'n Mens sal nie vra: "Wat is die kleinte van die huis?" nie. Hierdie sintaktiese eienskap van antonieme in die geval van nominalisering geld ook in Xhosa. 'n Xhosaspreekende sal vra: "Ubukhulu bendlu bungakanani na?" (Hoe groot is die huis?) Maar hy sal nie vra: "Ubuncinci bendlu bungakanani na?" (Hoe klein is die huis?) nie.

2. Polarisasie tussen gradeerbare antonieme³

Vanweë die feit dat antonieme gradeerbaar is, is die betekenis van die leksikale items relatief van aard. 'n Mens moet liever dink aan 'n skaal wat wissel van negatief na positief. As ek vra: "Is dit 'n goeie film?" en iemand antwoord: "Nee", dan beteken dit nie noodwendig dat dit 'n swak film is nie. Die kwaliteit van die film word bestempel as synde meer na die negatiewe kant van die skaal as na die positiewe kant. Die posisie op die skaal word egter nie presies bepaal nie. Die term swak sal

alleen gebruik word as die antwoord "nee" nie voldoende is nie.

3. Negasie van die positiewe

In Engels word die teëhanger by uitgeslote stelling dikwels gevorm deur negasie van die positiewe teëhanger, soos byvoorbeeld:

tie : untie, wrap : unwrap, wise : unwise,
willing : unwilling.

In Afrikaans kom negasie van die positiewe ook voor; oënskynlik nie so frekvent as in Engels nie, byvoorbeeld:

wys : onwys, gewillig : onwillig, waardig : onwaardig, ens.

In Xhosa vind negasie nie plaas soos in Afrikaans en Engels nie. In die meeste gevalle word afsonderlike leksikale items gebruik, byvoorbeeld: bopha : khulula (vasmaak : losmaak), ens.

4. Passiewe betekenis van konversiewe

Werkwoorde wat in 'n relasie van konversiwiteit tot mekaar staan, het 'n onderliggende passiewe betekenis, soos in die volgende sinne.

1. UThemba (NP1) ufundisa umntwana (NP2).
2. Umntwana (NP2) ufunda kuThemba (NP1),
3. Umntwana (NP2) ufundiswa nguThemba (NP1).

Ons merk dat die NP1 en NP2 in sin 2 posisies omgeruil het, met die gebruik van funda, in plaas van fundisa. In sin 3, waar passivering plaasgevind het, het NP1 en NP2 op dieselfde wyse posisies omgeruil. Die betekenis van sinne 1, 2 en 3 is presies dieselfde.

7.3 Letterkunde

Betekenisvelde van uitgeslotenheid kan nie by die letterkundige studie geïntegreer word in dieselfde mate as,

byvoorbeeld, sinonieme en stelle van oorvleueling nie. Sinonieme en stelle van oorvleueling word dikwels deur skrywers gebruik om hulle styl af te wissel. Stilistiese oorwegings is nie ter sprake by stelle van uitgeslotenheid nie, omdat die skrywer geen keuse het nie. Omdat die betekenis mekaar uitsluit, is hy verplig om een van die leksikale items uit die betrokke veld te gebruik.

Idiomatiese uitdrukkings bevat soms leksikale items uit 'n betekenisveld van uitgeslotenheid waar oënskynlik 'n kontradiksie tussen betekenis-komponente plaasvind. Maar dit het juis die effek om die betekenis-komponent van die betrokke leksikale item te beklemtoon, soos byvoorbeeld: Akamhle! (Is hy nie mooi nie!) Alhoewel die grammatikale vorm van die sin negatief is, is die semantiese inhoud baie sterk positief.

7.4 Vertaling

Die integrasie van betekenisvelde van uitgeslotenheid by vertaling lei veral tot die ontdekking van leksikale gapings, of in die moedertaal of in die teikentaal. Ons kan op die volgende voorbeelde let wat hierdie punt illustreer:

1. Die Xhosaspreekende gebruik slegs een leksikale item wat na lelik en sleg verwys, naamlik bi. Dit dui op 'n leksikale gaping in die Xhosa-woordeskat.
2. Die volgende gebruike van dik en dun dui weer op leksikale gapings in die Afrikaanse woordeskat:
 1. Die sop is dik.
Umhluzi ijyile.
 2. Die sop is dun.
Umhluzi ungamanzi/umanzi
 3. Die paal is dik.
Isibonda sinesiqu.
 4. Die paal is dun.
Isibonda sinciphile.
 5. Die muis is dik.
Impuku ihluthi.

6. Die muis is dun.

Impuku ilambile.

In vertaling moet deeglik daarop gelet word dat die regte leksikale items uit stelling van uitgeslotenheid gekies word om die korrekte betekenis weer te gee ooreenkomstig die konseptualisering van die Xhosa-sprekendes. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die vertaling van Matteus 7:13, 14. "Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei is wyd en die pad daarheen is breed. Maar die poort wat na die lewe lei is nou en die pad daarheen is smal." (1979 - Vertaling: Die Nuwe Testament en die Psalms).

"Ngenani ngesango elimxinwa, ngokuba libanzi isango, iphangelele indlela esa entshabalalweni; Ngokuba limxinwa isango icuthene nendlela, esa ebomini".

Nou en wyd en mxinwa en banzi word gebruik om die dimensies van die poort te beskryf en smal en breed en cuthene en phangelele verwys na die dimensies van die pad. Daar is dus 'n beperking op hierdie terme waarmee die vertaler moet rekening hou.

In Afrikaans kan 'n mens nie praat van 'n smal poort nie, maar van 'n nou poort; wel van 'n smal pad, en ook 'n nou pad. 'n Mens kan ook nie praat van 'n breë poort nie, maar van 'n wye poort en 'n breë pad, asook 'n wye pad.

In Xhosa kan nie gesê word: "Indlela imxinwa" nie maar "Indlela icuthene". Daar kan wel gesê word: "Indlela iphangalele", sowel as "Indlela ibanzi".

Dit lyk dus asof die entiteit met die komponent OPENING TUSSEN KANTE 'n restriksie plaas op sekere leksikale items van uitgeslotenheid.

8. Probleme in verband met velde van uitgeslotenheid

Velde van uitgeslotenheid lewer ook sekere probleme op, soos die volgende:

1. Toekenning van komponentmerkers

Dit is een van die vernaamste probleme.

1.1 Indoda : umfazi (Man : vrou)

Hierdie twee leksikale items vorm twee aparte betekenisvelde. In die een veld is die gemeenskaplike komponent: GESLAGSONDERSKEIDING, en in die ander veld is dit HUWELIKSVERHOUDING. Maar in die veld van HUWELIKSVERHOUDING kan indoda vervang word met umyeni en umfazi met inkosikazi. Inkosikazi besit dan die diagnostiese komponent van GETROUDE VROU. Maar wanneer inkosikazi in 'n veld figureer saam met inkosi dan besit dit die diagnostiese komponent van KAPTEINSVROU.

1.2 Vala : Vula (Toemaak : oopmaak)

Die eerste vraag is, wat is die gemeenskaplike komponent wanneer die terme ten opsigte van 'n deur gebruik word? Die probleem kom by die onsekerheid van die handeling. Albei die volgende sinne is semanties aanvaarbaar:

1. UThemba uvala umnyango, (Themba maak die deur toe),
2. UThemba uvala ucango, (Themba maak die deur toe),

In sin 1 refereer umnyango na die deuropening, en in sin 2 refereer ucango na die voorwerp wat aan die skarniere swaai. Die gemeenskaplike komponent kan een van twee wees:

1. VERANDERING VAN TOESTAND VAN OPENING
2. VERANDERING VAN POSISIE VAN DEUR

Wanneer vala en vula gebruik word ten opsigte van 'n pot (imbiza) met 'n deksel (isiciko) is die gemeenskaplike komponent duideliker.

1. UThemba uvala imbiza, (Themba maak die pot toe).
- * 2. UThemba uvala isiciko, (Themba maak die deksel toe)

Sin 2 is semanties onaanvaarbaar. Dus bly slegs een gemeenskaplike komponent oor: VERANDERING VAN TOESTAND VAN OPENING.

Wanneer vala en vula na 'n mens se oë verwys, lewer dit verdere probleme op. In sinne soos:

1. Vala amehlo akho, ((Maak jou oë toe),
2. Vula amehlo akho, (Maak jou oë oop).

is die gemeenskaplike komponent VERANDERING VAN TOESTAND VAN OOGLEDE. Die gemeenskaplike komponent kan wel + SIEN impliseer, maar nie in die geval van 'n blinde persoon nie.

In die geval waar vala en vula na 'n mens se oë verwys, kan vala vervang word met cima, wat letterlik blus beteken, in welke geval cima dieselfde diagnostiese komponente as vala sal hê teenoor vula. Maar cima verwys eintlik na die uitblus van 'n vuur in welke geval dit weer teenoor phemba (aansteek) of basa (stook) te staan kom, met heeltemal ander gemeenskaplike en diagnostiese komponente.

Die feit dat leksikale items in betekenisvelde van uitgeslotenheid in soveel verskillende velde kan figureer, maak dus die toekenning van komponentmerkers baie gekompliseerd.

1.3 hle : bi, de : mfutshane, kude : kufuphi

Die antonieme mooi : lelik, kort : lank, ver : naby is almal gradeerbaar, dit wil sê hulle lê op 'n skaal tussen twee pole wat soos volg voorgestel kan word:

<u>hle</u> (mooi)	+	—————	-	<u>bi</u> (lelik)
<u>de</u> (lank)	+	—————	-	<u>mfutshane</u> (kort)
<u>kude</u> (ver)	+	—————	-	kufuphi (naby)

Die vraag is nou: Wat is mooi? Wat is lelik? Wat is vér? Wat is naby?, ens. As mens sê: "Hierdie huis is mooi", dan kan daar wel mooier huise bestaan as die een waarna verwys word. Waar op die skaal tussen mooi en lelik word hierdie beoordeling van die huis geplaas? As 'n mens sê:

"Perd X is nie mooi nie", waar op die skaal word die beoordeling van die perd geplaas? Sou die norm verander, dan is dit moontlik om van dieselfde perd te sê, "Perd X is mooier as perd Y".

2. Seleksie van leksikale items

Op 'n lae vlak van onderrig is dit moeilik om te besluit watter stelle uit elke subkategorie van uitgeslotenheid voorrang moet geniet vir onderrig. By stelle van oorvleueling kan een item uit 'n stel gekies word met die hoogste gebruiksfrekwensie. Maar by uitgeslote stelle moet al die items in 'n stel onderrig word. Daarom is dit hier nie 'n geval van seleksie van leksikale items nie, maar seleksie van semantiese velde. En die seleksie van semantiese velde moet weer geskied op grond van die gebruiksfrekwensie van die parameters op grond waarvan die stelle gekonstrueer is. Dit is nie so eenvoudig om die gebruiksfrekwensie van die betrokke parameters te bepaal nie.

Die feit dat 'n leksikale item soms in meer as een veld figureer, bemoeilik ook die seleksie. Ons vind byvoorbeeld drie velde soos die volgende:

indoda : umfazi (man : woman)
indoda : umfazi (husband : wife)
umyeni : umfazi (husband : wife)

Indien umfazi, wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, onderrig word, watter een van die velde sal aangebied word, of moet al drie gelyktydig aangebied word om al die betekeniskomponente van umfazi te illustreer?

3. Leksikale gapings

Leksikale gapings lewer ook sekere probleme op, soos in die volgende geval:

indoda : umfazi (man : woman) (man : vrou)
indoda : umfazi (husband : wife) (man : vrou)
umyeni : umfazi (husband : wife) (man : vrou)

In Afrikaans bestaan daar nie afsonderlike leksikale items wat met husband, wife, indoda en umyeni in die huweliksverhouding korrespondeer nie.

4. Supplementêre komponente

Sekere items uit velde van uitgeslotenheid het ook supplementêre komponente van betekenis. So byvoorbeeld, kan inkunzi ook verwys na 'n invloedryke, welgestelde persoon, in welke geval dit komponente soos +MENSLIK +STATUS bevat. Inkunzi verwys ook na 'n sekere tipe moersleutel wat saam met 'n ploeg voorsien word, in welke geval dit die komponente -LEWEND + GEREEDSKAP bevat.

Vala en vula kan ook verwys na die opening en sluiting van 'n vergadering waar die betekenis-komponente abstrak is.

Die vraag is: Op watter vlak van onderrig moet die supplementêre komponente van betekenis aangeleer word?

OPSOMMENDE GEVOLGTREKKINGS

By wyse van 'n opsomming kan die volgende oorsigtelike gevolgtrekkings gemaak word.

1. 'n Semantiese benadering

Semantiese veld bied die geleentheid van 'n semantiese benadering tot woordeskat-onderrig. Die betekenis van 'n woord is die belangrikste aspek, omdat 'n woord geleer word met die doel om te kommunikeer en sodoende betekenis oor te dra.

Die tradisionele benadering laat die klem baie sterk val op die vorm van die woord (spelling) asook op die klank (uitspraak). "Ekwivalente" in die bron en teikentaal word bepaal sonder komponensiële analise.

Semantiese velde dwing die dosent en student om komponensiële analise te doen en al die betekenisnuanses van 'n woord te onderrig en aan te leer.

2. Onderrig van woorde in betekenisrelasies

Woorde word nie in isolasie onderrig nie, maar in hulle betekenisrelasie tot ander woorde wat tot dieselfde semantiese veld behoort vanweë gemeenskaplike komponente van betekenis. Die feit dat 'n woord in isolasie slegs 'n simbool is, maar eers betekenis kry kragtens kontrastering met ander woorde word in hierdie metode van woordeskatonderrig beklemtoon.

Die student kry 'n totale beeld van die woord in sy verhouding tot ander woorde met aanverwante betekenis.

3. Kultuurkonteks van woorde

Die bestudering van woorde aan die hand van 'n betekenisveld lewer dikwels besondere insigte in die kultuur van die teikentaal. Hier dink ons aan verwantskapsterme en woorde wat verwys na volkstaksonomieë soos voedsel, gereedskap, feeste, ens.

Benewens dit word ooreenkomste en verskille tussen die student se kultuur en die betrokke vreemde kultuur deur middel van semantiese velde geëksplisiteer. Verskynsels van akkulturasie word in die betrokke tale se woordeskat weerspieël en in kontrasterende semantiese velde geïllustreer.

4. Moontlikhede van woordeskatonderrig

Verskillende velde het verskillende moontlikhede van woordeskatonderrig. Velde van aanliggendheid groepeer 'n aantal leksikale items rondom 'n sentrale tema, soos byvoorbeeld, "werkwoorde van kommunikasie," of van "beweging" of van "persepsie." Ingeslote stelle groepeer woorde onder 'n oorkoepelende tema soos voedsel, diere, verwantskap, ens. Stelle van oorvleueling groepeer woorde in pare wat in sekere kontekste mekaar kan vervang. Uitgeslote stelle word in pare onderrig met beklemtoning van hulle diagnostiese komponente.

Dit wil sê elke tipe relasie vereis 'n ander metode en sorg dus vir interessante afwisseling, wat die eentonigheid van woordeskatonderrig uit die weg kan ruim.

5. Die gebruiksfrekwensie van woordeskat

Die gebruiksfrekwensie van woordeskat word makliker bepaal deur middel van semantiese velde, omdat die korpus data beperk is, en omdat die natuurlike rangskikking van leksikale items in velde soos aanliggendheid en ingeslotenheid outomaties 'n aanduiding gee van die gebruiksfrekwensie van woorde.

6. Moontlikhede vir taalonderrig

Verskillende velde bied verskillende moontlikhede vir taalonderrig. Deurdat sommige velde oënskynlik die gebruiksfrekwensie van woorde in die veld aandui, kan die gradering van die kursus op 'n baie natuurlike wyse geskied. Kontrastering met die moedertaal kan ook baie meer sinvol geskied, omdat die betekeniskomponente van woorde uit die betrokke tale met mekaar vergelyk word, binne die semantiese veld-situasie, en sodoende kan komponensiële verskille en ooreenkomste bepaal word.

Soos in die voorafgaande besprekings aangetoon, kan semantiese velde ook 'n besondere bydrae lewer op die gebied van grammatika, sintaksis en vertaling.

7. Insigte in woordbetekenis

Die bestudering van woordeskat binne die raamwerk van semantiese velde lewer insigte op ten opsigte van die betekenis van woorde wat andersinds heelwaarskynlik nie opgelewer sou word nie. Sekere betekenis van woorde word ontdek, sekere gapings in die woordeskat van die moedertaal en teikentaal word ontdek, en sekere semantiese probleme word ontdek wat tot dusver geen aandag gekry het nie.

8. Empiriese werkswyse

Die student leer om sy ondersoek in die taal op sistematiese wyse te organiseer. In teëstelling met meganistiese metodes word mentalistiese metodes gebruik om die woordeskat asook die taal te bemeester. Die student gaan op 'n intellektuele wyse om met die taal.

Elke betekenisveld wat gekonstrueer word, is 'n teorie wat onderhewig is aan toetsing en hersiening. Maar elke betekenisveld het ook voorspellende krag. Indien die student 'n sekere tema kies vir 'n veld, weet hy vooruit wat die betekenis-komponente sal wees van die woorde wat in die betrokke veld opgeneem word. Met ander woorde, die metode het ook voorspellende krag. Hierdie benadering bring dus mee dat taalstudie op 'n heel besondere wyse 'n bydrae, soortgelyk aan natuurwetenskappe, wiskunde, ensovoorts kan lewer in die ontwikkeling van die student skolier se intellektuele vermoëns.

9. Probleme

Dit moet toegegee word dat die semantiese veld-benadering sekere probleme oplewer. Die probleme is telkens 'n uitdaging tot verdere denke en navorsing. In die soeke na oplossings van probleme word soms meer probleme ontdek, en word soms nuwe insigte verkry wat voorheen verborge was.

10. Verdere implikasies van ondersoek

Hierdie studie moet gesien word as 'n aanvangsondersoek van heel beperkte omvang. Die voorbeelde van semantiese velde wat gebruik is en die leksikale items wat komponensiëel ontleed is, is uiters beperk. Gesien in die lig van die groot omvang van 'n taal se woordeskat is daar bykans 'n oneindige hoeveelheid data wat ondersoek kan word, en moontlikhede wat ontgin kan word.

Verdere ondersoek van die moontlikhede wat die Semantiese Veldteorie inhou vir woordeskatonderrig kan lei tot sekere praktiese implikasies, soos die volgende:

10.1 Hersiening van die bestaande metodiek en tegnieke van woordeskatonderrig in vreemde tale, asook in die moedertaal.

10.2 Die hersiening van bestaande leerstof en die daarstelling van nuwe leerstof om voorsiening te maak vir die implementering van woordeskatonderrig aan die hand van semantiese velde. Dit sal beteken dat visuele hulpmiddels hierby moet aangepas word. Daar bestaan self die moontlikheid om woordeboeke op te stel wat gebaseer is op die beginsels van semantiese velde, en nie volgens

die tradisionele benadering van alfabetiese rangskikking van woorde nie.

Alhoewel semantiese velde nie die enigste manier is om 'n vreemde taal se woordeskat te onderrig en aan te leer nie, is dit een van dié maniere wat beantwoord aan die belangrike aspekte van woordeskat-onderrig, en verdien derhalwe 'n prominente posisie in die leerplan van elke vreemde-taalkursus.

VERWYSINGSINLEIDING

- | | | |
|-----|--------------|-------|
| 1. | Whorf | p.252 |
| 2. | <u>Ibid:</u> | p.259 |
| 3. | Lehrer | p.15 |
| 4. | <u>Ibid:</u> | p.15 |
| 5. | Wilkins | p.109 |
| 6. | <u>Ibid:</u> | p.112 |
| 7. | Kempson 1977 | p.2 |
| 8. | Fivaz | p.85 |
| 9. | <u>Ibid:</u> | p.85 |
| 10. | <u>Ibid:</u> | p.87 |
| 11. | <u>Ibid:</u> | p.87 |
| 12. | Kempson 1977 | p.4 |
| 13. | <u>Ibid:</u> | p.5 |

HOOFSTUK 1

- | | | |
|---------|---------------------|-------|
| 1 (a-i) | Bright and McGregor | p.48 |
| 2. | Lado | p.120 |
| 2a. | Bright and McGregor | p.48 |
| 3. | Wilkins | p.113 |
| 4. | <u>Ibid:</u> | p.114 |
| 5. | <u>Ibid:</u> | p.116 |
| 6. | <u>Ibid:</u> | p.116 |
| 7. | <u>Ibid:</u> | p.116 |
| 8. | <u>Ibid:</u> | p.112 |
| 9. | Lado | p.114 |
| 10. | <u>Ibid:</u> | p.116 |
| 11. | Wilkins | p.119 |
| 12. | Bright and McGregor | p.19 |
| 13. | Wilkins | p.121 |

HOOFSTUK 2

1.	Lyons	p.38
2.	Fillenbaum	p.3
3.	Lyons	p.52
4.	<u>Ibid:</u>	p.45
5.	<u>Ibid:</u>	p.46
6.	Lehrer	p.15
7.	<u>Ibid:</u>	p.15
8.	<u>Ibid:</u>	p.15
9.	Trier	p.1
10.	Lehrer	p.15
11.	<u>Ibid:</u>	p.17
12.	<u>Ibid:</u>	p.17
13.	Mackey	p.76
14.	Lehrer	p.22
15.	<u>Ibid:</u>	p.22
16.	Lyons	p.429
17.	<u>Ibid:</u>	p.55
18.	<u>Ibid:</u>	p.59
19.	<u>Ibid:</u>	p.3
20.	<u>Ibid:</u>	p.70
21.	<u>Ibid:</u>	p.70
22.	Lehrer	p.15
23.	<u>Ibid:</u>	p.15
24.	<u>Ibid:</u>	p.7
25.	<u>Ibid:</u>	p.7
26.	<u>Ibid:</u>	p.1
27.	<u>Ibid:</u>	p.10
28.	<u>Ibid:</u>	p.10
29.	<u>Ibid:</u>	p.18
30.	Nida 1975	p.174
31.	<u>Ibid:</u>	p.175
32.	<u>Ibid:</u>	p.175
33.	<u>Ibid:</u>	p.177
34.	Kempson 1977	p.1
35.	<u>Ibid:</u>	p.11
36.	<u>Ibid:</u>	p.83
37.	<u>Ibid:</u>	p.85
38.	Katz	p.347

HOOFSTUK 3

1.	Nida 1975	p.229
2.	<u>Ibid:</u>	p.32
3.	<u>Ibid:</u>	p.32
4.	Vassilyev	p.80
5.	Lehrer	p.47
6.	<u>Ibid:</u>	p.47
7.	Kempson 1977	p.88
8.	<u>Ibid:</u>	p.88
9.	<u>Ibid:</u>	p.98
10.	Lehrer	p.50
11.	<u>Ibid:</u>	p.50
12.	<u>Ibid:</u>	p.51
13.	Nida 1975	p.229
14.	<u>Ibid:</u>	p.229
15.	<u>Ibid:</u>	p.34
16.	<u>Ibid:</u>	p.47
17.	<u>Ibid:</u>	p.51
18.	<u>Ibid:</u>	p.54-57
19.	Thompson	p.64
20.	Nida 1975	p.56-61
21.	<u>Ibid:</u>	p.61
22.	<u>Ibid:</u>	p.64
23.	<u>Ibid:</u>	p.64-67
24.	<u>Ibid:</u>	p.65
25.	<u>Ibid:</u>	p.65
26.	<u>Ibid:</u>	p.66
27.	<u>Ibid:</u>	p.156
28.	<u>Ibid:</u>	p.160
29.	<u>Ibid:</u>	p.161
30.	<u>Ibid:</u>	p.162-164
31.	<u>Ibid:</u>	p.164
32.	<u>Ibid:</u>	p.166
33.	<u>Ibid:</u>	p.170
34.	<u>Ibid:</u>	p.171
35.	<u>Ibid:</u>	p.171
36.	Landar	p.140
37.	Nida 1975	p.172-173

HOOFSTUK 4

1. Lyons p.70, 460
2. Nida 1975 p.15-20
3. Lehrer p.22-30
4. Nida 1975 p.19
5. Ibid: p.16
6. Lyons p.71
7. Lyons p.71
8. Ibid: p.71
9. Lehrer p.29
10. Nida 1975 p.68-73
11. Ibid: p.68
12. Ibid: p.70-71
13. Ibid: p.70
14. Ibid: p.71
15. Ibid: p.72
16. Ibid: p.72
17. Ibid: p.73
18. Ibid: p.73
19. Ibid: p.79
20. Lyons p.453
21. Nida 1975 p.15
22. Ibid: p.84
23. Ibid: p.93
24. Immelman p.119-215
25. Nida 1975 p.91
26. Ibid: p.89
27. Ibid: p.90
28. Ibid: p.91
29. Ibid: p.89
30. Ibid: p.86
31. Ibid: p.88
32. Ibid: p.88
33. Lehrer p.83
34. Nida 1975 p.93
35. Lehrer p.82
36. Ibid: p.84
37. Ibid: p.31
38. Nida 1975 p.95

39.	<u>Ibid:</u>	p.96
40.	<u>Ibid:</u>	p.88
41.	Lehrer	p.17
42.	Nida 1975	p.42
43.	<u>Ibid:</u>	p.98
44.	Lyons	p.70
45.	<u>Ibid:</u>	p.452
46.	Lehrer	p.23
47.	Lyons	p.447
48.	Nida 1975	p.17
49.	<u>Ibid:</u>	p.101
50.	<u>Ibid:</u>	p.101
51.	<u>Ibid:</u>	p.104
52.	<u>Ibid:</u>	p.105
53.	<u>Ibid:</u>	p.99
54.	<u>Ibid:</u>	p.102
55.	<u>Ibid:</u>	p.102
56.	<u>Ibid:</u>	p.100
57.	<u>Ibid:</u>	p.102
58.	<u>Ibid:</u>	p.103
59.	<u>Ibid:</u>	p.103
60.	<u>Ibid:</u>	p.104
61.	Lyons	p.455
62.	<u>Ibid:</u>	p.452
63.	<u>Ibid:</u>	p.453
64.	<u>Ibid:</u>	p.461
65.	Nida 1975	p.107
66.	<u>Ibid:</u>	p.107
67.	Lyons	p.460
68.	Lehrer	p.26-28
69.	Wilkins	p.125
70.	Nida 1975	p.107
71.	Kempson 1977	p.84
72.	Lyons	p.467
73.	<u>Ibid:</u>	p.465
74.	Nida 1975	p.108
75.	<u>Ibid:</u>	p.108
76.	<u>Ibid:</u>	p.109
77.	<u>Ibid:</u>	p.109
78.	Lyons	p.469

79. Lehrer p.29
80 Ibid: p.29

HOOFSTUK 5

1. McLaren 1963 p.57

HOOFSTUK 6

1. Rivers p.37
2. Landar p.130
3. Ibid: p.133
4. Ibid: p.135
5. Sapir p.227
6. Ibid: p.228
7. Ibid: p.239
8. Ibid: p.241
9. Landar p.231
10. Sapir p.238
11. Landar p.151
12. Sapir p.230
13. Henlé p.20
14. Landar p.154
15. Ibid: p.218
16. Ibid: p.226
17. Ibid: p.226
18. Nida 1975 p.89
19. Ibid: p.89
20. Nida 1975 p.89
21. Ibid: p.90
22. Ibid: p.90
23. Lyons p.468
24. Ibid: p.468
25. Kropf p.98
26. McLaren 1963 p.151
27. Olivier p.52
28. Soga p.354
29. Ibid: p.314

30.	McLaren 1963	p.165
31. -	<u>Ibid:</u>	p.35
32.	Kropf	p.79
33.	<u>Ibid:</u>	p.392
34.	<u>Ibid:</u>	p.392
35.	<u>Ibid:</u>	p.406
36.	Krige	p.26
37.	Kropf	p.228

HOOFSTUK 7

1.	Nida 1975	p.178-186
2.	Fillenbaum	p.25-40
3.	Hayakawa	p.26
4.	<u>Ibid:</u>	p.30
5.	Katz	p.36
6.	Lehrer	p.120
7.	<u>Ibid:</u>	p.120
8.	<u>Ibid:</u>	p.122
9.	<u>Ibid:</u>	p.122
10.	Lyons	p.250
11.	Katz	p.181
12.	<u>Ibid:</u>	p.350-351
13.	Lehrer	p.120
14.	Katz	p.422
15.	Fillenbaum	p.25-27
16.	Wilkins	p.132
17.	<u>Ibid:</u>	p.133
18.	Nida 1969	p.20
19.	<u>Ibid:</u>	p.21
20.	<u>Ibid:</u>	p.21
21.	<u>Ibid:</u>	p.24
22.	<u>Ibid:</u>	p.33
23.	<u>Ibid:</u>	p.33
24.	<u>Ibid:</u>	p.63
25.	<u>Ibid:</u>	p.69
26.	Nida 1974	p.28
27.	Nida 1969	p.75
28.	<u>Ibid:</u>	p.76

29. Ibid: p.18
30. Blye Boodskap p.95
Good News Bible N.T. p.58
31. Van Rooy p.117-124
32. Ibid: p.117
33. Ibid: p.121
34. Ibid: p.121
35. Ibid: p.122
36. Ibid: p.123
37. Ibid: p.123
38. Ibid: p.124
39. Ibid: p.124
40. Ibid: p.1
41. Nida 1969 p.4
42. Ibid: p.4
43. Ibid: p.5

HOOFSTUK 8

1. Lyons p.461
2. Ibid: p.465-467
3. Ibid: p.467

BIBLIOGRAFIE

- Boas, Franz
1940 Race, Language and Culture.
York Macmillan.
- Bright, J.A.; G.P. McGregor
1970 Teaching English as a second language.
Longman, London.
- Carrol, John B.
1964 Language and Thought.
Prentice-Hall, Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.
- Dillon, George L.
1977 Introduction to Contemporary Linguistic Semantics.
Prentice-Hall, Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.
- Fillenbaum, Samuel & Amnon Rapoport
1971 Structures in the Subjective Lexicon.
Academic Press, New York and London.
- Fivaz, D.
1978 'The case for semantics in Bantu Language Courses'
in: Limi Vol. 6 no. 1 & 2, 1978.
Bulletin van die Dept. Afrikatale, UNISA.
- Goodenough, Ward H.
1956 Componential Analysis and the study of Meaning.
Language Vol. 32, p.195-216.
- Gruber, Jeffrey S.
1976 Lexical Structures in Syntax and Semantics.
North-Holland Publishing Company, Amsterdam,
New York, Oxford.
- Hayakawa, S.J.
1968, 3rd impression. Language in Thought and Action.
George Allen & Unwin Ltd., London.
- Henlé, P. ed.
1958 Language, Thought and Culture.
Ann Arbor: The University of Michigan Press.

- Hoijer, Harry ed.
1954 Language in Culture.
American Anthropologist Memoir 79.
- Immelman, W.F.E. et al.
1973 Ons Groen Erfenis, die boomboek van Suid-Afrika.
Tafelberg Uitgewers, Kaapstad & Johannesburg.
- Katz, Jerrold J.
1972 Semantic Theory.
Harper & Row, Publishers, New York, Evenston,
San Francisco, London.
- Kempson, Ruth M.
1975 Presupposition and the delimitation of Semantics.
Cambridge University Press, Cambridge, London,
New York, Melbourne.
- Kempson, Ruth M.
1977 Semantic Theory.
Cambridge University Press, Cambridge, London,
New York, Melbourne.
- Krige, Eileen Jensen
1962 (4th edition) The Social System of the Zulus.
Shuter & Shooter, Pietermaritzburg.
- Kropf, Albert
1915 A Kafir - English Dictionary.
Lovedale Mission Press, South Africa.
- Lado, Robert
1964 Language Teaching - a scientific approach.
McGraw-Hill, Inc. New York, San Francisco,
Toronto, London.
- Landar, Herbert
1965 Language and Culture.
Oxford University Press. New York.
- Lehrer, Adrienne
1974 Semantic Fields and Lexical Structure.
North-Holland Publishing Company, Amsterdam.

- Lyons, John
1969 Introduction to Theoretical Linguistics
Cambridge University Press, Cambridge.
- Mackey, William Francis
1966 (2nd impression) Language Teaching Analysis.
Longmans, Green & Co. Ltd.
- McLaren, J.
1923 A Concise English-Kafir Dictionary.
Longmans, Green & Co. London.
- McLaren, J.
1963 A New Concise Xhosa-English Dictionary.
Longmans, London.
- Nida, Eugene A.
1975 Componential Analysis of Meaning.
Mouton The Hague, Paris.
- Nida, Eugene A. and Charles R. Faber
1969 The Theory and Practice of Translation.
E.J. Brill, Leiden.
- Nida, Eugene A.
1950 Learning a Foreign Language.
National Council of the Churches of Christ in the
U.S.A. New York.
- Nida, Eugene A.
1947 Bible Translating.
American Bible Society, New York.
- Nida, Eugene A.
1952 God's Word in Man's Language.
Harper & Brothers, Publishers, New York.
- Nida, Eugene A.
1964 Toward a Science of Translating.
E.J. Brill, Leiden.
- Olivier, C.C.
1976 Die Religie van die Gcaleka.
M.A. tesis UNISA (ongepubliseerd).

- Rivers, Wilga M.
1972 (2e druk) Teaching Foreign Language Skills.
The University of Chicago Press, Chicago.
- Sapir, Edward
1912 "Language and Environment."
in: American Anthropologist Vol. 14, p.226-242.
- Soga, John Henderson
1931 The Ama-Xosa: Life and Customs.
Lovedale Press: Lovedale, South Africa.
- Steinberg, Danny E. & Leon A. Jacobovitz ed.
1971 Semantics: An Interdisciplinary reader in
Philosophy, Linguistics and Psychology.
Cambridge University Press.
- Thompson, Sandra A. and Carol Lord ed.
1974 Approaches to the Lexicon.
U.C.L.A. Papers in Syntax No. 6.
- Ullmann, S.
1962 Semantics: An Introduction to the Science of
Meaning .
Oxford: Basis, Blackwell & Mott.
- Van Heerden, C.
1959 Die Veldstruktuur in die Taal.
Doktorale Proefskrif.
- Van Rooy, J.A.
1971 Language and Culture in the communication of the
Christian Message as illustrated by the Venda Bible.
Doktorale Proefskrif (Ongepubliseerd)
- Vassilyev, L.M.
1974 The Theory of Semantic Fields: A Survey.
Linguistics No. 137.
- Wilkins, D.A.
1972 Linguistics in Language Teaching.
Edward Arnold, London.
- Whorf, Benjamin Lee.
1959 (4th impression) Language, Thought and Reality. (ed. by John B. Carroll)
The Technology Press of Massachusetts. Institute
of Technology and John Wiley & Sons. Inc. New York,
London.

ANDER PUBLIKASIES

- 1972 Xhosa Terminologie en Spelreëls No. 3.
Die Staatsdrukker, Pretoria.
- 1975 Die Blye Boodskap.
Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad.
- 1976 Good News Bible.
Bible Society in South Africa, Cape Town.